

**Die gebruik van die sosiale
netwerk *Facebook* as deel van 'n
pastorale benadering tot
emosioneel
verwonde adolessente**

M Louw

Studente no.: 12069590

Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophiae in
Pastoraal aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-
Universiteit

Promotor: Prof dr WC Coetzer

Mei 2017

Bedankings

Dit gee my groot vreugde om hierdie woorde van dank te skryf.

Heel eerste bedank ek God vir hierdie geleentheid waarvoor ek altyd gehoop het om by Prof Wentzel as PhD-student in te skakel. Ek dank God ook vir die vaardigheid om met hierdie studie te kan vorder met die nodige leiding. Baie dankie aan my getroue Here vir die idée en pligsbesef wat hy in my hart geplaas het en die nodige mense op my pad gestuur het om dit te verwesenlik.

Ek sal altyd met warmte aan my diep deurdagte en geduldige studieleier, Prof. Wentzel Coetzer, dink. Ek sal ook altyd sy insigte verwelkom. Sy bydrae tot my pastorale kennis was ten alle tye uitnemend. Prof. Wentzel het veel meer as net kennis gelaat, hy het onherroeplik in my toekoms belê. Met sy jare se ervaring het hy 'n onuitputbare bron van kennis in sy studieveld. Hierdie akademiese kennis en ervaring in praktyk en as promotor het 'n uitsonderlike bydrae tot my studies gelewer. Ek is baie dankbaar dat ek met behulp van Professor se leiding en saam met u hierdie taak kon voltooi. Baie dankie vir Tannie Sonette se ondersteuning.

My man, Vian, het 'n gawe vir woordbediening en interpretasie van die Skrif. Ek het baie respek vir jou as predikant. Vian, baie dankie vir jou hulp met hoofstuk 4 rakende eksegeese.

Ek wil my diepste dankbaarheid en waardering aan my kinders, Lian en Leyla, gee. Baie dankie vir elke glimlaggie, soentjie, drukkie en julle aanpasbaarheid.

Spesiale dank aan my ouers, Thinus en Neréne Booysen dat julle die atmosfeer tydens werksgleenthede so werksvriendelik as moontlik gemaak het en 'n positiewe inspuiting in die kinders se lewe verseker het - dit het my baie gerusstelling gegee wanneer ek aan die studie gewerk het. Ek waardeer julle baie, asook die geestelike ondersteuning in alle opsigte van my lewe. Thinus, Ronelle, Natalie en Werner, Louw-gesin, Hetta, Tannie Iloise en Tannie Marietjie, dankie vir julle belangstelling.

Baie dankie aan my vriendinne, Minette en Erika se ondersteuning tydens die laaste maand van die studie, deur middel van 'play dates', om 'n rukkie se geleentheid vir werk te skep. Al was ek altyd (op 'n manier) deel van die speletjie was daardie tye effektiewe werkstyd sonder enige skuldgevoel. Ek sal daardie herinneringe altyd met dankbaarheid koester.

Baie dankie aan Prof. Franci Jordaan vir flink, parate en betroubare werk met die taalversorging.

Baie dankie vir almal in Stilbaai, Mosselbaai, Potchefstroom, Bloemfontein en Musina se gebede en boodskappe.

OPSOMMING

In hierdie studie is die tema: *Die gebruik van die sosiale netwerk Facebook as deel van 'n pastorale benadering tot emosioneel verwonde adolessente*. Die oogmerk is die uiteindelijke formulering van 'n pastorale beradingsmodel vir die begeleiding van getraumatiseerde en emosioneel verwonde adolessente tot goed funksionerende individue met geestelike en psigologiese welstand.

Osmer se pastoraal-teologiese metode word as vertrekpunt geneem en hiervolgens word die **beskrywende empiriese taak** in hoofstuk 2 behandel. Osmer se vraag, "*Wat gebeur in hierdie betrokke situasie?*" word vanuit die empiriese navorsing aan die hand van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp asook deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met vier respondente beantwoord. Tydens die interaksie met die respondente word aspekte van die narratiewe en kognitiewe benaderings ook geïnkorporeer met die oog op die kweking van selfbewuswording, wat weer groei as verdere gevolg het.

As deel van Osmer se **interpreterende taak** word daar in hoofstuk 3 op aanvullende riglyne vanuit die aanverwante wetenskappe met betrekking tot die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde en getraumatiseerde adolessente gefokus. Osmer se vraag, "*Waarom het dit gebeur?*" is hier aan die orde. Adolessensie blyk 'n betekenisvolle tyd van ontwikkeling te wees en die digitale faktor, veral sosiale netwerke, blyk 'n kardinale faktor in hierdie verband te wees. In hierdie studie word daar uiteraard besondere klem op hierdie aspek geplaas en veral dan ook op die moontlikheid om juis deur middel van die sosiale media en in besonder *Facebook* se tegnieke, geestelike en emosionele groei by adolessente te bewerkstellig.

As deel van die **normatiewe taak** val die fokus op 'n aantal belangrike perspektiewe vanuit die Skrif in hoofstuk 4. Die belangrike vraag wat volgens Osmer hier aan die orde kom, is: "*Wat moet/behoort hier te gebeur?*" Aspekte wat hier veral beklemtoon word, is die vernuwing van die praxis, geloofsvernuwing en verdieping van spiritualiteit aan die hand van drie Skrifgedeeltes wat aan die orde gestel word: Galasiërs 5:22-23 wat op

verhoudings fokus; Psalm 113:7-8 wat onder andere op emosionele verwonding en/of trauma toegepas sou kon word; en Johannes 1:12 wat op 'n persoon se waarde by God dui.

Hoofstuk 5 vorm steeds deel van die **normatiewe taak** en hier val die klem op Skriftuurlike perspektiewe asook riglyne vanuit pastoraal-teologiese literatuur. 'n Matriks word vervolgens ten opsigte van die begeleiding van die emosioneel verwonde onderweg na heling en 'n nuwe identiteit in Christus uitgestippel. In die beradingsproses vind groei tot geestelike en psigiese volwassenheid plaas. *Facebook*-tegnieke word deurgaans soos 'n goue draad deur die begeleidingsproses gevleg.

Die **pragmatiese taak** in hoofstuk 6 handel oor die formulering van 'n strategies-teoretiese model waarmee emosioneel verwonde en/of getraumatiseerde adolessente pastoraal begelei kan word. Die belangrike vraag wat volgens Osmer by hierdie taak ter sprake is, is die volgende: "*Hoe moet daar reageer word?*" of "*Wat behoort te verander?*" Die doel is vervolgens om verandering of vernuwing tot gevolg te hê en ook om te bepaal hoe daar in betrokke situasies opgetree kan word. By wyse van 'n hermeneutiese wisselwerking tussen die beskrywende, interpreterende en normatiewe perspektiewe word daar in hierdie hoofstuk gepoog om 'n oorkoepelende strategie saam te stel wat effektief en doeltreffend op die eiesoortige behoeftes van die adolessent gefokus kan wees. Die feit dat 'n sosiale medium soos *Facebook* deel van die strategie is, verseker ook die trefkrag en die reikwydte, soos in hierdie studie bevestig.

In hoofstuk 7 is daar 'n **finale samevatting** van die gevolgtrekkings van al die onderskeie hoofstukke asook aanbevelings ten opsigte van moontlike toekomstige navorsing voortspruitend uit hierdie studie.

SLEUTELTERME

- Jongmense
- Sosiale netwerke
- Pastorale benadering
- Terapeutiese model
- Emosionele verwonding
- *Facebook*

SUMMARY

In this study the theme is: *The use of the social network Facebook as part of a pastoral approach towards emotionally wounded adolescents*. The objective is the eventual formulation of a pastoral counselling model for guiding traumatized and emotionally wounded adolescents towards well-functioning individuals with mental and psychological well-being.

Osmer's pastoral-theological method is taken as a basis of departure and accordingly the **descriptive empirical task** is discussed in chapter 2. Osmer's question, "*What happens in this particular situation?*" is answered from the empirical research based on a qualitative research design as well as through semi-structured interviews with four respondents. During the interaction with the respondents, aspects of the narrative and cognitive approaches are also incorporated with a view to fostering self-awareness, which again will lead to growth as a further result.

As part of Osmer's **interpretive task** the researcher focused in chapter 3 on additional guidelines from the neighbouring sciences concerning the pastoral guidance of emotionally wounded and traumatized adolescents. Osmer's question, "*Why did this happen?*" is applicable here. Adolescence seems to be a meaningful time of development and the digital factor, especially social networks, appears to be crucial in this regard. In this study, emphasis is placed on this aspect, especially on the possibility of using social media, and in particular *Facebook*, to achieve spiritual and emotional growth in adolescents.

As part of the **normative task** the researcher focused on a number of important perspectives from the Bible in chapter 4. The important question here according to Osmer is: "*What should happen here?*" Aspects which are emphasized here are the renewal of the praxis, faith renewal and deepening of spirituality, based on three passages which are raised: Galatians 5: 22-23, focusing on relationships; Psalm 113:7-8, which can be applied among other aspects, to emotional woundedness and/or trauma; and John 1:12, pointing to a person's value with God.

Chapter 5 still forms part of the **normative task** and here the emphasis is on Scriptural perspectives and guidelines from pastoral-theological literature. A matrix is spelled out in terms of guiding the emotional wounded on route to healing and a new identity in Christ. During the counselling process growth towards spiritual and psychological maturity takes place. *Facebook* techniques are constantly intertwined like a golden thread throughout the mentoring process.

The **pragmatic task** in Chapter 6 deals with the formulation of a strategic-theoretical model with which emotionally wounded and/or traumatized adolescents can be guided pastorally. The important question connected to this task according to Osmer, is the following: "*How might we respond?*" or "*What should change?*" The goal is then to cause change or renewal. It should also be determined what the actions in specific situations should be. By way of a hermeneutical interaction between the descriptive, interpretive and normative perspectives, it is attempted in this chapter to compile an overall strategy that can be efficiently and effectively focused on the unique needs of adolescents. The fact that a social medium like *Facebook* is part of the strategy also ensures the impact and scope, as confirmed in this study.

Chapter 7 is a **final summary** of the conclusions of all the various chapters as well as recommendations regarding possible future research arising from this study.

KEY TERMS

- Young people
- Social networks
- Pastoral approach
- Therapeutic model
- Emotional woundedness
- *Facebook*

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1	SLEUTELTERME	1
1.1.1	Sleutelterme	1
1.2	OMSKRYWING VAN SLEUTELBEGRIPE	1
1.2.1	Adolesensie	1
1.2.2	Sosiale netwerke	2
1.2.3	Terapeutiese model	2
1.2.4	Pastorale Benadering	3
1.2.5	Emosionele verwonding	3
2.1	PROBLEEMSTELLING	3
2.1.1	Identiteit	5
2.1.2	Verhoudings	5
2.1.3	Seksuele trauma	6
3.1	MOTIVERING VIR KEUSE VAN NAVORSINGSAREA	6
3.1.1	Terapeutiese benadering	6
3.1.2	Die gebruik van <i>Facebook</i> -aktiwiteite	8
4.1	LEEMTE IN BESTAANDE NAVORSING	9
4.1.1	Databasisse	9
4.1.2	Sleutelterme	10
4.1.3	Afgehandelde en beoogde verhandelings en proefskrifte	10
4.1.4	Tydskrifartikels	11
4.1.5	Boeke	12
4.1.6	Konferensie voordragte	12

5.1	NAVORSINGSVRAAG	12
5.1	Die oorkoepelende navorsingsvraag	12
5.2	Vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei	12
6.1	DOELSTELLING EN DOELWITTE	13
6.1.1	Doelstelling	13
6.1.2	Doelwitte	14
7.1	SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	14
8.1	METODOLOGIE	14
8.1	Narratiewe terapie	15
8.2	Kognitiewe terapie	16
8.3	Die Prakties-teologiese model van Osmer	16
8.3.1.1	Relevansie van hierdie studie	16
8.3.1.2	Data kolleksie	16
8.3.1.3	Die tipe ontwerp van die studie	17
8.3.1.4	Ingeligte toestemmingsproses	19
8.3.1.5	Risiko analise	19
8.3.1.6	Weerloosheid en kwesbaarheid	20
8.3.1.7	Voordele vir respondente	20
8.3.1.8	Insluiting en uitsluitingkriteria	20
8.3.1.9	Die bepaling van saturasie	20
8.3.1.10	Veilige bewaring van opnames en transkripsies	21
8.3.1.11	Die vertrouenswaardigheid van die studie	21
8.3.1.12	Kodering van opnames	24
8.3.1.13	Moontlike uitgawes	24
8.3.1.14	Beskikbaarheidstelling van navorsingsresultate aan die teikengroep	25
8.3.2	Interpreterende taak	24
8.3.3	Normatiewe taak	26
8.3.4	Pragmatiese taak	27
9.1	ETIESE ASPEKTE	28

10.1	ANDER TEGNIESE ASPEKTE	29
11.1	HOOFSTUK INDELING	29

BESKRYWENDE EMPIRIESE TAAK

HOOFSTUK 2: DIE EVALUERING VAN DIE BYDRAE VANUIT 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

2.1	INLEIDING	30
2.2	DOELSTELLING	30
2.3	NARRATIEWE BENADERING EN EMPIRIESE NAVORSING	31
2.4	NAVORSINGSONTWERP	32
2.5	METODOLOGIESE VERWOORDING	33
2.6	KWALITATIEWE NAVORSING	34
2.7	NARRATIEWE NAVORSING	35
2.8	RESPONDENTE	35
2.9	VERSAMELING VAN INLIGTING	36
2.10	ETIESE ASPEKTE	38
2.11	ANALISE EN INTERPRETASIE VAN DIE DATA	39
2.12	EVALUERING VAN BEVINGINGE	39

2.13	DIE GEVALLESTUDIE	40
2.13.1	Omskrywing van die gevallestudie	40
2.13.2	Doel van die gevallestudie	40
2.13.3	Kenmerke van die gevallestudie	41
2.13.4	Keuse van die gevallestudie	41
2.14	BESPREKING VAN GEVALLESTUDIES	41
2.14.1	Samevattende toerusting wat in die model in hierdie studie gebruik word	43
2.15	GEVALLESTUDIE 1: JOHANDRIES	44
2.16	GEVALLESTUDIE 2: MAGGIE	57
2.17	GEVALLESTUDIE 3: DIRKIE	70
2.18	GEVALLESTUDIE 4: HENDRIK	80
2.19	SAMEVATTING VAN EMPIRIESE ONDERSOEK	88

INTERPRETERENDE TAAK

HOOFSTUK 3: PERSPEKTIEWE VANUIT DIE AANVERWANTE WETENSKAPPE

3.1	INLEIDING	91
3.2	OOGMERKE VAN HIERDIE HOOFSTUK	92
3.2.1	Narratiewe terapie	93
3.2.1.1	Doelwitte van narratiewe terapie	94
3.2.1.2	Tydlyn en vertelling	94
3.2.1.3	Eksternalisering	96
3.2.1.4	Herstrukturering en herraming	97

3.2.1.5	Die rol van films, boeke, rolmodelle, slagspreuke, tydskrifte en TV programme	98
3.2.1.6	Identiteit en die narratief	100
3.2.1.7	Alternatiewe stories	101
3.2.1.8	Praktiese riglyne	101
3.2.2	Kognitiewe gedragsterapie	102
3.2.2.1	Agtergrond van kognitiewe gedragsterapie	102
3.2.2.2	Voordele van kognitiewe gedragsterapie	103
3.2.2.3	Kognitiewe gedragsterapie met jongmense	103
3.2.2.4	Die gebruik van kognitiewe gedragsterapie as deel van 'n model wat gebruik maak van <i>Facebook</i> -tegnieke	104
3.2.3	Jongmense	105
3.2.3.1	Definisie van jongmense/adolessensie	105
3.2.3.2	Jongmense en verhoudings	105
3.2.3.3	Jongmense en ontwikkelingstake	105
3.2.3.4	Jongmense en morele en geestelike ontwikkeling	106
3.2.3.5	Berading met jongmense	107
3.2.4	Identiteit	107
3.2.4.1	Identiteit en trauma	108
3.2.4.2	Identiteit en verhoudings	109
3.2.4.3	Identiteit en psigiese welstand	109
3.2.5	Verhoudings	109
3.2.5.1	Ouerleiding	113
3.2.5.2	Vergifnis	114
3.2.5.3	Grense	116
3.2.6	Seksuele trauma	117
3.2.6.1	Verkragting	119
3.2.6.2	Molestering	120
3.2.6.3	Bloedskande	120
3.2.7	Emosionele verwonding en trauma	122
3.2.7.1	Wat is trauma en emosionele verwonding?	122
3.2.7.2	Gevolge van trauma	123
3.2.7.3	Behandeling van 'n getraumatiseerde	124

3.3	TEGNOLOGIE EN <i>FACEBOOK</i>.....	128
3.3.1	Agtergrond van Internet en sosiale netwerke.....	128
3.3.2	Internet en die hede.....	128
3.3.3	Die gebruik van tegnologie en sosiale netwerke deur jongmense	129
3.4	SAMEVATTING	130

NORMATIEWE TAAK

HOOFSTUK 4: EKSEGESE VAN BELANGRIKE BYBELSE PASSASIES

4.1	INLEIDING	134
4.2	DOELSTELLING.....	135
4.3	EKSEGESE.....	136
4.3.1	Johannes 1:12 – Vestiging van identiteit en sekuriteit.....	136
4.3.1.1	Belangrike woorde en begrippe	136
	• Glo – (Πιστεύω)	136
	○ Bespreking van die begrip ‘glo’	136
	• Kind – (τέκνον)	137
	○ Bespreking van die woord ‘kind’	137
	○ Verskillende vertalings van die woord ‘kind’	138
	○ Betekenisvolle vertaling variasies	139
	○ Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings	139
	○ Bespreking van die begrip ‘kind’	139
	○ Bespreking van identiteit	142
4.3.1.2	Samevattende normatiewe perspektiewe rakende Johannes 1:12 en Identiteit en sekuriteit.....	142

4.3.2	Galasiërs 5:22-23 – Verhoudings	142
4.3.2.1	Die Heilige Gees.....	143
4.3.2.2	Die vrug van die Gees in verhoudings	144
4.3.2.3	Jesus Christus as voorbeeld.....	146
4.3.2.4	Belangrike woorde en begrippe in Galasiërs 5:22-23	146
	• <i>Liefde (ἀγάπη)</i>	147
	○ <i>Bespreking van die woord ‘liefde’</i>	147
	○ <i>Verskillende vertalings</i>	147
	○ <i>Betekenisvolle vertaling variasies</i>	148
	○ <i>Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings</i>	149
	• <i>Vreugde (χαρά)</i>	149
	○ <i>Bespreking van die begrip ‘vreugde’</i>	149
	○ <i>Verskillende vertalings van die woord ‘vreugde’</i>	150
	○ <i>Betekenisvolle vertaling variasies</i>	150
	○ <i>Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings</i>	150
	• <i>Vrede (εἰρήνη)</i>	151
	○ <i>Bespreking van die woord ‘vrede’</i>	151
	○ <i>Verskeie vertalings van die woord ‘vrede’</i>	151
	○ <i>Betekenisvolle vertaling variasies</i>	153
	○ <i>Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings</i>	155
	• <i>Geduld (lankmoedigheid; μακροθυμία)</i>	153
	○ <i>Bespreking van die woord ‘geduld’</i>	153
	○ <i>Verskeie vertalings van die woord ‘geduld’</i>	154
	○ <i>Betekenisvolle vertaling variasies</i>	155
	○ <i>Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings</i>	155
	• <i>Vriendelikheid (χρηστότης)</i>	155
	○ <i>Bespreking van die woord ‘vriendelikheid’</i>	155
	○ <i>Verskeie vertalings van die woord ‘vriendelikheid’</i>	156
	○ <i>Betekenisvolle vertaling variasies</i>	157
	○ <i>Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings</i>	157
	• <i>Goedhartigheid (ἀγαθωσύνη)</i>	157
	○ <i>Beskrywing van die woord ‘goedhartigheid’</i>	157
	○ <i>Verskeie vertalings van die woord ‘goedhartigheid’</i>	157
	○ <i>Betekenisvolle vertaling variasies</i>	159

○	Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings	159
•	Getrouheid (πίστις)	159
○	Bespreking van die woord 'getrouheid'	159
○	Verskeie vertalings van die woord	160
○	Betekenisvolle vertaling variasies	160
○	Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings	160
•	Sagmoedigheid (πραΰτης)	161
○	Beskrywing van die woord 'sagmoedigheid'	161
○	Verskeie vertalings van die woord 'sagmoedigheid'	162
○	Betekenisvolle vertaling variasies	163
○	Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings	163
•	Selfbeheersing (ἐγκράτεια)	163
○	Bespreking van die woord 'selfbeheersing'	163
○	Verskeie vertalings van die woord 'selfbeheersing'	164
○	Betekenisvolle vertaling variasies	165
○	Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings	165
4.3.2.5	Ouerleiding	165
4.3.2.6	Vergifnis	168
•	Die Heilige Gees	168
•	Vergifnis en vrede	168
•	Goedhartigheid en vergifnis	168
•	Vergifnis en beheer deur die Gees	169
•	Sagmoedigheid en vergifnis	170
•	Geduld en vergifnis	170
4.3.2.7	Grense	170
•	Grense en innerlike krag	170
•	Grense en vreugde	171
4.3.2.8	Die vrug van die Gees en identiteit	171
4.3.2.9	Emosionele intelligensie	172
4.3.2.10	Belangrike normatiewe perspektiewe rakende verhoudings	172
4.3.3	Ps 113 - Seksuele trauma en emosionele verwonding	173
4.3.3.1	Agtergrond van Psalm 113	173
•	Die Psalm as loflied	173

•	<i>Verdeling en strukturele uiteensetting</i>	173
•	<i>Konteks van Psalm 113</i>	174
•	<i>Ooreenkomste met die lied van Hanna</i>	175
4.3.3.2	Verskeie vertalings van Psalm 113:7	176
•	Betekenisvolle vertaling variasies van Ps 113:7	177
•	Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings	177
•	<i>Belangrike woorde en begrippe</i>	177
○	<i>Die geringe – לל</i>	177
○	<i>Help – קום</i>	178
○	<i>Behoeftige אבון</i>	178
○	<i>Ashoop: אשפת</i>	178
4.3.3.3	Verskeie vertalings van Psalm 113:8	179
•	Betekenisvolle vertaling variasies van Ps 113:8	179
•	Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings	180
•	<i>Belangrike woorde en begrippe</i>	180
○	<i>Vernames: יב</i>	180
4.3.3.4	Molestering, verkragting en bloedskanie	181
•	<i>God wat help</i>	181
•	<i>God se genade</i>	182
•	<i>God se liefde</i>	183
4.3.3.5	Normatiewe perspektiewe vanuit Psalm 113:7-8	183
4.4	SAMEVATTING	183
4.4.1	Die individu se identiteit	184
4.4.2	Verhoudings en die vrug van die Gees.....	184
4.4.3	Liefde, vrede, geduld en lankmoedigheid	185
4.4.4	Vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid.....	185
4.4.5	Sagmoedigheid, nederigheid en selfbeheersing	185
4.4.6	Aanvaarding	186
4.4.7	Emosionele en sosiale intelligente gedrag.....	186
4.4.8	Die rol van ouers	186
4.4.9	Vergifnis	187
4.4.10	Grense	187
4.4.11	God tel mense op vanaf ashope.....	187

4.4.12	Trauma beïnvloed die individu se identiteit en eiewaarde	187
--------	--	-----

HOOFSTUK 5: BELANGRIKE PERSPEKTIEWE VANUIT PASTORAAL-TEOLOGIESE LITERATUUR

5.1	INLEIDING	189
5.2	OOGMERKE VAN HIERDIE HOOFSTUK	190
5.3	'N PASTORALE BENADERING	191
5.3.1	Wat is 'n pastorale benadering?	191
5.3.2	Jesus Christus as voorbeeld vir beraders binne 'n pastorale benadering	192
5.3.2.1	Jesus Christus as berader	193
5.3.2.2	Die Heilige Gees	193
5.3.3	'n Pastorale benadering en psigiese welstand	194
5.3.4	'n Pastorale benadering rondom emosionele verwonding	194
5.3.5	'n Pastorale benadering is vir geestelike en psigiese groei van belang	194
5.3.5.1	Geestelike en psigiese groei is wederkerig	194
5.3.5.2	Berading en groei tot volwassenheid	194
5.3.6	'n Pastorale benadering met jongmense	197
5.3.7	Die gesprek as sentrale moment van 'n pastorale benadering.....	197
5.3.8	Take en doelwitte van pastorale berading	198
5.3.9	Die funksie van die berader binne 'n pastorale benadering	199
5.4	NARRATIEWE TERAPIE	200
5.4.1	'n Narratiewe benadering	200
5.4.2	Die verhale wat vertel word	200
5.4.3	Narratiewe as 'n geloofstaak en die Skrif	200
5.4.4	Narratiewe en verandering	201
5.5	KOGNITIEWE GEDRAGSTERAPIE	201
5.5.1	'n Kognitiewe benadering	201
5.5.2	Kognitiewe gedragsterapie en groei na volwassenheid	202

5.5.3	Die taak van die berader in kognitiewe gedragsterapie	203
5.6	JONGMENSE / ADOLESSENTE	204
5.6.1	Jongmense en emosionele verwonding	204
5.6.2	Jongmense en verhoudings	204
5.6.3	Jongmense en die geestelike dimensie	204
5.6.4	Fokuspunte tydens werk met jongmense	205
5.7	IDENTITEIT	205
5.7.1	Die vyf belangrikste vrae in die lewe	206
5.7.2	Voordele van 'n gevormde identiteit	206
5.7.3	Wat bepaal identiteit?	207
5.7.4	Komponente van identiteit	208
5.7.4.1	Eiewaarde	208
5.7.4.2	Selfbewuswording sluit emosionele intelligensie, doelwitte en toekomspektief asook hanteringsvaardighede in	209
5.8	VERHOUDINGS	214
5.8.1	Herstel van verhoudings	214
5.8.2	Die belangrikheid van jongmense se verhoudings	215
5.8.2.1	Kommunikasie	217
5.8.2.2	Ouerleiding	218
5.8.2.3	Vergifnis	220
5.8.2.4	Grense	232
5.9	SEKSUELE TRAUMA	233
5.9.1	Definisie en omskrywing	233
5.9.2	Gevolge van seksuele trauma/mishandeling	233
5.9.2.1	Invloed op gedrag	234
5.9.2.2	Invloed op spirituele gebied	235
5.9.2.3	Ander algemene simptome van slagoffers	235
5.9.3	Verkragting, molesting en bloedskanie	236
5.9.3.1	Samevattende omskrywing	236
5.9.3.2	Traumaberading aan slagoffers	236

5.9.3.3	Ander doelwitte van berading na seksuele trauma	237
5.9.4	Emosionele verwonding en ander trauma	240
5.9.4.1	Definisie en omskrywing	240
5.9.4.2	Die reaksie op trauma en emosionele verwonding	241
5.9.4.3	Trauma/emosionele verwonding en rou	241
5.9.4.4	Die genesingsproses	242
5.9.4.5	Emosionele wonde en genesing	243
5.9.4.6	Gebed	244
5.9.4.7	Traumaberading en die Skrif	245
5.10	FACEBOOK	245
5.10.1	Die tydlyn	248
5.11	GEVOLGTREKING	249

PRAGMATIESE TAAK

HOOFSTUK 6: DIE FORMULERING VAN 'N STRATEGIES- TEORETIESE MODEL

6.1	INLEIDING	252
6.2	PRAKTYKTEORIE AS BEGRIP	253
6.3	DOELSTELLING	254
6.3.1	Besondere fokus op Osmer se pragmatiese taak	255
6.4	BELANGRIKE VERTREK PUNTE	256
6.4.1	Die berader se basiese oortuigings	256
6.4.2	Die pastorale beradingsverhouding	257
6.4.3	Die Heilige Gees	257
6.4.4	Die berader	258

6.4.5	Die beradene	259
6.4.5.1	Die beradene se identiteit en verhoudings	259
6.5	BELANGRIKE KOMPONENTE VAN DIE BERADINGSPROSES	263
6.5.1	Die bou van rapport en stel van etiese kwessies	263
6.5.2	Doelwitstelling	263
6.5.2.1	Aanduiding van groei	263
6.5.2.2	Eksternalisering en skryfterapie	263
6.5.3	Gesprekvoering en vraestelling	264
6.5.4	Implementering van Bybelse instruksies	265
6.5.5	Interpretasie van die inligting	265
6.5.6	Hoop	266
6.5.7	Transformering	267
6.5.8	Die Heilige Gees en die Woord van God	267
6.5.8.1	Die Heilige Gees en ondersteuning	268
6.5.8.2	Die Heilige Gees en Skriftuurlike waarhede	268
6.5.9	Instruksies tydens die beradingsproses	268
6.5.9.1	Verduideliking	269
6.6	VOORGESTELDE PASTORALE MODEL	270
6.6.1	<i>Sessie 1: Inleiding, bekendstelling en eksternalisering</i>	270
6.6.1.1	Eksternalisering en inwin van inligting	270
6.6.1.2	Kognitiewe distorsies	271
6.6.1.3	Trauma en verwonding	271
6.6.1.4	Identiteit en verhoudings	272
6.6.1.5	Die <i>Facebook</i> -profiel/tydlyn	273
6.6.2	<i>Sessie 2: Eksternalisering en bewuswording</i>	273
6.6.2.1	Die rol van die <i>Facebook</i> -profiel/tydlyn	274
6.6.2.2	Ander belangrike aspekte om na op te let	274
6.6.2.3	Die identifisering van moontlike denkfoute	274
6.6.2.4	Stimulering tot deurlopende groei	275
6.6.3	<i>Sessies 3 - 6: Trauma en emosionele verwonding</i>	275
6.6.3.1	Trauma en verwonding beperk normale groei	275
6.6.3.2	Vertelling en herlewing van die trauma	276

6.6.3.3	Effek van die trauma of verwonding	278
6.6.3.4	Uitbeelding van die traumatiese belewenis	278
6.6.3.5	Deurlopende ondersteuning	278
6.6.4	<i>Sessies 7- 8: Herstel van distorsies</i>	279
6.6.4.1	Deurlopende eksternalisering	279
6.6.4.2	Geïdentifiseerde destruktiewe gedagtepatrone	279
6.6.4.3	Die individu se waarde by God	279
6.6.4.4	Die Heilige Gees begelei die verandering	280
6.6.4.5	Die individu se verhoudings	281
6.6.4.6	Distorsies van die emosioneel verwonde jongmens	281
6.6.4.7	Herraming en groei	283
6.6.5	<i>Sessie 9: Begeleiding rondom vergifnis</i>	283
6.6.5.1	Vergifnis neem tyd	284
6.6.5.2	Vergifnis en die Heilige Gees	284
6.6.5.3	Vergifnis vind plaas stap-vir-stap	284
6.6.5.4	Self-vergifnis	285
6.6.5.5	Herstel van gebroke verhoudings	286
6.6.5.6	Hantering van skuldgevoelens	287
6.6.6	<i>Sessie 10: Gebedsessie</i>	289
6.6.6.1	Gebed en trauma	289
6.6.6.2	Herbelewing van die trauma met behulp van gebed	290
6.6.6.3	Die uitkansellering van die effek van die trauma met behulp van gebed	291
6.6.6.4	Gebed en vergifnis	291
6.6.6.5	Worthington se REACH model	292
6.6.7	<i>Sessie 11: Hersiening en bevordering van toekomstige funksionering</i>	296
6.6.7.1	Emosionele intelligensie	296
6.6.7.2	Die aanleer van vaardighede	297
6.6.7.3	Toekomsdoelwitte	297
6.6.7.4	Kommunikasie en self-handhawing ('assertiveness')	297
6.6.8	<i>Sessie 12: Ouerleiding</i>	298
6.6.9	<i>Sessie 13: Afsluiting</i>	300
6.7	STRATEGIES-TEORETIESE GEVOLGTREKKINGS	303

6.7.1	Aanbevelings	304
6.8	SAMEVATTING	304

SLOT

HOOFSTUK 7: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1	INLEIDING	309
7.2	DIE BESKRYWENDE EMPIRIESE TAAK	309
7.2.1	Hoofstuk 2: Die evaluering van die bydrae vanuit 'n empiriese ondersoek	310
7.3	DIE INTERPRETERENDE TAAK	311
7.3.1	Hoofstuk 3: Perspektiewe vanuit die aanverwante wetenskappe	311
7.3.1.1	Bruikbare praktiese aspekte vanuit 'n narratiewe benadering (3.2)	311
7.3.1.2	Bruikbare praktiese aspekte vanuit 'n kognitiewe gedrags- terapeutiese benadering (3.2.2)	312
7.3.1.3	Ander bruikbare praktiese aspekte wanneer daar gewerk word met jongmense (3.2.3; 3.2.4; 3.2.5)	313
7.3.1.4	Bruikbare praktiese aspekte in die gebruik van <i>Facebook</i> (3.2.2.4) ..	314
7.4	DIE NORMATIEWE TAAK	316
7.4.1	Hoofstuk 4: Belangrike Skriftuurlike perspektiewe	316
7.4.1.1	Bruikbare aspekte vanuit die Skrif	316
7.4.2	Hoofstuk 5: Belangrike perspektiewe vanuit pastoraal-teologiese literatuur	319
7.4.2.1	Bruikbare praktiese aspekte vanuit 'n pastorale benadering (5.3.2)	319
7.5	DIE PRAGMATIESE TAAK	323
7.5.1	Hoofstuk 6: Die formulering van 'n strategies-teoretiese model	323

7.6	FINALE GEVOLGTREKKING	325
7.7	VOORGESTELDE TEMAS VIR VERDERE NAVORSING	326
	BYLAAG A: My ware identiteit : Wie is ek in Christus?	327
	BYLAAG B: Ek is spesiaal	329
	BYLAAG C: Voorbeeld van 'n gedeelte van 'n voltooide profiel	330
	BYLAAG D: Belangrike vrae aangaande die beradene se <i>Facebook</i>- profiel	331
	BYLAAG E: Vorm vir bykomende notas tydens sessies	333
	BYLAAG F: Kognitiewe distorsies en Skriftelike waarhede	335
	BYLAAG G: Stimulerende en kreatiewe vrae aangaande <i>Facebook</i>	340
	BYLAAG H: Vorm vir ingeligte toestemming	342
	BYLAAG I: Raamwerk vir die berader	349
	BYLAAG J: Gebruik van <i>Facebook</i> funksies.....	350
	BYLAAG K: Gevallestudie 1: Johandries	351
	BYLAAG L: Gevallestudie 2: Maggie	353
	BYLAAG M: Gevallestudie 3: Dirkie	355

BYLAAG N: Gevallestudie 4: Hendrik	357
BRONNELYS	359

INLEIDING

HOOFSTUK 1

KEUSE VAN NAVORSINGSAREA EN PROBLEEMSTELLING

1.1 TITEL EN SLEUTELTERME

Die gebruik van die sosiale netwerk *Facebook* as deel van 'n pastorale benadering tot emosioneel verwonde adolessente .

1.1.1 Sleutelsterme

Afrikaans: Jongmense, sosiale netwerke, pastorale benadering, terapeutiese model, emosionele verwonding, *Facebook*.

Engels: Young people, social networks, pastoral approach, therapeutical model, emotional wounding, *Facebook*.

1.2 OMSKRYWING VAN SLEUTELBEGRIPPE

1.2.1 Adolessensie

Adolessensie is die tydperk van groei tot volwassenheid, wat begin met puberteit en kan strek tot laat tienerjare of laat twintigerjare (Louw *et al.*, 1999:388) en dit behels baie emosionele ervarings (Collins, 2008:183; Louw *et al.*, 1999: 439, Erikson, 2014:3956- 3957). Jongmense blyk besonder vatbaar te wees vir emosionele verwonding (Louw *et al.*, 1999:441).

Normaalweg word adolessente ingedeel in die volgende drie subgroepe wat ouderdom betref: 11 – 14jr (vroeë adolessensie); 15 – 17jr (middel adolessensie); 18 – 21 (laat adolessensie); In die jongste verlede is daar egter al meer navorsers wat die laat adolessensie se 'plafon' skuif na 25jr en selfs na 28jr toe (vgl. in hierdie verband American Academy of Pediatrics, 2016; Woolaston, 2016; Hart, 2001:13).

1.2.2 Sosiale netwerke

Sosiale netwerke word gedefinieer as web-gebaseerde dienste wat individue toelaat om 'n publieke of semi-publieke profiel te skep binne 'n vasgestelde sisteem. Hierdie verbindings op die Internet word met ander gedeel (Boyd & Ellison, 2008:212). *Facebook* is 'n aanlyn ruimte waar individue hul profiel kan ontwerp en met ander in verbinding kan tree om 'n persoonlike netwerk te skep en interaksie met ander geniet asook aspekte omtrent hul lewens of sienings te deel (Cunningham, 2011:3). Groothuis (1986:31) verwys na die beplanning vir die nuwe era as die revolusie van inligting en die hoop om die idees, mense, dienste en organisasies te bind met netwerke met die doel om transformering te laat plaasvind. Hierdie verbindings (*networking*) gee geleentheid om gedagtes oor gesondheid, politiek, ekologie en die sielkunde te deel wat dan nuwe energie in die gemeenskap genereer (Groothuis, 1986:32).

Alhoewel die basis van baie van die aanlynruimtes gebruik kan word vir terapeutiese aktiwiteite, sal daar met betrekking tot die onderhawige studie meer in besonder gefokus word op *Facebook* aktiwiteite (Vgl. **Bylae D** en **G**) aangesien adolessente oor die algemeen tans meer bekend blyk te wees daarmee. Hierdie aktiwiteite sal later meer omvattend bespreek word.

1.2.3 Terapeutiese model

"'n Model staan tussen die ideaal (teorie) en die praxis" (Heyns & Pieterse, 1990:69).

In hierdie studie word 'n eklektiese benadering gebruik wat 'n kombinasie sal impliseer van 'n pastorale benadering met komponente van narratiewe terapie (White & Epston, 1990) en kognitiewe gedragsterapie (Corey, 2001:300; Edelman, 2006:2). Die pastorale benadering sal egter as ankerpunt dien en die beginsels vanuit die narratiewe en kognitiewe terapieë wat wel geïnkorporeer sal word, sal slegs dit wees wat van toepassing sal wees op hierdie spesifieke voorgestelde gesamentlike model. As kriterium sal veral die beginsel geld van die terapeutiese gebruik van sosiale netwerke. By die bespreking van metodologie onder punt 8 sal meer agtergrond gegee word rakende die eklektiese benadering.

1.2.4 Pastorale benadering

Die doelwit van pastorale berading is om die beradene te lei in die rigting van die ewige lewe wat dan fokus op Christus met die berader as fasiliteerder (Collins, 2008:32; Clinton *et al.*, 2006:523-529; Clinton & Ohlschlager, 2002:67). Toegepas op hierdie studie sal dit dan veral gaan oor hoe die geloofsverhouding met Christus die vorming van identiteit, sosiale netwerkvorming en hantering van trauma raak. Verder gaan dit in pastorale berading ook oor die berader wat die beradene help in die groeiproses (Collins, 2008:64; Clinton *et al.*, 2006:520-521; Clinton & Ohlschlager, 2011:68).

Volgens van den Berg (2010:107) moet Teologiese student voorberei word op die werk binne konteks van die praktyke vir die toekoms. Die studente se dosente is dikwels meer bekend met die praktyke van die verlede. Dit is om hierdie rede belangrik om die Teologie te heroorweeg in die lig van die veranderende rolle van die Teologie, wat pastoraat insluit. Die moderne samelewing is van belang vir die Christelike geloof in die praktyk. Bewuswording van die moderne samelewing moet daarom versterk word in die werk van praktiese teologie (Heitink, 1999:17).

1.2.5 Emosionele verwonding

'n Emosionele wond word volgens Reber en Reber (2001:806) in kliniese psigologiese terminologie beskryf as 'n *'rent'* (skeur) in die psigologiese materiaal van 'n persoon, veroorsaak deur emosionele trauma of geweld. Volgens Levine en Kline (2010:4) dui emosionele verwonding op enige gebeurtenis wat die potensiaal het om die persoon te oorweldig asook gedissosieerd, hulpeloos en hopeloos te laat voel.

2.1 PROBLEEMSTELLING

Dis duidelik dat die digitale en sosiale netwerke prominent is in jongmense se lewens, veral *Facebook* (Cunningham, 2011; Pascoe, 2012:78; Ferguson *et al.*, 2014:1). Toeganklikheid en verstaanbaarheid is baie belangrik as 'n berader met jongmense werk. Weens die ontwikkelingsfase van jongmense is hulle nie altyd

bewus van wat hulle voel en dink nie en erken dit ook nie altyd nie. Die kommunikasie metodes van die sosiale netwerk *Facebook* se tegnieke (vgl. **Bylae D en G**) word as 'n pertinente komponent betrek by die terapeutiese benadering wat in hierdie studie gevolg gaan word met die fokus op emosioneel verwonde jongmense binne die adolessensie tydperk. Wat betref sy groei het *Facebook* gedurende 2014 die grootste sosiale netwerk geword (South African Social Media Landscape, 2014). Tydens 2013 het Suid-Afrika 8,978,608 gebruikers gehad soos aangedui deur middel van 'n *application*¹, Socialbakers (2013), terwyl die aantal gebruikers in dieselfde jaar gegroei het tot 9.6 miljoen soos aangedui deur die *application* Bluemagnet (2013). 'n Studie gedoen deur Social media dialogue (2014) het aangedui dat daar 33% jongmense tussen die ouderdom 14 en 24 en 9% tussen die ouderdom 13 en 17 was wat gebruik gemaak het van *Facebook*. Lenhart (2015) het in haar ondersoek gevind dat 71% van jongmense tussen die ouderdom van 13 en 17 gebruik maak van *Facebook*. Daar bestaan gevolglik tans 'n geweldige uitdaging om van 'n bekende sosiale netwerk soos *Facebook* se tegnieke gebruik te maak om adolessente te ondersteun in die groei tot goed funksionerende volwassenes. Vorige studies rakende *Facebook* vanuit 'n teologiese dimensie blyk nog nie genoegsaam ondersoek te wees nie. Hier is ook die geleentheid vir ander tegnologiese navorsers om 'n *application* spesifiek vir hierdie beradingsmodel te ontwerp aangesien daar in sekere gevalle van die beradene verwag kan word om oor 'n redelike tydperk aktief betrokke te bly in die beradingsproses.

Deur middel van die gebruik van *Facebook* aktiwiteite binne hierdie model, sal daar identiteitversterking bewerkstellig word, aangesien hierdie spesifieke aktiwiteite bewuswording kweek asook ego-versterking. Wat betref die beradene se verhoudings, kan die aktiwiteite binne hierdie model gebruik word om identiteitsvorming, ondersteuningsnetwerk, traumatiese ervarings en hoe die beradene se 'verhoudings' daarop reageer het, ondersoek word deur eksternalisering. Daar is baie genesingswaarde in eksternalisering en daarop-

¹Die term *application* kan soos volg beskryf word: elke selfoon is gebaseer op 'n spesifieke funksionerende sisteem of OS (Operating Systems). Die mees algemene funksionerende sisteme is Google se Android en Apple se IOS. Elk van hierdie sisteme het gevolglik 'n mark wat spesifiek vir die onderskeie sisteme geskryf is en wat funksioneer op elkeen se OS en waar toevoegings op of afgelaai kan word (Wikipedia, 2015).

volgende herraming van gedagtes. Met behulp van die model wat gebruik maak van *Facebook* tegnieke (vgl. **Bylaag J**) geld die bogenoemde ook vir die hantering van vorige traumatiese ervarings vir die beradene, die daaropvolgende korrektiewe ervaring en ook meer effektiewe toekoms-funksionering. Hierdie aktiwiteite verseker eksternalisering en bied geleentheid vir korrigerende van kognitiewe denkfoute. Bewuswording en vergifnis speel 'n belangrike rol asook begrip van die invloed en ervaring van verhoudings van die beradene. Geestelike verdieping en verryking word bereik wanneer hierdie tegnieke toegepas word binne 'n *Facebook* model aangesien identiteit, verhoudings en genesing van verwonding prominente aspekte binne geestelike funksionering is (vgl. **Bylaag I**).

In hierdie studie sal daar vervolgens veral op die volgende drie areas gefokus moet word ten opsigte van die moontlike rol wat aanwending van *Facebook* tegnieke kan speel in die pastorale begeleiding van jongmense tot uiteindelik goed funksionerende volwassenes:

2.1.1 Identiteit

Hier sal gefokus moet word op eiewaarde en selfbewuswording (vgl. Wakefield & Hudley, 2007; De Klerk *et al.*, 2009; Collins, 2008:366; Goleman *et al.*, 1998:55). Wat Skriftuurlike fundering asook 'n teologiese basis betref, sal die klem hier val op Joh 1:12. Volgens Hendriksen (2007a:80) hang dit nie van die betrokke individu se identiteit af nie maar gaan dit om 'n genade geskenk wat elkeen ontvang wat vir Jesus Christus aanvaar. Volgens Beasley-Murray (2002:13) is die wat die Woord van God verwelkom het gesien as die wat outoriteit ontvang om God se kinders te wees. Die wat geloof in Christus het, ontvang hierdie outoriteit (Boice, 2005a:73).

2.1.2 Verhoudings

Hier sal veral gefokus moet word op aspekte soos ouerleiding, vergifnis en grense (vgl. Martin & Herselbrock, 2001; Collins, 2008:98; Milkie *et al.*, 2010; Toussant & Forgensen, 2008; Sarkova *et al.*, 2013; Coetzer, 2013:152). Wat Skriftuurlike fundering asook 'n teologiese basis betref, sal die klem hier val op Galasiërs 5:22-

23 wat handel oor die vrug van die Gees. Hendriksen (2007b:223) is van mening dat hierdie geskenke groepeer kan word as spirituele kwaliteite: liefde, blydschap en vrede is die eerste groep. Die tweede groep is veral sigbaar in verhoudings met ander asook deur karaktereienskappe soos geduld, sagmoedigheid en goedhartigheid. Die laaste groep het betrekking op die verhouding van gelowiges met God en met hulself en die klem is hier op 'n bereidwilligheid om te gee van jouself volgens die voorbeeld wat Christus gestel het. Volgens Malina en Pilch (2006:251) voel Paulus dat gedrag gekenmerk moet word deur die kwaliteite: liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, sagmoedigheid en self-beheersing, en as hierdie eienskappe teenwoordig is, is die wet nie ter sprake nie.

2.1.3 Seksuele trauma

Hier sal veral gefokus moet word op verwonding met betrekking tot die drie areas van verkragting, molestering en bloedskanie (vgl. Allender, 2008:14; Langberg, 2003:70; Herman, 1998:147). Die gebruik van *Facebook* aktiwiteite (vgl. **Bylae D, G en J**) begelei die beradene tot eksternalisering en die in-diepte ondersoek van vorige ervarings, nadat dit geïdentifiseer is. Vergifnis en die deurwerk van vorige traumatiese ervaringe is van besondere belang in pastorale sorg. Gesprekke wat ontstaan vanuit die aspekte waaraan gewerk word in die *Facebook* model gee geleentheid vir geestelike versterking. Die berader word gevolglik begelei met betrekking tot die nodige vraestelling deur die beradingsproses met behulp van die *Facebook* aktiwiteite (vgl. **Bylae D, G en J**). In hierdie verband sal byvoorbeeld besondere aandag gegee word aan Psalm 113:7-8. Binne die Koninkryk van God is daar 'n besondere toespitsing op diegene wat emosioneel verpletter en ontmagtig voel: “*Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die as hoop af opstaan.*” By God is daar heling en genesing vir die emosioneel verwonde persoon (Hubbard & Johnston, 2012:425). Hy verhoog hulle om soos Hy te wees en God is verhoog bo alle nasies (Boice, 2005b:925).

3. MOTIVERING VIR KEUSE VAN NAVORSINGSAREA

3.1.1 Terapeutiese benadering

Die motivering vir hierdie studie is om 'n maklik bruikbare model voor stel aan beraders waar die aktiwiteite wat gebruik word deels reeds as tegnieke bekend is aan die gemiddelde beradene, veral jongmense. Die veld van tegnologie binne pastorale konteks is reeds ondersoek deur navorsers soos onder andere Wankel *et al.* (2012), Manago *et al.* (2012) en Campbell (2005). 'n Pastorale beradingsmodel vir die hedendaagse jongmens met die volle omvang van aktiwiteit, insette en moontlikhede soos wat beplan word in hierdie studie (met *Facebook* as basiese vertrekpunt) is egter nog nie ondersoek of voorgestel nie.

Kandidate wat sal deelneem aan die studie sal beradenees wees wat aangemeld het vir berading. Die persoonlike pastorale gesprek is oor die algemeen baie intiem en vertroulik en om hierdie vertroulikheid te handhaaf is daar 'n spesifieke prosedure wat in hierdie model gevolg word. In die gebruik van die *Facebook* model maak die berader enersyds gebruik van inligting wat beskikbaar is op die beradene se *Facebook* profiel en veral aan die hand van verskillende aktiwiteite wat uitgevoer word volgens die reëls soos nagekom deur almal wat van *Facebook* aanlyn gebruik maak. Andersyds word die meer persoonlike aspekte egter nie aanlyn bekend gestel aan ander nie maar inligting bly tussen die berader en beradene en word bespreek binne die konteks van een tot een beradingsessies binne 'n veilige en vertroulike ruimte.

Die algemene proses en riglyne van berading sal dan van toepassing wees op die berader, soos byvoorbeeld om ten volle aandag te gee, vertroulike inligting vertroulik te hanteer, gepaste nie-verbale houding te openbaar en basiese inleidende vrae te vra, ens. Die model, voorgestel in hierdie studie wat gebruik maak van *Facebook* aktiwiteite, bied riglyne vir beraders vir vraestelling aan die beradene en eksternalisering as deel van die beradingsproses (vgl. **Bylaag I**). Dit behels dan ook omvattende aspekte wat aangeraak word tydens die beradingsproses om sodoende groei te bewerkstellig. Die berader en beradene sou ook met mekaar kon ooreenkom of alle verdere inligting wat deurlopend geformuleer word tegnologie

met mekaar gedeel word (byvoorbeeld deur middel van e-posse) of dan per handstuk saamgebring word na 'n volgende berading sessie. Die *Facebook* platform beskik verder ook oor handige aktiwiteite wat die berader kan volg as riglyne vir eksternalisering en kognitiewe herraming as deel van gespreksvoering tydens die berading sessies. In hierdie opsig kan daar ook baie nuttig gebruik gemaak word van vorige inligting van die beradene op sy/haar aanlyn *Facebook* profiel.

Tydens die proses van berading en gesprekvoering is dit waarskynlik dat emosionele verwonding van die verlede asook moontlike verliese wat ervaar is na vore sal kom. Daar sal dan aandag daaraan gegee kan word met behulp van gepaste benaderings en tegnieke. In hierdie verband is dit belangrik dat die regte woorde van ondersteuning en teregwysing deur die berader gebruik sal word (Prediker 12:11). Teologiese aspekte en waarhede moet ook getransformeer word sodat dit in praktyk toegepas sou kon word (Clinton & Ohlschlager, 2002:104). Firt (1986:99) verwys in hierdie verband na die hermeneutiese moment as 'n moment waar die proses om te verstaan bewerkstellig word. Hy beskryf die agogiese oomblik as die moment waar tydens God se Woord tot so 'n mate oorgedra word dat daar nuwe insigte geleer word en ware begrip in die proses verkry word.

Komponente soos identiteit, verhoudings en hantering van vorige verwonding is ook belangrik binne die teologiese dimensie aangesien dit die kanse op geestelike groei en insigte rakende versoening met God vergroot. Tydens gesprekvoering en kommunikasie deur middel van die aktiwiteite van *Facebook* (vgl. **Bylae D, G en I**) kan daar nie anders as om ook te fokus op aspekte soos identiteit as kind van God, verhouding met God en medemens, en dan ook die hoop en genesing wat God bied. Vergifnis speel inderdaad ook 'n baie belangrike rol binne die pastorale konteks. Die aktiwiteite en benaderings sou dan in hierdie studie juis gebruik word om uiteindelik insigte te bring en bewuswording met die doel om geestelike en psigologiese groei te bewerkstellig (vgl. **Bylaag J**).

3.1.2 Die gebruik van *Facebook* aktiwiteite

Die voorneme van die navorser is om vas te stel in hoe 'n mate *Facebook* as instrument gebruik kan word vir die beradene om te groei en emosionele verwonding te verwerk/integreer. Die opstel van 'n 'lewenstydlyn' kan byvoorbeeld ondersoek word as 'n belangrike riglyn vir gesprekvoering en vraestelling. Tydens die gesprekvoering en verdere vraestelling sal aandag gegee kan word aan sekere komponente van psigologiese welstand, asook geestelike groei en volwassewording. Omvattende terme sou byvoorbeeld kon wees identiteit en verhoudings, en daaronder sal weer ander komponente kan val soos reeds vermeld. Nadat die beradene se volledige verhaal van emosionele verwonding en verliese asook hul verhouding met God met behulp van bovermelde metodes en tegnieke geïdentifiseer is en deurgepraat is, sal daar vervolgens voortgegaan kan word om die moontlikhede van die rol wat *Facebook* tegnieke in 'n korrektiewe proses kan speel, te ondersoek.

Die *Facebook* aktiwiteite (vgl. **Bylae D, G en J**) wat gebruik sal word om te fokus op problematiek rakende *identiteit* sal byvoorbeeld verband kan hou met aspekte soos foto's, slagspreuke, groepe wat gevolg word, gunsteling films, gunsteling reekse, gunsteling liedjies, waar woon die individu, wat doen die individu, 'selfies' en die individu se teologiese oortuigings. Daar word gevisualiseer om die impak van interaksie te ondersoek deur middel van vrae wat gefokus is op hierdie aktiwiteite. Die uiteindelijke mikpunt is om emosionele en geestelike groei te bevorder met betrekking tot die betrokke individu se identiteit.

Aktiwiteite wat gefokus sal wees op probleme rondom beradenes se *verhoudings* sal verband hou met aspekte soos byvoorbeeld keuse van vriende, privaatheid, foto's en *tags*, alles wat op die tydlyn geskryf word deur die beradene self of deur ander wat betekenisvol is, die byvoeging of eliminerings van vriende asook die aspek van *poke* van vriende.

4.1 LEEMTE IN BESTAANDE NAVORSING

4.1.1 Databasisse

Met behulp van die Ferdinand Postma biblioteek is 'n uitgebreide bibliografiese soektog gedoen en inligting is gevind via die EbscoHost-koppelvlak op die volgende data-basisse: Academic Search Premier, Nursing/Academic Edition, SACat (nasionale katalogus van boeke en tydskrifte in Suid-Afrika), NEXUS (die NRF se databasis van voltooide navorsing, asook huidige navorsing wat reeds geregistreer is), SAePublications (Suid-Afrikaanse tydskrifartikels), ProQuest (internasionale proefskrifte en verhandelinge in volteks), Africa-Wide Information, ATLA Religion Data-base with ATLASerials, eBook Collection, E-Journals, MasterFILE Premier, Psyc-ARTICLES, PsycINFO en SocINDEX.

4.1.2 Sleuteltermes

In hierdie bibliografiese soektog is die volgende sleuteltermes gebruik: Jongmense, sosiale netwerke, pastorale benadering, terapeutiese model, emosionele verwonding, young people, social networks, pastoral approach, therapeutical model, emotional wounding, trauma, *Facebook*.

4.1.3 Afgehandelde en beoogde verhandelings en proefskrifte

Verhandelinge en proefskrifte wat opgespoor kon word handel oor adolessente, sosiale netwerke (meestal die gebruik daarvan as deelnemer) en modelle/stappe wat gebruik kan word vir terapeutiese doeleindes, maar daar is nie 'n studie gevind wat gedoen is met die fokus op sosiale netwerke as 'n model spesifiek vir die hantering van emosionele verwonding nie. Voorbeelde in hierdie verband is die volgende:

- H.E. Oldewage het pas 'n PhD studie aan die NWU voltooi met die tema: *Fostering koinonia: A critical evaluation of the value of digital social networks in urban congregations*. Hierdie studie is meer gemik op die netwerke binne die geloofsgemeenskap.

- J.M. Griessel het 'n verhandeling voltooi aan die NWU tydens 2012 met die tema: *Die rol van vrees by die swaarmoedige adolessent - 'n Pastorale studie*. Hierdie studie ondersoek die rol van vrees in die verskillende ontwikkelingsfases by die swaarmoedige tiener en die berading daarvan vanuit 'n Bybelse perspektief.
- L.P. Grobler het 'n studie voltooi as deel van 'n DTH. aan die UNISA tydens 1997
- met die titel: *Spiritualiteit as perspektief op adolessensie: 'n Studie gerig op pastorale beraad*. Die studie verwys nie na sosiale netwerke nie.
- R. Kruger het 'n studie gedoen ter voltooiing van die Ph.D. graad in Pastoraal aan die NWU tydens 2010. Die titel van die studie was: *Pastorale begeleiding van die emosioneel en geestelik verwonde persoon met betrekking tot geïnternaliseerde leuens*. Die studie handel oor die rol van die leuen by emosioneel verwondes.
- T.C. De Klerk se titel van sy Ph.D. aan die NWU tydens 2010 was: *Die boek Prediker as vertrekpunt vir die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener*.
- Wankel, L.A., Blessinger, P., Stanaityte, J. en Washington, N. het 'n studie gedoen tydens 2012 rakende sosiale netwerke en die gebruik daarvan in onderrig. Die titel van die studie is: *Increasing student engagement and retention using social technologies: Facebook, e-portfolios and other social networking services*. Die fokus van hierdie studie is veral toegespits op 'n onderrig konteks.

4.1.4 Tydskrifartikels

'n Aantal tydskrif artikels is geïdentifiseer, sommige vanuit 'n pastorale vertrekpunt en ander vanuit die aangrensende wetenskappe. Nie een kon egter gevind word met spesifieke riglyne of 'n model gebaseer op sosiale netwerke nie. Voorbeelde in hierdie verband is die volgende: Cheung, C.K.M. & Lee, M.K.O., (2010); Amichai-Hamburger, Y. & Vinitzky, G., (2010); Manago, A.M., Taylor, T. & Greenfield, P.M., (2012); Boyd & Ellison (2008); Hampton, K.N., Lee, C. & Her, E.J., (2011); Young, C. en Strelitz, L., (2014); Coetzer, W. en De Klerk, T.C., (2014); Coetzer, W.C., (2014); Coetzer, W.C. en Snell, L., (2012).

4.1.5 Boeke

'n Boek met enkele raakpunte ten opsigte van die tema van hierdie studie wat geïdentifiseer is, is die volgende:

Y. Amichai-Hamburger. 2009. *Technology and psychological well-being*. New York, NY: Cambridge University Press. Dit handel oor tegnologie en geestes-gesondheid. Hierdie boek fokus op die invloed wat tegnologie op mense se funksionering het.

4.1.6 Konferensie voordragte

Die volgende lesings is deurgewerk en die bevinding was dat almal van toepassing op die toenemende rol van die digitale era is, maar nie een spesifiek gefokus is op die tema van hierdie studie nie:

- Hart, A. & Frejd, S. 2011. *Counseling in a digital age: the good the bad and the ugly*. Voordrag gelewer tydens die tweejaarlikse internasionale konferensie van die *American Association of Christian Counselors* in Nashville, TN, Sept. 2011 [CD].
- Carboneau, M.A. & Grauger, M.B.A. 2011. *Cyber counseling: Current trends and innovative strategies for success*. Voordrag gelewer tydens die tweejaarlikse internasionale konferensie van die *American Association of Christian Counselors* in Nashville, TN, Sept. 2011 [CD].
- Corsini, K & Carrilho, M. 2011. *Telepsychiatry and the rise of skype-based therapy*. Voordrag gelewer tydens die tweejaarlikse internasionale konferensie van die *American Association of Christian Counselors* in Nashville, TN, Sept. 2011 [CD].
- Cunningham, T. 2011. *Face to Face(book): the effects of social media on mental and emotional health*. Voordrag gelewer tydens die tweejaarlikse internasionale konferensie van die *American Association of Christian Counselors* in Nashville, TN, Sept. 2011 [CD].
- Scott, L & Feigel, A. 2011. *The electronic world, Logos and Christian counseling*. Voordrag gelewer tydens die tweejaarlikse internasionale konferensie van die *American Association of Christian Counselors* in Nashville, TN, Sept. 2011 [CD].

- Gamez, C. 2011. Using the power of social media to grow your practice. Voordrag gelewer tydens die tweejaarlikse internasionale konferensie van die *American Association of Christian Counselors* in Nashville, TN, Sept. 2011 [CD].
- H. Campbell. 2005. Exploring religious community online: We are one in the network. Voordrag gelewer tydens die tweejaarlikse internasionale konferensie van die *American Association of Christian Counselors* in Nashville, TN, Sept. 2011 [CD].

5.1 NAVORSINGSVRAAG

5.1.1 Die oorkoepelende navorsingsvraag

In watter mate kan die gebruik van *Facebook* tegnieke as deel van 'n Pastorale benadering, lei tot die formulering van 'n model ter begeleiding van emosioneel verwonde adolessente tot goed funksionerende individue met geestelike en psigologiese welstand?

5.2 Vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei

Vrae wat in hierdie ondersoek aan die orde kom, is die volgende:

- Watter moontlike vernuwende insigte rakende die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde adolessente met behulp van 'n sosiale medium soos *Facebook*, kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom? (Aansluitend by Osmer (2008:4) se beskrywende empiriese vraag: "*Wat is aan die gebeur?*").
- In watter mate kan daar in hierdie prakties-teologiese studie gebruik gemaak word van die resultate van navorsing vanuit die aanverwante wetenskappe met betrekking tot die begeleiding van emosioneel verwonde adolessente met behulp van 'n sosiale medium soos *Facebook*? (Aansluitend by Osmer (2008:4) se interpreterende vraag: "*Waarom het dit gebeur?*").
- Watter perspektiewe kan verkry word vanuit die Skrif met betrekking tot die begeleiding van emosioneel verwonde jongmense met besondere fokus op die aspekte van identiteit, verhoudings en trauma? (Aansluitend by Osmer (2008:4) se normatiewe vraag: "*Wat moet hier gebeur?*")

- Watter belangrike Skriftuurlike perspektiewe aangaande die begeleiding van emosioneel verwonde adolessente kan vanuit pastoraal-teologiese literatuur geïdentifiseer word met besondere fokus op die aspekte van identiteit, verhoudings en trauma? (As 'n verdere antwoord op die normatiewe vraag: “*Wat moet hier gebeur?*”)
- Watter strategies-teoretiese model kan geformuleer word vir die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde adolessente met behulp van 'n sosiale medium soos *Facebook*? (aansluitend by Osmer (2008:4) se pragmatiese vraag: “*Wat behoort te verander?*”).

6.1 DOELSTELLING EN DOELWITTE

6.1.1 Doelstelling

Die navorsingsoogmerk met hierdie studie is om 'n pastorale model, waarvan die sosiale netwerk *Facebook* se tegnieke 'n wesenlike komponent uitmaak, te formuleer ter begeleiding van emosioneel verwonde adolessente tot goed funksionerende individue met geestelike en emosionele welstand.

6.2 Doelwitte

- Om vas te stel of daar enige vernuwende insigte rakende die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde adolessente met behulp van 'n sosiale medium soos *Facebook*, deur 'n empiriese ondersoek na vore kan kom.
- Om vas te stel in watter mate in hierdie prakties-teologiese studie nuwe perspektiewe na vore kan kom vanuit die resultate van navorsing uit die aanverwante wetenskappe met betrekking tot die begeleiding van emosioneel verwonde adolessente met behulp van die sosiale netwerk *Facebook* se tegnieke.
- Om perspektiewe vanuit die Skrif te verkry met betrekking tot die begeleiding van emosioneel verwonde adolessente met besondere fokus op die aspekte van identiteit, verhoudings en trauma?
- Om belangrike Skriftuurlike perspektiewe aangaande die begeleiding van emosioneel verwonde adolessente vanuit pastoraal-teologiese literatuur te identifiseer.

- Om 'n strategies-teoretiese model te formuleer vir die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde adolessente met behulp van 'n sosiale medium soos *Facebook* se tegnieke.

7.1 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat 'n pastorale model, waarvan die aanwending van die sosiale netwerk *Facebook* se tegnieke 'n wesentliche komponent kan uitmaak ten opsigte van besinning rondom en uitdrukking van identiteit en ingesteldheid ten opsigte van verhoudings en verwerking van trauma, 'n besondere bydrae kan lewer in die begeleiding van emosioneel verwonde adolessente tot goed funksionerende individue met geestelike en emosionele welstand.

8.1 METODOLOGIE

Dit is belangrik om op 'n metateoretiese vlak 'n beslissing oor die verhouding tussen teorie en praksis in 'n prakties-teologiese ondersoek te maak. Die teorie-praksis-verhouding is die hart van die prakties teologiese wetenskapsteoretiese beginsels (De Klerk & De Wet, 2013:208-307). Hierdie doelwitte sal onder andere nagestreef word deur gebruik te maak van sommige van die beginsels van narratiewe en kognitiewe terapie en dit te integreer met 'n pastorale benadering wat gebaseer is op Osmer (2008) se model.

8.1 Narratiewe terapie

Narratiewe terapie het ontstaan vanuit die navorsing van Michael White en David Epston (vgl. White & Epston, 1990). Hiervolgens help die berader die beradene om sy/haar narratiewe sterker en dieper te vestig deur vrae oor lewensgebeurtenisse te vra (vgl. Zimmerman & Beaudoin, 2002:31). Eksternalisering vind in die proses plaas (White & Epston, 1990:63,49; Knoetze & Stroud, 2012; Morgan, 2000: 59) en probleme kan makliker ondersoek word.

8.2 Kognitiewe terapie

Die doel van kognitiewe terapie is om gedrag te verander deur denke te verander (Edelman, 2006:2; Corey 2001:300). As deel van die inkorporering van *Facebook* tegnieke in die oorkoepelende benadering in hierdie studie sal die beginsels van kognitiewe terapie sterk funksioneer tydens gesprekvoering met deelnemers aan die empiriese ondersoek.

8.3 Die Prakties-teologiese model van Osmer

In die oorkoepelende metodologiese raamwerk van hierdie studie word die benadering van die praktiese teoloog, Richard Osmer (2008:4-29), as vertrekpunt geneem (vgl. De Klerk & De Wet, 2013:288-307). Die volgende vier opdragte/take is volgens Osmer van belang in Praktiese Teologiese interpretasie:

8.3.1 Beskrywende empiriese taak

Die probleemstelling in die beskrywende empiriese taak is: *“Gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations, or contexts”* (Osmer, 2008:4). Die belangrike vraag wat hier aan die orde is, is die volgende: *Wat gebeur in hierdie situasie?* Die doel is om te kan verklaar, en dit wat gebeur, te beskryf.

8.3.1.1 Die relevansie van hierdie studie

In hierdie studie gaan dit eerstens om 'n model met die oog op die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde adolessente deur middel van *Facebook* tegnieke. Tweedens sal hierdie model egter ook aangepas kan word om deur verskillende sosiale media platforms gebruik te kan word vir die pastorale begeleiding van persone van verskillende ouderdomme aangesien dit nie slegs adolessente is wat deesdae van sosiale media gebruik maak nie.

8.3.1.2 Data kolleksie

Die keuse van 'n steekproef en werwing

Hier is dit belangrik dat die betrokke medewerkers op geen wyse identifiseerbaar sal wees nie en daarom moet toegesien word dat hulle dus nie almal deel van 'n

vooraf uitgesoekte en bekende groepie persone naby aan die navorser sal wees nie. Om dit te kan verseker en ook hul identiteite te beskerm, sal daar onder andere gebruik gemaak word van die metode van *sneeubal-steekproefneming*² (*snowball sampling*; vgl. Atkinson & Flint, 2001) waar een persoon byvoorbeeld weet van iemand anders, en daardie persoon weet weer van nog 'n ander een wat moontlik met soortgelyke onverwerkte emosionele pyn en/of trauma aan die worstel mag wees, ens., en dat dit ook oor 'n wye area sal strek.

Die navorser is 'n sielkundige wat deur middel van haar praktyk reeds kontak gemaak het met enkele jongmense wat behoefte het aan berading en wat aan haar genoem het dat hulle ook bewus is van ander jongmense wat met soortgelyke emosionele probleme worstel. Volgens die beginsels van die sneeubal-steekproefneming sou sy elkeen van hulle dan individueel kon gebruik as 'n

kontakpersoon om haar weer in kontak te bring met nog 'n ander potensiële respondent – op hierdie wyse 'sneeubal' die proses dan totdat dit sou blyk dat daar uiteindelik saturasie is. Vertroulikheid sal hoog geag word en dit sal ook sterk benadruk word in gesprekke met elkeen wat as moontlike 'werwer' of kontakpersoon op hierdie wyse by hierdie proses betrokke sou raak. Bovermelde beskrywing dien tegelykertyd dan ook as 'n beskrywing van die populasie uit wie 9 die steekproef getrek sal word.

8.3.1.3 Die tipe ontwerp van die studie

In hierdie studie sal gebruik gemaak word van Sandelowski (2010) se beskrywende kwalitatiewe ontwerp wat impliseer dat die inligting versamel moet word, beskryf moet word en verwerk moet word. Verder moet daar volgens Sandelowski se ontwerp gebruik gemaak word van semi-gestruktureerde onderhoude.

² Volgens De Vos *et al.* (2012:330) het hierdie metode besonder van toepassing binne kwalitatiewe navorsing aangesien dit gerig is op die identifisering van individue wat moeilik bereikbaar is. Deur middel van sneeubal- steekproefneming versamel die navorser data met betrekking tot die enkele lede van die teiken populasie wat hy/sy wel kan lokaliseer. Daarna word daar gepoog om informasie te bekom vanaf hierdie persone met die doel om nog meer individue te kan identifiseer wat voldoen aan die vereistes vir die betrokke navorsing – om hierdie rede dan die benaming 'sneeubal-steekproefneming' (vgl. in hierdie verband ook Babbie, 2001:180; Sarantakos, 2000:153; Baker, 1988:159).

Die tydlyn en persoonlike profiel van elke respondent se *Facebook* blad sal as basis gebruik word en dit sal riglyne bied ten opsigte van die vraestelling rondom aspekte soos identiteit en verhoudings wat baie prominent figureer in hierdie studie. *Facebook* aktiwiteite (vgl. **Bylae D** en **G**) word ook gebruik vir verdere vraestelling of intervensie. Die volgende oop-einde vrae is voorbeelde van vrae wat tydens hierdie onderhoude gebruik sal word:

- *Wie was die betekenisvolle persone in hierdie tyd van jou lewe (7-10 jaar) en op watter manier was hulle betekenisvol (positief en negatief)?*
- *Wie van hierdie mense het jou geestelike groei beïnvloed, positief of negatief?*
- *Hoe is jou gedrag geaffekteer deur die persoon waarna jy verwys as jou vriend?*
- *Wat is vir jou geleer omtrent die hantering van ander?*
- *Wat is jou gevoel en kennis rakende 'n aspek soos vergifnis?*

Die status van die respondent op *Facebook* kan bespreek en ondersoek word deur die volgende vrae te vra:

- *Waarom het jy dit geskryf vir ander om te sien?*
- *Hoekom wou jy dit graag deel?*
- *Is daar iemand spesifiek wat jy wou hê dit moet raak lees, en hoekom?*
- *Watter films en reekse het jy geniet en wat dink jy sê dit van wie jy was?*
- *Het dit deel gevorm van wie jy vandag is?*
- *Was daar iets belangrik in daardie boek wat jy selfs vandag nog gebruik, soos 'n gedagte of 'n idee van 'n karakter?*

Deur die nodige vrae te vra, skep geleentheid vir selfbewuswording en ook korrigerende van kognitiewe distorsies wat mettertyd gevestig geraak het.

8.3.1.4 Ingeligte toestemmingsproses (vgl. Bylaag H)

Voordat daar begin word met die insameling van enige data sal daar eers toestemming verkry word vanaf die Gesondheid Navorsing Etiek Komitee. Die navorser sal aan elk van die medewerkers die navorsingsprojek verduidelik. Daar sal in elke individuele gesprek genoeg geleentheid wees vir vrae met betrekking tot enige aspek wat vermeld op die ingeligte toestemming vorm en die navorser asook 'n onafhanklike persoon wat ook teenwoordig sal wees, sal die vrae beantwoord. Die onafhanklike persoon sal self ook 'n pastorale berader wees en iemand wat haarself bereid verklaar het om hierdie rol te vervul. Alle aspekte soos byvoorbeeld konfidensialiteit, die veilige bewaring van data, insluiting en uitsluiting kriteria, moontlike risiko's, moontlike weerloosheid en kwesbaarheid van respondente, voordele, vergoeding, bekendmaking van resultate en vrywillige onttrekking vanaf die studieprojek sal in detail bespreek word. Indien die verskillende medewerkers in alle opsigte tevrede is, sal die vorm waardeur ingeligte toestemming gegee word tot die navorsing, onderteken word. Die onafhanklike persoon sal as getuie saam met elke respondent hierdie vorm onderteken. By die ondertekening sal al die betrokke partye wat die vorm onderteken gelyktydig teenwoordig wees (vgl. **Bylaag H**).

8.3.1.5 Risiko analise

Die risiko bestaan dat vorige onverwerkte trauma en emosionele verwonding moontlik weer gesneller mag word namate die berading gesprekke vorder. Met verloop van tyd sou sommige van die respondente met behulp van verskeie korttermyn ontvlugtingstegnieke daarin kon slaag om ten minste emosioneel kop bo water te hou. Tydens die beplande gesprekke sou dit gevolglik kon gebeur dat diep gesetelde emosies van pyn en verwerping weer na die oppervlakte kom en dat die betrokke respondent emosioneel totaal oorweldig raak. Omdat die navorser egter self 'n opgeleide sielkundige is en oor die nodige toerusting en kennis beskik, behoort geen sodanige onvoorsiene situasies 'n probleem te wees nie en sal dit met die nodige kundigheid hanteer word soos wat dit na vore mag kom.

8.3.1.6 Weerloosheid en kwesbaarheid

In hierdie verband sal daar gefokus word op die volgende kwessies:

- Billike verdeling van voordele wat verband hou met die navorsing.
- 'n Ooreenkoms met betrekking tot eienaarskap van data asook die reg op publikasie.
- 'n Ooreenkoms betreffende terugvoering aan respondente ten opsigte van die bevindinge.
- Onder die respondente sal daar geen individue wees wat gevangenes of gestremde persone is nie.

8.3.1.7 Voordele vir respondente

- Om te kan deelneem aan so 'n gesprek en 'n hele paar jaar se emosionele en geestelike bagasie te kan 'aflaai'.
- Dit mag lei tot die ontdekking van nuwe lewensin en kwaliteit vir respondente.
- In sommige gevalle mag dit lei tot die stabilisering van langtermyn verhoudings en nuwe loopbaan vooruitsigte.
- Die besef asook die genoegdoening dat hulle medewerkers kan wees in die formulering en daarstelling van riglyne wat die lewenskwaliteit van talle ander persone in die toekoms positief kan beïnvloed.
- 'n Indirekte voordeel is ook die feit dat hieruit mag voortspruit 'n besondere bydrae vir die pastoraat in die breë omdat daar tot dusver baie min akademiese bydraes met betrekking tot hierdie tema en veral hierdie metode van berading gelewer is.
- In hierdie studie word veral op die tegnieke van *Facebook* gefokus as 'n sosiale medium. Die resultate van hierdie studie sou egter met enkele aanpassings, ook toegepas kan word op verskeie ander sosiale media soos byvoorbeeld *Twitter*, *Instagram*, *Snapchat*, *Google+*, *Vine* en *Tumblr*, om slegs die belangrikstes te meld.

8.3.1.8 Insluiting en uitsluiting kriteria

Wat betref insluiting en uitsluiting kriteria ten opsigte van respondente wat sou kwalifiseer om te kan deelneem aan hierdie studie sou die volgende riglyne geld:

Insluiting kriteria

- Dat dit adolessente is wat uitreik vir pastorale hulp (dat dit dus op niemand 'afgedwing' gaan word nie).
- Dat hulle gewillig is om te praat oor al hulle belewenisse.
- Dat hulle bereid is dat die gesprekke elektronies opgeneem sal word.
- Dat dit adolessente is wat rekenaarvaardig is en gereelde toegang het tot sosiale media via digitale tegnologie.
- Dat dit adolessente is wat op hoogte is van die sosiale medium *Facebook*, die reëls daar rondom, en dus ook beskik oor 'n *Facebook* profiel.

Uitsluiting kriteria

- Dit kan nie 'n adolessent wees wat onkundig is ten opsigte van rekenaar gebruik en veral digitale vaardighede en gevolglik nie ingelig is ten opsigte van 'n sosiale medium soos *Facebook* nie.
- Dit kan nie ouer persone wees met 'n negatiewe ingesteldheid teenoor sosiale media nie.

8.3.1.9 Die bepaling van saturasie

Daar is reeds vermeld dat Sandelowski (2010) se ontwerp in hierdie studie gevolg sal word, en hand aan hand hiermee gaan 'n doelgerigte steekproefneming. Daar sal voortgegaan word met die voer van onderhoude totdat daar saturasie is, met ander woorde totdat geen nuwe temas meer na vore kom nie (vgl. in hierdie verband ook Creswell, 2009:101).

8.3.1.10 Veilige bewaring van opnames en transkripsies

Wat konfidensialiteit betref sal slegs die navorser, die studieleier en die persoon wat die transkripsies doen, toegang hê tot die data. Die data sal veilig bewaar word vir 'n periode van 5jr deur harde kopieë in 'n geslote kabinet te hou in die navorser se kantoor terwyl die elektroniese data beskerm sal wees deur 'n wagwoord. Anonimiteit sal ook verseker word deur die gebruik van kodes en kodename asook deur die feit dat tydens die onderhoude dit slegs die navorser en die respondent sal wees wat teenwoordig sal wees. Die gevoel van privaatheid sal verder versterk word

deur die feit dat elke onderhoud sal plaasvind binne die bekende en privaat omgewing van die huis van die betrokke respondent self en dat hulle self sal kan bepaal in watter vertrek hulle gemaklik voel vir die gesprek om plaas te vind.

Die navorser praktiseer ook reeds vir 'n hele paar jaar as sielkundige en as gevolg van hierdie agtergrond is sy geskool rondom die aspek van konfidensialiteit. Konfidensialiteit sal verder ook verseker word deur die verwydering van alle identifiseerbare data tydens die transkripsie proses en ook weens die feit dat die digitale opnames uitgewis sal word sodra die transkripsies afgehandel is sodat geen informasie terug herlei sou kon word na enige respondent nie.

8.3.1.11 Die vertrouenswaardigheid van die studie

Wat betref die aspek van vertrouenswaardigheid sal hierdie studie gefokus wees om deurgaans die volgende vier belangrike kriteria, soos uitgespel deur die model van Lincoln en Guba (2016), te handhaaf:

- *Credibility* – vertrou in die 'waarheid' van die bevindinge.
- Daar sal geen poging wees om die bevindinge van hierdie studie te omseil nie.
- *Transferability* – om aan te toon dat die bevindinge ook toepasbaar is binne ander kontekste.

Daar is die vermoede by die navorser dat die bevindinge van hierdie studie ook toepasbaar sal wees op verskeie ander kategorieë van beradenes wat deur middel van sosiale media beraad sou kon word. Indien die resultate van hierdie studie hierdie vermoede blyk te bevestig, sal dit onder andere deel van die finale aanbevelings wees, naamlik dat hierdie bevindinge beskikbaar gestel sal word en ook gepubliseer sal word tot die voordeel van die Pastoraat in die breë.

- *Dependability* – om aan te toon dat die bevindinge konsekwent en herhaalbaar is. Hierdie punt sluit in 'n mate aan by die voorafgaande punt. As deel van die finale aanbevelings van hierdie studie (indien die resultate dit regverdig) sal gestel word dat soortgelyke navorsing gedoen word met betrekking tot ander kategorieë van ouderdom en problematiek.

- *Confirmability* – 'n graad van neutraliteit of die mate waartoe die bevindinge van 'n studie gevorm word deur die respondente en nie deur die vooroordele, motivering of interesse van die navorser nie.

Die navorser sowel as die studieleier voel baie sterk met betrekking tot hierdie aspek en in alle opsigte sal daar gepoog word om reg te laat geskied aan hierdie beginsel.

8.3.1.12 Kodering van opnames

In die analisering van die inhoud van die gesprekke van die respondente wat digitaal opgeneem sal word, sal daar gebruik gemaak word van Tesch (2013) se drie stappe van inhoud ontleding om te kom vanaf kategorieë na subkategorieë, na tematiese ontleding. Hierdie drie stappe impliseer die volgende (vgl. Botma *et al.*, 2010:224):

Stap 1: Organiseer en berei voor

Onderhoude wat getranskribeer sal word, die materiaal opties geskandeer sal word, dat alle notas wat gemaak is uitgetik sal word en dat data gesorteer en gerangskik sal word in verskillende kategorieë afhangende die bron van informasie.

Stap 2: Ontwikkel 'n algemene gevoel

Lees deur al die data. Verkry 'n algemene gevoel vir die informasie en reflekteer met betrekking tot die algemene betekenis daarvan. Begin om notas in die kantlyne te maak sowel as algemene gedagtes oor die data.

Stap 3: Kodeer die data

Begin met 'n gedetailleerde analise met behulp van 'n koderingsproses. Kodering is gevolglik die proses waardeur die materiaal georganiseer word in eenhede of segmente van teks voordat daar betekenis aan die informasie toegevoeg word.

It involves taking text data or pictures gathered during data gathering, segmenting (words, phrases), sentences, paragraphs, or images into categories, and labelling those categories with a term based on the language of the participant (called *in vivo* term; Botma *et al.*, 2010:224).

Wat betref die praktiese stappe van die koderingsproses gee Cresswell (2009:186) die volgende wenke:

- Kry 'n gevoel van die geheel. Lees noukeurig deur al die transkripsies. Skryf in die kantlyn sommige idees neer wat in jou denke na vore mag kom.
- Kies dan byvoorbeeld 'n kort dokument wat moontlik heel bo mag lê en ook baie interessant mag wees ('n transkripsie van een van die onderhoude). Lees deur dit terwyl jy jouself afvra: "*Waaroor gaan hierdie basies?*" Moenie dink oor die inhoud nie maar wel oor die onderliggende betekenis. Skryf jou gedagtes neer aan dieselfde kant van die kantlyn as by die vorige punt.
- Lees deur verskeie van die respondente se data en doen dieselfde as in die vorige punt. Maak nou 'n lys van al die verskillende temas wat reeds na vore gekom het. Groepeer hierdie temas in kolomme (dit sou byvoorbeeld hoof temas, subtemas en minder belangrike temas kon wees).
- Neem nou hierdie lys van temas en gaan terug na die data. Kort die temas af as kodes en skryf die kodes neer langs die gepaste segmente van die teks. Kyk op hierdie wyse of daar moontlik nuwe kategorieë en kodes na vore kom.
- Vind die mees beskrywende bewoording vir jou temas en verander dit in kategorieë. Kyk vir wyses waarop jy die aantal kategorieë kan verminder deur dit wat bymekaar hoort, bymekaar te groepeer. Trek byvoorbeeld lyne tussen kategorieë om interverhouding aan te toon.
- Maak 'n finale besluit met betrekking tot die afkorting van elke kategorie en plaas hierdie kodes in alfabetiese orde.
- Versamel die data materiaal wat tot elke kategorie behoort in een plek en doen 'n voorlopige analise.
- Indien nodig moet jy nuwe kodes aan jou bestaande data toeken.

8.3.1.13 Moontlike uitgawes

Alle onderhoude sal aan huis van die respondente gevoer word sodat daar nie enige uitgawes vir die betrokkenes behoort te wees nie.

8.3.1.14 Besikbaarstelling van navorsingsresultate aan die teikengroep

Sodra die finale resultate beskikbaar is sal die navorser elke respondent skakel om hom/haar in kennis te stel van die uitslag van die navorsing. Die resultate sal dan ook tydens hierdie oproep telefonies met elke respondent bespreek word. Enige moontlike onbeantwoorde vrae sal ook op hierdie stadium beantwoord word. Daarna sal die finale resultate ook in skriftelike vorm by wyse van 'n samevatting deur middel van 'n e-pos aan elk van die respondente gestuur word.

8.3.2 Interpreterende taak

Die aanverwante wetenskappe se moontlike bydraes in die studie sal onder hierdie afdeling bestudeer word. Die belangrikheid van hierdie aspek word deur De Klerk en De Wet (2013:7) soos volg verwoord:

Sonder 'n uitdruklike verantwoording ten opsigte van die metateoretiese onderbou van die werklikheidsbeskoulike vertrekpunte waarmee gewerk word, kan die navorser ten opsigte van invalshoeke en die navorsings doel in ankerloosheid ronddryf.

Osmer (2008:4) beskryf hierdie aspek soos volg:

Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring.

Die belangrike vraag wat volgens Osmer (2008:4) as deel van die interpretatiewe taak aan die orde gestel word, is: *Waarom het dit gebeur?* Die doel is om te kan *verstaan*. In die metateoretiese afdeling van hierdie studie sal daar vervolgens veral gelet word op bydraes vanuit dissiplines soos die psigologie, opvoedkunde, mediese wetenskap en ook rekenaarwetenskap, enersyds met betrekking tot die rol van die digitale era in die lewens van jongmense, en andersyds met betrekking tot emosionele verwonding by hierdie selfde groep. Met betrekking tot die analisering en assessering van teorieë binne die interpreterende taak, gee Osmer (2008:114) die volgende riglyne:

- *Identifiseer en assesser die model of basiese metafoor van 'n teorie en die konseptuele veld wat gebou is rondom hierdie model.*
- Teorieë as rasonale kommunikasie werk altyd vanuit 'n spesifieke perspektief. In hierdie opsig is metafoor analise 'n belangrike wyse om insig te verkry tot hierdie perspektief.
- *Identifiseer die dissiplinêre perspektief wat deur 'n teorie gebruik word asook die lewensvlak wat deur hierdie dissipline aangespreek word.*

Die verskillende teorieë vanuit aanverwante wetenskappe fokus elk vanuit 'n ander dissipline op 'n betrokke probleem. *“Most basically, this allows you to identify the level of reality the disciplinary perspective of a theory is most helpful in understanding”* (Osmer, 2008:118). Dit help die interpreterende gids om die omvang asook beperking van 'n spesifieke teorie te bepaal. Verder bevorder dit ook volgens Osmer die vermoë tot multidissiplinêre vorme van denke en dialoog. *“This is the use of the theories of several disciplines to interpret complex, multilayered systems and problems that are multi-dimensional”* (Osmer, 2008:119).

- *Identifiseer en evalueer die sentrale argument(e) van 'n teorie.*

Om te leer om die argument(e) van 'n teorie te identifiseer en te evalueer, is 'n sleuteltaak van die interpreterende gids. Indien teorieë aan jou die 'kaart' voorsien van die terrein wat jy wil verken, moet jy seker maak dat die kaart akkuraat en van toepassing is op die tog wat jy wil aanpak (Osmer, 2008:121).

In hoofstuk drie sal die perspektiewe vanuit die aanverwante wetenskappe aan die orde gestel word.

8.3.3 Normatiewe taak

Etiese norme aan die hand van Skriftuurlike merkers is hier van belang. De Klerk en De Wet (2013:9) beklemtoon hierdie aspek soos volg: Sonder 'n weldeurdagte prakties-teologiese benadering waarin die goddelike betrokkenheid by die sigbare

werklikheid van menslike handelings uiteengesit word, sou die unieke invalshoek wat nodig is vir 'n prakties-teologiese blik op die werklikheid wat waargeneem en ondersoek word, uit fokus raak.

Vir Osmer (2008:4) is dit ewe belangrik wanneer hy konstateer dat dit gaan oor:

... [U]sing theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our response, and learning from good practice.

Osmer se belangrike vraag in hierdie verband is: *Wat moet hier gebeur?* Die doel is om 'n strategie vir die vernuwing van die praxis uit te werk aan die hand van etiese norme wat dan ook kan lei tot geloofsvernuwing. In hierdie studie word die normatiewe taak in twee hoofstukke hanteer, naamlik hoofstukke vier en vyf. In hoofstuk vier gaan die volgende Skrifgedeeltes bestudeer word ten einde vas te stel watter etiese norme van toepassing is op die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde jongmense. In hierdie verband sal daar in besonder gefokus word op die volgende drie terreine:

- *Identiteit* – dit sluit in eiewaarde en selfbewuswording, met besondere fokus op Johannes 1:12.
- *Verhoudings* – dit sluit in ouerleiding, vergifnis en grense, met besondere fokus op Galasiërs 5:22 - 23.
- *Seksuele trauma*, wat insluit molestering, verkragting en bloedskanie, met besondere fokus op Psalm 113:7-8.

Eksegese sal gedoen word met betrekking tot die bovermelde Skrifgedeeltes, aangevul deur agtergrond gegewens vanuit kommentare en Bybelse woordeboeke. Vir woordstudies sal daar veral gebruik gemaak word van Louw en Nida (1989; Nuwe Testament) asook Van Gemeren (1997; Ou Testament). In hoofstuk vyf sal aandag gegee word aan belangrike perspektiewe vanuit pastorale- teologiese literatuur wat moontlik ook verdere bydraes kan lewer tot die formulering van riglyne vir die begeleiding van emosioneel verwonde jongmense.

8.3.4 Pragmatiese taak

Die pragmatiese taak handel oor die formulering van 'n strategie vir die oplossing van die probleem. Osmer (2008:4) beskryf hierdie taak soos volg:


Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable... focuses on the pragmatic task of leading change.

Hier gaan dit in die navorsing om die formulering van strategies-teoretiese riglyne en doelwitte en die belangrike vraag wat volgens Osmer hier aan die orde is, is: *Hoe moet daar reageer word?* Die doel is dus om verandering of vernuwing tot gevolg te hê. Die doelstelling van die studie is om getrou aan Osmer se model:

- Te **verklaar** deur vrae te vra soos: *“Wat gebeur in hierdie situasies?”*
- Te **verstaan** deur te vra: *“Waarom het dit gebeur?”*
- Om **etiese en handelings-norme asook Skriftuurlike perspektiewe** daar te kan stel deurdat daar gevra word: *“Wat is veronderstel om hier te gebeur?”*
- Om dan te kan **verander/vernuwe** deur te vra: *“Hoe kan daar in betrokke situasies opgetree word?”* (Osmer, 2008:4-29).

Die formulering van 'n strategies-teoretiese model met die sosiale netwerk *Facebook* se tegnieke, ter begeleiding van emosioneel verwonde jongmense, word beskryf in hoofstuk ses.

In hierdie model sal daar 'n interaksie wees tussen Osmer se benadering, narratiewe terapie en kognitiewe terapie. Die volgende vloeiagram bied 'n goeie beeld van die samestelling en interaksie binne Osmer (2008:11) se model:



9. 1 ETIESE ASPEKTE

Die Etiese Komitee van die NWU het hierdie studie goedgekeur en die volgende etiese nommer is toegeken aan hierdie studie: **NWU-00499-16-A6**.

Verder is die volgende etiese beginsels soos geformuleer deur die Etiese Komitee van die NWU ten opsigte van kwalitatiewe navorsing ook toegepas in die uitvoering van hierdie studie (<http://www.nwu.ac.za/af/p-reppp/etiek.html>):

- Deelname sal geheel en al vrywillig wees.
- Medewerkers sal op enige stadium van die proses kan onttrek indien hulle dit so verkies.
- Die identiteit van die medewerkers sal nie bekend gemaak word sonder sy/haar skriftelike toestemming nie.
- Alle informasie sal as vertroulik hanteer word.
- Medewerkers se skriftelike toestemming sal gevra word voordat hulle reaksies in hierdie skripsie gebruik word (vgl. **Bylaag H**).
- Die navorser sal die aard van die medewerker se bydrae tot die spesifieke area van navorsing verduidelik asook die wyse waarop dit ander kan bevoordeel.
- Die term kliënt en respondent sal vir die beradene met tye gebruik word.
- Die term navorser word ook gebruik vir die berader.

10.1 ANDER TEGNIESE ASPEKTE

- Vir die afkorting van Bybelboekname, is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos wat dit voorkom in die nuwe vertaling (1983) van Die Bybel (sien BYBEL in bronnelys).
- Waar die geslagsvorm hy/hom in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm sy/haar.
- Waar die term jongmense/adolessente in die studie gebruik word, verwys dit na die kategorie van jongmense soos in die titel van die studie aangedui.
- Die term beradene word gebruik vir die persoon wat berading of terapie ontvang.

11.1 HOOFSTUK INDELING

Hfst. 1: Inleiding en probleemstelling

Hfst. 2: Die evaluering van die bydrae vanuit 'n empiriese ondersoek met behulp van *Facebook* tegnieke as deel van 'n pastorale benadering tot emosioneel verwonde adolessente.

Hfst. 3: Perspektiewe vanuit die aanverwante wetenskappe word bespreek.

Hfst. 4: Belangrike Skriftuurlike (normatiewe) perspektiewe word hier hanteer aan die hand van 'n aantal tersaaklike Skrifgedeeltes.

Hfst. 5: Belangrike Skriftuurlike perspektiewe vanuit pastoraal-teologiese literatuur kom hier aan die orde.

Hfst. 6: Die formulering van 'n strategies-teoretiese model waarbinne die sosiale netwerk *Facebook* se tegnieke 'n wesentlike komponent uitmaak, ter begeleiding van emosioneel verwonde adolessente.

Hfst. 7: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

DIE BESKRYWENDE EMPIRIESE TAAK

HOOFSTUK 2

DIE EVALUERING VAN DIE BYDRAE VANUIT 'N EMPIRIESE ONDERSOEK MET BEHULP VAN *FACEBOOK* SE TEGNIEKE AS DEEL VAN 'N PASTORALE BENADERING TOT EMOSIONEEL VERWONDE ADOLESSENTE

2.1 Inleiding

Empiriese navorsing is noodsaaklik vir sinvolle teorievorming en dit sluit die volgende in; empirie, eksistensiële houdinge, refleksie, gesindhede, norme, waardes, situasies, kwaliteite, handelings en uitwerkings (Louw, 1993:67). Die empiriese navorsing handel oor die sikliese proses van ervaring binne 'n gegewe situasie waar waarneming, ondervinding, afleiding en evaluering onderskei word (De Klerk & Du Plooy-Bain, 2012:2).


2.2 Doelstelling

Hierdie hoofstuk handel oor die verbinding tussen teologiese teorieë en ervarings met 'n empiriese ondersoek met die fokus op praktykteoretiese riglyne (Heyns & Pieterse, 1990:76). In die proses word daar ook gepoog om 'n brug tussen die praksis en die teorie te vestig ten einde 'n sinvolle nuwe teorie te skep met die oog op die begeleiding van die emosioneel verwonde of getraumatiseerde tiener met behulp van *Facebook*-tegnieke.

Hierdie hoofstuk val ook binne die raamwerk van Osmer se metode as deel van die beskrywende empiriese taak. Die vraag: “*Wat gebeur hier?*” is dus ter sprake (Osmer, 2008:4).

Gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations or contexts (Osmer, 2008:4).

Die doel van hierdie hoofstuk is ook om die praxis en teorie nader aan mekaar te bring en dit wat gebeur het te beskryf. Dit bewerkstellig sodoende insig tot die gebruik van die voorgestelde model wat vervolgens tot die formulering van praktykteoretiese riglyne kan bydra. Daar gaan vervolgens deur 'n empiries verantwoordbare wyse vasgestel word of emosioneel verwonde en/of getraumatiseerde jongmense tot geestelike en psigiese volwassenheid, met behulp van *Facebook*-tegnieke, begelei sou kon word. Praktykteoretiese riglyne kan sodoende vanuit dit daargestel word. Die empiriese taak word in die volgende vloeddiagram, soos deur Osmer (2008:4) uiteengesit, onderstreep:



2.3 Narratiewe benadering en empiriese navorsing

Aanvullend tot die empiriese navorsing in hierdie studie word die narratiewe benadering gevolg. Die narratiewe benadering is van groot waarde aangesien dit verandering teweegbring, die rekonstruksie van verhale bevorder asook die herbesef van waardes verhoog (Louw & Muller, 2002:342). Empiriese navorsing is die manier om deur middel van sintuiglike waarnemings en tegnieke die realiteit te toets en kennis in te win. Dit is ook van belang om antwoorde op vrae te verkry, kennis in te

win en iets nuuts van die wêreld te leer. Om die nodige kennis in te win verwys na insig wat as deel van die proses verkry word (Neuman, 2006:3-5).

2.4 Navorsingsontwerp

Die navorser maak 'n keuse van watter benadering, kwantitatief of kwalitatief, daar in die spesifieke navorsing gebruik gaan word, asook die navorsingsontwerp, wat verkennend, beskrywend, verklarend of 'n kombinasie van die genoemde ontwerpe kan wees. Daar word ook 'n keuse van die prosedure wat gebruik gaan word, die opname, intervensie en aard van gevallestudie gemaak (Strydom, 1999:72; Mirriam & Tisdell, 2016:105).

2.5 Metodologiese verwoording

Volgens Heyns en Pieterse (1990:21) is empiriese ondersoeke se betekenis- en sinvolle teorievorming van mekaar afhanklik. 'n Nuwe praktykteorie word deur middel van 'n empiriese ondersoek daargestel deur die praktyk en situasie te ontleed (Venter, 1996:89). Empiriese ondersoeke behels die versameling, beskrywing en verwerking van die analise van die praktyk asook die besinning oor die praktyk (Heyns & Pieterse, 1990:21, 24).

De Vos *et al.* (2011:79) en Merriam en Tisdell (2016:17) toon aan dat 'n kwalitatiewe benadering in die algemeen meer anti-positivisties is en dat interpretasies (verbaal en skriftelik) wat vanuit respondente se belewenisse meegedeel word daarop gerig is om te interpreteer eerder as te verduidelik. Gevolgtrekkings word ook vanuit die onderhoude wat met die respondente gevoer word, as deel van kwalitatiewe navorsing wat induktief van aard is, gemaak. In hierdie verband verwys De Vos *et al.* (2011:79) na die begrip van '*insiders*' wat die ervaring eerstehands en met begrip kan ervaar met betrekking tot hoe die fenomeen daar uitsien (Strydom, 1999:74). Hierdie benadering vereis ook dat die hipotese en veralgemenings van die ondersoek geïntegreer sal word (De Vos *et al.*, 2011:79). Kwantitatiewe (deduktiewe werkswyse) fokus meer op vraelyste wat tot interpretasie verwerk word (Heyns & Pieterse, 1990:81; Merriam & Tisdell, 2016:17).

Hierdie tipe navorsing vereis ook dat die navorser onafhanklik en meer op 'n afstand, ter wille van objektiwiteit, bly. Volgens Neuman (1997:14) kan kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing op die volgende wyse vergelyk word:

KWANTITATIEWE STYL	KWALITATIEWE STYL
Meet objektiewe feite	Konstrueer op kulturele betekenis
Fokus op veranderlikes met betroubaarheid as sleutelfaktor	Fokus op interaktiewe gebeure met getrouheid as sleutelfaktor
Waarde vry	Waarde is teenwoordig en eksplisiet
Onafhanklik van die konteks	Situasie gebonde
Gebruik baie gevallestudies	Gebruik min gevallestudies
Statistiese analise	Tematiese analise

<p>Navorser staan los van situasie</p>	<p>Navorser in diepte betrokke</p>
--	------------------------------------

2.6 Kwalitatiewe navorsing

Neuman (2006:331) omskryf kwalitatiewe navorsing soos volg:

- *Die kritiese konteks:* Die sosiale konteks waarbinne gebeure plaasvind beïnvloed die ervaring van die gebeure.
- *Gevallestudies:* Kwantitatiewe navorsers verkry soveel moontlik gevallestudies se inligting terwyl kwalitatiewe navorsers soveel moontlik inligting vanaf minder gevalle verkry.
- *Die navorser se integriteit:* Die aanbieding van genoegsame inligting wek vertroue by die leser. 'n Kwalitatiewe navorser se persoonlike insig en perspektief word tot die studie se voordeel gebruik.
- *Die basisteorie:* 'n Wisselwerking tussen die data en teorie word deur die basisvraag geskep.
- *Proses en opvolg van gebeure:* Tydsverloop is 'n belangrike komponent van kwalitatiewe navorsing. Die kern van die individu se lewensverhaal word in die tydlyn saamgevat en in hierdie spesifieke studie word daar van *Facebook*-tegnieke gebruik gemaak.
- *Interpretasie:* Die navorser en medenavorsers se perspektief en lewensbeskouing word by die interpretasie in ag geneem. Die data word geïnterpreteer deur betekenis aan sinvolle oordrag aan die leser te gee. Dit gebeur selde dat kwalitatiewe navorsing neerslag by wyse van tabelle en diagramme vind.

In kwalitatiewe navorsing kan die respondent in hul eie woorde, antwoorde en narratiewe van sekere gebeure en omstandighede beskrywend formuleer wat hulle vervolgens help om hul eie wêreld beter te verstaan (Strydom, 1999:54; Yin, 2016:52; Merriam & Tisdell, 2016:138).

In hierdie studie word van 'n kwalitatiewe benadering gebruik gemaak en die data word op 'n informele wyse tydens beradingsessies ingewin. Hierdie benadering word gevolg aangesien die onderhoudvoering baie plooibaar is aangesien die aard van die temas wat telkens aan die orde sal kom baie persoonlik van aard is. Tydens die gesprekke sal dit telkens nodig wees om die betrokke respondent se persoonlike perspektief te verkry en te verstaan, en dan die persoon se geïdentifiseerde aksies tot dusver, asook voorgestelde aanpassings, binne 'n narratiewe raamwerk te plaas (De Vos *et al.*, 2011:313; Yin, 2016:65; Merriam & Tisdell, 2016:138).

2.7 Narratiewe navorsing

Binne die konteks van die sosiale wetenskappe is die gebruik van die narratief en ook persone se lewensverhale baie aktueel (Guilfoyle, 2014:8; Abels & Abels, 2001:xi; Brown & Augusta-Scott, 2007:5). Kommunikasie deur storievertelling is deel van die menslike bestaan en daarom dien dit as belangrike wyses om die identiteit en persoonlikheid van sulke betrokke individue te ontdek (Lieblich *et al.*, 1998:8). Die individu se ervaring van belewenisse en hoe hy/sy realiteit daaruit konstrueer, word grootliks vanuit die interpretasie van die vertellings bepaal (Lieblich *et al.*, 1998:8; Merriam & Tisdell, 2016:285; Yin, 2016:65). In narratiewe navorsing word dit aanvaar dat daar nie 'n absolute realiteit bestaan nie aangesien daar nie slegs een interpretasie van 'n verhaal bestaan nie – in hierdie opsig moet daar dus ook 'n mate van plooibaarheid by die navorser wees (Lieblich *et al.*, 1998:2; Yin, 2016:117).

2.8 Respondente

Die respondente is meer persoonlik in die navorsingsproses, die aanbiedinge asook die bevindinge en bespreking van die proses teenwoordig as wanneer daar 'n kwantitatiewe benadering gevolg word (Lieblich, 1998:10).

In hierdie studie word individue wat by die navorser se praktyk vir terapie aangemeld het betrek nadat hulle mettertyd waargeneem het dat hul algemene funksionering aangetas is. Van hulle het self die besluit geneem terwyl ander, na gesprekke met hul ouers, uiteindelik ingestem het om vir berading te kom.

Hierdie klompie respondente wat hulself bereid verklaar het om aan hierdie studie deel te neem kan inderdaad as *'insiders'*, soos deur De Vos *et al.* (2011:79) beskryf word aangesien hulle die fenomeen van trauma en/of emosionele verwonding eerstehands ervaar het. Hulle groei en funksionering is gevolglik ook daardeur beperk en belemmer. Na gesprekke met verskeie jongmense wat op 'n uitnodiging via *Facebook* gereageer het om by persoonlike beradingsessies betrokke te raak, is die spesifieke aantal respondente vir hierdie studie uiteindelik op grond van ouderdom geïdentifiseer. Die aard van die studie asook al die implikasies en prosedure is tydens 'n eerste konsultasie met hulle bespreek en tydens daardie geleentheid is daar ook 'n finale keuse ten opsigte van die spesifieke groep vir hierdie studie gemaak. Met die oorblywende individue word daar steeds by wyse van normale beradingsessies, as deel van 'n voortgaande beradingspraktyk, voortgegaan.

2.9 Versameling van inligting

Greeff (in De Vos *et al.*, 2011:343-344) is van mening dat onderhoudvoering die dominante wyse van data-insameling is. Hy bespreek onder andere die volgende tegnieke: Die respondent moet die meerderheid praatwerk doen (90%) en moet nie deur die navorser onderbreek word nie; Die navorser moet duidelike vrae stel wat nie leidend is nie – dit moet dus oop vrae wees; Die onderhoud moet met algemene vrae begin word, terwyl latere vrae meer direk moet wees om sodoende die fokus te vernou; Sleutelvrae kan deur die navorser herhaal word; Openheid moet bevorder word sonder dat die navorser beheer sou verloor (Yin, 2016:77;109).

Onderhoudvoering kan ongestruktureerd of semi-gestruktureerd plaasvind. Ongestruktureerde onderhoudvoering het 'n bepaalde doel, maar die doel is nie om bepaalde antwoorde op die vrae wat gestel word te kry nie en ook nie om 'n hipotese te toets nie. Dit gaan wel daarvoor om die respondente se ervarings van gebeure te verstaan en hul reaksies daarop waar te neem. Die onderhoud is data-genererend eerder as data-insameling en die navorser is aktief deel van die proses. 'n Balans tussen buigsaamheid en koersvastheid moet tydens die data-versameling gehandhaaf word (vgl. Greeff in De Vos *et al.* 2011:341-343; Yin, 2016:121).

Volgens Greeff (In De Vos *et al.* 2011:341-343; Merriam & Tisdell, 2016:125) kan semi-gestruktureerde onderhoudvoering as byna soortgelyk aan die ongestruktureerde onderhoud beskryf word – dit is slegs meer buigsaam. Indien die navorser 'n bepaalde belangstelling in 'n tema het sou hy/sy hierdie onderhoud gebruik. Dit kan langer as die ander onderhoude neem en die intensiteit kan gaandeweg toeneem.

Die volgende riglyne word deur Greeff (In De Vos *et al.*, 2011:350-351) vir die gebruik van ongestruktureerde onderhoudvoering gegee:

- Die respondent moet met respek en hoflikheid deur die navorser hanteer word.
- Die respondent moet gemaklik met die vertroulikheid van die studie voel.
- Die respondent moet met eerlikheid en integriteit hanteer word en valse verwagtinge mag nie geskep word nie.
- Die respondent moet individualisties hanteer word en nie soos net nog 'n nommer wat deel van 'n studie vorm nie.

Voor die navorser toestemming kan verkry om op 'n sekere gebied met individue te kan verkeer, moet daar beseef word dat daar op 'heilige grond' beweeg gaan word. Die doel van die navorsing moet ook duidelik aan elke respondent gekommunikeer word sodat hy/sy kan besluit of hulle sou wou saamwerk (De Vos *et al.*, 2011:12-13; vgl. ook Merriam & Tisdell, 2016:188).

Benadering tot die onderhoude: Elke respondent word versoek om sy/haar lewensverloop tot op hede, in terme van essensiële gebeure soos op die tydlyn van 'n *Facebook* blad, uiteen te sit (vgl. 3.2.1.8). Dit dien as die aanvanklike daarstelling van inligting waarmee daar vervolgens verder tydens onderhoudsessies gewerk sal word. Met behulp van *Facebook*-tegnieke sal hierdie inligting aan die hand van aspekte soos identiteit (3.2.4; 5.7), verhoudings (3.2.5; 5.8), seksuele trauma (3.2.6; 5.9), emosionele verwonding (3.2.7; 5.9.4) en vergifnis (5.8.2.3) hanteer word. Daar sal deurlopend notas gemaak word, terwyl huiswerkopdragte ook na elke sessie gegee word. Sketse en ander vorme van uitbeelding, wanneer nodig en waar van toepassing, sal ook gebruik word.

Tydens die beradingsessies sal daar verder grootliks van eksternalisering (vgl. 3.4.9; 3.2.9) gebruik gemaak word, soos deur narratiewe terapie, tydens die vertelling van die respondent se lewensverhaal, beklemtoon. Tydens hierdie proses sal sekere *Facebook*-fasette weer eens gebruik word om die eksternalisering te versterk (3.2.9). Op 'n kognitiewe wyse (3.2.2.4) sal daar vervolgens verder met elk van die respondente gewerk word ten einde deur middel van beide benaderings (narratief en kognitief) selfbewuswording te kweek. Die fokus van die pastorale ingreep sal op aspekte soos gebed, vergifnis, identiteit in Christus en verhoudings val – veral die herstel van die verhouding met God. Dit alles sal deur die leiding van die Heilige Gees, met Christus as voorbeeld, plaasvind (vgl. 1.2.4; 5.3.1; 5.3.2). Herraming vind dus ook plaas deur die waarhede van die Skrif hul eie te maak en al meer daarmee te identifiseer (3.2.5).

2.10 Etiese aspekte

- Daar is streng by die etiese voorskrifte gehou soos onder andere deur Neuman (2006:486-491; vgl. ook Merriam & Tisdell, 2016:261-261) geformuleer en wat ook deur die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit voorgeskryf is (<http://www.nwu.ac.za/af/p-reppp/etiek.html>).
- Deelname aan die proses was vrywillig en respondente kon enige tyd tydens die proses onttrek (verwys na Bylaag A).
- Die vertroulikheid van die proses is aan die respondente verduidelik en elkeen het 'n verklaring onderteken dat hul gegewens onder 'n skuilnaam gepubliseer sou kon word (verwys na Bylaag B).
- Die toestemmingvorm om deel te neem is vooraf deur elke respondent voltooi en anonimiteit is verseker – geen identifiserende aanduiders sal bekend gemaak word nie.
- Die respondente sal die geleentheid gegun word om die navorsingsresultate te kontroleer, soos deur De Vos *et al.* (2011:79) gedefinieer.
- Die navorsing is in die spreekkamer van die navorser se praktyk uitgevoer waar daar 'n lêer vir elke respondent is waarin aantekeninge van die sessies en die vordering gemaak word. Daar is ook digitale opnames van elke sessie (met toestemming van die respondente) gemaak. Alle data wat

sodoende ingesamel is, word in 'n staalkabinet in die navorser se spreekkamer toegesluit en slegs die navorser sowel as die studieleier het toegang daartoe.

- Respondente het die geleentheid gekry om tydens die gesprekke met die navorser hul lewensstorie te deel. Die oogmerk was om die respondent tot psigiese en geestelike groei te lei ten einde hom/haar uiteindelik tot optimale funksionering te begelei.

2.11 Analise en interpretasie van data

Tydens die inhoudsanalise soos deur De Vos *et al.* (2011:79; vgl. ook Merriam & Tisdell, 2016:35-36, 232) beskryf, word daar op 'n bepaalde tydperk van 'n individu se lewensverhaal gefokus. In hierdie studie is daar in besonder op individue se ervarings van trauma en emosionele verwonding gelet en hierdie fases is veral geanaliseer en geïnterpreteer (Lieblich, 1998:112; vgl. ook Merriam & Tisdell, 2016:152).

2.12 Evaluering van bevindinge

Soos reeds aangedui (3.2.1), word 'n narratiewe benadering in die metodologie van hierdie studie geïnkorporeer. Die volgende kriteria wat volgens Lieblich (1998:173) spesifiek van toepassing op die evaluering van narratiewe navorsing is, is gevolglik besonder tersaaklik ook met betrekking tot die onderhawige studie:

Strekking	Die onderhoude wat met die respondente gevoer is, het baie data verskaf wat sinvol geïnterpreteer kon word ten einde die navorsingsvraag te beantwoord.
-----------	---

Koherensie	Die koherensie verwys na die afgeronde samehang, wat die interpretasie van die data gevorm het. Die uitvoering van die narratiewe analitiese stappe het sinvolle interpretasie van die data bevorder en die resultate vorm die belangrikste bevindinge binne die basisteorie.
Insig	Dit gaan grootliks om die verheldering van die aanbieding, analise en interpretasie van die narratiewe.
Ontleedbaarheid	Dit behels die beskikbaarstel van die literêre gehalte van 'n analise wat op klein hoeveelhede konsepte berus.

2.13 Die gevallestudie

2.13.1 Omskrywing van die gevallestudie

'n Gevallestudie is 'n ondersoek na 'n spesifiek verkose geval of gevalle wat as 'n geheel omskryf word en as 'n werkswyse beskou word. Dit word vervolgens in 'n verskeidenheid data-insamelingmetodes gebruik. Gevallestudie is dus intensief en vind in diepte binne hul konteks plaas waarbinne veranderlikes en 'n totaliteitsbenadering bestudeer word (Strydom, 1999:160; vgl. ook Merriam & Tisdell, 2016:40).

2.13.2 Doel van die gevallestudie

Die gevallestudie word gebruik om aspekte in diepte te bestudeer. Dit word ook gebruik om die bepaalde fases van 'n bepaalde proses te begryp en om gebeure binne konteks te kan sien. Deur hierdie insameling van inligting verkry die navorser insig in 'n bepaalde individu se lewe (Strydom, 1999:160; vgl. ook Yin, 2016:68). Met betrekking tot hierdie spesifieke studie se tema kan insig verkry word wat tot die

heling van 'n emosioneel verwonde of getraumatiseerde jongmens kan bydra en wat in effek hulle funksionering kan bevorder – die hele proses word aan die hand van *Facebook*-tegnieke gefasiliteer.

2.13.3 Kenmerke van die gevallestudie

Die gevallestudie kan uit meer as een geval bestaan; dit kan kwalitatiewe of kwantitatiewe inligting hanteer; 'n wye verskeidenheid prosedures kan gebruik word; die navorser moet taktvol optree aangesien die navorsing nie altyd gestruktureerd plaasvind nie; daar behoort 'n deurlopende interaksie tussen teoretiese en empiriese aspekte te wees; vooroordele kan teenwoordig wees en daarom is dit belangrik dat die resultate deur 'n senior navorser gemonitor sal word; reëls en prosedures moet noukeurig gevolg word; die navorsing moet op 'n voorbeeldige wyse geskied om verder benut te kan word; die grense moet deeglik omlin wees en die inligting moet noukeurig ingesamel wees; alternatiewe en ander moontlikhede moet gemeld word; die bevindinge moet voldoende bewys kan word; die skryfstyl van die verslag moet vloeiend en logies gelees kan word (Strydom, 1999:160; vgl. ook Merriam & Tisdell, 2016:36).

2.13.4 Keuse van gevallestudies

Die doelstelling van die studie bepaal gewoonlik die keuse van die gevallestudies – ook wat die onderhawige studie betref. Hiermee ingedagte, is daar vervolgens gepoog om met die keuse van gevalle binne die huidige studie, te probeer vasstel watter trauma en emosionele verwonding in die lewens van die onderskeie respondente plaasgevind het en tot watter mate dit hulle funksionering beïnvloed het. Daar is ook gepoog om te bepaal tot watter mate die inligting op elke individu se tydlyn die respondent se identiteit en verhoudings, met die klem op die ervaring van die werklikheid, beïnvloed het. Die invloed van pastorale aspekte is deurgaans ook ingedagte gehou.

2.14 Bespreking van gevallestudies

Die respondente is met 'n neutrale houding van die navorser benader wat op 'n atmosfeer van onvoorwaardelike aanvaarding gefokus het (vgl. 5.3.6). Die aard van

die gesprekke is gevolglik meer semi-gestruktureerd benader ten einde genoegsame ruimte vir individuele terugvoer en reaksie vanaf respondente te bied. Die aspekte waarop egter in die breë in al die gesprekke gefokus is (in mindere of meerdere mate, afhangende van elke individuele respondent se eie unieke verhaal), is die volgende (vgl. **Bylaag I**):

- **Identiteit**: vgl. 3.2.4; eiewaarde, 5.7.5.1; selfbewuswording, 5.7.5.2; emosionele intelligensie, vgl. 5.7.5.2; doelwitte en toekomspektief asook hanteringsvaardighede, vgl. 5.7.5.2.
- **Verhoudings**: vgl. 3.2.5, 5.6.2; oerleiding, vgl. 3.2.5.1; 5.8.2.2; vergifnis, vgl. 3.2.5.2; 5.8.2; grense, vgl. 3.2.5.3; 5.8.2.4; kommunikasie, vgl. 5.7.1.
- **Seksuele trauma**: vgl. 3.2.6; 5.9.3.
- **Emosionele en geestelike verwonding/trauma**: vgl. 3.2.4.1; 1.2.5; 5.3.1.

Bovermelde is aspekte waaraan daar deurlopend tydens die sessies gewerk is aangesien bewuswording 'n prioriteit vir integrasie en groei is ten einde beter funksionering te bevorder (vgl. 5.3.7). Daar is ook deurlopend fyn na enige emosionele verwonding wat plaasgevind het geluister en dit is hanteer in die mate waarmee die betrokke respondent daarmee gemaklik was en ook gereed daarvoor was. Om hierdie bewuswording en hantering van die aspekte te stimuleer, het *Facebook*-tegnieke 'n pertinente fasiliterende rol vervul (vgl. 3.2.2.4; 3.2.9; **Bylaag J**).

Aan elke respondent is daar tydens die eerste sessie verduidelik hoe om die tydlyn, elektronies of op die profielblad soos aan hulle gegee, in te vul. Die blad kan op 'n selfoon of rekenaar/tablet voltooi word. Die invul van die gegewens kan met verloop van tyd plaasvind en daar kan dus agterna byvoegings gemaak word indien sekere belangrike aspekte aanvanklik uitgelaat is. Daar kan ook foto's, of foto's van uitbeeldings tot die profiel toegevoeg word. Aangesien die tydlyn elektronies ingevul kan word, sal die respondente ook notas met verloop van tyd rakende die aspekte wat bespreek word kan invoeg indien hul sou wou – op hierdie wyse kan inoefening, met betrekking tot die aspek van selfbewuswording, plaasvind.

Wanneer daar binne hierdie konteks na die *tydlyn* verwys word, is dit nie die respondent se werklike *Facebook*-tydlyn nie, maar 'n 'terapeutiese' tydlyn (vgl. 3.2.9; vlg. ook narratiewe struktuur 3.2.9 en 3.2.3) wat opgestel word. Dit is egter die keuse van die respondent om wel van sekere van die inligting op hul werklike *Facebook*-tydlyn gebruik te kan maak aangesien dit 'n groot bron van inligting kan wees. Wanneer daar na ander se tydlyne of *posbussies* verwys word, is die implikasie nie dat daar van die respondent verwag word om werklik 'n digitale boodskap te stuur nie, maar die klem is eerder op die terapeutiese ervaring van die tegniek wat gebruik word.

Hierdie *Facebook*-tegnieke sou ook sonder 'n profielblad deur die navorser met die doel op vraagstelling en eksternalisering gebruik kan word (3.2.9) ten einde 'n aanduiding ten opsigte van moontlike opvolgende vrae wat gevra sou kon word te kan gee (vgl. **Bylae I en J**).

2.14.1 Samevattende toerusting wat in die model in hierdie studie gebruik word

Elke respondent wat dit verkies om die profielblad prakties en nie elektronies te doen nie, ontvang 50 bladsye (waarvan 20 die afmetings van 10cm×10cm het, nog 20 die afmetings van 10cm×5cm het en 10 met die afmetings van 20cm×20cm het). Op hierdie 50 bladsye word beelde (*images*) of slagspreuke of enige *Facebook*-tegniek prakties as deel van die narratiewe struktuur tydens die sessies (3.2.1.8; 6.5.2.2; 6.6.2), en uiteraard met terapeutiese waarde, uitgevoer. Op meeste van hierdie bladsye sal tydens die sessies gewerk word en later sal die respondent spesifieke bladsye uit hierdie groep van 50 by sy/haar profiel gaan byvoeg, waar hy/sy voel hulle dit graag kronologies volgens die tydlyn/profiel sou wou invoeg – dit sal vervolgens ook inpas volgens die orde waarvolgens die vertelling plaasvind en gebeure geopenbaar word. Die individu kan hierdie bykomende uitbeelding aan die kant van die bladsy plak om te blaai asof hy/sy telkens 'n 'addisionele' bladsy byvoeg indien hy/sy sou wou – daar is nie noodwendig vaste reëls rondom hierdie saak nie. Wanneer daar later duidelike groei plaasgevind het, kan die respondent dit oorweeg om die bladsy finaal in te plak of by te voeg waar daar voorheen bloot na hierdie aspek verwys is.

Elke respondent ontvang ook 'n A4 boek met die basiese struktuur van die tydlyn op die eerste bladsy aangedui – na die eerste sessie waartydens die tydlyn/profiel aan hulle verduidelik word kan die respondent daarop skryf en plak. Hierdie is slegs 'n aanduiding vir die respondent maar hy/sy moet verseker word dat kreatiwiteit verwelkom word en dat hy/sy nie nodig het om angstig te voel of die tydlyn/profiel korrek geskep word al dan nie. Die respondent kan vervolgens die tydlyn verder op die opvolgende bladsye trek – dit word gedoen op 'n wyse wat vir hom/haar die maklikste en mees doeltreffende is. Die tydlyn word nie vooraf verder as bladsy 1 getrek nie, aangesien die navorser onseker is oor hoeveel inligting die respondent in sy/haar profiel sal wil byvoeg. Die respondent word ook aangemoedig om genoegsame spasie tussen uitbeeldings of skrywes te laat indien hy/sy 'n oefening op 'n sekere plek sou wou byvoeg.

Die respondent wat sou verkies om eerder die profielblad elektronies te doen (verwys na gevallestudie 4 as voorbeeld) ontvang die vooraf geprogrammeerde *MSWord* dokument per e-pos en kan die tydlyn kreatief invul – voorbeelde van kreatiwiteit is om foto's van die uitbeeldings (terapeutiese eksternalisering) te neem en daarby in te voeg en ook die res van die inligting, soos nodig, in te tik. In hierdie geval kan sketse/prente ook vanaf die Internet getrek word en op die tydlyn ingevoeg word – hierdie sketse/prente is apart van die prente/beelde wat as deel van eksternalisering van traumatiese ervarings ingevoeg word waarvan foto's geneem moet word.

Elke respondent ontvang vervolgens vier koeverte waarin boodskappe of '*posts*' aan ander geplaas word. Hierdie koeverte kan simbolies gebrand of begrawe word wanneer die respondent gereed voel. Daar kan ook meer as een boodskap aan 'n sekere persoon gestuur word en in een koevertjie geplaas word met die persoon se naam op.

2.15 Gevallestudie 1: Johandries (vgl. Bylaag K)

Johandries is 'n agtienjarige seun en woon saam met sy biologiese ouers. Hy is tans 'n graad 12 leerling. Hy het self vir berading, as gevolg van verhoudingskomplikasies

met verskillende agtereenvolgende meisies, aangemeld. Dit het 'n patroon begin vorm in die sin dat daar altyd komplikasies met sy romantiese verhoudings was. Hy het telkemale leiersposisies by die skool asook in sportspanne beklee. Johandries het twee ouer broers (tans 26 en 30). Johandries het baie gemaklik gesels en het redelik wel belese met betrekking tot psigologie as vakgebied voorgekom.

Aanmeldingsklagte simptome

Problematiese romantiese verhoudings; konsentrasievermoë is aangetas; hy voel van sy toekoms onseker; hy ervaar aggressie. Tydens die aanvanklike sessie het dit voorgekom of Johandries sy ware emosionele belewenis omseil en ook baie meer onderdrukte aggressie ervaar as wat hy besef. Hy het in beheer van homself voorgekom (hy het baie inligting intellektualiseer), tot so 'n mate dat dit die navorser laat wonder het oor obsessiewe gedrag en gedagtes. Dit het voorgekom of Johandries tot onbewustelike emosionele opberging van emosies geneig kan wees wat met tye emosionele oorweldiging tot gevolg kan hê en wat later sy innerlike beskermingsmeganisme (intellektualisering) so te sê laat ingee. Aangesien hy dus tot neurose geneig is, kan hy ook 'n kandidaat vir angstigtheid asook depressie wees.

Sessie 1

Tydens die eerste ontmoeting is Johandries op sy gemak gestel en die etiek rondom vertroulikheid in berading is aan hom verduidelik. Hy is ook gevra of hy aan 'n ondersoek rakende 'n nuwe beradingsmodel sou wou deelneem, en hy het met entoesiasme ingestem. Hy het erken dat hy bekend met *Facebook* is en meeste van sy kommunikasie met vriendskappe vind via *Facebook* plaas.

Johandries is gevra om sy tydlyn deur middel van gesprekvoering tydens die aanvanklike sessie te begin. Hy is gevra om sy lewensverhaal tot en met die ouderdom van 10 jaar te vertel. Na verloop van die sessie is hy gevra om tuis die kern van die gesprek tussen hom en die navorser op sy tydlyn te begin invul – dit sou onder andere impliseer om van die bladsye waarop gewerk is by te voeg/plak. Hy het genoem dat hy redelik sorgvry gelewe het en onthou dat hy baie daarvan

gehou het om ander te beskerm, maar dat sy fisiese krag hom bang maak, aangesien hy iemand anders glo bewusteloos geslaan het. Hy het blykbaar ook 'n speler tydens 'n rugbywedstryd baie seergemaak en die ander speler het oënskynlik groot beserings opgedoen.

Die navorser het onder andere die volgende tipe vrae gevra (vgl. 3.2.9):

Navorsers: *“Tot watter mate sou jy sê het hierdie twee gebeurtenisse jou identiteitsvorming beïnvloed?”* (vgl. 3.2.4).

Respondent: *“Ek het gehou van die gevoel dat ek die sterker een is en beheer het.”*

Navorsers: *“Hoe het die voorval jou verhoudings/vriendskappe met vriende of onderwysers beïnvloed?”* (vgl. 3.2.5).

Respondent: *“Die onderwysers het gevoel ek is 'n goeie leier en aangesien ek 'n hoofleier was, het hulle sommige van my gedrag misgekyk. Ek dink die kinders het my ook beskerm deur my nie te verklik nie aangesien hulle gevoel het ek beskerm hulle teen boelies.”*

Navorsers: *“As jy kyk na hierdie verhoudings en gedrag, sou jy sê dit kon die vorming van jou eiewaarde en dit waarteen jy eiewaarde meet, affekteer?”*

Respondent: *“Ja.....ek voel ek moet beskerm en dit is vir my belangrik om in beheer te wees, die sterker een, dan voel ek goed oor myself.”*

Verdere verloop van gesprekvoering vind plaas en 'n in-diepte ondersoek van voorvalle rakende die beheer, in terme van sy identiteit en eiewaarde, waarna hy verwys.

Navorsers: *“Sou jy sê dat jy geneig is om ‘slagoffers’ te kies om mee in verhoudings te wees? Met slagoffers bedoel ek mense wat op 'n manier nie optimaal funksioneer nie, dalk seergekry het, verwond is.”*

Respondent: *“... Moontlik onbewustelik.”*

Navorsers: *“Onbewustelike prosesse kan 'n groot rol in verhoudings speel. Sou jy sê dat jou siening van wat 'n leier is, deur die gebeure geaffekteer is?”*

Respondent: *“Ja, 'n leier moet beskerm... 'n leier is macho.”*

Navorser: *“Beskryf jou siening van ’n man se rol binne ’n romantiese verhouding?”*

Respondent: *“’n Man rol... seker beskerm en leiding neem.”*

Navorser: *“Behels leiding neem om in beheer van ander te wees?”*

Die respondent is vervolgens tot selfbewuswording, met betrekking tot sekere persepsies wat hy rakende beheer en beskerming opgedoen het na aanleiding van voorvalle in sy jonger dae, gelei (vgl. 3.2.4.3).

Hy is verder gevra of daar enige foto’s van daardie tyd van sy lewe is waaraan hy kan dink wat uitstaan en waarom dit vir hom uitstaan. Hy het na ’n foto saam sy broers verwys waaraan hy in besonder teruggedink het. Na aanleiding van opmerkings en vrae rakende die foto wat grootliks oor sy verhouding met sy broers gehandel het, het Johandries uiteindelik bekend gemaak dat sy twee broers hom as agtjarige verkrag het en hom daarna fisiese wonde toegedien het ten einde hom tot stilswye te dreig. Tydens die verwoording hiervan het Johandries sy ware emosies omseil en het dit voorgekom of hy die ‘regte’ antwoorde gee eerder as om die werklike impak van die oorspronklike trauma te besef en daaroor te rou.

Navorser: *“Is dit vir jou moeilik om hieroor te praat?”*

Respondent lag sarkasties en sê: *“Nee ek is OK... ek weet dit was verkeerd van hulle”.*

Die respondent begin vrae rakende die kwessie, veral rondom verhoudings, vra wat vertrou en die idee van beheer in verhoudings insluit. Hy het waarskynlik ’n wanpersepsie van beheer in verhoudings asook ’n vrees dat iemand anders, na aanleiding van die seksuele trauma, beheer sou neem.

Navorser: *“Is daar ’n moontlikheid dat hierdie trauma jou buite beheer laat voel het?”*

Respondent: *“Ja.”*

Navorser: *“Is jy bang om buite beheer te voel – voel jy veral ongemaklik in verhoudings waar jy nie beheer het nie?”*

Respondent: *“Ja, baie.”*

Navorsers: *“As jy ’n slagspreuk moet uitdink of ’n prentjie (“image”) op jou tydlyn sou wou laai (“post”) in die tydperk van die trauma wat sou dit sê/uitbeeld?”*

Respondent: *“Sterk ou wat spiere wys en bo aan die prentjie staan daar ‘Be aware!’”*

Navorsers: *“Het jy moontlik identiteit en eiewaarde daarin gevind dat ander jou moet vrees ten einde selfbeheer binne die konteks van elke verhouding waarin jy was te verkry?”*

Aanvanklik het die respondent by die standpunt gehou dat hy ander wel teen slegte mense beskerm. Gaandeweg het hy egter tot die besef gekom dat beheer asook sy eie vrese vir herhaaldelike seerkry wel ter sprake was, en dat hy ten diepste homself teen mense probeer beskerm het. In die proses het hy homself op die wyse ook teen sy eie emosionele belewenis van die trauma beskerm. Hy het ook besef dat hy steeds die foutiewe ‘vaardigheid’ wat hy aangeleer het om sy ware emosies te omseil, deurgaans toegepas het.

Die implikasie hiervan was dat ’n tipe passiewe aggressie gewek is wat groei belemmer het, aangesien dit nog nooit geïntegreer was nie. ’n Alternatiewe hanteringsvaardigheid is aanbeveel en daar is ook aan hom verduidelik waarom dit tot sy voordeel sou wees (3.2.4.3). Gepaste grense in hierdie verband is ook bespreek (3.2.5.2) en ook dat God hom in die proses sal bystaan om dit te implementeer (vgl. Twombly, 1998:64) sodat hy op die gepaste manier iemand kan liefhê (vgl. Twombly, 1998:74).

Navorsers: *“Mense glo soms halwe waarhede met betrekking tot hul waarde as kinders van God en hul eiewaarde ry wipplank wanneer dit aan ander se opinies of gedrag teenoor hulle gemeet word. Word die manier hoe jy teenoor ander optree soms deur hulle aanvaarding van jou bepaal?”*

Respondent: *“Nie werklik nie.”*

Navorsers: *“Wat dink jy van jou identiteit in Christus? As jy na jou leefwyse kyk, waar kry jy jou identiteit?”*

Respondent: *“Ek weet ek is ’n Christen.”*

Die navorser het aan die respondent verduidelik dat Jesus Christus beklemtoon het hoe belangrik dit vir die mens is om te weet wie hy/sy is, om ook konsekwent hom/haarself te kan wees (Hudson, 2010:27; Vgl. Lukas 4:3) en te bereik wat hy/sy moet bereik.

Knowing who he is, Jesus invests himself single-mindedly in the realization of his Father's kingdom vision for our broken world (Hudson, 2010:27).

Navorser: *“Dit is baie belangrik vir jou om te beseef wat jou waarde en jou identiteit in Christus is. Regdeur Jesus se lewe het hy sy identiteit gevind deur sy verhouding met God die Vader.”*

In hierdie verband is die volgende aanhaling deur Hudson (2010:26) aan die respondent voorgehou, bespreek en verduidelik:

In our quest for identity, the crucified and risen Christ meets us right where we are. Like us, he also needed to know who he was. He was not immune to the human quest for identity. However in stark contrast to ourselves, when Jesus needed to know who he was, he listened to his Father's voice, trusted that voice and claimed its truth for his own life.

Aan die einde van die sessie is Johandries huis toe gestuur en gevra om sy tydlyn nog verder te gaan verleng vanaf ouderdom 10 tot en met sy huidige ouderdom. As deel van die verlenging van hierdie tydlyn is hy gevra om soveel moontlik van die volgende aspekte gebruik te maak:

- Insluiting van spesifieke foto's
- Slagspreuke
- Films
- Tydskrifte

- Reekse of enige ander inligting
- Verskillende kwessies wat hy op sy *Facebook*-profiel sou 'like'
- Enige kommentaar van ander of van homself op sy *Facebook* tydlyn
- Foto's van ander waarvan hy sal hou of waarop hy kommentaar sou wou lewer (vgl.3.2.1.8; 6.6.2.1) – hy kan kreatief wees
- Hy kan verder op sy werklike *Facebook*-profiel teruggaan en ondersoek ten opsigte van wat hy werklik gedoen en waarvan hy gedurende daardie ouderdomme gehou het instel.
- Hy moet ook veral na vriende verwys wat hy sou kies om sy tydlyn te kon bestudeer asook vriende wat daar was en nie meer is nie.
- Die verhoudings waarna hy verwys moet ook sy verhoudings met sy ouers en sibbes insluit. Indien hy hulle nie in die tydlyn insluit nie, sal die navorser saam met die respondente die redes ondersoek waar nodig.

Sessie 2

Daar is aan die respondente verduidelik dat 'n gedeelte van hierdie sessie deur gebed in beslag geneem sal word. Die navorser het ook die sessie met gebed geopen ten einde 'n gebedsatmosfeer te vestig en ook die respondente meer van God se teenwoordigheid bewus te maak (vgl. 5.7.5).

Wat die traumatiese ervaring van die verkragting deur sy broers betref, is dit in diepte deurgewerk. Daar is veral ook op die effek hiervan op sy identiteit en eiewaarde (vgl. 3.2.4.1), sy verhoudings (veral romantiese verhoudings) en ander komponente van sy funksionering gefokus. Hy is ook op die effek hiervan wat na vore gekom het in die vorm van beskermingsmeganismes wat hy begin gebruik het, asook die mate van obsessiewe beheer in verhoudings gewys.

In hierdie sessie is daar verder grootliks van pastorale ingrepe gebruik gemaak, soos om byvoorbeeld tydens 'n gebedsfase vir Jesus Christus te vra om deur die Heilige Gees saam met die respondente na die oorspronklike traumatiese situasie van verkragting terug te beweeg en die trauma en vrese in daardie situasie self te

hanteer (vgl. Seamands, 1995:141). Na hierdie gebedsfase is die respondent aanbeveel om 'n nuwe *post* op sy tydlyn te skryf of prentjies/foto's rakende die proses te plaas indien hy gereed sou voel – hy het dit vervolgens op 'n baie positiewe wyse gedoen (vgl. 3.2.1.8).

Aangesien vergifnis ook hier baie prominent ter sprake is, is die respondent gevra om 'n boodskappie of briefie te skryf wat hy na die (verbeelde) tydlyn/posbussie van die oortreders sou stuur (vgl. 3.2.5.2; 3.2.2.4). In hierdie boodskappie/briefie omskryf die respondent wat gebeur het en wat die effek daarvan op sy identiteit, eiewaarde, toekomspektief, grense en persepsies van verhoudings was. In hierdie boodskappie moet daar ook die korrektiewe deel van sy ware identiteit in Christus (Richardson, 2005:111) en sy verhouding met God en hoe hy nou as sterker persoon daardeur gegroei het, omskryf word. Herraming het gevolglik plaasgevind (3.2.5). Die briefie of '*post*' is in een van die gegewe koeverte geplaas en die respondent kon kies hoe hy dit verder gaan hanteer. Johandries het dit, na afloop van die sessie, in die see gaan gooi (hy, sowel as die navorser woon by die kus). Richardson (2005:151) verwys daarna dat Jesus deur Sy teenwoordigheid herinneringe kan uitvee en vergifnis laat plaasvind:

Jesus exercises his lordship and healing presence in our memories and mental images, giving us strength to extend and receive forgiveness.

Aan Johandries is vervolgens 'n visualiseringsaktiwiteit verduidelik soos deur Hudson (2010:77) voorgestel. Vrae en opmerkings soos die volgende het byvoorbeeld hierdie proses aan hom verduidelik:

- *“Gaan in jou sielskamer. Wat sien jy daar?”*
- *“Is daar enige vullis?”*
- *“Is daar geleenthede waar jy nie so liefdevol was soos jy moes wees nie?”*
- *“Hoor jy enige woorde van beskuldigings of selfoordeel?”*

- *“Laat jouself toe om die stem van die opgestane Jesus te hoor wat aan die deur van die sielskamer klop.”*
- *“Hoe reageer jy?”*

Die respondent kan na aanleiding van die aktiwiteit 'n uitbeelding van die 'voor' en 'na' (Jesus instap) voorkoms van die sielskamer maak.

- *“Deel jou ervaring van die Heilige Gees in jou belewenis van die uitbeelding.”*
- *“As jy nou na jou profiel gaan, wat sou jou aktiwiteit ‘log’ in terme van jou optrede weerspieël?”*
- *“Lyk dit soos Christus se gedrag?”*

Na aanleiding van die gesprek het dit geblyk of daar meer sosiale insig bewerkstellig is wat sosiale en emosionele intelligensie impliseer. Johandries het gevoel dat Jesus Christus hom in die proses van vergifnis bygestaan het en dat sy sielskamer skoner is.

Sessie 3-5

Tydens hierdie sessies is die tydlyn, wat as narratiewe struktuur dien (3.2.9;3.2.3), verder tesame met al die genoemde aspekte bespreek ten einde breedvoerige bewuswording en eksternalisering te bevorder. Die respondent is veral ten opsigte van die volgende aspekte van die hantering van kognitiewe distorsies tydens gesprekvoering, leiding gegee: Sy verhouding met God; vergifnis; emosionele intelligensie en toekoms-perspektief. Daar is verder op die volgende vrae rakende sy verhouding met God na aanleiding van die reflekerende gedagtes van die vorige sessies gefokus:

- *“Beskryf jou prentjie en idee van God en wees so eerlik as wat jy kan?”*
- *“Voel jy God is vir of teen jou?”*
- *“Is God in beheer en indien Hy is, is dit nodig dat jy ook moet wees?”*

Die volgende vrae is na aanleiding van die individu se verhoudings met ander gevra nadat hy na betekenisvolle vriendskappe op sy tydlyn verwys het:

- “Wat gaan jy doen om meer deel van die spirituele gemeenskap te raak?”
- “Hoe voel jy oor vriendskappe wat deel van jou spiritualiteit was?”
- “Wat is jou planne met betrekking tot geestelike dissipelskap?”

In hierdie verband is die volgende aanhaling deur Hudson (2010:55) met die respondent bespreek:

Genuine repentance and belief in Christ almost always immerse the disciple into a life together with others (vgl. Rom 3:22-23). Within community we gradually become the people God’s wants us to be.

Daar is vervolgens ook aandag aan Johandries se sosiale en emosionele intelligensie geskenk na aanleiding van die opmerkings oor sekere foto’s en “posts” binne sosiale kontekste wat van belang was. Hudson (2010:129) beveel Christene aan om binne sosiale situasies te luister – veral te luister na dit wat nie noodwendig gesê word nie. Op hierdie wyse kan mense, bloot deur ’n Christelike teenwoordigheid, van Christenskap bewus gemaak word en uiteindelik wel ’n keuse vir Christus maak (vgl. 1 Pet 3:1).

SESSIE 6

Die respondent is gevra om ’n film te kies wat volgens hom op die laaste jaar van sy lewe van toepassing sou wees en hy moet ook verduidelik waarom hy dit sou kies. Vervolgens moet hy ’n soortgelyke keuse van ’n film maak wat volgens hom op die fase van sy lewe na die berading van toepassing is. Die twee films se inhoud word vervolgens in terme van identiteit, verhoudings en groei met mekaar vergelyk. Johandries het vervolgens *You, me and Du Preez* as aanvanklike film voor berading gekies. As rede het hy genoem dat Du Preez se intensies suiwer maar kinderlik was, en dat hy onwetend maar met goeie bedoelinge, skade in sy verhoudings aangerig het.

Wat die fase na berading betref, het hy genoem dat hy nie ’n ander film wil kies nie maar eerder ’n uitbeelding wou maak. Die uitbeelding was ’n boom met vrugte aan –

hy het daarna verwys as die vrug van die Gees (Gal 5:22-23) – na aanleiding van ons bespreking daarvan binne die konteks van verhoudings en om as dissipel op te tree. Om met ander geliefdes van God in kontak te kom, is ook 'n goeie manier om meer van elkeen se geliefdheid in God bewus te raak en om bewuswording daarvan te versterk. Dit is ook belangrik om in verhouding met ander te tree en God se seëninge sodoende te versprei (Hudson, 2010:32; vgl. 1 Joh 4:11-12). Die respondent kon die groei wat plaasgevind het, asook die integrasie van die terapeutiese proses, waarneem.

Daar is sekere patrone in gedrag wat spirituele wanpersepsies kan veroorsaak en die betrokke persoon in verhoudings kan laat onttrek (Langberg, 1999:55; Hudson, 2010:13). Die wyse waarop so persoon lewe, word vervolgens grootliks deur sy/haar verhouding met God en prentjie wat sy/hy van God het gevorm – dit sluit lewensdoelwitte en tydsbeplanning in (Langberg, 1999:55; Hudson, 2010:13).

Deur middel van 'n sosiale medium soos *Facebook* se tegnieke kan 'n berader/terapeut baie effektief en sinvol reageer deur sekere onvoltooide sinne op die tydlyne van die profiel van sulke persone te plaas (*posts*). Hulle word vervolgens gevra om hierop te reageer (vgl. Hudson, 2010:134). So proses kan die selfbewuswording van die ander persoon bevorder en kan ook help om die ander persoon beter te leer ken.

Voorbeelde van sulke onvoltooide sinne is die volgende:

- *Ek het tot die punt gekom waar ek God ervaar as...*
- *Dit is min dat ek God ervaar as...*
- *Ek voel meer in kontak met God wanneer...*
- *'n Oomblik in my lewe wanneer ek ervaar het hoe God se krag werklik deur my gewerk het, was...*
- *Vir my is Jesus...*
- *Die mees betekenisvolle verskil wat Jesus in my lewe gemaak het, was...*
- *Ek het die Heilige Gees in my lewe ervaar wanneer...*
- *Wat ek die graagste met ander oor God sou wou deel is...*
- *Wanneer ek met my eie sondige natuur gekonfronteer word, voel ek dat God...*

- *Wat my die meeste vreugde van God bring, is...*
- *Wanneer ek oor God se liefde vir my reflekteer dan is ek...*
- *Die duidelikste teken van God in my lewe vir my is...*

Gevolgtrekking

Tesame met die behoefte aan beheer binne die konteks van verhoudings, het Johandries 'n verwronge persepsie rakende sy identiteit gehad. Hy het ook met tye gevrees dat hy self beheer sal verloor en ander selfs kan beseer. Die volgende aspekte is aan hom verduidelik:

- Die proses van gedrag en emosies wat op gedagtes volg.
- Die belangrikheid om telkens sy kerngedagtes te identifiseer (3.2.2).
- Daar is ook aan hom verduidelik dat as gelowige is hy, volgens Joh 1:12, 'n kind van God.
- Hy is ook aangemoedig om deurgaans sy kerngedagtes op waarhede van die Skrif (5.3.7; vgl. ook Kotze, 2006:177) en gesonde selfbeheer (vgl. Trollinger, 2007:39; gesonde selfbeheersing volgens Gal 5:22-23) te grond.
- Hy is ook daarvan bewus gemaak om vir ander om te gee, en dat dit die mens se verhouding met God versterk en dat dit ook meer heelheid aan ander se lewens gee – in hierdie proses gee hy dus telkens 'n deel van wie hy is as 'n dissipel (Hudson, 2010:141).

Daar is vervolgens deur 'n proses van vergifnis met betrekking tot alle individue wat hom ooit in die verlede verontreg het, of skade berokken het, asook selfvergifnis gewerk (5.8.2.8; vgl. ook Richardson, 2005:157). Tydens hierdie proses het Johandries se behoefte aan beheer oor ander gaandeweg verminder en kon hy uiteindelik ook gesonde grense in terme van hoe om ander op 'n gepaste wyse te beskerm en in liefde binne verhoudings op te tree, stel (Gal 5:22-23). Verder het hy ook meer bewus geraak van wie hy werklik in Christus is (5.7.5.2) en het hy 'n punt bereik waar sy identiteit nou verder met Jesus Christus as rolmodel en voorbeeld sal kan ontwikkel (5.8.2).

God has tenderly and with infinite patience reached down into their hearts and lives and has begun to heal their hurts and alter their responses (Langberg, 1999:57).

Pastorale ingrepe

Daar is aandag aan Johandries se ware identiteit geskenk – dit sluit in eiewaarde en selfbewuswording, met besondere klem op Johannes 1:12 wat bevestig dat aan elkeen wat Hom aangeneem het, Hy die mag gegee het om Sy kind te word (4.3.1).

Johandries het probleme in sy verhoudings ervaar en hierop is met behulp van verskillende *Facebook*-tegnieke en ook aan die hand van Galasiërs 5:22-23 gefokus. Met betrekking tot sy problematiek het veral selfbeheersing van besondere belang geblyk te wees in verhoudings en ook om met liefde op te tree (Ryken, 2005:233). Die gawes is 'n produk van die Heilige Gees (Ryken, 2005:233) en daarom was dit belangrik dat Johandries ook die Heilige Gees sou nooi om hom in hierdie opsig te genees en te verander. Wanneer dit gebeur werk die Gees in hom as gelowige ten einde 'n ingesteldheid te vestig wat uiteindelik na goedheid teenoor ander lei (De Boer, 2011:363; vgl. ook 4.4.2). Tydens die gebedsessie was Johandries ook bereid om, in geloof, die stap te neem om die Heilige Gees te nooi om hom te genees en te verander.

Weens die seksuele trauma wat Johandries vroeër ervaar het, is daar met besondere fokus op Psalm 113:7-8 gewerk. Al was sy eiewaarde deur die trauma aangetas, kon hy nogtans tot die besef kom dat God hom vanuit die 'ashoop' kom optel het en voortaan langs 'prinse en konings' sal laat sit. Volgens Boice (2005:926) kom dit duidelik in hierdie Psalm na vore dat God nie net presies weet waardeur die emosioneel verwonde persoon gegaan het nie, maar dat Hy inderdaad oor die vermoë beskik om hierdie persoon op te tel en hom/haar uiteindelik in posisies van heling en oorwinning te plaas (4.5.3.4; vgl. ook Langberg 1999:251; Twombly, 1998:77).

God, we gradually realize, not only understands our pain, but shares it (Hudson, 2010:18).

2.16 Gevallestudie 2: Maggie (vgl. Bylaag L)

Tydens die eerste sessie is die etiek van berading aan haar en haar pa verduidelik asook hoe die proses sal verloop. Hulle het beide ingestem om aan die navorsing deel te neem. Maggie is 'n sestienjarige meisie en woon saam met haar pa en twee jonger sussies. Haar biologiese ma woon tans saam met haar pa se seun vanuit sy eerste huwelik, en haar ma was swanger met die man (pa se seun) se kind. Maggie versorg haar pa en twee sussies deur na die huishouding om te sien en kos te maak. Sy het 'n uiters komplekse verhouding met haar ma as gevolg van die vreemde omstandighede en ook omdat haar ma hulle verlaat het terwyl hul pa hul gereeld aangerand het.

Daar was maatskaplike en etiese kwessies rakende hierdie geval en met die nodige toestemming is die saak na die betrokke maatskaplike werker verwys om verder te hanteer. Die forensiese werk is nie deur die navorser gedoen nie, maar slegs die berading nadat die forensiese ondersoek voltooi is.

Sessie 1

Maggie, 'n sestienjarige meisie, is gevra om die eerste paar jaar van haar lewe te verbaliseer en na betekenisvolle gebeure wat plaasgevind het, asook na betekenisvolle verhoudings in haar verlede te verwys.

Sy het die gesprek soos volg begin: *“My pa is kwaad vir my ma en rand my ook aan as gevolg daarvan.”*

Die respondent is geleentheid gegee om verder te praat en die navorser het geluister en nie-verbaal aan die gesprek deelgeneem.

Sy het verder vertel: *“My ma het 'n aborsie gehad en my pa weet dit nie... ook nie die pa van die baba nie... wie my broer is, soos tannie seker al weet? Ek het die*

baba gesien... dit was 'n seuntjie. Die kliniekpersoneel het my by my ma toegelaat omdat ek al so oud lyk. Ek lyk seker so oud omdat ek baie geslaan word."

Navorsers: "Waar het die aborsie plaasgevind – vertel my in soveel moontlik detail wat jy van die swangerskap en aborsie kan onthou."

Maggie se ervaring van hierdie traumatiese gebeure toe sy 15 jaar oud was, was in diepte bespreek en die respondente was emosioneel en geïrriteerd terwyl sy vertel het. Aborsie het 'n betekenisvolle invloed op familieleden en kan onopgeloste rou veroorsaak (McAll & Wilson, 1987:817). Sy is deur die navorsers se empatiese en reflekerende tegnieke ondersteun. 'n Visualiseringstegniek is tydens die sessie gebruik met die doel vir eksternalisering en vergifnis met behulp van gebed. Tydens gebed het Maggie haarself voorgestel dat sy die baba vashou, 'n naam gee, en in Jesus Christus se sorg plaas, nadat sy vir die baba jammer gesê het oor dit wat gebeur het. Daarna het sy ook gevra dat Jesus Christus alle skuldgevoelens sal wegneem nadat sy teenoor Hom bely het wat sy gedoen het (Kraft, 1994:93, 206). Nadat sy gebid het, het die navorsers ook vir haar gebid en gevra dat Jesus Christus alle herinneringe aan die traumatiese belewenis van skok en verlies sal genees en vir Maggie daarvan sal vrymaak (Littauer, 1996:52; 152).

Die respondente kon agterna 'n skets van haar emosies rondom die betrokke traumatiese gebeure maak en dit het bevestig dat integrasie deur hierdie terapeutiese proses plaasgevind het. Daarna is die skets met haar bespreek en met die doel van verdere eksternalisering saamgeneem (3.2.4; 3.2.9). Die eksternalisering kon vervolgens tot verdere selfbewuswording (3.2.4.3) en groei (Langberg, 2003:90) lei:

Integration is a movement that corresponds to increasing maturity in the journey of healing (Richardson, 2005:189).

Die uitbeelding (*image*) deur middel van die skets was ook iets wat sy agterna op haar tydlyn kon plaas (3.2.9).

Die sessie is daarna met die volgende vrae hervat:

“Is daar iemand vir wie jy dit nie sou wou wys nie, of sou jy gemaklik voel om dit deel van jou profiel te maak?”

- Die respondent het tipiese ongegronde skuldgevoelens hieroor geopenbaar, wat vervolgens bespreek is. Dit is gevolglik aan haar voorgestel dat sy vry van daardie gedagtes kan wees (Kotze, 2006:177; Richardson, 2005:157) deur Christus wat haar vrymaak (Richardson, 2005:189).
- Sy is gevra om 'n simbool van vryheid te skep wat op haar profiel sou kon kom. Die respondent het 'n motorfiets gekies en die gedagte is verder bespreek. Haar angstigheid rondom die behoefte om klaarblyklik te vlug is ook bespreek. Die navorser het ook die geleentheid benut om met haar oor haar besluite en toekomspektief te gesels (3.2.4.3). In hierdie verband is sy gemotiveer om besluite te neem wat haar toekoms positief sou beïnvloed en nie besluite wat in werklikheid op haar ouers se gedrag gebaseer sou wees nie, soos om dalk impulsief te trou ten einde bloot uit die huis te kan kom nie. Die navorser het daarna aan haar verduidelik watter tipe vryheid dit is waarna deurgaans in hierdie gesprekke verwys word, naamlik 'n vryheid in Christus en in Sy liefde.
- *“Hoe sou jy beskryf het hierdie gebeurtenis wat jy hier op hierdie papier voor jou uitgebeeld het, beïnvloed wie jy is?”*
- *“Hoe dink jy sal ander jou in die algemeen beskryf?”*
- *“Hoe laat hierdie gebeure rondom hierdie skets jou oor jouself voel?”*
- *“Sou jy iets saam met hierdie uitbeelding op jou profiel wou skryf?”*

Die respondent het laasgenoemde vraag beantwoord dat sy sou wou byskryf: *“Niemand van julle weet nie.”* Tog sou sy nie omgee om dit deel van haar profiel, na bespreking daarvan, te maak nie. Dit het aan die navorser die idee gegee dat iets van die proses van genesing, deur middel van hierdie openlike erkenning, al begin realiseer het.

Navorsers: *“Wie sou die uitbeelding op jou profielblad like en wie sal daarby kommentaar lewer en hoekom? Wie sou jy wou hê moet dit like of daarop kommentaar lewer?”*

Die respondent het hierop gereageer dat sy sou graag wou hê haar pa en ma moet besef wat hier op die *image* aangaan en haar ma veral moet om vergifnis vra. Die navorsers het voorgestel dat sy 'n nota na haar ma se 'profielblad' stuur. Die nota het in hierdie geval slegs gesê: *“Wat gaan in jou kop aan?”* Dit is in 'n koevertjie geplaas.

Die respondent is later, na verloop van verskillende vrae (soos onder genoem) en deeglike eksternalisering, gevra om 'n briefie na haar ma se 'inbox' te stuur waarin sy presies verduidelik wat, vanuit haar perspektief, aan haar gedoen is. Dit het dus na haar eie ervaring en die impak daarvan op haar verwys. Sy is ook versoek om in hierdie briefie aan haar ma te verduidelik op watter verwronge manier sy nou aan verhoudings en haar rol as kind binne die gesinsisteem begin dink het. Die briefie is in die vorige koevertjie geplaas en die respondent was versoek om iets simbolies daarmee te doen. Sy het agterna vertel dat sy dit opgeskeur en verbrand het, daarna daarvoor gebid het en die inhoud in God se hande gegee het.

Die navorsers het ook aan die respondent die geleentheid gebied om 'n dialoog met haar ma, sonder haar ma se teenwoordigheid maar asof haar ma wel aanwesig was, te doen.

Navorsers: *“Is daar iemand waarvoor jy kwaad voel oor hierdie uitgebeelde insident?” Met ander woorde, is daar iemand wie jy sou wou poke³ om net van wat hier gebeur het, bewus te maak?”*

Die respondent het op hierdie vraag geantwoord dat sy een van haar onderwyseresse sou wou *poke* om haar hiervan bewus te maak, want volgens haar raas die betrokke juffrou heeltyd met haar omdat sy moeg is.

Navorsers: *“As jy vir iemand iets op sy/haar tydlyn oor hierdie insident wil post wat sou dit wees en hoekom?”*

Hierdie vraag is rakende haar pa, twee susters en vriende ook gevra. Die respondent het onder andere gemeld dat sy op haar vriendin se tydlyn sou wou post dat sy (haar vriendin) nie so selfgesentreerd moet wees nie en haar meer moet ondersteun. Die navorsers het 'n nota van hierdie aspek gemaak om later meer in diepte te bespreek rakende vriendskappe en kommunikasie buite die gesinskonteks.

Sy is vervolgens begelei met die uitgangspunt van Gal 5:22-23 in gedagte, naamlik om ander in liefde te hanteer en dat dit die bedoeling van verhoudings volgens die Skrif is. Verder is gepaste selfhandhawing en kommunikasietegnieke voorgestel en geoefen.

Navorsers: *“Wat het jy volgens jou gedoen om hierdie trauma te verwerk?”*

Respondent se reaksie was dat sy *“... net aangegaan het.”*

Navorsers: *“Het hierdie manier van om dit te hanteer jou gehelp?”*

Respondent: *“... wel, ek moes aanhou skool gaan en aanhou kos maak en aanhou skoonmaak.”*

Navorsers: *“Behalwe dat jy jouself sover kon kry om met jou dagtake onder sulke moeilike omstandighede voort te gaan, sou jy dink dit was goed vir jou gesondheid om te maak of so iets... wat so moeilik is vir 'n jongmens om te verwerk... nie plaasgevind het nie... of aan te gaan asof dit nie so erg was as wat dit werklik was nie?”*

Respondent: *“Dit sou kon help as ek my ma kon sê wat ek gedink het van wat sy doen en ook om te kon sê ‘nee’ toe sy my vra om saam te gaan... ek dink ook ek sou minder moeg gevoel het en meer kon slaap... ek kry ‘flashbacks’ van die baba.”*

³ Tech insider (2015) beskryf die funksie van die Facebook term ‘poke’ as, *“A simple but polite way to say hello to an old acquaintance.”*

Die leë-stoel tegniek was in hierdie situasie gebruik om geleentheid aan Maggie te gee om dit aan haar 'ma' te verbaliseer wat sy graag sou wou verwoord. Die respondent is vervolgens gevra om selfondersoek rakende haar eie grense in te stel. Vanuit die gesprek met haar het dit voorgekom of sy weens die situasie met haar ma asook haar pa, haarself begin dwing het om haar eie stem as't ware te versmoor en nie na haar eie oordeel te luister nie (Langberg, 2003:90) – sy kon gevolglik nie meer 'nee' sê nie (Cloud & Townsend, 2008:1222). Tydens die leë stoel tegniek het sy geleentheid gehad om wel aan haar ma te noem wat sy dink en voel. Die derde stoel in hierdie geval was spesifiek die stoel waarop Jesus Christus gesit het en as begeleider van die waarheid opgetree het asook die een wat as haar 'Prokureur van grense' ingestaan het. Hierdie woorde was gebruik deur die berader om die beradene te laat veilig voel aangesien daar uiteraard grense toelaatbaar is binne konteks van 'n Christelike leefwyse en deur hierdie bewoording is daar gepoog om outoriteit te verleen aan die konsep (Vgl. Ook Cloud & Townsend, 2008:1222).

Die respondent is ook gevra of sy enigiets op haar profielblad sou wou verander. Hierop het sy geantwoord dat sy graag haar profielfoto sou wou verander. Nadat die navorser dit bevraagteken het, het sy genoem dat sy voel dat sy tot hiertoe haarself op 'n manier weggesteek het aangesien sy anders as ander gevoel het. Voorheen het sy blykbaar slegs snaakse beelde as profielfoto's gebruik en sy het gevoel om nou 'n werklike foto van haarself daar te plaas.

Respondent: *“Ek wens ek kan weet watter foto God vir my profielfoto sou gebruik.”*

Daar is verder met haar oor hierdie opmerking met betrekking tot haar identiteit as Sy kind gesels. Sy het genoem dat sy daarvoor wil bid voordat sy op 'n foto sou besluit.

Navorser: *“Hoeveel vertrouwe het jy daarin dat God jou gebede verhoor? Dit lyk asof dit vir jou 'n moeilike vraag is – ek wonder of jy kans sien om daarvoor te bid en vir Hom te sê presies hoe jy oor hierdie kwessie voel en ook waarom.”*

In hierdie verband is die volgende betekenisvolle uitspraak van Hudson (2010:10) vervolgens met haar bespreek en aan haar verduidelik:

The witness of Scripture is clear: The God who speaks is also the God who listens. We can be certain that everything we communicate to God is heard, even when we struggle to believe this is true. Growing in prayer life of sincere conversation deepens our intimacy with God's transforming Spirit, allows us to discover our true selves and changes the way we relate to others.

Die navorser het verder aan die respondent verduidelik dat Jesus Christus haar voorbeeld is van hoe om in gebed met God te tree. Jesus se gebed tot Sy Vader is ook die bewys van sy geloof dat God sy gebede verhoor (Hudson, 2010:102; Joh 11:41-42).

Om oor die werklike ervaring van die individu se lewe te bid dien as 'n goeie beginpunt vir genesing (Hudson, 2010:103).

Most importantly, we discover that sharing our broken selves with God does not diminish our belovedness. But draws us deeper into the divine love and submerges our lives afresh into the infinite ocean of His transforming grace (Hudson, 2010:103).

Die respondent is aangemoedig om gereeld en oor alles wat pla te bid en met God, haar Hemelse Vader, te praat net soos wat Jesus Christus tydens Sy aardse bediening gereeld gedoen het.

SESSIE 2

Die sessie is begin met Maggie wat haar profielblad aan die navorser gewys het. Die navorser was bewus van die problematiese verhouding met haar pa en het die geleentheid benut om, na aanleiding van 'n foto van die gesin, daarna te verwys. Die kwessie rondom vergifnis vir haar pa en moontlike verdere kontak met hom is vervolgens hanteer. Die navorser en respondent het vervolgens tot gebed oorgegaan en gevra dat Jesus Christus die emosionele en fisiese skade wat

binne die konteks van hierdie verhouding opgedoen is, te genees (Seamands, 1995:141). Maggie het die gebed selfs verder verleng deur te verwys na 'n aantal spesifieke voorvalle waar sy intense emosionele verwonding beleef het – sy het gehuil en pertinent genoem dat sy hom vir dit alles vergewe. Sy het na die gebed genoem dat sy 'n beeld in haar geestesoog ervaar het van hoe hy vreugde oor haar vergifnis ervaar het en dat hy jammer oor alles voel.

Vergifnis is 'n Skriftelike noodsaaklikheid (Littauer, 1996:52) en dit is ook aan haar verduidelik dat dit belangrik is om ander deur Jesus Christus se oë te sien en hulle ook so te hanteer:

Like yourself, this person is unconditionally loved and accepted by God in Jesus Christ. As you prepare to meet him or her, ask the Holy One to help you to affirm their belovedness (Hudson, 2010:32).

Vergifnis is belangrik sodat daar nie meer destruktiewe beheer oor haar lewe sal wees nie (Richardson, 2005:158):

Receive Jesus' presence, true word and power to forgive into the affirmed places in your soul. By speaking his redemptive healing affirming word, Jesus begins to deliver you from the destructive power of that person who has harmed you.

Daar is vervolgens verdere aandag aan Maggie se grense, veral in terme van haar verhouding met haar pa – wat toelaatbaar is en wat nie – geskenk. Met betrekking tot hierdie tema is daar aan haar verduidelik watter van die 'probleme' in werklikheid haar pa s'n is en watter haar eie is en waarvoor sy volle verantwoordelikheid moet aanvaar. (Haar pa het intussen behandeling ontvang en daar is bepaal dat hy haar slegs onder toesig mag besoek het).

Met betrekking tot toekomstige besoeke en kontakgeleenthede met haar pa, is sy begelei om haar pa aan die hand van riglyne, soos deur Hudson (2010:32)

beskryf, te benader. Hy stel dat die wyse waarop die liefde van God teenoor ander bewys kan word, is om te luister wanneer hulle praat, dat hulle met waardigheid en respek hanteer moet word en dat deur praktiese hulpbetoon hierdie liefde ook gedemonstreer kan word. Maggie het vervolgens besluit om hierdie benadering tydens toekomstige besoeke aan haar pa te gebruik. 'n Nuwe vorm van verhouding was inderwaarheid met haar pa gevorm (Wright, 2006:83).

Navorsers: *“Indien jy nou na die Facebook-tuisblad sou terugbeweeg (waar al die vriende van die persoon se aktiwiteite of kommentaar verskyn soos dit geplaas word), wat sou jy vind?”*

Die respondent is deurlopend gevra om spontaan te reageer en nie te antwoord wat sy dink 'n goeie of regte antwoord is nie.

Respondent: *“Een van my vriende, Juan, is permanent op Facebook en deel graag snaakse prentjies (humoristiese prentjies).”*

Navorsers: *“Geniet jy dit, en hoekom dink jy doen hy dit?”*

Respondent: *“Ek dink hy voel dat ander dan van hom hou.”*

Na aanleiding van hierdie reaksie het die navorsers en respondent 'n gesprek rondom die tema van elkeen se unieke waarde as God se kind en om geliefd deur God te wees, gevoer. Die individu se identiteit is by God (Wright, 2006:154-157):

Recovery of life at its best begins when we experience ourselves to be the beloved children of God (Hudson, 2010:33).

Die respondent is daarna aanbeveel om die volgende aktiwiteite en reëls, soos deur Hudson voorgestel (2010:156; vgl. ook Twombly, 1998:61-63), toe te pas:

- Monitor jou gesprekvoering en kommunikasie vir die volgende paar dae.
- Let op na enige negatiewe kommentaar of onvriendelikheid teenoor ander.
- Let op na die leuens wat jy vertel, veral daar waar jy 'n ander beeld rondom jou identiteit sou probeer skep.
- Let op die wyse waarop jy telkens jou negatiewe gevoelens kommunikeer.

Hierdie aktiwiteite en beginsels was op dit wat sy van haar tydlyn op haar profiel deel gemaak het van toepassing gemaak. Aan haar is vervolgens die opdrag gegee om die volgende dag 'n *'blessing day'* te maak. Dit sou impliseer dat ander deur haar doelbewuste pogings en teenwoordigheid en deur die vrug van die Gees wat sy op 'n praktiese wyse sou demonstreer, geseën sou word (Hudson, 2010:159).

SESSIES 3-6

Tydens hierdie sessie is die tydlyn, na aanleiding van gedrag wat op haar ouers se problematiese optredes gevolg het, verder bespreek. Die sessie was op die bevordering van groei in alle areas van Maggie se persoonlikheid gefokus.

Haar idee van God as haar Vader was grootliks aangetas. Dit het onder andere uit 'n opmerking (en ook 'n bespreking) deur haar geblyk dat dit vir haar voel of haar 'profiel' in die lewe *'ge-hack'* is. Na aanleiding hiervan is die volgende vrae aan haar gevra:

Navorsers: *"Kan jy onthou waar jou idee van God vandaan kom?"*

Respondent: *"My ma het altyd gesê ons moet doen wat reg is anders sal daar slegte dinge gebeur."*

Navorsers: *"Hoe beïnvloed die gebeure van jou ma en pa jou verhouding met God?"*

Respondent: *"Ek dink Hy is reg om my te straf."*

Navorsers: *"Is dit vir jou moeilik om God eerste in jou lewe te plaas aangesien jy nie altyd voel Hy gee om nie?"*

Respondent: *"Ja."*

Die volgende is aan die respondent verduidelik om die elemente van toksiese godsdiens wat bespeur is aan te spreek en ook haar verhouding met God as haar liefdevolle Vader te herstel (Langberg, 1999:179).

It has taken me quite a while to understand the value of Father God's authority. As long as you do not really understand that, you will be a wounded, crippled Christian (Twombly, 1998:129).

God is liefde (1 Joh 4:16) en niemand is soos Hy nie en niemand kan ook God se karakter volkome beskryf en saamvat nie. Waarom dit gebeur is nie altyd duidelik nie, maar God se karakter word in die proses steeds al meer duidelik (Langberg, 1999:179). **Navorsers:** *“Wat kan op jou tydlyn ’n aanduiding wees om op Jesus gefokus te bly?”*

Sy het ’n geel hart gekies, wat haar blykbaar aan die son laat dink en lig gee waar donkerte is.

Haar verhouding wat grootliks aangetas was as gevolg van die vertrouwe wat deur haar primêre versorgers geskend is, is weer bespreek en daar is na Jesus Christus as volmaakte voorbeeld van verhoudings verwys. Jesus se hantering van verhoudings is by uitstek ’n goeie voorbeeld vir ander (Wright, 2011:250):

Maggie is gevra om langs elke naam van ’n betekenisvolle vriend/in op haar profiel met wie sy die meeste kontak het, te skryf hoe Jesus Christus se liefde aan daardie persoon betoon kan word. God se liefde en teenwoordigheid kan op enige plek waar die mens is en tydens enige iets waarmee die mens besig is toegepas word (Hudson, 2010:91). Na aanleiding van hierdie aktiwiteit is die volgende vrae, soos deur Hudson (2010:81) voorgestel, gevra:

- *“Wat dink jy van die opmerking dat liefde die Christen se grootste prioriteit is?”*
- *“Wat maak dit vir jou moeilik om diegene wat die naaste aan jou is lief te kan hê?”*
- *“Wat dink jy daarvan dat liefdevolle dade nie afhanklik van positiewe gevoelens is nie?”*
- *“Voel jy bevoeg om ander reg te hanteer, en glo jy Jesus sal jou help?”*

What happened to you in the past is not as important as what you do about what has happened to you. Do you allow the hurtful events in your life to destroy you or do you call an Almighty God to help you make sense out of things? (Twombly, 1998:146).

Pastorale ingrepe

Dit is aan die respondent verduidelik dat God weet hoe sy voel en dat Hy met simpatie na diegene kyk wat pyn en verwerping ervaar, of 'n lae eiewaarde het, en dat Hy hulle graag wil ophig om langs prinse en konings te sit (Psalm 113:7-8; vgl. ook 4.5.3; Boice, 2005:926).

Die hantering van vriendskappe is na aanleiding van die vrug van die Gees wat (Gal 5:22-23) in die verhoudings met ander sal voortspruit, bespreek. Vrede en vreugde wat ervaar sal word, kom van God. Aangesien sy 'n muur van weerstand om haar gebou het om haarself teen ander te probeer beskerm, is dit van belang vir haar om te leer om ander weer met vriendelikheid te hanteer.

Die respondent se grense en kognitiewe distorsies is reggestel (3.2.6) om sodoende haar verhouding met ander en God te herstel (5.8.2). Die doel is om 'n goed funksionerende volwassene, wat voluit kan lewe, te kweek (Collins, 2008:213). Duidelike toekomsdoelwitte sowel as 'n duidelike roepingsbewustheid help om gesonde bande en verhoudings tussen mense te vestig. Om hierdie roeping uit te leef is 'n wyse waarop die individu die beeltenis van Jesus Christus al meer nastreef en ook al meer vir hul medemens diensbaar word. Die mens word daarop voorberei om diensbaar te wees en Hy gee die mens die vermoë om diensbaar te wees (Richardson, 2005:186).

Discerning our personal calling nourishes our lives and those of others. This Biblical feature of personal calling finds its origins in our picture of God (Hudson, 2010:83, vgl. Ef 2:10).

Die mens se diensbaarheid is van belang:

At times the load of life and all its responsibilities feels overwhelming. This is the time you need to be encouraged and reminded of how powerful God is (Twombly, 1998:109).

Die respondent het dit moeilik gevind om God se teenwoordigheid te ervaar maar die mens kan weet dat hy/sy nooit die teenwoordigheid van God kan ontglip nie (Hudson, 2010:91).

Om bewuswording van God te bevorder kan die volgende volgens Hudson (2010:93) gedoen word:

- Fokus gedagtes gereeld terug na 'n Christelike rigting.
- Bly deurlopend dankbaar.
- Doen alles wat gedoen word vir God.

Om weer vreugde te begin vind in die alledaagse dinge wat mens as vanselfsprekend ervaar, is die respondent aanbeveel om elke dag 'n nota van danksegging op haar profiel te *post*, wat ook 'n kettigaktiwiteit van *Facebook* is.

Die kettigaktiwiteit behels dat die individu die nota ook aan ander stuur en aanbeveel dat hulle dit vir nog vyf ander persone sal stuur. Sy het ook gekies om op hierdie wyse ander aan te raak deur byvoorbeeld prentjies van liefde en drukkies te stuur wat nog 'n funksie op *Facebook* is. Volgens Twombly (1998:149) wil God hê die mens moet waardering vir sy werke toon.

Saying thank you, writing notes of appreciation, giving a hug... thank the Holy One for sleep and rest, food and work, friends and family. In all these good gifts God is present, pouring himself out in self-giving love for us to receive and enjoy" (Hudson, 2010:97; vgl. ook Langberg, 1999:211).

Die respondent is vervolgens aanbeveel om oor hierdie aspekte te skryf en ook op 'n kreatiewe wyse iets hiervan uit te beeld of 'n slagspreuk daarvan te maak. Sy is ook aangemoedig om deurlopend te bid en dankbaarheid vir elke moontlike klein positiewe aspek te betoon.

2.17 Gevallestudie 3: Dirkie (vgl. Bylaag M)

Tydens die eerste ontmoeting is die beradingsetiek aan Dirkie en sy pa verduidelik en ook hoe die proses gaan verloop. Dirkie is 'n dertienjarige seun. Sy ouers woon op 'n plaas buite die dorp en hyself woon by sy grootouers in die dorp sodat hulle hom skool toe en ook na buitemuurse aktiwiteite kan neem.

Hy het glo 'n baie nabye band met sy oupa en ouma. Hy is 'n maand gelede na 'n ander skool, nader aan oupa en ouma, geskuif. Die navorser het ook met die respondent se pa gesels en dit het voorgekom of sy pa baie van dieselfde gedrag asook die manier van dink as Dirkie geopenbaar het – dit was na aanleiding van inligting wat vooraf aan die navorser gegee is. Die pa het aan die navorser later erken dat hy as kind, net soos Dirkie, ook die teiken van boelies in 'n skoolkoshuis was. Die navorser het voorgestel dat die pa ook die *Facebook*-aktiwiteite tuis (vgl. 3.2.9) soos deur die navorser voorgestel met betrekking tot Dirkie doen, aangesien daar baie terapeutiese waarde in die saamstel daarvan is (3.2.9). Die navorser het deur middel van e-posse (vgl. 3.2.9) verder met die pa gewerk (gevallestudie 4).

In hierdie e-posse wat die pa aan die navorser gestuur het wat sy tydlyn bevat het, het dit voorgekom of die pa slagoffersimptome toon en daar het ook verwronge hanteringsmeganismes na vore gekom.

Aanmeldingsklagte en simptome

Dirkie ervaar kort-kort konflik by die skool met medeleerlinge. Hy kla ook dat hy vervolgens geboelie word. Dirkie het tydens sy vertelling die idee van iemand geskep wat in 'n slagofferposisie verval. Hy wil met tye nie alleen gelaat word nie. Hy dring byvoorbeeld aan dat iemand saam met hom badkamer toe moet stap.

In Dirkie se projektiewe sketse (wat die eerste prentjie op sy tydlyn is wat hy kan gaan *post*) was dit duidelik dat hy 'n obsessie het met die feit dat hy geviktimizeer sou word. Hy het ook die gewoonte aangeleer om 'n situasie van 'n 'slagoffer' te skep waarbinne hy veilig voel en sy ongegronde angs kon regverdig. Tot 'n mate het hy

dus homself in die proses gesaboteer om die negatiewe gedrag van ander na homself aan te trek terwyl dit ook volgens sy gedagteraamwerk bevestig het dat sy vrese waar is.

Navorsers: *“Geniet jy jou nuwe skool?”*

Respondent: *“Ja tannie, maar dis nie lekker as die kinders lelik is met my nie.”*

Navorsers: *“Wat doen hulle wat lelik is?”*

Respondent: *“Hulle hou nie van my nie.”*

Navorsers: *“Het jy dieselfde gevoel by die ander skool gehad?”*

Respondent: *“Ja tannie.”*

Navorsers: *“Is jy bang daarvoor dat jy nie maats gaan hê by die skool nie?”*

Respondent: *“Ja tannie.”*

Navorsers: *“As jy aan enige maat by die skool kan dink op wie se tydlyn jy iets wil skryf, wat sal jy wil skryf” (vgl.3.2.9).*

Respondent: *“Op Callie se tydlyn – ‘ek sal ’n beter vriend wees as David’.”*

Die navorsers kon hieruit die afleiding maak dat die respondent homself met ander vergelyk en daarom nie altyd in homself goed genoeg voel nie – dus ’n aangetaste eiewaarde wat verhoudings kompliseer. Die geleentheid vir kognitiewe herraming is gevolglik geïdentifiseer (3.5.2) om Dirkie se eiewaarde (3.2.4; 5.7.5.1) asook sy ervaring en benadering tot verhoudings (3.2.5) aan te spreek.

Navorsers: *“Voel jy partykeer nie goed genoeg nie en is jy bang ander hou nie van jou nie?”*

Die respondent het sy skouers opgelig en trane sy oë gekry.

Navorsers: *“Wat het jou pa jou van vriendskappe geleer?”*

Respondent: *“Mense kan skynheilig wees.”*

Die navorsers het die respondent geleidelik tot die insigte rakende gesonde grense (Trollinger, 2007:31; vgl. 3.2.5.3), kommunikasie en gedrag binne verhoudings in die algemeen, soos om ander vriendelik en met respek en liefde te hanteer (Gal 5:22-23), gelei.

Navorsers: *“Wat is op die oomblik die film waarvan jy die meeste hou?”*

Respondent: *“Ek hou baie van Gladiator, soos my pa.”* Hy identifiseer dus ook tot 'n mate met sy pa. Die navorser het besef dat ouerleiding nodig sal wees (vgl. 3.2.6; 3.2.5.1).

Navorser: *“Waaroor gaan die film?”*

Respondent: *“'n Man wat nie kry wat hy moet nie en 'n slaaf word.”*

Respondent: *“Hoe laat dit hom voel as hy 'n slaaf of slagoffer van sy omstandighede is?”*

Respondent: *“Dat ander hom wil bykom en jaloers is.”*

Navorser: *“Hoe eindig die film?”*

Respondent: *“Hy wen die ‘emperor’ wie hom wou bykom, maar gaan dood.”*

Navorser: *“Wat is die ergste manier waarop hierdie film kon eindig?”*

Respondent: *“Hy kon doodgaan, soos hy het.”*

Hier is baie geleentheid in die antwoord tot verdere vraestelling maar die navorser het die volgende roete gekies aangesien die individu die idee van 'n baie negatiewe ingesteldheid gegee het. Iets om homself mee te motiveer en sy ware identiteit mee te ontdek, sou gevolglik beter binne die huidige konteks vir so jongmens wees (vgl. 3.2.4.3; 5.7.5.2; Joh 1:12.).

Navorser: *“Wat sou die ergste ding vir jou wees as jy dink hoe jou lewensfilm sou kon eindig?”*

Respondent: *“Niemand wil my vriend wees nie – dat ek alleen is en nie goed genoeg is nie”.*

Navorser: *“As dit sou gebeur, is dit die einde van jou bestaan, of hoe sou jou lewe wees indien jy nie bang hiervoor sou wees nie?”* (die verwerping).

Respondent: *“Ek sou myself kon wees en minder gestres.”*

Navorser: *“Wat sou jy kon bereik indien jy meer jouself is?”*

Respondent: *“Ware vriendskappe, en ek sal snaaks kan wees, so dalk sou ek dan ook meer vriende hê.”*

Navorser: *“Wat sal gebeur as jy nie meer vriende sou kry nie?”*

Respondent: *“Mmmmm, niks... die wat ek het sal goeie vriende wees.”*

Navorsers: *“As ek reg onthou was die gladiator ’n ‘legend’ en het hy bo sy omstandighede as slaaf uitgestyg, met die doelwit om die swak regeerder te oorwin...?”*

Respondent: *“Ja, hy het eintlik geskiedenis verander.”*

Navorsers: *“As jy onthou word as ’n ‘legend’, waarvoor sou jy onthou wil word?”*

Respondent: *“....myself, Dirk.”*

Na verdere gesprekvoering in hierdie verband kon die respondent meer van kognitiewe distorsies wat sy funksionering ingeperk het (3.2.2.4) bewus raak en het hy stelselmatig ook meer begrip vir die groter doel wat God vir sy lewe het (3.2.4.3) verkry.

Navorsers: *“Is daar ’n foto wat jy op jou tydlyn in die toekoms kan visualiseer, oor so ongeveer drie jaar?”*

Respondent: *“Ek en my vriend speel rugby saam en ons almal in die span spring saam op in die lug.”*

Deur hierdie uitdaging aan die respondent te rig kon hy hierdie toekomstige doelwit in sy geestesoog begin visualiseer en reeds die proses aktiveer om hierdie doelwit te bereik – hy kon dit doen deur te begin glo dat dit wel uiteindelik sal kan realiseer. Dit impliseer ook dat hy oor die vermoë, soos byvoorbeeld die nodige motivering en uithouvermoë, sou beskik om doelwitte te kon bereik.

Navorsers: *“As jy nou ’n ‘selfie’ sou kon neem vir jou tydlyn, hoe sal die foto lyk?”*

Respondent: *“Ek lag en waai.”*

Navorsers glimlag: *“Sê jy ‘Halooooo, hier is ek?’”*

Respondent lag: *“Ja!”*

Die navorsers het besef dat daar steeds pyn rakende vorige verbeelde ‘ervaringe’ van verwerping wat die respondent onbewustelik geskep het sou wees en daarom moes die respondent steeds deur ’n verdere proses begelei word ten einde ook genesing van hierdie emosionele verwonding te kon ervaar. Dit sou vervolgens tydens ’n gebedsessie plaasvind waar Jesus Christus spesifiek gevra word om saam met die respondent na

elk van die traumatiese 'ervaringe' wat moontlik nog in sy gees en herinneringe ingebed kon wees terug te beweeg (5.9.4.6). Die navorser het aan die respondent verduidelik hoe om die tydlyn verder in te vul en na die volgende sessie saam te bring.

SESSIE 2

Na aanleiding van die tydlyninligting was dit baie duidelik dat Dirkie 'n sosiale patroon van konfliktsituasies met vriende binne sosiale kontekste begin vorm het. Meeste van die voorvalle is bespreek en dit het voorgekom of Dirkie as't ware hierdie situasies na hom toe 'aantrek' en onbewustelik skep, aangesien hy sy eie gevoelens van homself in die persone rondom hom projekteer - gevoelens soos minderwaardigheid en swak eiewaarde.

Die respondent is vervolgens gevra om 'n vorige spanningsvolle sosiale situasie te beskryf en in 10 woorde saam te vat. Die drie woorde wat uitgestaan het, was: *bang, simpel en lag*.

Die respondent is verder gevra om te visualiseer hoe Jesus Christus saam met hom in hierdie situasies instap en hom met sosiaal en emosionele intelligente gedrag help (5.7.5.2; 3.2.4.3). Indien hy in sulke situasies sou seerkry, is Jesus telkens daar om beheer oor te neem en alles wat verkeerd gegaan het weer te herstel (Kotze, 2006:177).

Met betrekking tot emosionele en sosiale intelligente gedrag is Jesus Christus as voorbeeld vir verhoudings bespreek (5.8.2). Daar is ook aan hom uitgewys hoedat Jesus Christus se lewe samevattend as liefde beskryf kan word (vgl. Carter & Coleman, 2009:13-65). Hy is verder ook aangemoedig om deurgaans volle beheer van al sy emosies en gedrag aan die beheer van die Heilige Gees te gee – die gevolg hiervan sal uiteraard die vrug van die Gees, onder andere liefde, wees (Gal 5:22).

Those left behind had one central assignment—they were to communicate their lived experience of the Lord to the world (Hudson, 2010:127; vgl. ook Wright, 2006:189).

In die bespreking van die respondent se *collage* op sy profiel het dit geblyk dat sy eiewaarde inderdaad intens aangetas was en dat hy min kennis van sy waarde as God se geliefde gedra het.

Navorsers: *“Voel jy dat jy deur God in Jesus aanvaar word?”*

Respondent: *“Ek voel nie altyd goed genoeg nie – van die ander is beter as ek”.*

Navorsers: *“Dit is belangrik dat jy weet dat God lief vir jou is en jy sal Christus beter moet leer ken om dit te weet.”*

Die respondent is gevra om na een belewenis van onvoorwaardelike liefde te verwys wat hy al van God ervaar het. Hy het genoem dat God hom wel een goeie vriend gegee het, al het die betrokke persoon hom by tye teleurgestel. Hy het ook genoem dat God hom onvoorwaardelik aanvaar na aanleiding van ons gesprek. Deur die Skrif kan mense Jesus Christus se karakter leer ken. Die respondent is aangemoedig om enige van die vier Evangelies te neem en intensief op Jesus se gevoelens teenoor God te fokus (vgl. ook Langberg, 1999:182). Verder moet hy let op hoe Jesus in verhouding met ander optree, die boodskap wat Hy bring, Sy opinies en die dinge waaraan Hy waarde heg. Daarna moes die respondent oorweeg hoe dit op sy eie lewe van toepassing is en hoe Jesus moontlik sou gelewe het as Hy in die respondent se plek moes gewees het.

Neglect of one's relationship with God also causes spiritual illness. We are made for closeness to God. Such closeness requires time spent with Him. Jesus valued this intimacy so much that he frequently went off to solitary places to be with the Father (Kraft, 1994:64; Matt 14:13).

Saam met die opdrag om op een van die Evangelies te fokus, is die respondent gevra om gedagtes van dit wat hy gelees het op enige wyse iewers op sy profiel

bekend te maak. Hy het ingestem om dit te doen en het baie op Jesus Christus se liefde in sy uitbeeldings gefokus.

Hy het genoem dat hy veilig voel en vrymoedigheid gehad het om vriendelik met ander te wees en nie hulle te verwerp voor hulle hom kan verwerp nie (die respondent het ander woorde gebruik). Die respondent het ook die geleentheid benut om oor Christus se voorbeeld van sosiale en emosionele gedrag te gesels (5.8.2). Hy is weer gevra om die situasie in drie woorde te probeer saamvat na aanleiding van 'n vroeër visualisering van Jesus aan sy sy binne sosiale omstandighede. Die drie woorde wat vervolgens uitgestaan het, was: *glimlag, hou van, en voorbeeld*.

Navorsers: *“As daar 'n filmsnit op jou tydlyn van hierdie nuwe sosiale gebeurtenis met jou nuwe manier van doen sou wees, sou daar vriende wees wat dit 'like' of kommentaar daarop lewer?”*

Die respondent het saamgestem dat hierdie manier van funksionering tot sy voordeel sou wees. Die respondent is vervolgens gevra om enigiets te kies wat hy op sy tydlyn sou wou skryf of plak of doen. Hy het gekies om 'n prentjie op te plak wat sê *“Jy is OK, almal is OK.”* Sy bedoeling hiermee was dat niemand beter as iemand anders is nie en dat sy waarde meer as genoeg is. Hy het ook genoem dat hy 'n vriend, wat hy voorheen van sy profiel afgevee het, sou wou terugnooi om vriende te wees.

Aan die respondent is nog huiswerk gegee om met verloop van tyd op sy profiel uit te beeld. Hierdie aktiwiteit was steeds daarop gefokus om hom met die vestiging van 'n gesonde identiteit te help. Hy is gevra om na Bybelgedeeltes te gaan soek wat vir hom 'n uitbeelding en bevestiging van sy identiteit in God was en hoe God hom van waarde ag. Verder moes hy vervolgens die betrokke Skrifgedeeltes neerskryf (spesifiek op die tydlyn as deel van sy profiel) en dit volgens betekenisvolheid vir hom nommer. Vervolgens moes hy elke dag vir tien minute tydens sy stiltetyd bid en in sy geestesoog visualiseer hoe Jesus Christus langs hom kom sit en hierdie

spesifieke Skrifgedeeltes op hom persoonlik van toepassing maak. Gedurende hierdie stiltetye moet hy sy gees en sy gemoed ten volle oopstel om as geliefde van God alles te ontvang wat God vir hom ingedagte het. Van sy kant af moet hy ook vir God sê wat sy eie behoeftes is.

SESSIE 3

Dirkie het baie aan sy tydlyn gewerk en een aspek wat veral uitgestaan het, was 'n filmsnit van Kendra Hendriks, 'n 100m atleet. Die titel heet '*She missed the team, so she broke the record instead.*'

Na gesprekvoering het dit geblyk dat die betrokke atleet se filmsnit vir hom baie inspirerend was in die sin dat mens enigiets sou kon bereik en selfs met tye jouself so kan verbaas. In die filmsnit het Hendriks gedink sy was slegs eerste en later in trane van verbasing uitgebars toe hulle aan haar bekend gemaak het dat sy 'n rekord gebreek het. Dirkie was van mening dat sommige mense 'n opinie oor hom gaan hê en hom nie in die 'span' insluit nie en hom moontlik kan verwerp, maar dat hy op sy eie tyd sal doen wat hy kan 'inskryf' en miskien homself en ander deur Jesus Christus se leiding en voorbeeld verbaas.

Navorser: *"Is daar iemand met wie jy hierdie video wil 'share'?"*

Respondent: *"Met my pa."*

Navorser: *"Is daar 'n 'memory' van die verlede wat Facebook dalk nou met jou sou wou deel?"* ('n Funksie wat Facebook oor beskik is om herinneringe van die verlede weer op dieselfde datum vir die persoon op sy/haar profiel te wys).

Respondent: *"Ek het 'n jaar terug omtrent hierdie tyd na die ander skool geskuif en by my oupa en ouma gaan bly."*

Navorser: *"Was dit vir jou moeilik?"*

Respondent: *"Ja ek was bang dat hulle nie van my sou hou nie."*

Navorser: *"Maak dit jou steeds bang om daaraan te dink?"*

Respondent: *"Nee tannie."*

Navorser: *“Hoe sien jy nou die verhouding tussen jou daaglikse vriendskappe en jou verhouding met God?”*

Respondent: *“Ek is soos ek is met ’n rede en ander is my medemens, ek moet hulle met liefde hanteer”*

Die navorser en respondent het vervolgens in gesprek gegaan oor die belangrikheid van doelwitte en om gefokus te wees, en die feit dat dit belangrike fasette van menswees is.

Navorser: *“Wat is jou volgende stap in die rigting van verhoudings bou soos Jesus dit gedoen het?”*

Die respondent het gekies om ’n slagspreuk van, ‘God is getrou’, in een van sy vriendinne se koevertjie te sit. Hy het genoem dat sy oor iets persoonlik wroeg en niemand weet daarvan nie.

Die respondent is gevra om voorvalle te soek en te merk of op die profiel se tydlyn by te werk waar hy/sy die draer van liefdevolle teenwoordigheid was, selfs die wat die respondent gevoel het nie baie betekenisvol is nie. Wanneer die lys voltooi is, moet die respondent God vir die voorreg dank om deel van Sy werk te kon wees al was dit moeilike tye waardeur die persoon is. Die respondent moet ook kennis daarvan neem dat hy nou ook ander in moeilike tye kan ondersteun (Wright, 2006:190; Vgl. Hudson, 2010:42).

Navorser: *“Hoe voel jy oor die opmerking by geleentheid deur moeder Teresa dat elke individu iets wonderlik het om vir God te doen?”*

Respondent: *“ Dit maak dat ek spesiaal voel en opgewonde om te beplan oor my toekoms.”*

We are called to *being* before we are called to doing. The primary gift we bring to the world is always who we are, the compassionate and responsive person that the Spirit is gradually forming (Hudson, 2010:87).

Volgens Hudson (2010:87) vorm die mens se doelwitte 'n skakel met die individu se ervaring van pyn. Dit bevorder kontak met die Heilige Gees wat vervolgens die vrug van die Gees voortbring. Die mens sal tot dit wat hy/sy moet wees met God se hulp ontwikkel (Langberg, 1999:179) en word stelselmatig in die Gees se teenwoordigheid gevorm (Langberg, 1999:178).

Die respondent is daarna gevra om die volgende vrae te voltooi en moontlik met ander op sy profiel te deel. Hy sou dit ook oor verskillende dae kon beantwoord ten einde bewuswording te bevorder – hy sou ook prentjies daarvan kon maak:

- *“Wat het ek om voor dankbaar te wees?”*
- *“Waaroor het ek sterk emosies vandag ervaar?”*
- *“Waarvoor moet ek God om vergifnis vra?”*
- *“Waarvoor benodig ek more God se hulp en leiding?”*

Deurlopende pastorale ingrepe in Dirkie se geval

Tydens die verdere proses met Dirkie is daar op gereelde basis Skriftuurlike insigte tydens die opvolgsessies gedeel. In die proses was dit duidelik dat hierdie insette tot psigiese en geestelike groei bygedra het aangesien hy bereid was om dit gaandeweg van sy gedagteraamwerk en identiteitvorming deel te maak. In die algemeen begin respondente wat positief op hierdie tipe insette reageer, die valse denke met die Bybelse waarhede rakende hul waarde, identiteit en verhoudings vervang. In Dirkie se geval was hierdie proses baie duidelik waarneembaar.

As deel van laasvermelde proses is die verdere doelwit om gewoonlik in besonder op die respondent se geestelike en psigiese groei (5.3.5) te fokus. In Dirkie se geval het dit tot groter selfbewuswording gelei terwyl kognisies wat verwronge was, uitgewys en gekorrigeer is (vgl. 3.2.2.4; Kotze, 2006:177). Daar is verder ook in besonder klem op sy identiteit en eiewaarde aan die hand van belangrike Bybelse waarhede (5.3.7) gelê en in die proses is daar telkens gepoog om sekere wanpersepsies te korrigeer. Op hierdie wyse kon hy dus stelselmatig begin glo dat

hy nie deurgaans die slagoffer hoef te wees nie, en indien hy wel sou wees, dat Jesus Christus daar sou wees om hom te ondersteun en te help.

Dirkie is verder tot die insigte dat die Heilige Gees in hom as gelowige werk, met die oog op 'n ingesteldheid van goedheid teenoor ander, begelei. Dit vind plaas deur die gawes wat gegee is vanaf God (5.3.2) en die feit dat hy, tesame met alle ander gelowiges, deel van een spirituele eenheid is (vgl. De Boer, 2011:363). In die proses is 'n sinvolle verhouding met Jesus Christus herstel (Coetzer, 2013:10) aangesien Dirkie God se liefde vir hom as mens besef het (Draper, 1996:179).

Wat Dirkie se emosionele verwonding betref, het die navorser grootliks op Psalm 113:7- 8 gefokus. Hoewel Dirkie se eiewaarde aangetas was, was die wonderlike belofte daar dat God hom vanuit die ashoop sou optel en langs prinse sou laat sit – Dirkie kon inderdaad iets hiervan reeds begin ervaar.

Die navorser het verder met die respondent oor die gedagte gepraat om moontlik later ook 'n beradingsessie saam met sy pa te hê. Hy was van mening dat dit nodig sou wees om sy pa te help aangesien sy pa met tye baie geïrriteerd geraak het met hulle en nêrens heen wou gaan nie. Daar is vervolgens afsprake met die respondent se pa (gevallestudie 4) gereël nadat berading met die seun afgehandel is.

2.18 Gevallestudie 4: Hendrik (vgl. Bylaag N)

Hendrik is Dirkie (gevallestudie 3) se pa. Hy is getroud en boer op 'n baie groot plaas. Hy het vroeër sy pa se plaasbedryf oorgeneem en werk baie hard. Hy is baie perfeksionisties. Hy is getroud en het drie kinders. Hendrik was as kind geboelie en daar bestaan 'n groot moontlikheid van generasiebagasie tussen hom en sy seun, veral wat verhoudings met ander betref. Aangesien Hendrik nie gereeld sou kon inry dorp toe as gevolg van werksomstandighede nie en ook as gevolg van liggaamlike probleme, het die navorser voorgestel dat afsprake geskeduleer word wanneer hy wel in die dorp sou wees. Die res van die tyd sou die navorser aan hom huiswerk (elektronies) gee, veral wat selfbewuswording betref, om te doen.

Aanmeldingsklagte en simptome was die volgende: Hendrik raak met tye baie geïrriteerd, is angstig en isoleer homself. Hendrik blyk geneig tot angs te wees. Hy raak moedeloos en gefrustreerd wanneer alles nie perfek verloop of as elke komponent van sy lewe nie in sy oë perfek is nie. Dit klink asof hy onhaalbare doelwitte vir homself met tye stel.

Tydens die eerste onderhoud was die sessie met die oog op basiese oerleiding (vgl. gevallestudie 3, Dirkie; Richardson, 2005:124) geskeduleer maar die gesprek het die punt bereik waar Hendrik tot persoonlike berading ingestem het. Hy het begin vertel van sy lewe tot en met 10 jarige ouderdom. Hy was in 'n koshuis aangesien sy ouers op die plaas gewoon het. Een van die ouer seuns het hom baie geboelie.

Navorsers: *“Het hierdie geboelie jou identiteit in enige opsig beïnvloed?”*

Respondent: *“Nee ek glo nie dit het nie, ek het gedink dit is maar kinderspeletjies.”*

Navorsers: *“Wat het jy gedoen wanneer jy geboelie is?”*

Respondent: *“Uit hulle pad gebly.”*

Navorsers: *“Het jy jouself probeer beskerm deur uit hulle pad te bly?”*

Respondent: *“Ek kon nie werklik nie, hulle was op dieselfde gang as ek.”*

Navorsers: *“Het jy bang gevoel.”*

Respondent: *“Nee ek was nie.”*

Die navorser het voorgestel dat hulle in gebed sou gaan en vra dat die Heilige Gees enige verskuilde bekommernisse en ook enige emosionele verwonding wat kon plaasvind sal openbaar. Daar is vervolgens saamgebid en die Heilige Gees is gevra om die respondent gerus te stel dat hierdie 'n veilige plek sou wees om oor enigiets wat pla te gesels en dat die respondent kon weet dat Jesus Christus saam met hom die pad van genesing sou stap met betrekking tot enige negatiewe herinneringe wat na vore sou mag tree (5.7.5.1; 5.9.4.6; Richardson, 2005:228).

Navorsers: *“Het jy 'n gunsteling prentjie of film of boek gehad?”*

(In hierdie geval het die navorser die *Facebook*-tegnieke as vraestelling (3.2.9)

gebruik sonder dat die respondent 'n tydlyn gehad het. Die model leen dit daartoe dat enige beginner navorser sou kon weet watter vrae gevra kan word om eksternalisering te bevorder asook opvolgende vrae te stimuleer. In hierdie geval kon die tegniek, met die nodige aanpassing, ewe gemaklik op 'n ouer persoon toegepas word. Die tegniek is dus in die algemeen meer riglyne vir vraestelling en eksternalisering (3.2.4;3.2.9) as wat dit vir die respondent werk is om te voltooi).

Respondent: *“Daar was 'n gedig teen die muur van my Engelse juffrou wat gegaan het oor ‘The road less travelled’. Ek het daarvan gehou. Ek kan nog 'n deel daarvan onthou, ‘Two roads diverged in a word, and I took the one less travelled by, and that has made all the difference’, deur Robert Frost.”*

Navorser: *“Hoekom dink jy was dit op die juffrou se muur?”*

Respondent: *“Ek dink sy het geweet jongmense het nodig om te weet hulle het 'n keuse... en dit was daar vir my om te sien, reg langs my.”*

Navorser: *“Waarom moes jy dit sien?”*

Respondent: *“Ek moes kies of slegte dinge my toekoms gaan vernietig?”*

Navorser: *“Slegte dinge?”*

Respondent: *“Daar was 'n ouer matriekseun wat met tye na my toe gekom het in die koshuis toe ek so 9 of 10 was, sy pa was die koshuisvader. Ek het niemand daarvan gesê nie.”*

Die navorser het empaties verder geluister. Dit was baie moeilik vir die respondent om hieroor te praat. Hy het baie met vrae soos die volgende geworstel: “Waar was God in hierdie tyd, hoekom het Hy hom nie beskerm nie, hoe moet hy die persoon vergewe”?

Die navorser het die proses van genesing begin deur die respondent in gebed as't ware terug te begelei tot 'n herbelewenis van die betrokke insident jare gelede (Seamands, 1993:294; vgl. ook 3.2.6). Hy het die trauma weer beleef en vrees ervaar

asook dieselfde weerloosheid wat hy as kind destyds ervaar het. Die navorser het toe aan hom gevra of hy vir Jesus Christus kon sien wat by hom staan in die vertrek en dat Hy daar is om hom te versterk en hom deur die trauma te help en aan hom veiligheid en sekuriteit te bied (Vgl. ook Littauer, 1996:108, 112-120). Hy is ook gevra om die emosies wat hy ervaar het te identifiseer en daar is vervolgens saam met hom spesifiek vir elkeen hiervan gebed ten einde genesing te ontvang. Hy is daarna ook na spesifieke detail, soos die oortreder se naam, gevra sodat hierdie gedetailleerde inligting ook in gebed aan Jesus Christus vir vergifnis en vrypraak gegee kon word (Kraft, 1994:93, 98).

Die navorser het daarna in gebed vir God gevra om die wonde van hierdie traumatiese ervaring te genees en om vir die beradene te help om die oortreder ten volle aan God se sorg toe te vertrou (5.9.4.6; vgl. ook Seamands, 1995:141; Richardson, 2005:157).

Hendrik het hierna die kleurpotlode geneem en 'n reënboog geteken.

Navorser: *“Jy kan die tydlyn gaan invul soos jy onthou voor of na hierdie prentjie, maar as ons jou tydlyn nou hier kan begin met hierdie prentjie, wat sou jy hier op jou tydlyn wou byvoeg (inskryf)?”* (Die tydlyn sou later as die narratiewe struktuur vir vraestelling kon dien, of dit sou slegs riglyne vir die navorser kon wees om 'n opvolgende vraag te stel (3.2.9;3.2.3).

Respondent: *“God het 'n reënboog as simbool gegee dat hy by Sy belofte hou en ek sou daar wil byvoeg dat daar altyd iets sal wees om my te herinner dat God sal ingryp.”* **Navorser:** *“Sou hierdie dus vir jou 'n simbool van genesing vanaf God kon wees? Dalk kan jy 'n slagspreuk op jou tydlyn byvoeg om die meer geïntegreerde weergawe van jouself te motiveer?”*

Respondent: *“God is in control!”*

Navorser: *“Het dinge vir jou tye buite beheer gevoel?”*

Respondent: *“Ja veral met die traumatiese insidente... nou ook met tye.”*

Navorser: *“Kan perfeksionisme en om alles reg en perfek te doen en te hou, 'n gevolg van 'n behoefte wees om beheer te probeer behou?”*

Respondent: *“Moontlik.”*

Navorsers: *“As jy aan enige foto’s kan dink wat jy as tiener tydens onderom 13-15 jaar op jou tydlyn sou wou plak, wat sou dit wees?”*

Respondent: *“Ek sal ’n foto van myself wat ‘awkward’ met draadjies lyk, wou plak.”*

Navorsers: *“Was jy anders as ander jongmense sou jy sê?”*

Respondent: *“Ja dit het gevoel of dit wat gebeur het net met my gebeur het, ek is anders en almal kyk hoe simpel ek met draadjies lyk.”*

Die navorsers is bewus van jongmense se oormatige ‘bewustheid’ van ’n denkbeeldige gehoor. Dit impliseer hul geneigdheid om te glo dat almal vir hulle kyk en hulle gedrag tot ’n mate evalueer en dit maak hulle nog meer as volwassenes selfbewus. In hierdie geval het die trauma van die molestering en die emosionele verwonding deur die boelies baie skade aangerig en die respondent het dit deel van sy identiteit gemaak en gevolglik het sy eiewaarde drasties afgeneem. Sy persepsie van grense was ook as gevolg van die seksuele trauma, besoedel (3.2.4.3; 3.2.5.3).

Navorsers: *“Voel jy skuldig oor dit wat gebeur het, en dink jy. jy moet skuldig voel?”*

Die respondent het geverbaliseer dat hy skuldig voel maar hy kon nie insien hoekom nie. Hierdie aspek is ook tydens ’n gebedsessie hanteer, asook die vergifnisproses – die respondent het tydens hierdie sessie Jesus Christus se teenwoordigheid besonder ervaar. Tydens hierdie sessie was daar spesifiek na die negatiewe emosies wat vroeër beleef is (Seamands, 1993:294) verwys en God is gevra om hierdie gevoelens weg te neem en vergifnis aan die oortreder te gee (3.2.5.2; 5.8.2.3).

Die respondent het die lied, *Vlieg soos ’n arend*, na hierdie gebedsessie gekies as ’n lied wat vandag op sy tydlyn geskryf sou kon word. Hy is huis toe met die opdrag om elektronies sy tydlyn verder te voltooi deur foto’s, vriende, slagspreuke, films, herinneringe en gebeure op die tydlyn in te vul.

Navorsers: *“Is daar enige pos in jou ‘inbox’?”*

Respondent: *“Dalk briefies van almal by wie ek nie uitkom om te kontak nie. Ek het min tyd.”*

Navorser: *“Kry jy tyd vir Bybelstudie en om aan jou verhouding met God te bou?”*

Die respondent het genoem dat sy tydbesteding en verhouding met God nie is soos wat dit moet wees nie. Daar was gevolglik gesprekvoering oor die respondent se Godsbeeld en hoe die verlede sy huidige beeld van God beïnvloed het.

Navorser: *“Hoe sou jou lewe anders wees indien jou beeld van God herstel word en die verhouding weer begin versterk.”*

Respondent: *“Ek sal waarskynlik minder angstig voel.”*

Navorser: *“Wanneer was die eerste keer wat jy van God se liefde vir jou bewus geraak het?”*

Respondent: *“Met Sy hulp het ek op die regte tyd sekere dinge raakgesien en wysheid verkry vanaf die regte mense wat oor my pad gekom het.”*

Hy het vervolgens die opdrag gekry om elke dag iets sinvols op sy tydlyn te skryf of te plak en die tydlyn vervolgens weekliks aan die navorser te e-pos. Die tydlyn is ook na die maandelikse sessie gebring ter samevatting van die e-posse wat in die tussentyd tussen die navorser en respondent gewissel is. Die volgende riglyne is vir aktiwiteite van sy keuse op die tydlyn van sy profiel gegee:

- Sy ervaring van God in sy daaglikse roetine van elke dag.
- Sy pogings om van God se teenwoordigheid gedurende die dag bewus te wees en dan ook aan te dui wat dit was wat hom die meeste gehelp het.
- Om aan te dui waarvoor hy dankbaarheid is en waarom?
- Om aan te toon hoe sy daaglikse lewe anders sal wees indien hy alles wat hy doen, met die doel doen om dit vir God te doen?
- Om aan te dui hoe hy sy bewustheid van God in sy daaglikse lewe in die toekoms kan verbeter?”

Navorser: *“Beskryf jou eerste herinnering in gebed met God.”* (Vgl. Wright, 2006:81)

Respondent: *“Aan tafel vir danksegging.”*

Navorser: *“Hoe sou jy daarvan hou om jou gesprekvoering in meer diepte met God te doen en sodoende julle verhouding te verdiep?”*

Respondent: “*Ek is onseker hoe, maar sou dit graag wou doen*”.

Die respondent is gevra om sy gebed neer te skryf en die kern daarvan op een of ander wyse op die tydlyn van sy profiel uit te beeld, soos byvoorbeeld deur middel van 'n filmsnit of prentjie of *post*.

Volgens Kraft (2005:18-20; Matt 11:28) bevorder gebed selfbewuswording aangesien die mens geleentheid kry om te vra wat hy/sy benodig en kans kry om hul ware gevoelens bekend te maak. Die outeur beklemtoon ook die volharding in gebed en om soos Jesus te bid (vgl. Luk 11:1-13). Draper (1996:152) beveel aan dat die mens Psalms in berading gebruik en om te bid. Deur die Psalms te bid kan baie terapieë wees. Die individu moet die Psalm deel van sy/haar eie biddende hart maak en vervolgens sy/haar eie gevoelens en ervarings as't ware in die woorde van die betrokke Psalm 'inweef'. In die geval van Hendrik is daar leiding rakende Psalm 113 gegee. In hierdie verband is die volgende stellings aan hom gestuur om self op sy profiel van toepassing te maak en te interpreteer soos wat dit vir hom betekenis het:

- Die mens besef God se Heiligheid en die hart beweeg in stille bewondering.
- Om te bid vir die koms van die Koninkryk bewys die mens se gewilligheid om na God se beeld te verander.
- Om vir daaglikse brood te bid, maak die persoon bewus van alles wat vir die volle funksionering van die mens benodig word.
- Om die self vir God se vergifnis oop te stel, gee geleentheid aan die individu om eie sonde te erken en ander ook te vergewe.

Die volgende vraagstuk ('*quiz*') is ook aan Hendrik gestuur om deel van sy profiel te maak. Hierdie e-pos is na aanleiding van vorige gesprekke gestuur waaruit geblyk het dat daar gereeld problematiese belewenisse rondom verhoudings was. Die wyse waarop mense ander sien, bepaal hoe hulle ook hanteer sal word – ander mense moet deur Jesus se oë gesien word:

- Hoe beplan jy om daaglik meer soos Jesus te word?

- Hoe maak jy tyd vir dit wat jy voel van meer belang is?
- Hoe kan ek my belangrikste verhoudings koester? Sluit dit my verhouding met God in?
- Hoe kan ek beter dissipelskap in my daaglikse lewe toepas?

Pastorale ingrepe

Die navorser het vir Hendrik tot selfbewuswording begelei, en kognisies wat verwronge was probeer uitwys en vervolgens gekorrigeer. Daar is in besonder ook op sy identiteit en eiewaarde en deur middel van Bybelse waarhede is daar telkens gepoog om sekere wanpersepsies te korrigeer.

Die werking van die Heilige Gees kon duidelik in Hendrik bespeur word betreffende die bou van gesonde verhoudings, die vestiging van gesonde grense (vgl. Spr 13:12; Langberg, 1999:125) en die gevolglike vermindering van isolasie, met besondere verwysing na Galasiërs 5:22-23. Gesonde verhoudings help ook om traumatiese ervarings te hanteer en eiewaarde te verhoog (Jantz, 2009:285).

Met die hantering van die emosionele wonde wat hom toegedien is, asook die seksuele trauma, is Psalm 113:7-8 gebruik. Hoewel Hendrik voel dat hy emosioneel skade berokken is en ook met skuldgevoelens oorlaai is, is hierdie vers aan hom verduidelik, naamlik dat God hom vanuit die ashoop wil optel en langs prinse laat sit. Hy is dus van groot waarde en belang (5.7.5.1). God help inderdaad ook om gesonde grense te stel (Cloud & Townsend, 2008:1222; Langberg, 1999:126). Tydens die gebedsessie is hierdie Psalm ook gebruik. Hendrik het uiteindelik vertroosting en versterking van sy waarde by God gevind. Soos talle ander wat hierdie selfde roete gevolg het, kon Hendrik met die volgende uitspraak van Twombly (1998:137) identifiseer:

As we have seen, the answer to the question, "Where was God when I cried?" is that God was there. He was with me all the time. The

same is true for you. God knows your pain. He knows your hurts. That is why He is reaching out to you now. He alone knows the depth of your betrayal. He cares about you. If you are to access God's love, you must choose the Father and accept His Son, Jesus. You must also believe that God has good in store for you.

Hendrik is ook gevra om deurlopend uitbeeldings van sy keuses op sy tydlyn van enigiets waarvoor hy dankbaar teenoor God was te maak. Hy het hierdie uitdaging aanvaar en het gaandeweg meer en meer tot die besef van wat sy waarde by God was gekom en hy het sy hoop in Jesus Christus gevind. Op hierdie wyse het hy dus psigies en geestelik met sy groeiproses 'n aanvang geneem.

2.19 SAMEVATTING VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

Die belangrikste aspekte wat vanuit hierdie empiriese hoofstuk na vore gekom het, kan soos volg saamgevat word:

- Die navorser moet besluit of die ondersoek kwantitatief of kwalitatief of 'n kombinasie van die twee sal wees. Die navorsingsontwerp word vervolgens gekies. Daar word tussen verkennend, verklarend, beskrywend, of 'n kombinasie van die bogenoemde gekies. Die wyse van data-insameling word ook bepaal. Daar word 'n keuse tussen onderhoude, meetinstrumente, skale of vraelyste gemaak.
- In hierdie betrokke navorsing het die navorser op basiese navorsing, deur middel van 'n kwalitatiewe ondersoek wat gedoen word, besluit. Die navorsingsprosedure is gedoen deur van gevallestudies gebruik te maak om inligting in te win en op 'n beskrywende wyse, deur middel van 'n semi-gestruktureerde benadering, saam te stel.
- Die vertrouensverhouding tussen die navorser en die respondente was buigsaam, persoonlik en met onvoorwaardelike aanvaarding vanaf die navorser, soos deur Jesus Christus se voorbeeld bepaal.
- Vier respondente het aan hierdie navorsing deelgeneem. By al die respondente

was daar beperkte funksionering, wat emosionele verwonding impliseer, asook die potensiaal om meer te groei (psigies en geestelik), rakende hul identiteit en verhoudings. Drie van die vier respondente was adollesente en die navorser het die vierde gevallestudie na aanleiding van 'n sessie met 'n ouer gekies, aangesien ouerleiding ook in hierdie studie ter sprake is, en die metodiek ook op volwassenes van toepassing kan wees.

- In al vier hierdie gevalle was die basiese vertrekpunt om eksternalisering met die hulp van 'n narratiewe struktuur (die *Facebook*-tydlyn) as deel van die narratiewe vertelling te laat plaasvind. Hierdeur is gepoog om vas te stel wat oorspronklik die aanleidende oorsake tot die belemmerde funksionering by die respondente was. Om hierdie narratiewe (verhale) van die respondente so volledig as moontlik te kry, is daar verskeie *Facebook*-tegnieke gebruik om vraestelling deur die navorser te stimuleer. Hierdie narratiewe was deur die respondente (gevallestudies) op 'n tydlyn uitgebeeld wat hulle skriftelik of elektronies invul – die voorkoms daarvan was soortgelyk as die van *Facebook* (vgl. **Bylaag C** vir die leë invulblad, asook **Bylaag D**, 'n voorbeeld van 'n tydlyn wat tydens berading ingevul is). Hierdie tydlyn is ook in die proses van begeleiding van geestelike en psigiese groei deur middel van herraming gebruik en om distorsies reg te stel.
- Tydens die begeleidende gesprekke is daar in besonder aandag aan geleentheids geskenk waar emosionele verwonding asook seksuele trauma plaasgevind het. Tydens hierdie gesprekke is daar van gebed gebruik gemaak waartydens hierdie spesifieke insidente asook die emosionele belewenis daarvan hanteer is. Met betrekking tot die gevalle waar vergifnis nodig was, is sekere *Facebook*-tegnieke gebruik wat tot eksternalisering lei – daarna is 'n volgende simboliese aktiwiteit uitgevoer wat geïmpliseer het dat die voorval afgehandel en geïntegreer is. Die individu het dus daardeur gegroei en dit belemmer nie meer sy/haar funksionering nie.
- Wat die hantering van emosionele verwonding, trauma en gebed betref, is daar veral gebruik gemaak van die twee bronne van David Seamands, *Healing of memories* (1995), en *Healing for damaged emotions* (2004), asook Trevor

Hudson se boek, *Discovering our spiritual identity: practices for God's beloved* (2010).

- Dit het voorgekom of die navorsing se bevindinge afhanklik van die metodologie was wat gevolg is. Deur die gebruik van die tydlyn as die narratiewe struktuur en die eksternalisering met behulp van *Facebook*-tegnieke, kon die respondente suksesvol tot psigiese en geestelike groei gelei word. Die respondente was klaarblyklik goed begelei met 'n pastorale benadering waardeur negatiewe denkpattre hanteer is terwyl emosionele verwonding en trauma deur middel van Skriftuurlike waarhede en gebedsessies uitgeloop het op 'n groot mate van heling en genesing.

INTERPRETERENDE TAAK

HOOFSTUK 3

PERSPEKTIEWE VANUIT DIE AANVERWANTE WETENSKAPPE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan dit volgens Osmer (2008:4) se model om die interpreterende taak. Dit impliseer onder andere die daarstelling van 'n metateorie waar Praktiese Teologie met verskillende ander dissiplines, onder andere die Sosiale- en Natuurwetenskappe, in verbinding tree. Kruis-dissiplinêre werk vorm 'n inherente deel van Praktiese Teologie se vier take (Osmer, 2008:240). Die vier take van Osmer (2008:4), die deskriptiewe, interpreterende, normatiewe en pragmatiese, hou met mekaar verband en werk voortdurend op mekaar in. Verder beskryf Osmer ook die interpreterende aspek van Praktiese Teologie as 'n 'brug-konsep' in die sin dat dit al die verskillende sub-dissiplines binne Praktiese Teologie tot 'n eenheid saambind (Osmer, 2008:12-13).

Volgens Osmer (2008:58) word die metateorie uit komponente van realiteit, wetenskap en kennis saamgestel. Verantwoording moet vanuit drie (3) vlakke gedoen word as daar na die bogenoemde verwys word en De Klerk en De Wet (2013:6) verwoord hierdie aspek soos volg:

... [V]erantwoording ten opsigte van die implikasies van die onderliggende werklikheidsbeskouing waarmee gewerk word. Verantwoording ten opsigte van die onderliggende siening rondom die manier waarop die handelingspraxis wat ondersoek word, op 'n omvangryke en getroue manier verstaan kan word. Verantwoording ten opsigte van die onderliggende beskouing rondom die aard en taak van wetenskapsbeoefening.

Venter (1993:247) definieer metateorie as "... 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, vakke wat aspekte van dieselfde aard bestudeer". Volgens Venter (1996:89) gaan dit om vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek. In hierdie selfde verband beklemtoon Pieterse (1993:133) die feit dat interdisiplinêre interaksie die basisteorie vanuit die aangrensende wetenskappe voed.

Die navorser sal in ankerloosheid ronddryf as daar nie uitdruklike verantwoording ten opsigte van die metateoretiese onderbou van die werklikheidsbeskoulike vertrekpunte waarmee gewerk word gedoen sou word nie, terwyl daar ook aandag aan die invalshoeke en die doel van die navorsing gegee moet word (De Klerk & De Wet, 2013:7; vgl. ook Heystek, 2000:56). Daarom beklemtoon Osmer (2008:58) ook die feit dat 'n metateoretiese perspektief uit vooronderstelling oor die werklikheid, kennis en wetenskap bestaan. Die kulturele konteks, die samelewing en psigologiese interpretasie is dus van belang om Praktiese Teologie te verstaan – om waarnemings beter te begryp en te verklaar is die ondersoek van ander wetenskappe gevolglik van belang (Osmer, 2008:4,7).

In die lig van bovermelde is dit dus van belang om op 'n metateoretiese vlak 'n besluit oor die verband tussen teorie en praxis in 'n prakties-teologiese ondersoek te maak. Die teorie-praxisverhouding is daarom die kern van die prakties teologiese wetenskapsteoretiese beginsels (De Klerk & De Wet, 2013:7).

Ten einde die nodige metateoretiese insigte te verkry sal daar vervolgens in hierdie hoofstuk aandag aan die dissiplines van Psigologie, Sosiologie, Rekenaarwetenskappe, Kommunikasiekunde en ook die Mediese vakgebied geskenk word.

3.2 OOGMERKE VAN HIERDIE HOOFSTUK

Die breër oogmerk van hierdie studie is die ontwikkeling van 'n bruikbare model vir pastorale beraders. 'n Pertinente komponent van die terapeutiese benadering binne hierdie model sal op die aktiwiteite en tegnieke toegespits wees wat in

die kommunikasie medium van 'n sosiale netwerk soos *Facebook*, wat aan die meerderheid van persone, en veral jongmense bekend is, gebruik word. Hierdie pastorale model sal op 'n eklektiese benadering gebaseer wees, wat 'n narratiewe en 'n kognitiewe benadering insluit, waardeur daar in besonder op aspekte gefokus word wat van belang vir die geestelike en emosionele ontwikkeling van jongmense is ten einde goed funksionerende volwassenes te kweek.

Teen die agtergrond van bovermelde breë agtergrond van hierdie studie as geheel, sal daar wat hierdie spesifieke hoofstuk betref, meer op moontlike bydraes vanuit aangrensende wetenskappe en spesifiek die sub-dissiplines soos reeds vermeld gefokus word.

Die aspekte wat vervolgens aan die orde sal kom, is die volgende:

- *Narratiewe terapie* – hierdie benadering behels die vertelling van die individuele verlede en eksternalisering van ervarings asook trauma.
- *Kognitiewe gedragsterapie* – die herstelling en korrigering van gedagtes en gedagteraamwerk is hier van belang.
- *Jongmense* – die tegnieke wat vanuit hierdie studie voorgestel word, word meestal op adolessente gemik.
- *Identiteit* – dit sluit in eiewaarde en selfbewuswording.
- *Verhoudings* – hier word veral op aspekte soos oerleiding, vergifnis en grense gefokus.
- *Seksuele trauma* – die fokus val op die drie areas van verkragting, molestering en bloedsbande.
- *Emosionele verwonding en trauma* – aandag sal hier aan die psige en emosies van die individu, wat skade weens trauma opgedoen het, geskenk word.

3.2.1 Narratiewe terapie

Narratiewe terapie is op die werk van Michael White en David Epston gebaseer (White & Epston, 1990:38).

Die narratiewe benadering het die afgelope aantal jare redelike inslag onder andere binne die dissiplines van die psigologie (vgl. Bruner, 1991:69; White & Epston, 1990:38), sosiologie (Riessman & Quinney, 2005:392) psigiatrie (Lewis, 2011:57) en teologie (vgl. Ganzevoort, 2011:1) gevind. Die narratiewe benadering word daarop gebaseer dat die individu nie werklik objektiewe gebeurtenisse kan begryp nie en dat alles slegs narratiewe van gebeurtenisse is (White & Epston, 1990:14).

3.2.2.1 Doelwitte van narratiewe terapie

Die narratiewe berader se doel is gevolglik om die oortuigings en idees wat deel van die probleem van die kliënt is te ontdek en te dekonstrueer (Morgan, 2000:45). Daar word ook vir die beradene sin en betekenis uit vorige ervarings geskep (Josselson *et al.*, 2003:79). Die hart van die narratief is dus dat 'n ervaring uiteindelik 'n vertelling/storie kan word wat vervolgens, vanuit die opeenvolgende gebeure oor 'n tydperk heen, sin maak (White & Epston, 1990:10; Squire, 2008:49).

Hoe die probleem homself handhaaf in die beradene se lewe en hoe sterk die 'stem' van die probleem is, moet bepaal word (White & Epston, 1990:3) sodat die persoon die effek daarvan in sy/haar lewe kan assesseer en ook kan sien hoe dit in sy/haar lewe funksioneer (White & Epston, 1990:49). Die bydraende invloede kan vervolgens as deel van die geheel gesien word (Knoetze & Stroud, 2012:359).

Die klem in narratiewe terapie val op die interpretasie van die individu se storie en die betekenis vir hom/haar. Dit gaan ook in besonder oor die insluiting van 'n ondersoek van die individu se objektiewe ervaring en na hierdie benadering in geheel word as die intrapsigiese perspektief verwys (Phipps & Vorster, 2011:33).

3.2.1.2 Tydlyn en vertelling

Die rasionaal agter die idee om die verhaal van die mens se lewe te skryf is om die verlede se dele saam te voeg ten einde 'n betekenisvolle 'collage' te vorm sodat dit wat tans gesien en ervaar word, sinvol verteenwoordig kan word. Deur die

narratiewe word die individu gevolglik gehelp om die chaos van 'n oorweldigende klomp gebeure sinvol te probeer struktureer (Knoetze & Stroud, 2012:359). Die klem val op die stories en verhale van mense se lewens en hoe verskille deur die hervertelling van hierdie verhale gemaak kan word (Wallis *et al.*, 2011:488). Die verlede, hede en toekoms moet op hierdie wyse in 'n liniêre volgorde voorgestel word (White & Epston, 1990:229).

Die storie het 'n begin wat ook die geskiedenis is, die middel wat die huidige is, en 'n einde wat die toekoms is (White & Epston, 1990:10; Squire, 2008:49). Persone se stories kry vorm en word deur die narratiewe gevorm en narratiewe maak dit moontlik om ervarings tot 'n betekenisvolle struktuur te organiseer. Daarom kry die individu dan ook geleentheid om te verstaan hoe betekenisvol 'n ervaring was en 'n spesifieke ervaring van ander ervarings te kan skei (Squire, 2008:51).

Die storie verteenwoordig 'n verband tussen die huidige voorstelling en die verlede – dit geskied op so wyse dat 'n koherente verslag van hulself en die wêreld om hulle gegee word (Knoetze & Stroud, 2012:359). Die unieke samevoeging van die binne (die individu se innerlike ervaring van gebeurtenisse) en buite wêreld van 'n storie (wat gebeur) impliseer vir die skrywer om die storie te herstruktureer en te herorden sodat dit vir hom/haar en die leser sin kan maak. In hierdie opsig handel die storie dus oor die ervaring daarvan deur die skrywer (Knoetze & Stroud, 2012:358). Volgens Burr (1995:135) vorm die verteller sy/haar verhaal se tema self (bv. komedie, drama, ens.) deur middel van die ervaring van die gebeurtenisse.

Rasmussen (2012:71) is van mening dat 'n tydlyn van groot waarde vir getraumatiseerdes kan wees aangesien dit hulle help om die probleme wat hulle tans ervaar binne die groot prentjie van hulle verhaal te kan plaas. Verder kan die gebruik van simbole in hierdie tydlyn waardevol aangewend word om die positiewe en negatiewe gebeure uit te beeld. Daardeur kan sekere optredes as die gevolge van die trauma, soos byvoorbeeld uitreagerende gedrag, ook geïdentifiseer word.

3.2.1.3 Eksternalisering

Die berader help die beradene om hul narratiewe sterker en dieper te maak, deur vrae te vra om die lewensgebeurtenisse wat vertel word te verhelder en duideliker te maak (White & Epston, 1990:38). Dit vind plaas deur 'n uitgebreide gesprek waardeur hulle hul ervaring kan verbaliseer en die probleem bepaal kan word (Zimmerman & Beaudoin, 2002:33).

Tydens die beantwoording van die vrae help die berader ook die beradene om die verskeidenheid van negatiewe invloede en effekte op die beradene se lewe (hede en verlede) te ondersoek (White & Epston, 1990:63; Morgan, 2000:59). Deur die probleem buite die self te sien, word die probleem geobjektiveer en dit kan binne berading plaasvind deur die probleem 'n naam te gee, of dit op enige nie-verbale manier of visueel of deur 'n skets uit te beeld (Morgan, 2000:17). Deur eksternalisering vorm die beradene dus 'n ander tipe verhouding met die ervaringe wat beskryf word. Daar word dus op 'n ondersoek van die probleem se effekte gefokus eerder as wat al die klem op die probleem as deel (binne) van die beradene gelê word. Die probleem is dus die probleem en die beradene is nie die probleem nie (Morgan, 2000:59).

Dit is ook van belang dat die berader die kliënt se pyn en dit wat die kliënt se aandag oormatig in beslag neem, sal identifiseer. Op hierdie wyse word elke verhaal versigtig en noukeurig geanaliseer (Maree, 2012:158).

Omdat die berader meer gefokus is om die gebeure te eksternaliseer word die beradene meer bewus van ervaringe en emosies rondom dit en die storie word ryker met die vertel en hervertel daarvan (Morgan, 2000:59). Om die proses te laat beweeg, word vrae soos wanneer, waar en hoe gevra. Daar word na hierdie vrae as die landskap van vrae verwys. Volgens White en Epston (1990:42) is dit belangrik om baie vrae te vra en hulle het ook die sogenaamde 'landskap van identiteit-vrae' voorgestel wat oor die identiteit, waardes en motivering van die beradene handel. Een van die doelwitte van narratiewe terapie is gevolglik om die individu te help om

die 'alternatiewe storie', met 'n meer oop einde en wat meer hulp bied, te skryf (White & Epston, 1990:15). Eksternalisering behels in hierdie opsig dus om die individu aan te moedig om die probleem te objektiveer (White & Epston, 1990:16).

Tydens eksternalisering soek die berader en beradene saam vir unieke uitkomstes en daarna word die beradene se verhouding tot die probleem hersien. Die vrae word begin deur te vra 'hoe' die probleem die beradene se lewe en verhoudings geaffekteer het (White & Epston, 1990:16).

Sentrale lewenstemas as deel van die tydlyn asook die basiese onderliggende temas kan vervolgens geïdentifiseer word, die beradene voel bemagtig en kan voortaan hulle eie lewens in samewerking met die berader konstrueer en herskryf (Maree 2012:156; Morgan, 2000:33).

Probleme ontstaan egter wanneer die individu se werklike storie nie met die individu se ervaring daarvan ooreenstem nie (Phipps & Vorster, 2011:38, White & Epston, 1990:14). Die verhouding tot die probleem word dan hersien (White & Epston, 1990:40). In hierdie opsig is selfbewuswording van groot belang.

Sketse bevorder ook 'n gevoel van welstand en het dikwels terapeutiese waarde (Malchiodi, 2011:1). Dit help ook met die interaksie tussen die beradene en berader en gee ook geleentheid om gevoelens te openbaar wat verborge is. Volgens Malchiodi (2011:123) kan sketse gevolglik goed vir iemand wat trauma ervaar het aangewend word, terwyl dit ook 'n 'strelende' ervaring vir die individu gee.

3.2.1.4 Herstrukturering en herraming

Persone het in die algemeen nie 'n keuse oor watter verhale in sy/haar lewe sou afspeel nie – daar is egter wel keuses ten opsigte van watter verhale die werklikheid van sy/haar lewe gaan beïnvloed deur die manier waarop elkeen dink (Edelman, 2006:3). Binne hierdie benadering word daar besonder aandag aan die alternatiewe verstaan van wie 'n persoon is, hoe die probleem geïdentifiseer word

en ook hoe verandering deur die nuwe manier van dink kan plaasvind, geskenk (Zimmerman & Beaudoin, 2002:31).

Herraming is volgens Fourie (2012:157) 'n poging om die idees van die beradene te verander deur moontlike alternatiewe idees vir die beradene voor te stel, dus kognitiewe strukturering. Die ongerief van die ou idees kan ook aan die beradene verduidelik word. Dit behels dat indien die idee binne 'n nuwe konteks geplaas word, die betekenis daarvan vir die persoon sal verander en 'n nuwe storie kan ontwikkel (Phipps & Vorster, 2011:40).

'n Besonder betekenisvolle aspek van narratiewe terapie is om die storie te vertel en te hervertel (Phipps & Vorster, 2011:40). Herinterpretasie kan die individu bemagtig en 'n bevrydende ervaring gee – dit is, veral ten opsigte van interpersoonlike verhoudings, bemagtigend (Phipps & Vorster, 2011:41). Deur die narratiewe word die individu gehelp om sin vanuit die ervaring te maak (Bruner, 2004:701).

Wanneer die verlede en konflikte ondersoek word, kan raad vanuit die verlede verkry word en 'n goeie plan van aksie vir die toekoms beraam word (Maree, 2012:158). Die individu kry deur die narratiewe gesprekke hulp ten einde ander toekomstige keuses en besluite rakende die probleem te maak. Om op die beradene se lewensverhaal te fokus, impliseer dus om in werklikheid insig te verkry in wie die individu tans is en so selfbewuswording te versterk (Bruner, 1991:70; vgl. ook Hiltner, 1952:67).

3.2.1.5 Die rol van films, boeke, rolmodelle, slagspreuke, tydskrifte en TV-programme

Volgens Cooper *et al.* (2010:564) se studie blyk dit of die keuse van 'n individu se films en die verdere bespreking daarvan as vertrekpunt met betrekking tot 'n dialoog rondom selfbewuswording asook die individu se identiteit kan dien. Dit sou verder ook gebruik kan word om die individu se narratief van sy/haar eie lewe meer kompak te maak. Films wek 'n sekere reaksie vanaf die gehoor. Instrumente wat in die films

gebruik word, soos byvoorbeeld 'n bekende handelsmerk, word ook gebruik om sekere reaksies te wek, soos om byvoorbeeld daardie produk/instrument te kry en te gebruik. Die filmkarakters vertel 'n storie en verteenwoordig 'n narratief en 'n sekere betekenis. Hierdie produkte en voorstelling word vervolgens deur die toeskouer gebruik, wat 'n ideale self konstrueer deur die gebruik van die produk, soos in die film deur die spesifieke karakter voorgestel (Cooper *et al.*, 2010: 564). Die gebruik van die produkte en keuse van 'n film kan ook 'n aanduiding van die individu se drome en ideale self wees. Storievertelling versterk dus uiteindelik die individu se verstaan van sy/haar sosiale ervaring (Cooper *et al.*, 2010:558).

Volgens Maree (2012:162) is daar baie inligting vanuit 'n persoon se keuse van films, boeke, rolmodelle en slagspreuke beskikbaar. Maree (2012:162) is van mening dat die persoon se keuse van rolmodelle 'n aanduiding van 'n oplossing vir die sentrale lewensprobleem van die persoon is. Hy meld dat die rolmodel 'n aanduiding van die individu se sentrale lewensdoelwit en behoefte is. Die lewensstema is 'n aanduiding van die persoon se betekenis in die lewe, vrese en hoe die persoon uitdagings hanteer en ook krisisse kan oorkom. Boeke kan riglyne vir bespreking gee, en slagspreuke gee aan die individu aanduidings met betrekking tot raad vir hom/haarself. Maree (2012:162) poog om met behulp van storieboekkarakters die individu se eienskappe te bevestig en te peil. Binne hierdie selfde verband blyk ook dat die individu se gunsteling tydskrifte en televisieprogramme 'n aanduiding van hul keuse van beroep asook self-konsep kan wees. Maree (2012:166) se studie toon aan dat kliënte op hierdie wyse daarin slaag om meer duidelikheid ten opsigte van hul self-konsepte te verkry. Hiermee saam verkry hulle ook 'n insluitende skets van hul lewenssituasie en ook visie ten opsigte van die pad vorentoe asook veranderinge wat in hul lewens moet plaasvind. Dit help dus die individue om hulself beter te verstaan, in die proses 'n stuk groei ervaring te beleef, uiteindelik hulself te vind en ook raad binne hulself te vind om persoonlike probleme op te los. Sentrale lewensstemas kan vervolgens geïdentifiseer word terwyl die kliënt op so wyse bemagtig voel dat hulle hul eie lewens, in samewerking met die berader, kan konstrueer en herskryf. In die proses verkry die beradene meer selfrespek en hoop (Maree, 2012:157).

3.2.1.6 Identiteit en die narratief

Narratiewe benaderings gaan grootliks daarvoor dat identiteit deur die narratiewe gevorm word (White & Epston, 1990:66). Identiteit, gevolgtrekkings en optredes wat problematies vir die individu is en ook hoe die persoon 'n sekere probleem se effekte en invloede evalueer, dui die dominansie van die probleem-deurweekte storie aan (White & Epston, 1990:63). 'n Narratief voorsien 'n lens vir die individu om na sy/haar identiteit te kyk, dit te verstaan en te weet hoe dit gevorm is (Knoetze & Stroud, 2012:366). Om na die lewensverhaal te kyk impliseer verder om te kyk na wie die individu tans is en dit dui dikwels ook op onopgeloste konflikte (Crossley, 2002:72).

In narratiewe terapie is dit die beradene se oortuigings, vaardighede, standaarde en kennis wat hulle help om weer beheer van hulle lewe te verkry. Dit kan die persoon help om 'n alternatiewe rigting in die lewe in te slaan en hy/sy sou vervolgens kon sien dat hulle steeds, ten spyte van die probleem, oorleef en dat hul lewe nie daardeur verwoes is nie (White & Epston 1990:15). Die narratiewe benadering aanvaar dus dat persone oor baie vaardighede beskik wat hulle sal help om die invloede van probleme in hul lewens te verminder (Wallis *et al.*, 2011:488).

Verder kan gestel word dat die individu binne narratiewe geneig is om 'n identiteit te konstrueer aangesien die individu is wie hy/sy weens vorige ervarings is. Wanneer individue 'n storie van hul lewensverhale vertel, kies hulle die ervaringe wat hulle dink die meeste met wie hulle nou is, te doen het, en hoekom. Deur na die verlede te kyk poog die mens dus om te kyk wie hy/sy is (Freeman, 1993:71). Ons behou die detail binne die ervaring wat ons glo betekenisvol is en kulturele instrumente bepaal ook soms wat ons kies om te vertel (Knoetze en Stroud, 2012:359).

Om die verlede verder te ondersoek, vra die berader vrae oor aksies wat tydens sekere gebeurtenisse en ook oor identiteit geneem is. Die alternatiewe storie wat die kliënt/beradene gewoonlik vertel, behels nie die probleem nie aangesien dit die storie is van hoe die persoon sou verkies het dat dit in sy/haar lewe plaasvind of sou verloop het. Dit kan gevolglik aan die berader riglyne bied ten opsigte van die doelwitte waarheen gewerk moet word tydens die beradingsproses (Morgan, 2000:59).

3.2.1.7 Alternatiewe stories

Daar word in die proses geleentheid vir 'n nuwe en ander storie geskep deur anders daarna te kyk en ook deur eksternalisering. Hierdie ander storie is gewoonlik 'probleemvry' en is deel van die korrektiewe ervaring. Dit kan onder andere ook die beradene se vaardighede uitwys en watter komponente versterk kan word (Morgan, 2000:59). In hierdie selfde verband kan gewys word op die feit dat gesprekke oor invloedryke mense en die herskryf van waardes in die algemeen aangedui word as kragtige maniere vir persone om hulle lewens weer van probleme terug te kry (White & Epston, 1990: 66).

Die vaardigheid van die terapeut lê verder in die skep van die konteks vir verandering. Dit gaan baie oor die ondersoek van die identiteit en betekenis, wat grootliks om bewustheid gaan en in besonder ook in wat mense doen (Wallis *et al.*, 2011:488). Binne die model in hierdie studie sal gepoog word om bewustheid by die beradene te versterk, wat vervolgens die identiteit versterk en dit versterk weer verhoudings.

Dit is 'n groot uitdaging vir die berader om die toepaslikheid van die invloede van die verhale vanuit die verlede te ontdek en ook die positiewe van die toekomsverhale te identifiseer. Die terapeut moet gevolglik eensydig kyk na wat die invloede van die verlede vir die beradene beteken terwyl andersydig die uitkomst gewoonlik die uitweg op nuwe en verskillende stories is (Morgan, 2000: 59).

3.2.1.8 Praktiese riglyne

'n Studie is deur Wallis *et al.* (1990:486) rakende narratiewe terapie gedoen wat daarop dui dat enige narratiewe benadering se effektiwiteit deur die komponente onderhewig aan die model en ook die uitvoering daarvan beïnvloed word. Dit is daarom van groot belang dat narratiewe terapie nie slegs gedefinieer word nie, maar dat die metodes en komponente as deel van die uitvoering daarvan gevestig sal wees.

Binne hierdie voorgestelde model vertolk die berader in 'n sekere sin die rol van 'n ondersoekende verslaggewer. Op hierdie wyse vind daar dus 'n eksternalisering van die beradene se probleme plaas en vergemaklik dit die proses om die probleem te ondersoek en te evalueer.

In die voorgestelde model vir die onderhawige studie sal die *Facebook*-tydlyn as die narratiewe struktuur dien, terwyl die *Facebook*-tegnieke wat gebruik word, die proses van eksternalisering sal bevorder. Die bewuswordingsproses deur die beradene self is van kritiese belang en laasgenoemde twee aspekte sal dit vervolgens ook fasiliteer. As deel van die *Facebook*-profiel word dit bekend gemaak wat die beradene se smaak met betrekking tot boeke, films, vriende, slagspreuke, ens. is. Die individu se profiel is 'n groot bron van wie die beradene self is en hoekom hy funksioneer soos hy tans funksioneer, dink soos hy tans dink en moontlik ook voel. Die beradene se profiel wat elektronies (net tussen die berader en beradene) gedeel kan word of na beradingsessies saamgebring word, dien as 'n goeie riglyn vir vraestelling wat eksternalisering verseker en wat uiteindelik tot groei kan lei. Die inligting kan as huiswerk voltooi word of slegs deur die terapeut vir riglyne, met die oog op die vraestelling, gebruik word. Die benadering kan dus sodanig aangepas word soos deur die berader benodig en hoe hy/sy gemaklik sou voel – dit kan ook by die beradene aanpas en hoe hy/sy daarmee gemaklik is. Opdragte om byvoorbeeld die beradene se profiel saam te stel of die bestaande profiel te gebruik, bied op sigself terapeutiese waarde en kan selfs as 'n self-help proses in genesing beskou word aangesien die gebruik van *Facebook* aan meeste jongmense bekend is sowel as die tegnieke daarop gebaseer.

3.2.2 Kognitiewe gedragsterapie

3.2.2.1 Agtergrond van kognitiewe gedragsterapie

Hierdie benadering is baie breed en gevolglik sal daar slegs op die komponente wat spesifiek van belang vir hierdie studie is, gefokus word. Albert Ellis, 'n Amerikaanse sielkundige, het die kognitiewe gedragsterapiebenadering as 'n metode gebruik om sy eie emosionele probleme en vrese as jongmens op te los.

Hierdie benadering is grootliks op die konsep van herraming ("*reframing*"; Corey, 2001:295) gebaseer. Die benadering maak van Ellis se ABC model gebruik wat soos volg werk: A is die situasie wat die reaksie aktiveer – die sneller, B is die oortuigings wat die beradene rakende die situasie het, en C is die nagevolge, die manier hoe die beradene voel en optree (Edelman, 2006:2; Corey, 2001:300).

Die benadering van kognitiewe gedragsterapie, word deur Cohen *et al.* (2006:48) soos volg beskryf: Die beradene word gehelp om ongewenste gevoelens en gedagtes wat tot ongewenste gedrag lei te identifiseer en dit met probleemoplossingsvaardighede, alternatiewe gedagtes, gevoelens en gedrag te vervang. Dit word ook deur die nodige ouerleiding, indien moontlik, versterk.

Met onder andere die hulp van hierdie model, gebaseer op *Facebook*-tegnieke, word gepoog om beradenes geestelik en psigies te laat groei. Soos reeds vermeld is kognitiewe gedragsterapie in die algemeen van besondere belang met betrekking tot die bevordering van groei.

3.2.2.2 Voordele van kognitiewe gedragsterapie

'n Studie met kankerpatiënte het getoon dat herraming 'n positiewe invloed op die behandeling gehad het (Kim *et al.*, 2010:543). Hierdie studie het ook getoon dat goeie verhoudings en ondersteuning noodsaaklik is en ook psigiese welstand bevorder. In die onderhawige studie rakende *Facebook*-tegnieke word daar gereeld aandag aan verhoudings geskenk aangesien dit so groot rol in psigiese en geestelike gesondheid speel, soos later in meer detail bespreek sal word.

3.2.2.3 Kognitiewe gedragsterapie met jongmense

Volgens 'n studie wat deur Ahrens en Rexford (2008:201) gedoen is, is ook aangetoon dat kognitiewe gedragsterapie 'n besonder effektiewe benadering is om te gebruik wanneer daar met jongmense, wat deur trauma en emosionele verwonding geraak is, gewerk word.

Met betrekking tot die begeleiding van jongmense word die belangrikheid van plooibaarheid en buigzaamheid in die aanwending van die model waarmee gewerk word beklemtoon, veral as die berader met kognitiewe gedragsterapie werk (Cohen, Mannarin en Deblinger, 2006:5; Rowatt, 2001:43).

Die fokuspunte vir kognitiewe gedragsterapie met jongmense om die trauma beter te verwerk en wat deur 'n program rakende ouer-en-kind interaksie (CEBC: 2015) voorgestel is, is ouer-kind kommunikasie, sterker verhoudings en aanpassingsvaardighede. Deur kognitiewe hanteringsvaardighede te leer, leer die kind om die verhouding tussen gedagtes, gevoelens, gedrag en denke wat nut het en gesonder is, toe te pas. Deur die trauma-narratiewe asook die prosessering daarvan kry die beradene geleidelike oefening wat verbale, geskrewe en simboliese herinneringe van traumatiese ervarings insluit. Die storie word dus op 'n manier vertel waar daar nie oorweldigende emosies is nie. Daardeur word kognitiewe distorsies reggestel, asook disfunksionele oortuigings gekorrigeer.

3.2.2.4 Die gebruik van kognitiewe gedragsterapie as deel van 'n model wat van Facebook-tegnieke gebruik maak

Die volgorde van die komponente, identiteit, verhoudings, seksuele trauma en emosionele verwonding/trauma wat in hierdie voorgestelde model gebruik word, word tot 'n mate deur die beradene (adolesent) se behoeftes binne die konteks van terapie bepaal. Die implikasie is dat die berader nie die keuse het oor wat vervolgens bespreek gaan word nie maar slegs die riglyne van die komponente vir vraestelling sou kon gebruik. Indien die beradene dus tydens 'n betrokke sessie inligting rakende trauma sou openbaar, sou dit hanteer kon word en die vraestelling kan van die komponente aanraak sodat bewuswording en eksternalisering gekweek kan word, wat vervolgens geleentheid vir herraming en integrasie sou kon bied. Die berader word ook versoek om die verskeie komponente met verskeie tegnieke, soos nodig, aan te spreek. Daar kan deurlopend aan die komponente aandag gegee word, waartydens daar byvoorbeeld kognitiewe distorsies uitgewys en hanteer kan word, veral weens emosionele verwonding wat plaasgevind het.

3.2.3 Jongmense

3.2.3.1 Definisie van jongmense/adolessensie

Adolessensie word gedefinieer as die tydperk van groei tot volwassenheid wat met puberteit begin en tot laat tienerjare of laat twintigerjare voortduur (Louw *et al.*, 1998:388). Die adolessent gaan ook deur baie gebeurtenisse en veranderings (fisiese verandering, aanpas en hantering van sosiale druk en ook besluite wat oor geloof, waardes, identiteit, loopbane, verhoudings en lewensstyl geneem moet word) en dit behels baie emosionele ervarings (Louw *et al.*, 1998: 439, Erikson, 2014:3956-3957).

3.2.3.2 Jongmense en verhoudings

Verhoudings en aanvaarding speel 'n groot rol (Louw *et al.*, 1998:460) en daarom sal jongmense geneig wees om maklik te konformeer (Erikson, 2014: 3984-3986). Adolessente kry meestal 'n gevoel van 'om te behoort' daar waar hul vrae geantwoord word. Dit vorm ook deel van die soeke na identiteit. Die adolessent se portuur beïnvloed meestal hulle gedrag en elkeen is ook meer daartoe geneig om dieselfde gedrag te openbaar (Zimmerman, Bingenheimer & Notaro, 2002:225). In die lig hiervan blyk hulle ook nog soveel te meer vir emosionele verwonding vatbaar te wees (Louw *et al.*, 1998:441). 'n Vriendekring skep die geleentheid vir 'n adolessent om sy/haar idees te deel en ook om oor gesamentlike probleme te gesels – dit sluit ook nabyheid en vertrouwe in (Raising Children Network, 2015). Om hierdie rede is dit van belang vir jongmense om binne verhoudings te kan beweeg en so ook hul identiteit te help vorm en ondersteuning te ontvang.

3.2.3.3 Jongmense en ontwikkelingstake

Volgens Erikson (2014:262) is die volgende as deel van die ontwikkelingstake van die adolessent van belang:

- Wie is ek? Adolessensie is 'n tyd van verwarring en eksperimentering.
- Hoe lyk my verhoudings? Hierdie aspek gaan grootliks oor hoe die persoon met ander oor die weg kom.

- Daar is ook vrae wat oor die persoon se toekoms handel en wat hy/sy glo (hul ideologie).

Die bogenoemde ontwikkelingstake oorvleuel met die komponente van hierdie model en is vir die groei van die jongmens tot 'n goed funksionerende volwassene van groot belang. Dit is ook duidelik dat die komponente in hierdie voorgestelde model vir die groei van die gemiddelde persoon, insluitende volwassenes, van belang sou wees.

Van die belangrike take wat uiteindelik bereik moet word om as goed funksionerende volwassenes te funksioneer is byvoorbeeld die volgende: oorlewing, emosionele en finansiële sekuriteit, intimiteit, betekenis, selfvervullende doelwitte en 'n gevoel van identiteit (Louw *et al.*, 1998:480).

Dit blyk egter vanuit die praktyk dat sommige jongmense uiteindelik nie deur al die ontwikkelingstake werk nie en daarom nie goed funksionerende volwassenes word nie. Hul beskik nie altyd oor die nodige vaardighede om spanningsvolle situasies te hanteer nie, goeie besluite te neem nie, worstel met gebrekkige kennis oor hulself en is nie in staat om goeie verhoudings in stand te kan hou nie. Al hierdie komponente/vaardighede is egter nodig vir die individu om 'n gevoel van geestelike en psigologiese welstand/gesondheid te ervaar.

3.2.3.4 Jongmense en morele en geestelike ontwikkeling

Eriskon (2014:261) het baie op aspekte gefokus wat bydraend tot die aktivering van adolessente se eie natuurlike helingsvaardighede is. Groei vind deur middel van helingsvaardighede plaas en vaardighede kan binne die voorgestelde model binne hierdie studie, wat op selfbewuswording fokus, versterk word. Zimmerman *et al.* (2002:222) beklemtoon die belang van nie-ouerlike mentors in adolessente se ontwikkeling en morele groei. Dit blyk dus dat 'n berader 'n mate van groei by jongmense kan bewerkstellig.

Volgens Reynolds *et al.* (2013:565) beskik adolessente met religieuse en spirituele belange oor beter hanteringsvaardighede en is dit gevolglik dus belangrik

dat hulle ook geestelik sal groei. Morele ontwikkeling soos deur Kohlberg (1971:2) beskryf, is 'n belangrike komponent van identiteit (vgl. ook Louw *et al.*, 1998:468). Adollesente se morele ontwikkeling is die fondasie vir volwasse morele funksionering (Hart & Carlo, 2005:224).

Verhoudings en vriende speel 'n groot rol in morele ontwikkeling by adollesente aangesien hulle blyk om meer tyd met jongmense van hulle eie ouderdom te spandeer (Hart & Carlo, 2005:230). Wanneer adollesente geleentheid kry om met 'n persoon wat op 'n hoër vlak as hulle self moreel funksioneer te kan gesels, kan die adollesent se vlak van morele beredenering en funksionering verhoog (Silva & Tom, 2001:50). Die berader kan dus self 'n besondere belangrike rol met betrekking tot geestelike en morele groei by die jongmens vertolk. In hierdie verband wys Berzonsky *et al.* (2011:299) op 'n studie wat aangedui het dat die wyse waarop mense identiteitkonflikte hanteer, met hul waardes en dit wat riglyne aan hulle lewe gee, verband hou. Geestelike en psigiese groei is dus van groot belang.

3.2.3.5 Berading met jongmense

Wanneer daar met jongmense gewerk word, moet daar opregte empatie bewys word (Crenshaw, 2008:3). Die berader moet oordeelkundig besluit watter tegnieke gebruik word en nie te veel en te vinnig druk op die beradene, ten opsigte van vordering, toepas nie. Die terapeutiese verhouding impliseer die grootste terapeutiese waarde, eerder as die gebruik van terapeutiese tegnieke (Crenshaw, 2008:6). Soos reeds vermeld sal die berader nie 'n besluit sonder die beradene oor die sessie en die besprekings neem nie en die berader sal die komponente binne die onderhawige studie slegs as riglyne gebruik om groei te bewerkstellig en eksternalisering te bevorder en ook geleenthede vir herraming te bevorder. Die tegnieke wat vir die hantering van trauma binne hierdie model voorgestel word, is in die algemeen aan die gemiddelde jongmens bekend.

3.2.4 Identiteit

Volgens McAdams (2001:100) is identiteit 'n lewensverhaal en identiteitsontwikkeling het 'n groot invloed op die individu se toekomstige gedrag

(Cox & McAdams, 2012:39). Die *subjektiewe identiteit* is hoe die individu hom/haarself beskou om te wees en *objektiewe identiteit* is hoe die individu hulself onafhanklik van hul eie persepsie van hulself beskou, wat sosiale feite oor hulself insluit (Bilgrami, 2006:5) Volgens 'n sosio- kulturele siening as deel van 'n narratief, kan persoonlike identiteit slegs ontstaan soos die individu aktief tussen die privaat en openbare, persoonlike en kulturele, verlede en die hede beweeg (Gover, 2003). Die begin van identiteitsontwikkeling oorbrug die fases van kinderdae wanneer die liggaamlike self en die ouerlike beelde saam kulturele konnotasies vorm en dit oorbrug ook die fase van jong volwassenheid, as 'n verskeidenheid van sosiale rolle beskikbaar gestel word (Erikson, 2014:235).

Die identiteit word as iets beskou wat deurlopend gekonstrueer en rekonstrueer word (Gover, 2003) en 'n gebrek aan insig kan die gevolg van min kennis oor die identiteit wees (Louw *et al.*, 1998:431) .

Volgens Erikson (2014:261) se ontwikkelingstadia, is identiteitformasie en rolverwarring een van die hoof ontwikkelingsake wat adolessente moet bemeester. Tydens die fase van rolverwarring ontwikkel adolessente 'n persoonlike identiteit. Die adolessent moet hom/haarself van die wêreld/gemeenskap om hulle kan onderskei.

Volgens Arnet (2000:469) is naderende volwassenheid 'n pertinente ontwikkelingsfase apart van adolessensie en die outeur glo dat identiteitformasie dan plaasvind. 'n Sentrale komponent van identiteitformasie is byvoorbeeld die individu se verhouding tot sy/haar gemeenskap en 'n manier om 'n diens aan daardie gemeenskap te lewer (Cox & Mc Adams, 2012:19).

3.2.4.1 Identiteit en trauma

Sommige adolessente pas hul by hul konteks aan as deel van hul soeke na identiteit en dit kan drasties beïnvloed word as die adolessent aan trauma blootgestel word (Da Silva & Fritz, 2012:171).

3.2.4.2 Identiteit en verhoudings

Volgens Zimmerman en Beaudoin (2002:32) word identiteit deur sosiale en kulturele komponente gevorm. In hierdie opsig speel verhoudings dus 'n besonder belangrike rol met betrekking tot die vorming van wie die adolessent is. Volgens Zimmerman en Beaudoin (2002:35) word die identiteit ook as die basis vir aksies en besluitneming beskou. Adolessente wil graag portuuraanvaarding kry om 'n positiewe sin van self te ontwikkel en eensaamheid te voorkom (Enright & Fitzgibbons, 2000:173). Hulle deel ook nie maklik 'n aspek soos verwerping met hulle ouers nie en voel daarvoor skaam – soms voel hulle ook dat hul ouers hulle nie daarteen sal kan beskerm nie (Enright & Fitzgibbons, 2000:173). Dit word dus as 'n belangrike aspek in die narratief en ook met betrekking tot verhoudings beskou (Wallis *et al.*, 2011:491). Volgens Ferkany (2009:263) is almal vir emosionele verwonding, skaamte en selfvertwyfeling vatbaar wanneer liefde, respek en aanvaarding deur ander weerhou word.

3.2.4.3 Identiteit en psigiese welstand

Identiteit korreleer met psigiese gesondheid en beter akademiese prestasie (Wakefield & Hudley, 2007:152). Studies het bewys dat daar 'n korrelasie tussen enersyds aspekte soos die ervaring van sin en betekenis in die lewe, positiewe lewenseffek, selfrespek, selfkonsep, positiewe lewenservaring en psigologiese welstand, en andersyds spirituele welstand is (Sarkova *et al.*, 2013:153).

- **Eiewaarde**

Die idee van 'n selfwaarde is baie vaag en word soms dieselfde as selfbesef gesien, wat hand aan hand met selfvertroue en respek vir die self gaan (Ferkany, 2009: 263). Ferkany (2009:266) is van mening dat 'n persoon se selfgating interafhanklik van selfbesef, selfvertroue, en erkenning asook selfrespek is. Volgens die outeur is selfrespek wanneer die mens sy morele status as 'n persoon erken en 'n persoon se selfwaarde is dus 'n werking van die bogenoemde kenmerke en hou met die manier waarop die persoon hom/haarself evalueer verband. Die verlies aan eiewaarde/selfbeeld hou volgens May (1950:179) weer dikwels met 'n aspek soos angs verband.

Vir die beradene om oor die verlede en vorige ervarings te praat, skep geleentheid vir 'n hoopvolle toekoms vir hom/haarself (Frost, 2003:2007). Die aksie van vertelling kan die emosioneel verwonde beradene help om weer heel te word en in die proses ook weer selfvertroue te bou. Die handhawing van interpersoonlike verhoudings, om weer eiewaarde te ontdek en die hantering van toekomstige seer, is ook van belang (Frost, 2003:204). Die komponente binne die voorgestelde model binne hierdie studie oorvleuel soms met mekaar en is meestal interafhanklik van mekaar soos ook in 'n mate deur Frost (2003:204) bevestig.

- **Selfbewuswording**

Selfbewuswording word bereik deur die ondervraging en gesprekvoering tussen die berader en beradene. Die voorgestelde model (sal in detail in hoofstuk 6 bespreek word) gee riglyne vir ondervraging wat in die proses van eksternalisering, selfbewuswording versterk.

Volgens Mackewn (1997:113) is bewuswording om kennis te neem, te erken en in kontak met die psigiese, fisiese, emosionele en spirituele dele van die self te wees. Om hiervan bewus te raak impliseer om te groei. Selfbewuswording is ook wanneer persone betekenis in hul ervarings vind en ook hulself en hul behoeftes verstaan. Om die self te kan reguleer en betekenis daaraan te koppel, is verder deel van selfbewuswording. Mense wat van hulself bewus is, is ook meer daartoe geneig om eerlik met hulself te wees en is ook meer vaardig om hul doelwitte, waardes en drome te verstaan (Coleman *et al.*, 2002:55).

Selfbewuswording sluit verder ook aspekte soos emosionele intelligensie, doelwitte en toekomspektief asook hanteringsvaardighede, waarop vervolgens kortliks gefokus word, in.

- **Emosionele intelligensie**

Emosionele intelligensie verwys na die kapasiteit om jou eie en ander se emosies te identifiseer, te verstaan, uit te druk en te bestuur (Mayer & Salovey, 1997:i). Een van die fasette van emosionele intelligensie is die kapasiteit van die individu om

emosies in ander te kan erken (DeBusk & Austin, 2011:764). Emosionele persepsie is 'n betekenisvolle vaardigheid wat die vaardigheid van die individu is om sy sosiale omgewing te kan waarneem (DeBusk & Austin, 2011:764).

Coleman *et al.* (2004:131) se studie het getoon dat enige program wat uitgevoer word en wat groei en emosionele intelligensie bevorder, is wenslik en van groot waarde. Selfkennis en om van die self bewus te wees, is van die basiese hoekstene van emosionele intelligensie (Coleman *et al.*, 2002:55). Emosionele intelligensie kan verder as die vermoë om van emosionele ervarings bewus te wees en dit aan ander te kan kommunikeer beskryf word. Hierdie proses het dan weer 'n effek op verhoudings en dit beïnvloed ook weer die wyse waarop individue hulself sien (Kennedy-Moore & Watson, 2000:301).

Wanneer beradenes in kontak met hulle emosionele ervarings is, word daar op gedagtes en gevoelens na binne gefokus wat die geleentheid bied om hul gevoelens te evalueer en nuwe betekenis daaraan te gee (Kennedy-Moore, 2001:195). In hierdie opsig is kognitiewe gedragsterapie dus baie toepaslik.

Die hantering van emosies kan 'n individu se welstand bevorder indien die nodige insig versterk word (Kennedy-Moore, 2001:198). Om emosies korrek te kan uitdruk en bestuur bevorder ook selfaanvaarding en sosiale verhoudings (Kennedy-Moore, 2001:205). Balans is baie belangrik as dit by emosionele gedrag kom en daarom is balans 'n belangrike vaardigheid om oor te beskik (Kennedy-Moore & Watson, 2000:301).

Mentorskap deur 'n volwasse persoon speel 'n deurslaggewende rol met betrekking tot jongmense aangesien hulle emosionele sterkte benodig om sterk, ondersteunende vriendskappe te vorm en dit kan deur die rol van 'n volwasse begeleier versterk word (Stanton-Salazar & Spina, 2005:413). Hierdie komponent is met ander woorde ook interafhanklik van die ander komponente, soos verhoudings, in die voorgestelde model. Berading en emosionele mentorskap speel dus ook 'n baie belangrike rol in die bevordering van emosionele groei.

'n Studie wat deur (Kotsou *et al.*, 2011:827) gedoen is, het aangetoon dat emosionele intelligensie wel later aangeleer kan word en dat dit volhoubaar vir ten minste een jaar kan wees. Die studie het ook bewys dat daar definitiewe voordele daarin opgesluit is om emosioneel intelligent te wees en dat dit die betrokke persoon se funksionering en verhoudings positief kan bevorder. Dit korreleer ook met die persoon se algemene welstand asook 'n hoër selfbesef (Schutte *et al.*, 2002:781) en dit wil verder ook voorkom asof persone met hoë emosionele intelligensie stresvolle lewensituasies beter hanteer (Mikolajczak *et al.*, 2008:1364).

Samevattend kan gestel word dat emosionele intelligensie besonder betekenisvol vir geestesgesondheid, wat verhoudingskwaliteit, sosiale aanpassing asook fisieke gesondheid insluit, is (Kotsou *et al.*, 2011:833).

- ***Doelwitte en toekomspektief***

Om oor 'n doelwit te beskik, skep 'n gevoel dat jy betekenis het om te lewe. Dit skep die gevoel dat die lewe meer is as net iets om te oorleef (Frankl, 1984:98). Dit is 'n belangrike kenmerk van die menslike denkrigting en gedrag om oor toekomsoriëntasie te beskik (Seginer & Shoyer, 2012). Die sielkunde beklemtoon die belang van toekomsoriëntasie vir psigologiese welstand (Nurmi & Salmelo-Aro, 2002:409). Studies het ook getoon dat doelwitte met die mens se psigologiese welstand verband hou (Yamagichi & Halberstadt, 2012:7).

- ***Hanteringsvaardighede***

Groei vind deur middel van hanteringsvaardighede plaas (Mishara & Ystgaard, 2006:112). Hanteringsvaardighede verwys na kognitiewe en gedragspogings wat gebruik word om eksterne en interne verwagtinge en konflik te bemeester, te verdra en te verminder (Folkman & Lazarus, 1980:223).

Balans word as 'n vaardigheid beskou. Balans is 'n belangrike komponent in funksionering, soos in 'n studie rakende leierskap bewys. Die effektiwiteit van die deelnemers was grootliks deur die handhawing van interpersoonlike verhoudings en ook die vaardigheid om emosies te reguleer beïnvloed. Om jouself goed te ken

en van jouself bewus te wees, is in hierdie studie as 'n belangrike komponent vir leierskap uitgewys en dit sluit by die vooraf gemelde komponente aan (Pienaar, 2009:139).

Hanteringsvaardighede is bronne wat individue in staat stel om stressors effektief te hanteer en vervolgens minder simptome daarvan te ervaar as daar blootstelling daaraan was. Die volgende word byvoorbeeld as terreine beskou waarop 'n persoon, met betrekking tot hanteringsbronne, toegerus kan wees: kognitief-sosiaal, emosioneel, spiritueel/filosofies en fisies (Kaplin & Saccuzzo, 2009:476). Hierdie aspekte en terreine is dus van belang wanneer verhoudings met ander ter sprake is.

Humor word ook as 'n hanteringsvaardigheid beskou en dit is ook 'n aspek wat effektief tydens berading hanteer kan word (Camilo, 2008:197). Volgens Frankl (1984:63) is humor van groot waarde vir oorlewing en selfhandhawing.

3.2.5 Verhoudings

Verhoudings is deel van die lewe en kan nie vermy word nie aangesien almal daardeur geraak word en wat die beradene gewoonlik affekteer, affekteer ook die verhoudingsstelsel. Verhoudings en vriendskappe is ook in die hantering van spanning van belang (Stanton Salaza & Spina, 2005:379).

'n Studie wat met vroue in tronke gedoen is, het aangetoon dat interpersoonlike diepte die graad is waartoe die verhouding die persone betrokke affekteer en raak. Die implikasie hiervan is dat die verhoudings wat gewoonlik ondersteunend is, dié met meer waarde is. Daar is 'n aanduiding dat hierdie ondersteuning ook met goeie psigiese gesondheid verbind word en dit het 'n groot invloed op die betrokke vroue se funksionering later in hulle lewens (Martin & Herselbrock, 2001:38).

3.2.5.1 Ouerleiding

Komponente wat deel van berading met adolessente is wat deur trauma geraak is, is om ouers op te lei en leiding te gee in vaardighede, die kognitiewe hantering daarvan en ook om 'n trauma narratief te formuleer, wat vervolgens 'n struktuur kan voorsien waarvolgens 'n adolessent konkrete gebeurtenisse kan definieer en

bespreek (Cohen *et al.*, 2006:58). Wanneer daar met 'n adolessent gewerk word, is dit belangrik om die proses aan die ouers te verduidelik (Cohen *et al.*, 2006:63). Ouerleiding word voorgestel om gepaste ondersteuning vanaf die ouers aan te moedig om sodoende alternatiewe opbouende gedagtes en gedrag te bevorder (Cohen *et al.*, 2006:48).

Ouers speel 'n belangrike rol in hul kinders se toekomsoriëntasie deur byvoorbeeld tyd saam met hulle te spandeer en hulle kinders se genesing te bevorder op grond van die voorbeelde wat op hierdie wyse vir hulle gestel word (Milkie *et al.*, 2010:1329). Wanneer ouers se gedrag en reaksies gepas is, is kinders se reaksies meer geneig om gepas te wees (Baggerly & Exum, 2007:82).

Konflik tussen ouers asook tussen ouer en kind word soms met verswakke psigiese gesondheid geassosieer (Toussaint & Jorgensen, 2008:337). Hierteenoor word inter-ouerlike konflik deur Toussaint en Jorgensen (2008:345) as baie betekenisvol vir die kind se psigiese gesondheid beskryf – die voorwaarde is egter dat vergifnis binne die gesinsistiem 'n prominente rol sal vervul.

3.2.5.2 Vergifnis

Vergifnis is 'n persoonlike besluit om op 'n ander persoon te reageer wat 'n onregverdige daad teenoor die betrokke individu gepleeg het, om die persoon van dit wat hy/sy gedoen het te vrywaar, eerder as om dit teen die persoon te hou of om kwaad te word (Fitzgibbons *et al.*, 2000:9). Volgens Worthington (2003:20) impliseer vergifnis om iemand anders te vergewe wat die persoon onregverdig benadeel het, die oortreding te laat vaar en met die lewe vorentoe te beweeg – dit is dus is 'n geskenk wat vryheid en liefde behels.

Vergifnis kan nie aan tyd verbonde wees nie (Fitzgibbons *et al.*, 2004:20). Dit wil ook voorkom of vergifnis psigologiese aanpassing en welstand bevorder (McCullough, 2000:53). Die een wat vergewe word, het nie noodwendig nodig om te weet dat die ander persoon hom/haar vergewe nie om terapeutiese waarde daarin

te vind nie (Macaskill, 2005:1260) en daar blyk dikwels ook dieper verhoudings te wees waar daar vergifnis plaasgevind het (McCullough, 2000:47).

Vergifnis hou baie geestelike, sielkundige en fisiologiese voordele (Toussant & Jorgensen, 2008:337) asook verhoudingsvoordele in (Enright & Fitzgibbons, 2000:325, Muller-Perrin & Krumrei Mancuso, 2014:235). Daar is waarde daarin om aan vergifnis aandag te skenk tydens berading aangesien die vermoë om te vergewe iets is wat steeds kan verbeter (Klatt & Enright, 2011:25). Om breër perspektief te verkry, denke te kan herraam en empatie te kan betoon, is belangrike meganismes in die proses om uiteindelik ander te kan vergewe (Konstam, 2003:172).

Vergifnis is volgens Davis *et al.* (2012) nie noodwendig iets wat slegs net aanvaar word as deel van iemand wat hom/haarself as religieus beskou nie, maar dit hang baie van hoe sekere spirituele oortuigings in die persoon geïnkorporeer is af. Dit blyk dus dat 'n aspek soos gepaste oerleiding van belang is om hierdie betrokke vaardigheid, asook verskeie verhoudingsinvloede deur ander persone aan te leer.

'n Studie wat met adolessente wat mishandel was gedoen is, het getoon dat dié wat oor die vermoë beskik het om te vergewe 'n laer aanduiding van woede, depressie en aggressiewe gedrag getoon het (Park *et al.*, 2013:2; Enright & Fitzgibbons, 2000:4). Ander studies het getoon dat adolessente ook egskeiding van hul ouers beter hanteer as hul oor die eienskap van vergifnis beskik. Die adolessent beskik ook meer oor hoop as angs terwyl sy/haar psigiese welstand tydens die proses ook positief beïnvloed word aangesien dit verhoudings verbeter (Freedman & Knupp, 2003:135; Enright & Fitzgibbons, 2000:212). Daar is ook aangetoon dat vergifnis effektief vir die terapeutiese proses in die algemeen kan wees (Baskin en Enright, 2004:79).

Om reeds as jongmens te leer wat ware vergifnis impliseer en hoe om dit in die praktyk toe te pas is in die langtermyn vir emosionele en fisiese welstand belangrik

(Witvliet *et al.*, 2001:212). In hierdie verband beïnvloed modellering adolessente se vermoë om te vergewe (Morris *et al.*, 2007:380). Kognitiewe vaardighede bevorder vergifnis (McCullough, 2000:46) en vergifnis lei tot meer aanpasbare gedrag. Namate persone dit regkry om te kan vergewe, lei dit dikwels tot die afplating van aspekte soos angs en woede terwyl aspekte soos eiewaarde en 'n gevoel van hoop verhoog (Enright & Fitzgibbons, 2000:4). Volgens Worthington (2003:23) is vergifnis noodsaaklik aangesien dit wil voorkom of mense wat vergewe in die algemeen ook fisies meer gesond is.

Volgens Enright (2001:72) se riglyne met betrekking tot vergifnis, is dit nie stappe waardeur die beradene moet beweeg nie, maar eerder bakens as deel van die vergewingsproses. Die manier waarop daar deur die bakens beweeg word, sal van beradene tot beradene verskil aangesien dit wat ten opsigte van vergifnis vereis word van persoon tot persoon sal verskil.

3.2.5.3 Grense

Selfhandhawing as deel van grense word met geesteswelstand en 'n hoër selfbesef geassosieer (Sarkova, 2013:147). Om selfhandhawend te wees behels om jou gevoelens bekend te maak sonder om ander of jou eie respek aan te tas. Die gedrag val dus tussen aggressiewe gedrag en passiewe gedrag (Miley, 1999:134).

Volgens Resnick (1988:135) kan die volgende akroniem ten opsigte van die benadering tot selfhandhawing gebruik word:

L = Look at rights (Die reg om jou eie opinie te openbaar en ook ander se opinie aan te hoor, asook die hantering van kritiek).

A = Arrange a time (Besluit oor 'n tyd om die probleem aan te spreek).

D = Define problems (Definieer die probleem so duidelik as moontlik. Begin die sin met 'Ek-boodskappe', bv. "*Ek voel hartseer omdat*").

D = Describe feelings ("*Ek voel seer gemaak,*" eerder as, "*Jy het my seer gemaak.*").

E = Express requests (Beskryf dit wat jy verkies in maklike kort sinne en wees ferm).

R = Reinforce (Beskryf die voordele wat dit vir beide partye inhou indien die versoek nagekom word).

Om grense te kan stel is van belang binne alle kontekste van die lewe.

3.2.6 Seksuele trauma

Tydens 2013/2014 was daar 62,649 gevalle van seksuele oortredings aangemeld soos deur die SAPS (2015) se statistieke aangedui. Volgens 'n artikel deur Health 24 (2015), ervaar elke tweede persoon onder die ouderdom van 18 jaar seksuele trauma, soos deur Childline bekend gemaak.

Kinders en jongmense reageer verskillend op trauma volgens Cohen *et al.* (2006:5). Wanneer iemand seksueel deur iemand misbruik word wat hulle vertrou om hulle te beskerm, is die gevolge oorweldigend as gevolg van die kompleksiteit van lojaliteit en die geheimenis agter die daad wat so verwronge is (Levine & Kline, 2007:27). Slagoffers van misbruik vind hulself in 'n vorm van 'n lewenskrisis, wat behels 'n krisis van menswees, betekenis en sosiale verhoudings. Dit alles het 'n effek op die individu se lewensstorie (Landman, 2007:294).

Wat seksuele misbruik van kinders verder ernstig maak, is die feit dat dit die kind se diepste kern en sin van self skade berokken. Een van die gevolge is gewoonlik die ervaring van oorweldigende gevoelens van skuld en skaamte (Levine & Kline, 2007:32).

Dit is gevolglik geweldig belangrik dat die berader die beradene na iemand sou verwys wat goed in die gebied van seksuele misbruik opgelei is indien nodig (Levine & Kline, 2007:33) en dat 'n professionele persoon verkieslik met betrekking tot die proses van begeleiding betrek sal word (Levine & Kline, 2007:71). Persone wat seksueel misbruik was, is geneig om vriende te kies en sosiaal te verkeer met ander wat soortgelyke ervarings gehad het, soos byvoorbeeld mishandeling of misbruik tydens kinderjare. Dit kan soms tot herhaling van vorige ervarings lei (Levine & Kline, 2007:369).

In 'n studie deur Manarino *et al.* (2012:240) gedoen, is empiries aangetoon dat die volhoubaarheid van 'n kognitiewe benadering se behandeling oor 'n tydperk, positief is. Volgens hierdie artikel bestaan 'n kognitiewe benadering met die getraumatiseerde, uit die volgende fases:

- Die bou van vaardighede en komponente om kinders se affektiewe, gedrag-, biologiese en kognitiewe self-regulering te verbeter, asook die verbetering van ouerskapintervensies ten opsigte van versorgingsvaardighede.
- Die begeleiding van die beradene om tydens 'n traumatiese ervaring deur narratiewe 'n beskrywing van die kognitiewe prosesse van sy/haar persoonlike traumatiese ervaring te gee.
- Afsluiting met ouer-kind sessies.

Algemene simptome van post-traumatiese stresversteuring (PTSV), soos vermydende gedrag, geaffekteerde slaappatrone wat nagmerries insluit, gemoedsimptome en aangetaste funksionering binne sosiale en werksomstandighede, moet deur die berader uitgeken word (Mastakis, 1996:16).

Onverwerkte emosies van verlies en rou soos byvoorbeeld woede, hartseer, hopeloosheid, skuldgevoelens, dissosiasie, depressie, terugflitse en oordrewe skrikreaksies kom soms ook by die individu, wat trauma ervaar het, voor en hierdie simptome is dikwels soortgelyk aan dié van PTSD (Mills, 2001:197). Slagoffers van trauma gaan gewoonlik ook deur die tipiese roufasies van verlies wat ontkenning, woede, skaamte of vrees, depressie en aanvaarding insluit (Mills, 2001:198).

Trauma slagoffers ervaar gewoonlik probleme in hulle interpersoonlike verhoudings. Verhoudings kan in die langtermyn ook 'n bepalende faktor wees ten opsigte van die vraag of die individu vanaf 'n *slagoffer* van die trauma na 'n *oorlewende* van die trauma sal oorbeweeg (Mills, 2001:198). Indien 'n beradene deur seksuele trauma bedreig word of dit reeds ervaar het, is die berader eties verplig om dit volgens die kriminele wetgewing van Suid-Afrika aan te meld (Seksuele oortredings en verwante sake; Wet 32 van 2007).

3.2.6.1 Verkragting

Suid- Afrika se jeug het 'n geskiedenis van blootstelling aan hoë vlakke van trauma, hetsy as slagoffers van geweld of as ooggetuies daarvan (Seedat *et al.*, 2004:169; Lockhat & van Niekerk, 2000:292).

Dit is belangrik om vir jongmense wat trauma ervaar het strategieë te leer wat hulle kan help om ontwikkelingsvaardighede te versterk. Vaardighede wat van belang is, is selfbewustheid, hantering van angs, doelwitstelling, selfevaluasie en funksionele selfspraak (Jooste & Maritz, 2014:91).

Adolesente wat verkrag is ervaar in die algemeen angstigheid, is gewoonlik intens getraumatiseer en ervaar ook fisiese pyn. Verder ervaar meisies dikwels die vrees van swangerskap of dat hulle moontlik met seksueel oordraagbare siektes in kontak kon gekom het (Roye & Coonan, 1997:45).

Verkragtings word soms nie aangemeld nie as gevolg van die vrees vir 'n sosiale stigma en ook die vrees van wat volgende gaan gebeur, onder andere mediese ondersoek, hofsake, openbare blootstelling, ens. (Poirier, 2002:53). Vroulike adolessente is 'n hoë risiko vir afspraakverkragting ("*date rape*") volgens Poirier (2002:53) en dit blyk ook gereeld binne die konteks van verhoudings plaas te vind (Rickert, Vaughn & Wiemann, 2002:495).

Adolesente toon 'n unieke vatbaarheid vir laasgenoemde tipe situasies asook afspraakgeweld ("*date rape*"), en om dit te voorkom moet daar veral op aspekte soos die volgende gefokus word:

- Verminder die kans van viktimisering en houdings teenoor verhoudings wat geweld bevorder
- Verhoog selfeffektiwiteit
- Verminder alkoholmisbruik
- Elimineer negatiewe invloede van die portuurgroepe (Rickert *et al.*, 2002:495).

Verder ervaar meeste adolessente slagoffers van verkragting gevoelens van skuld, skaamte en rou. Hulle is ook daartoe geneig om hulself vir die verkragting te blameer, veral as daar dwelmmiddels betrokke was of indien hulle voor die voorval seksueel aktief was (Poirier, 2002:56). Elke seksuele aanranding het mediese, sosiale en psigologiese implikasies vir die slagoffer en die gemeenskap (Poirier, 2002:57).

3.2.6.2 Molestering

'n Studie wat deur Fergusson *et al.* (1997:789) gedoen is, het getoon dat adolessente wat as kinders seksueel misbruik is, meer daartoe geneig is om hulself weer in 'n posisie te plaas waar hul slagoffers van seksuele misbruik kan wees. Daar is ook bevind dat daar 'n korrelasie tussen seksuele misbruik as kind en seksuele risiko-gedrag as adolessent is.

Beitchman *et al.* (1992:105) kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n moontlike verband tussen homoseksuele gedrag en molestering kan wees. Sy studie dui ook op 'n korrelasie tussen molestering, angs en depressie, en by mans veral aggressiewe gedrag (Beitchman *et al.*, 1992:106).

Steyn *et al.* (2014:1) se studie rakende seksueel misbruikte seuns het getoon dat die volgende simptome by die seuns voorgekom het:

- Probleme met hulle eie seksualiteit
- Hulle vind interaksie met ander moeilik
- Hulle worstel met gevoelens van woede en aggressie
- Hulle openbaar self-destruktiewe gedrag en vind dit moeilik om in skoolwerk te presteer.

3.2.6.3 Bloedskande

Bloedskande word met slagoffergedrag later in 'n misbruikte persoon se lewe geassosieer (Rickert *et al.*, 2002:495). Volgens 'n studie wat deur Adler en Schitz (1995:817) gedoen is, wil dit voorkom asof die patroon van bloedskande

herhaal, aangesien meeste (92% van die steekproef in daardie studie) van die oortreders self slagoffers as kind of jongmens was. Die probleem kom veral na vore wanneer die kind die ouderdom van seksuele bewuswording bereik. Volgens hierdie studie wil dit voorkom asof die meeste oortredings van bloedskande tussen sibbes tussen die ouderdom van 11 tot 14 jaar plaasvind.

Cyr, Wright, McDuff en Perron (2002:957) het 'n studie gedoen wat getoon het dat die psigologiese gevolge van bloedskande tussen ouer-kind en tussen sibbes dieselfde is, en dat die een nie meer ernstige gevolge as die ander het nie. Om terapieë met 'n beradene as die slagoffer van bloedskande te werk, verg in-diepte kennis van bloedskande (Rudd & Herzberger, 1999:915).

Een van die ernstigste gevolge van vader-dogter bloedskande is dat die slagoffer emosioneel verraai voel. As kind ervaar die slagoffer hy/sy word nie beskerm nie en word deur die ouers verraai as die bloedskande tussen sibbes plaasvind (Rudd & Hersberger, 1999:924).

Volgens Rudd en Hersberger (1999:924) ervaar slagoffers van bloedskande gevoelens van hopeloosheid en hierdie studie toon verder dat slegs een vrou vanuit die steekproef aksie teen die misbruik, waarin sy die slagoffer was, kon neem. Die meeste van die ander vroue het wel besef dat hulle geviktimizeer word maar hulle het totaal magteloos gevoel. Hulle het skuldgevoelens as kind ervaar, maar die sterkste emosies wat hulle as volwassene ervaar het, was woede. Die prognose van die groep vroue was egter goed aangesien hulle daarvan bewus was dat die misbruik nie reg was nie en dat hulle ook nie daarvoor verantwoordelik was nie. Hierdie gedagte het gehelp dat hulle in 'n later stadium orde in hul lewens kon skep en deur groei vorentoe kon beweeg. Vir baie van die slagoffers was dit nodig om byna al hul familiebande te verbreek ten einde die misbruik te kon verwerk. In die langtermyn het hulle die behoefte gehad om na meer positiewe verhoudings uit te reik. Bykomende groepsterapie kan om hierdie rede van groot waarde wees, veral ook omdat die slagoffer in die algemeen geneig is om hom/haarself te isoleer (Rudd & Hersberger, 1999: 962). Langtermyn berading is nodig vir hierdie slagoffers, veral aangesien vertrouwe skade gely het (Rudd & Herberger, 1999:926). Daar bestaan

dikwels ook 'n korrelasie tussen bloedskande as misbruik, en ouerlike afwesigheid, verwaarloosing en fisiese aanranding (Rudd & Hersberger, 1999:926). Die adolessente oortreders van bloedskande het 'n betekenisvolle aanduiding gegee dat hulle binne hul gesinne van oorsprong aan verskeie van die volgende faktore blootgestel was:

- Huweliksprobleme
- Ouerlike verwerping
- Fisiese dissiplinerings
- 'n Negatiewe familie atmosfeer en ontevredenheid met familieverhoudings (Worling, 1995:633).

Worling, (1995:641) kom tot die gevolgtrekking dat fisiese, emosionele en verbale gesinsgeweld asook 'n geskiedenis van seksuele viktimisering en die beskikbaarheid van 'n jonger sibbe, dikwels met die ontwikkeling van adolessente sibbe-bloedskande oortredings geassosieer word.

Motiverende faktore wat die bekendmaking van misbruik beperk, blyk onder andere die vrees vir fisiese en emosionele welstand van die self, geliefdes en soms die oortreder te wees (Paine & Hansen, 2002:281).

3.2.7 Emosionele verwonding en trauma

In die bespreking van emosionele verwonding en trauma wat vervolgens bespreek word, sal daar deurgaans afwisselend na die terme 'verwonding' en 'trauma' verwys word.

3.2.7.1 Wat is trauma en emosionele verwonding?

Die woord trauma kom van die Griekse term *trauma* wat letterlik as 'wond' vertaal kan word. As gevolg van traumatiese ervarings word die liggaam, siel en verhoudings met ander verwond (Walsh, 2007:207). Verder vind daar gewoonlik ook diep spirituele verwonding plaas – dit raak dus die persoon in totaliteit (Lever-Lopez, 2012:1).

Emosionele trauma is om iemand se psige ernstige skade aan te doen (Lopez-Levers, 2012:1). Volgens Matsakis (2007:22) is dit nie die gebeurtenis self wat trauma veroorsaak nie maar die ervaring van die gebeurtenis. Psigologies verwys trauma na die verwonding van emosies (Matsakis, 2007:23). Dit veroorsaak dat 'n mens se manier van dink en voel anders is as wat dit voor die trauma was en die persoon kan vervolgens onbevoeg voel om die trauma te hanteer (Matsakis, 2007:23). Volgens Levine en Kline (2007:4) dui trauma op enige gebeurtenis wat die potensiaal het om die persoon oorweldig of nie in kontak met sy/haar liggaam te laat voel nie. Trauma veroorsaak ook dat enige hanteringsvaardighede ondermyn word en dit laat die persoon uiters hulpeloos voel.

3.2.7.2 Gevolge van trauma

Onverwerkte trauma kan veroorsaak dat adolessente meer insomnia, geïrriteerdheid, angs, depressie en verswakte konsentrasie ervaar as wat die geval met jonger kinders is (Levine & Kline, 2007:62). Getraumatiseerde jongmense raak verder ook gereeld by risiko-gedrag betrokke soos om met dwelms, alkohol, uitlokkende seksuele gedrag, rook en ander soortgelyke aktiwiteite te eksperimenteer (Levine & Kline, 2007:61).

Sommige individue kan meer vatbaar vir die effek van trauma wees in vergelyking met ander, wat meer weerstandig is, maar niemand is totaal immuun daarteen nie. Indien ondersteuning nie beskikbaar is nie, kan die gevolge van trauma tydens kinderjare voortduur en die uiteindelijke effek daarvan gedurende die volwasse jare sy tol eis. Wanneer 'n persoon met die gevolge van trauma worstel, kan dit onder andere tot sosiale isolasie, verswakte skolastiese prestasie, gedragsprobleme en faktore wat die persoon se toekomstige funksionering kan beïnvloed, lei (Eckes & Radunovich, 2007:2).

Ten spyte daarvan dat talle persone oënskynlik goed sonder intervensie na die ervaring van trauma blyk te funksioneer, toon die praktyk egter die teendeel en is dit so dat die grootste persentasie van individue deurlopende aandag benodig ten einde

die spanning en disfunksie te verlig (Kluft, Bloom & Kinzie, 2000:4). Die effekte van trauma kan aangespreek word en met behulp van selfhelp-prosedures kan die persoon self ook in die langtermyn verryk word (Jooste & Maritz, 2014:94).

Verwonding blyk in sekere gevalle ook met die feit verband te hou dat die slagoffer nie noodwendig in die gebeure self betrokke hoef te gewees het nie maar wel agterna deur die *persepsie* rondom die gebeure beïnvloed kan word, wat vervolgens op sy/haar bewuste en onbewuste hanteringsvaardighede inspeel (Opperman & Roets, 2012:194).

Met betrekking tot trauma is persone geneig om besluite te neem gebaseer op wat hulle van hulself glo op grond van vorige traumatiese ervarings, veral indien dit trauma is wat nog onverwerk is. Die onbewuste bloudruk bly latent en kan weer later in die individu se lewe deur 'n soortgelyke ervaring gesneller word. Die onbewuste lewenstranskripsie word deur besluite en gevolgtrekkings gevorm wat op 'n onbewuste vlak gemaak word en as 'n herhalende lewenspatroon manifesteer. Die onbewuste lewenstranskripsie beïnvloed gevolglik, regdeur die betrokke individu se lewe, alle kritiese besluite wat die patroon van gedrag en besluitneming vorm (Opperman & Roets, 2012:192).

Onvoltooide en onopgeloste ervarings van die verlede (soos byvoorbeeld molestering tydens kinderjare) word in persepsies van die hede geprojekteer en kontamineer die hede (Steenkamp *et al.*, 2012:203).

3.2.7.3 Behandeling van 'n getraumatiseerde

Die prosedures wat gewoonlik ter verligting van trauma gebruik word, is kognitiewe strategieë, emosionele en geestelike sorg, asook 'n ondersteuningstruktuur (Jooste & Maritz, 2014: 102).

Leiding is baie belangrik vir iemand wat deur trauma is of selfs die ondersteuners/bystanders van iemand wat deur trauma is, aangesien daar

verskeie vrae gevra word soos: “Hoekom nie ek nie? Hoekom ek? Hoekom het dit gebeur? Kon ek dit gekeer het?” Hierdie vrae het ’n groot invloed op die getraumatiseerde in die sin dat dit steeds vrae is wat in die langtermyn in hulle lewens sou kon bly (Frost, 2003:197).

Tydens trauma word die liggaam se verdedigingsmeganismes oorspoel en gedisorganiseer. Later is die gevaar nie meer daar nie, maar die simptome wat normaalweg op enige aanduidings van trauma volg sou onmiddellik gesneller kon wees en met tyd vererger. ’n Belangrike deel van die genesingsproses na trauma is gevolglik in die bemagtiging en die herstel van bande en verhoudings en verder ook om ten opsigte van alle verliese te rou (Herman, 1998:148).

Volgens Eckes en Radunovich (2009:2) is adolessente meer vir die gevolge van trauma vatbaar, aangesien adolessensie normaalweg ’n betekenisvolle tyd vir sosiale en emosionele ontwikkeling is. Hulle word ook deurlopend aan gebeure blootgestel wat tot trauma kan lei, soos boelies, konflik met lede van portuurgroepe en ander skoolgeweld. Die gevolglike doelwit volgens Malchiodi (2008:164) is om adolessente te help om uiteindelik betekenis en hoop in die trauma te vind. Die bogenoemde outeur beklemtoon ook dat dit belangrik is om ouderdomsgepaste intervensies te gebruik, om die traumatiese herinneringe en emosionele verligting te verlig en op so wyse die bogenoemde doelwit te bereik.

Volgens Staggs (2013) moet die volgende drie fases van trauma deurgewerk word:

- Fase 1: Die beradene vertel sy/haar verhaal binne ’n veilige ruimte. Daar word aandag geskenk aan die vaardigheid van regulering van emosies, bewuswording te kweek en interpersoonlike effektiwiteit te verhoog.
- Fase 2: Daar word oor die gebeure teruggekyk en gepraat as deel van die behandeling.
- Fase 3: Hierdie fase fokus op die aanleer van nuwe vaardighede en hoe om dit te gebruik.

Wanneer die beradene geleentheid kry om binne 'n veilige ruimte hul verhaal te vertel, kan die feite van die saak gesien word, erkenning aan die seer gegee word en daar kan sin uit die ervaring gemaak word. Dit help ook vir die herstel van die beradene se eiewaarde. Soms help dit as die beradene van hul eie ervarings deel want dan word die emosionele seer van die beradene as't ware ontloot en hulle voel nie alleen nie (Frost, 2003:207).

Traumaberading behels verder die holistiese ondersoek van die beradene. Die berader moet die kompleksiteit van die trauma en die geassosieerde reaksies ondersoek (Lopez-levers, 2012:1). Die volgende aspekte moet byvoorbeeld in hierdie verband in ag geneem word:

- Ontwikkelingstadium waartydens die trauma plaasgevind het.
- Was die oorsaak van die trauma deur 'n persoon veroorsaak wie die beradene vertrou het?
- Die beradene se ondersteuningsstelsel (Lever-Lopez, 2012:1).

Trauma het 'n groot invloed op mense se verhoudings en dit is waarom die berader ook ondersoek na die beradene se verhoudings en ondersteuningsstelsel moet instel (Lopez-levers, 2012:2).

Tegniese wat gebruik kan word indien die beradene dit moeilik vind om te praat, is byvoorbeeld sketse, die gebruik van simbole of die gebruik van klei (Crenshaw, 2008:3). Die doel van die gebruik van sekere tegniese is om toegang tot die beradene se innerlike wêreld te verkry (Crenshaw, 2008:6). Die terapeutiese verhouding bly egter steeds van die grootste belang (Crenshaw, 2008:6).

Die drie pilare waaraan veral aandag gegee moet word tydens berading na trauma ervaar is, is volgens Lopez-Levers, (2012:152) die volgende:

- Veiligheid van die beradene.
- Konneksies, wat na die beradene se verhouding met sy/haar versorgers verwys.

- Onderrig ten opsigte van die bestuur van emosionele impulse asook die toepassing van selfregulering.

'n Verdere belangrike aspek is om op die moontlike invloed van die verlede op die hede te fokus, om dit te verstaan en om beradenes te bemagtig om hulle huidige lewens meer effektief te bestuur (Knight, 2015:1).

Anders as trauma-gesentreerde berading, waar die onderliggende trauma die primêre fokus is, help trauma-ingeligte berading die oorlewende van die trauma om hulle vaardighede te ontwikkel en om gemaklik en effektief daaglik te funksioneer (Gold, 2008:60). Die effekte van die trauma wat ervaar is as kind word nie geïgnoreer nie maar 'n gedetailleerde weergawe van die trauma is nie die hoofsaak nie (Gold, 2008:60).

Volgens Foa, Chrestman en Gilboa-Schechtman (2009:45) word die volgende lewensdomeine onder andere normaalweg deur trauma aangetas: emosionele gesondheid, rekreasie, verhoudings, skolastiese funksionering en onafhanklikheid.

Wanneer daar byvoorbeeld met adolessente gewerk word wat emosionele verwonding opgedoen het, moet daar aandag aan die simptome geskenk word wat op verswakte funksionering, soos slaap en geïrriteerdheid, dui (Foa *et al.*, 2009:47). Dit is van belang om die simptome na die lewensdomein, wat van toepassing is, te herlei. In hierdie verband sal min slaap byvoorbeeld 'n negatiewe invloed op die beradene se energievlak hê en daarom weer sy skolastiese funksionering of vlak van geïrriteerdheid beïnvloed en dit sal weer sy verhoudings en sy siening van homself beïnvloed. Die volgende vrae kan in hierdie verband help:

- Wat sou jy in hierdie stadium omtrent jou lewe wou verander?
- Hoe sou jy jou lewe oor drie maande wou sien?
- Wat sou jy wou doen as jy ouer is?
- Wat is nodig om te doen om hierdie doelwitte te bereik?

Hierdie vrae sou vervolgens by sekere *Facebook*-tegnieke aangepas kan word, byvoorbeeld:

- Wat sou jy op jou tydlyn in hierdie stadium wou skryf? Watter foto's sou jy wou sien en watter vriende sou jy in hierdie stadium van jou profiel wou deel hê?
- Watter slagspreuk wil jy op jou tydlyn plaas ('post') om jou te herinner aan hoe jy jou lewe binne drie maande sou wou sien?
- Wat sou jy wou hê moet in jou persoonlike besonderhede, wat beroep insluit, aangetoon word as jy bo dertig is?
- Watter vriende/verhoudings het jy nodig, of vriendskappe wat jy moet hersien, om dit te bereik? Watter tipe boeke moet jy lees om meer van hierdie doelwit te leer? Watter slagspreuk gaan jou motiveer om die doelwit te bereik? Is daar 'n storie/film/DVD waarna jy kan kyk wat jy voorheen van gehou het en wat jou laat lag of beter voel het as jy bedruk gevoel het?

3.3. TEGNOLOGIE EN FACEBOOK

3.3.1 Agtergrond van Internet en sosiale netwerke

Die Internet bestaan ongeveer sedert 1969 in die V.S.A. en in dieselfde jaar het die netwerk Arpanet aanlyn met vier konneksies begin funksioneer en het die gebruik van e-posse gaandeweg al meer dominerend geraak. In 1975 is die MSG groep (*'Message service group'*) as die eerste elektroniese besprekingsgroep aanlyn gevestig (Campbell, 2005:2) Mettertyd het sosiale netwerke ook deel van hierdie internasionale netwerk geword en het dit talle gebruikers gelok. Die Internet bestaan uit 'n samestelling van 'n verskeidenheid van komponente wat onder andere insluit e-posse, *bulletin board services*, kletskamers, navigasiesisteme en multimediatekomponente.

3.3.2 Internet en die hede

Aangesien die digitale era so pertinente deel van die hedendaagse jongmens se lewenswyse geword het, word daar in die literatuur na diegene wat sedert 1980 gebore is as die sogenaamde *digital natives* verwys en diegene wat voor 1980 gebore is as die *digital immigrants* (Allison, 2013:69). Die *digital natives* dui onder

andere op diegene wat 'n algemene kultuur deel deur van dieselfde metode van kommunikasie gebruik te maak. Hierdie wyse van kommunikasie word soms ook gebruik om politiese en sosiale idees bekend te maak. Dit bied ook aan persone 'n sosiale identiteit asook 'n platform vir die uitspreek van eie opinies en idees.

Sosiale netwerke word verder gedefinieer as web-gebaseerde dienste wat individue toelaat om 'n openbare of semi-openbare profiel binne 'n vasgestelde sisteem te skep. Hierdie konneksies op die Internet word met ander gedeel en die kultuur van die onderskeie netwerke verskil gewoonlik van mekaar (Boyd & Ellison, 2008:9).

Volgens Schuurman (2004:19) is dit duidelik dat die 21^{ste} eeu deur die groot invloed, wat die digitale tegnologie op alle velde van menslike bestaan het, gekenmerk word.

Sosiale netwerke is deesdae van groot belang vir adolessente, veral populêre Internet-gebaseerde dienste soos die sosiale mediaplatform *Facebook* (<http://www.facebook.com>) en *Twitter* (<http://twitter.com>). Hierdie sosiale netwerke gee individue geleentheid om 'n openbare profiel te konstrueer, kontak met ander gebruikers van die platform te maak en in interaksie met mekaar te verkeer (Boyd, 2008:211). Dit het inderdaad so totaal deel van jongmense se wêreld geword dat volgens Pascoe (2012:78) meeste van hulle eintlik vergeet dat hulle daaglik besig is om dit te gebruik.

3.3.3 Die gebruik van tegnologie en sosiale netwerke deur jongmense

Volgens Cahir en Werner (2013:59) gebruik adolessente tegnologie soms om te ontvlug en ook om 'n *sense of self* te behou. Vir meeste jongmense het hierdie tegnologiese omwenteling uiteindelik so inherente deel van hul alledaagse lewe geword dat dit aan hulle as't ware 'n gevoel van bestaan verskaf (Allison, 2013:72). Volgens Wallis (2011:413) gebruik die gebruiker die tegnologie onder andere vir betekenis, genot en sosiale identiteit. Daar is ook 'n geleentheid om oor identiteit te onderhandel.

Jongmense leer deur tegnologie en dit word tans by skole as medium gebruik om skoliere te help (Pascoe, 2012:81). Tegnologie en sosiale netwerke is alles wyses waarop adolessente kan kommunikeer, selfs al is daar struikelblokke vir die alledaagse tiener, soos 'n sekere tyd om tuis te wees en vervoer, kan hul steeds kontak deur die Internet behou (Pascoe, 2012:78). Dit is nie iets ligtelik vir die adolessent om tegnologiese boodskappe te stuur, *blogs* te skryf en nuwe inligting op hul sosiale netwerk *sites* te skryf nie, maar hul word op hierdie wyse deel van 'n leerproses (Ito, 2009: 16).

3.4 SAMEVATTING

Dit is baie belangrik dat daar duidelike verantwoording ten opsigte van interdisiplinêre interaksie vanuit die aangrensende wetenskappe gedoen word. Binne hierdie hoofstuk is daar na verskeie aangrensende wetenskappe se invloede rakende hierdie studie, wat oor 'n model wat van *Facebook*-tegnieke gebruik maak handel, gekyk. Die doelwit van hierdie studie is die daarstelling van 'n bruikbare model vir pastorale beraders en 'n baie pertinente aspek van die terapeutiese benadering binne hierdie model sal op aktiwiteite en tegnieke gefokus wees wat in die sosiale netwerk, *Facebook*, aangewend en toegepas kan word. *Facebook* is deesdae algemeen aan die gemiddelde jongmens bekend. Hierdie pastorale model sal op 'n eklektiese benadering gebaseer wees, wat 'n narratiewe en 'n kognitiewe benadering insluit en daar word op aspekte van belang vir die geestelike en emosionele groei van jongmense gefokus ten einde uiteindelik goed funksionerende volwassenes te kweek.

Wat die narratiewe benadering betref is die implikasie dat die individu met behulp van 'n tydlyn en ander komponente van *Facebook* deur vertelling eksternaliseer en op hierdie wyse die invloede van gebeure en in besonder die trauma in sy/haar lewe ondersoek. Tydens hierdie proses maak die berader van vraestelling gebruik om sodoende eksternalisering te bevorder. Die riglyne vir die vraestelling word deur die komponente verkry wat op *Facebook* en 'n profiel wat geskep of gebruik word, gebaseer is. Bykans elke komponent wat op 'n *Facebook*-profiel aanwesig is, kan

gebruik word met die wanneer, waar en hoe vrae. In hierdie model kan die *Facebook*-profiel van die beradene byvoorbeeld effektief as bron en riglyn vir die vraestelling deur die berader gebruik word.

Herraming en kognitiewe strukturering is van groot belang sodat die storie wat vertel word nuwe betekenis sou kon kry en 'n ander storie dus ontwikkel. Nuwe maniere van dink en nuwe oortuigings kry geleentheid om te vorm deur die herstelling van gedagtes en die verband tussen gedagtes, gevoelens en gedrag word bepaal. Tydens die vertelling van die individu se verhaal kry hy/sy ook die geleentheid om na sy/haar identiteit te kyk en te verstaan hoe dit gevorm is.

Alhoewel die onderhawige model deur persone van enige ouderdom gebruik sou kon word, is hierdie studie grootliks op jongmense, met die verdere oogmerk van ontwikkeling tot goed funksionerende volwassenes, gemik.

Vanuit hierdie hoofstuk het verder geblyk dat daar 'n sekere aantal komponente is waaraan aandag gegee sal moet word binne die tersaaklike model ten einde geestelike en emosionele groei by hierdie groep jongmense te bewerkstellig. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- Identiteit sluit in dat daar groei ten opsigte van eiewaarde en selfbewuswording sou plaasvind.
- Verhoudings het geblyk van groot belang te wees in die vorming van wie die adolessent is asook vir groei/ontwikkeling en psigiese gesondheid.
- Selfbewuswording is ook van kardinale belang en sluit in groei ten opsigte van emosionele intelligensie, doelwitstelling en toekomstperspektief asook hanterings-vaardighede.

Al hierdie komponente tree in interaksie met mekaar. Adolessensie het geblyk 'n betekenisvolle tyd vir sosiale en emosionele ontwikkeling te wees en in hierdie opsig vervul die digitale era 'n pertinente deel van die hedendaagse jongmens se lewenswyse. Om hierdie rede is dit ook toepaslik om in 'n studie soos hierdie op 'n model te fokus wat daarvan gebruik maak. Dit is ook belangrik om

ontwikkelings sensitiewe modelle te gebruik, dus 'n model wat vir 'n spesifieke tyd van ontwikkeling gepas is (Rasmussen, 2012:5)

Binne die voorgestelde model sal daar verder ook spesifiek aandag aan verhoudings geskenk word aangesien verhoudings met psigiese gesondheid korreleer. Aspekte soos ouerleiding, vergifnis en grense is weer van belang wanneer daar op verhoudings gelet word.

Trauma het ook geblyk 'n belangrike kwessie te wees aangesien dit byna elke individu raak. Binne hierdie model sal daar gevolglik gepoog word om met behulp van *Facebook*-tegnieke en die gebruik van die voorgestelde terapeutiese benaderings emosionele verwonding en onverwerkte traumatiese ervarings te verlig. Daar sal in hierdie verband aandag aan drie areas rakende seksuele trauma, naamlik verkragting, molestering en bloedskanie, geskenk word.

Trauma slagoffers het gewoonlik probleme in hulle interpersoonlike verhoudings en dit beïnvloed ook die vorming van identiteit. Deur die bou van verhoudings en selfbewuswording het geblyk dat daar waarskynlik meer geleentheid is om trauma te kan oorbrug.

Adolessente toon 'n unieke vatbaarheid vir trauma en in die voorgestelde model sal in besonder op die psigiese en geestelike dimensies van die beradene wat weens trauma benadeel is gefokus word en daar sal ook gepoog word om psigiese en geestelike groei by die individu te bewerkstellig. Indien daar aan die vermelde komponente binne hierdie model gewerk word, word gepoog om daardeur die individu se toekomstige funksionering positief te beïnvloed.

Die voorgestelde model skep ook die moontlikheid vir die aanwending van 'n selfhelp terapie en persoonlike verryking aangesien dit van terme en tegnieke gebruik sal maak wat aan meeste persone bekend is wat met *Facebook* vertrou is. Wanneer die riglyne soos aan die beradene voorgestel, nagekom word, sou dit emosionele en geestelike groei by meeste individue wat dit sou toepas kon bevorder.

Die geleentheid sou ook daar wees vir 'n student met tegniese bekwaamhede, om 'n *toepassing (application)* of program te ontwerp waarvolgens gewerk kan word. In sulke gevalle sal daar dus kommunikasie deur middel van die tegniese program (*toepassing*) tussen die berader en beradene wees, of net die gebruik van die *toepassing/program* indien dit vir selfhelpdoeleindes aangewend word.

AFDELING C: DIE NORMATIEWE TAAK

HOOFSTUK 4

BELANGRIKE BYBELSE PERSPEKTIEWE AAN DIE HAND VAN 'N AANTAL TERSAAKLIKE SKRIFGEDEELTES

4.1 INLEIDING


Richard Osmer (2008:4-29) interpreteer Praktiese Teologie met betrekking tot vier verskillende take, soos gemeld in hoofstuk 1. Met betrekking tot die normatiewe taak, wat in hierdie hoofstuk aan die orde is, is die volgende vraag ter sake: *“Wat behoort te gebeur?”*

Die drie elemente wat figureer binne die normatiewe taak soos deur Osmer gestel (2008:8), lyk soos volg:

- Die eerste element behels die teologiese refleksiestyl waarbinne teologiese konsepte gebruik en geïnterpreteer word. Dit word gebruik volgens sekere episodes, situasies en kontekste in die lig van vrae soos die volgende: Wat weet ons van God? Hoe tree God gewoonlik op? Wat is die mens se tipiese reaksie patroon hierop?
- Etiese beginsels hou verband met die tweede beginsel. Dit gaan oor die reëls en riglyne wat toepaslik is op spesifieke situasies en ook rigtinggewend vir strategieë en sekere aksies.
- Die derde element behels die ondersoekte ervarings van Christelike tradisies van die verlede en hede wat eksegetiese rigting kan gee rakende die vorming van patrone van 'n Christelike lewe.

Die normatiewe taak hou verder verband met die verhale van God se mense wat in die Skrif vervat is waar God se mense Sy aksies van die verlede herroep en ook moontlike toekomstige aksies van God beskryf wat die mens in die toekoms kan antisipeer van hoe God mag optree (De Klerk en van Rensburg, 2005:3). Binne 'n pastorale model hou die normatiewe aspek verband met die interpretasie van Bybelse norme, waardes en kriteria van mense se optredes (Osmer, 2008:4). Dit behels ook die ondersoek van teologiese vertrekpunte vanuit die Skrif. Die Skrif is die basis van alle geloof en gaan oor God se verlossingswerk (Venter, 1993:247). Die Skrif is die hoofbron waaruit beraad word en is getuie van God se groot daade met Sy mense en deur die Heilige Gees word daar onderrig, begelei en gefasiliteer (De Klerk & van Rensburg, 2005:3).

In die volgende vloeiagram is die normatiewe taak onderstreep, soos deur Osmer (2008:28-29) voorgestel:



4.2 DOELSTELLING

Teologiese beginsels word gebruik om gebeure te interpreteer volgens Osmer (2008:4). Met betrekking tot die tema van hierdie studie gaan dit vervolgens in hierdie hoofstuk belangrik wees om spesifieke riglyne te identifiseer vanuit die Skrif rakende identiteit, verhoudings en trauma of emosionele verwonding, om sodoende doelwitte ten opsigte van die normatiewe taak te stel.

Soos in hoofstuk 1 vermeld, is daar vervolgens drie Skifgedeeltes geïdentifiseer wat as basiese vertrekpunt gebruik sal word om uiteindelik 'n antwoord te formuleer op die vraag van Osmer (2008:28) “*Wat behoort hier te gebeur?*” Die doel is om etiese kwessies te stel met die oog op vernuwing van die praksis, geloofsvernuwing en verdieping van spiritualiteit. Skrifgedeeltes wat aan die orde gestel sal word, is die volgende: Galasiërs 5:22-23, Psalm 113:7-8 en Johannes 1:12.

4.3 EKSEGESE

Daar word eerstens gefokus op Johannes 1:12 met die klem op die individuele identiteit in hierdie studie.

4.3.1 Johannes 1:12

4.3.1.1 Belangrike woorde en begrippe

- **Glo – (Πιστεύω)**

- **Bespreking van die woord ‘glo’**

Volgens Louw en Nida (1996:376) verwys bogenoemde woord na geloof, om te glo, om te glo met volle vertroue en afhanklikheid. Louw en Nida (1996:376) is van mening dat hierdie geloof ook in iemand moet wees met sekere kenmerke:

In rendering πιστεύω and πίστις it would be wrong to select a term which would mean merely ‘reliance’ or ‘dependency’ or even ‘confidence,’ for there should also be a significant measure of ‘belief,’ since real trust, confidence, and reliance can only be placed in someone who is believed to have the qualities attributed to such a person.

Haenchen, Funk en Busse (1984:118) meld dat vers 12 en 13 nie baie goed saam gaan met vers 11 of 14 nie. Die skerp kontras tussen nie ontvang (οὐ παρέλαβον) in vers 11 en die almal wat ontvang (ὅσοι δὲ ἔλαβον) word gesien as 'n spesifieke uitdrukking eie aan Johannes, wat gebruik word om die verskil aan te toon tussen iemand met geloof, en iemand wat nie daarvoor beskik nie.

Volgens Haenchen *et al.* (1984:118) is dit belangrik om te weet wat word met 'ontvang' (ἔλαβον) bedoel. Hulle noem dat 'ontvang' (ἔλαβον) binne hierdie die konteks net die betekenis kan dra van 'glo':

This term can really only have the sense of "believe." That goes with what immediately follows: "who believed in his name".

Louw en Nida (1996:571) vertaal ἔλαβον met, ontvang, of om 'n objek te aanvaar:

To receive or accept an object or benefit for which the initiative rests with the giver, but the focus of attention in the transfer is upon the receiver—'to receive, receiving, to accept'.

- **Kind – (τέκνον)**

- **Bespreking van die woord 'kind'**

Die betekenis van die term 'ontvang' speel 'n belangrike rol in die gedeelte, maar net so dit wat ontvang word. Volgens die Skrif ontvang die gelowiges reg tot kindskap (*tekna*) van God. Volgens Louw en Nida (1996:109) verwys die Griekse woord '*tekna*' na kind wees van iemand:

Person of any age for whom there is a special relationship of endearment and association - 'my child, my dear friend, my dear man, my dear one, my dear lad.'

Beasley-Murray (2002:13) is van mening dat dit hier onder andere gaan oor die positiewe aspekte van die verkondiging van die '*logos*' (Woord). Diegene wat die Logos ontvang het, het die Logos in geloof verwelkom, en aan hulle is die voorreg gegee om God se kinders te word. Dit is nie net iets wat van nature so aanvaar word nie, maar hulle word bemagtig deur die Woord:

To them he gave authority to become God's children; they were not so by nature (contrary to the Gnostics!), but became such by authorization of the Logos.

Volgens Beasley-Murray (2002:13) impliseer hierdie konsep aanneming, wat die weg baan in vers 13 vir herlewing. Beasley-Murray (2002:13) meld dat die uitdrukking om te glo in die naam van Jesus, slegs voorkom in die Evangelie van Johannes en ook in 1 Johannes, en dat dit impliseer om Jesus Christus te aanvaar tesame met Sy volle Openbaring.

- **Verskillende vertalings van die woord ‘kind’**

Amplified Version (AV)	Lewende Bybel (LB)	Die Boodskap (DB)
<p>12. But to as many as did receive and welcome Him, He gave the authority (power, privilege, right) to become the children of God, that is, to those who believe in (adhere to, trust in, and rely on) His name.”</p>	<p>12. Maar almal wat Hom aangeneem en in Hom geglo het, aan hulle het Hy die reg gegee om kinders van God te wees.</p>	<p>12. Daar was mense wat Hom met oop arms ontvang het. Hulle het Hom en dit waarvoor Hy staan ten volle in geloof aanvaar. Omdat hulle so op Hom vertrou, het Jesus alles vir hulle gedoen wat nodig was om God se kinders te word. God self het daarvoor gesorg dat hulle as sy kinders aangeneem word.</p>

The Message Bible (TMB)	Good News Translation (GNT)	Bybel vir Almal (BA)
12. But whoever did want him, who believed he was who he claimed and would do what he said. He made to be their true selves, their child-of-God selves.	12. Some however, did receive him and believed in him; so he gave them the right to become God's children.	12. Party mense het Hom aanvaar en hulle het in Hom geglo. Hy het vir hulle gesê hulle mag kinders van God wees

- **Betekenisvolle vertaling variasies**

AV: Aan diegene wat Hom ontvang en verwelkom het, het Hy die voorreg en die reg gegee om Sy kinders te wees.

DB: Aan diegene wat Hom met oop arms ontvang het en alles waarvoor Hy staan in geloof aanvaar het, het Hy gesorg dat hulle as Sy kinders aangeneem word.

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Aan diegene wat Hom met oop arms ontvang en verwelkom het en alles waarvoor Hy staan in geloof aanvaar het, het Hy die voorreg gegee om as Sy kinders aangeneem te word.

- **Bespreking van die begrip 'kind'**

Die skrywer sluit die inleidende segment af met die verwysing na Jesus, Seun van God (v. 51), wie toegang bied tot die Hemel, die omvangryke gebied van God. Gegewe die temas in hierdie proloog, is 'n goeie naam vir Johannes se anti-gemeenskap, die 'kinders van God' (Malina & Rohrbauch, 1998:29-33).

Verse 1-18 het baie kontroversie veroorsaak deur die Christelike geskiedenis (Malina & Rohrbauch, 1998:29-33). Talle moderne skrywers oorweeg hierdie teks as 'n

gedig. Wanneer dit gelees word as gewone taal, is dit reusagtig en deurweek met teologiese probleme, soos byvoorbeeld die volgende vrae: Was hierdie gedig deel van die oorspronklike Evangelie of later bygevoeg? Is daar 'n onderliggende Messiaanse lied wat gevorm is later as die samevatting van die Evangelie? (Malina & Rohrbach, 1998:29-33)

- ***Interpersoonlike binding***

Die belang behoort te lê by die vraag hoe hierdie verse die kosmiese Messias bekendstel en omskryf en ook Sy missie namens die wat "glo in Hom". Malina en Rohrbaach (1998:29-33) beskou die Evangelie van Johannes as 'n dokument geskryf in anti-taal vir die anti-gemeenskap. Die fokus val altyd op die interpersoonlike binding. Die algemene doel van die Evangelie is om interpersoonlike binding van die lede van Johannes se groep tot mekaar, met Jesus en met God te bewerkstellig. Wat geleer word deur hierdie inleidende gedeelte is dankbaarheid oor die koms van die Woord van God wat mens geword het, Mens in Israel in die persoon van Jesus van Nasaret en die feit dat ook lede van Johannes se groep 'kinders van God' geword het. Die Evangelie van Johannes is vir die nou intieme en lojale binnegeroep wat staan teen 'hierdie wêreld' en die Judaïseerders (Malina & Rohrbaugh, 1998:29-33).

Die Griekse term hier word vertaal as 'ontvang' (*lambano*) binne 'n sosiale konteks – dit verwys ook na die gebaar van gasvryheid teenoor iemand met wie 'n mens staan in 'n vaste verhouding (2 Joh 10; Malina & Rohrbaugh, 1998:29-33).

- ***Om Hom te ontvang***

Sy eie mense wat Hom nie aangeneem het nie waarvan Joh 1:11 melding maak, kan in 'n breë sin as die opskrif beskryf word van die eerste twaalf hoofstukke van die Evangelie van Johannes. Die verwysing in Joh 1:12 na almal wat Hom wel ontvang kan weer as die opskrif beskryf word van hoofstukke 13 tot 21. 'n Ander wyse om laasvermelde groep mense te beskryf is diegene wat in Sy Naam glo, en hierdie Naam is dan meer as net 'n etiket; dit gaan oor die karakter van die persoon

en die persoon self. Hierdie tipe geloof behels om Hom volkome te vertrou, sy versoeke te erken, en Hom met dankbaarheid openlik te erken - dit is wat dit behels om Hom te ontvang. Aan die wat Hom ontvang gee God die reg om kinders van Hom te word. Hierdie mense het dan die voorreg om deel van die 'volk van God' te wees, 'n voorreg waaroor die 'Mense van die Messias' nie meer beskik nie (1:11), die wat van nature aan Hom behoort en deur die genade van die Ou verbond (Joh 12:6-7). In Johannes word 'n gelowige, 'n kind (*teknon*) van God genoem, alhoewel slegs Jesus Christus die Seun (*huios*) van God genoem word. Die taalgebruik hier is anders as dié van Paulus, waar die Griekse term *huios*, op beide Jesus Christus en die gelowiges as 'seun' van God gebruik word. Gelowiges is egter slegs 'seuns' deur aanneming (Carson, 1991: 125- 126; Beasley-Murray, 2002:13; Haenchen *et al.*, 1984:118).

▪ ***Jesus Christus, die Lig***

Die koms van die Lig impliseer die geleentheid wat Israel verdeel (3:19-21). Die 'wêreld', die 'Judaïseerders' en selfs Jesus Christus se 'eie' (hier kan 'sy eie' verwys na sy familie of na Israel of na beide) sal nie die Lig ontvang nie (Jesus Christus) (1:10-11; 3:19; Malina & Rohrbaugh, 1998:29-33). Vanuit Johannes 1:9-13 blyk dat die Lig wat na Israel gekom het inderdaad 'n Messiaanse gebeurtenis was indien 'n profetiese interpretasie van Jesaja 9:2 hieraan gekoppel sou word (Malina & Rohrbaugh, 1998:29-33):

Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.

Die verkondiging van die Evangelie van Johannes sal deurgaans op hierdie aspek fokus. Vir Johannes is diegene in die duisternis net soos die mense in sy land, Israel.

- **Bespreking van identiteit**

- ***Die Gees van God***

Die wat die Gees van God ontvang het as Christen (Rom 8:9) word toegerus met die Gees van God en Christus se karakter en dit is dan ook deel van Sy Goddelikheid. (Fowler, 2006:234; vgl. Joh 3:5).

- ***Naby (intieme) verhouding met God***

In die Ou Testament was die implikasie van persoonlike kennis ten opsigte van 'n ander persoon die feit dat daar 'n naby (intieme) verhouding met daardie persoon gehandhaaf is. Die naam van 'n persoon het ook om veel meer gegaan as net 'n benaming aangesien daar besondere waarde daaraan geheg was omdat dit die hele familie verteenwoordig het – dit het die familie se eer in die gemeenskap bepaal (Malina & Rohrbaugh, 1998:32).

- ***Eiewaarde***

Wat besonder betekenisvol is ten opsigte van Joh 1:12 is dat die mens God se kind word, nie op grond van enige menslike gesag nie maar op grond van die gesag van Jesus Christus. Joh 1:12 gee dus die belofte dat aan almal wat Hom ontvang en in Hom glo, het Hy die reg gegee om Sy kinders te word. Die geloof waaroor dit hier gaan impliseer om volkome op Hom te vertrou (Beasley-Murray, 2002:13). Hy stel diegene in staat (gee aan hulle die reg) wat Hom ontvang, om Sy kinders te wees deur aanneming (Carson, 1991:125; Beasley-Murray, 2002:13).

- ***Selfbewuswording***

Wanneer daar geglo word in Jesus Christus moet daar ook verbale uitdrukking wees van daardie oortuiging. Daar word nie in die Skrif verwys na dissipelskap in die geheim nie. 'n Verbale erkenning gee dan 'n indikasie van die realiteit van die geloof (Boice, 2005:73-78 ; vgl. Rom 10:9-10) maar woorde sonder werke is dan ook dood (Jak 2:20,26).

Dit sou vervolgens van belang wees vir die individu om bewus te wees van sy/haar taak as dissipel en hoe om dit in aksie oor te skakel. In die gebruik van die *Facebook* tegnieke, word sekere aspekte van geestelike groei uitgebeeld as deel van die tydlyn/profiel, wat ook dan erkenning of bevestiging kan wees van geloof.

Om bevestiging te kry van hierdie waarhede rakende identiteit is van groot belang vir die beradene wat sou kon worstel met 'n verdraaide siening van sy/haar identiteit en kon twyfel aan eiewaarde (vgl. 3.2.4; 3.2.4.3; 5.7) as gevolg van onverwerkte trauma (3.2.4.1). In sulke gevalle sal 'n nuwe manier van dink nodig wees ten opsigte van die self (Zimmerman & Beaudoin, 2002:31). Geestelike groei (5.3.8) wat deur gebed kan plaasvind vir diegene wat worstel met 'n krisis rondom identiteit sal gevolglik ook noodsaaklik wees (Richardson, 2005:98-105). In hierdie verband kan die geestelike groeiproses grootliks gestimuleer word deur middel van *Facebook* tegnieke.

4.3.1.2 Samevattende normatiewe perspektiewe rakende Johannes 1:12 en identiteit

- Die wat in Hom glo is die wat Hom ten volle vertrou en in afhanklikheid van Hom is en Hom openlik erken.
- Die gelowige ontvang die reg tot kindskap van God deur aanneming.
- Die mens word God se kind op grond van die gesag van Jesus Christus.
- Die mens vind waarde daarin om God se kind te wees deur te glo in Hom met volle vertrou.
- Daar moet erkenning wees van geloof in Jesus Christus, en dissipelskap is 'n teken daarvan. Selfbewuswording bevorder ook dissipelskap.

4.3.2 Galasiërs 5:22-23 - Verhoudings

Met betrekking tot die aspek van verhoudings word daar vervolgens gefokus op Galasiërs 5:22-23 (vgl. ook Hoofstuk 2 en 8.3).

4.3.2.1 Die Heilige Gees

Betz (1979:286) is van mening dat gesonde en aanvaarbare etiese gedrag slegs gemotiveer kan word deur die Heilige Gees wat die vrug van die Gees voortbring.

People cannot be expected simply to act in an ethically responsible way, but they must first be enabled, empowered, and motivated before they can so act. Now since the Galatians did receive the Spirit of God, the love, joy, and peace of God and of Christ were made present to them, and on the basis of this gift they can be expected to act ethically as Christians.

4.3.2.2 Die vrug van die Gees in verhoudings

o Een met Christus

Die eienskappe wat ontstaan weens die vrug van die Gees word beskou as een vrug, en is dus nie losstaande van mekaar nie. Dis 'n geheel wat deel is daarvan om 'in Christus' te wees (Cousar, 1982:139). Die Bybel in Praktyk (2007:1819) verwys na bepaalde karaktereenskappe wat deur die Gees voort gebring word, en nie plaasvind slegs deur die mens se handeling nie. Die eienskappe is volgens die Bybel in praktyk (2007:1819) nie iets wat die mens kan bekom deur hom/haar daarin te oefen nie, maar dat daar net een manier is om die vrug van die Gees te sou kon dra, en dit is deur een te wees met Christus.

o Voordele van die Gees

Volgens Betz (1979:286) verteenwoordig die nege gawes nie noodwendig kwaliteite van 'n persoonlike gedrag wat iemand kan kies, kweek, of toepas as deel van sy/haar karakter nie. Die gawes verwys ook nie na goeie werke nie (Betz, 1979:286):

Nor are they 'good deeds' in the sense of Jewish ethics: they do not come from or constitute a code of law which must be obeyed and which can be transgressed.

Inteendeel is Betz (1979:286) van mening dat die vrug van die Gees (die nege konsepte) gesien moet word as voordele wat ontvang word saam met die Gees. Die Galasiërs het die Gees ontvang, en saam met die Gees het hulle die basis ontvang waaruit hierdie vrug kan groei. Betz (1979:286) beklemtoon dat die vrug van die Gees nie net besit word deur iemand wat glo nie, maar dat dit ook aktiewe betrokkenheid impliseer deur hierdie persoon:

At this point the question arises whether Paul thinks that the 'fruit' was simply given, so that the concepts of the list became the possession of the Galatians, or whether by receiving the Spirit they were enabled and motivated to bear that fruit themselves. In the present context of ethical exhortation we can conclude that a simple possession of the 'fruit of the Spirit' cannot be what Paul means.

○ **Die drie groepe van die vrug van die Gees**

Hendriksen (2007:223) deel die nege gawes in drie verskillende groepe, met drie gawes in elke groep:

- Die eerste groep verwys na die mees basiese spirituele gawes: liefde, vreugde en vrede. Volgens Betz (1979: 286) is die eerste drie verskillend van die ander gawes, omrede hierdie drie toegeskryf kan word aan God, Jesus, en die mens.
- Die volgende groep volgens Hendriksen (2007:223) is die groep wat voorkom in sosiale verhoudings; dit is die gawes wat gelowiges uitlewe teenoor medegelowiges, sowel as nie-gelowiges met wie hulle in aanraking sou kom: geduld, vriendelikheid en goedhartigheid.
- Die laaste groep deel Hendriksen (2007:223) op in drie, naamlik: die eerste gawe, *getrouheid*, wat verwys na die verhouding tussen gelowige en God; die tweede een, *sagmoedigheid*, wat verwys na die gelowige se optrede teenoor 'n medemens; en die derde een wat van toepassing is op alle gelowiges se begeertes en passies, naamlik *selfbeheersing*.

4.3.2.3 Jesus Christus as voorbeeld

Die Bybel in praktyk (2007:1819) stel dat die mens as't ware agter Christus moet aanloop en sy voorbeeld moet uitleef. Die enigste wyse hoe dit in die praktyk sou kon realiseer is indien die mens Christus werklik ken en liefhet. Hierdie persoon sou dan waarlik die vrug van die Heilige Gees kon uitleef deur 'in Christus' te wees (Cousar, 1982:139).

Jesus Christus was die voorbeeld van vrede en het nie gou verontrus of ontsteld geraak nie (Phillips, 2004:182) want God se vrede het Sy hart rustig gemaak (Phillips, 2004:183). Christus, as voorbeeld, het Homself aan God beskikbaar gestel en God het Sy vrede aan Christus beskikbaar gestel (Phillips, 2004:183). Christus het oral waar hy betrokke was goed gedoen (Fowler, 2006:237).

4.3.2.4 Belangrike woorde en begrippe in Galasiërs 5:22-23

Cousar (1982:134) gee die volgende struktuur aan Paulus se beskrywing van Galasiërs 5:16-26:

5:16-18	Die Gees en vlees staan teenoor mekaar.
5:19-21	'n Beskrywing van die werke van die vlees wat die weg na die Koninkryk versper.
5:22-24	Die vrug van die Gees wat ook die wet vervul.
5:25-26	Daar is implikasies om in die Gees te wandel

- **Liefde (ἀγάπη)**

- **Bespreking van die woord 'liefde'**

Betz (1979:287) meld dat 'liefde' (ἀγάπη) verwys na die liefde van God, Christus, en die Heilige Gees, en dit word verwag om teenwoordig te wees in elke Christen. Louw en Nida (1996:292) vertaal 'liefde' (ἀγάπη) met lief te wees vir iemand of iets, wat gebaseer is op opregte waardering en hoë agting. Dit gaan ook om die demonstrering van liefde tesame met meegevoel. Volgens Louw en Nida (1996:292) is daar reeds telkemale gepoog om verskillende betekenisse te koppel tussen die begrippe ἀγάπη en φιλέω, maar dit blyk nie of daar 'n kontras van betekenisse is in enige konteks nie. Daar kom volgens Louw en Nida (1996: 292) wel een uitsonderlike geval voor:

There is, however, one significant clue to possible meaningful differences in at least some contexts, namely, the fact that people are never commanded to love one another with φιλέω or φίλια, but only with ἀγαπάω and ἀγάπη.

Volgens Louw en Nida (1996: 292) kan daar in sekere kontekste betekenisvol onderskeid getref word, soos dat φιλέω en φίλια meer sal fokus op liefde op die vlak van interpersoonlike verhoudings, waar ἀγαπάω en ἀγάπη fokus op liefde, wat gebaseer is op diep waardering en hoë agting. Louw en Nida (1996: 292) is dus van mening dat dit totaal ontoelaatbaar is om die gevolgtrekking te maak dat φιλέω en φίλια verwys na menslike liefde, en ἀγαπάω en ἀγάπη verwys na goddelike liefde:

Both sets of terms are used for the total range of loving relations between people, between people and God, and between God and Jesus Christ.

Hendriksen (2007:223) is van mening dat die mees uitstaande karaktereienskap

heel eerste genoem word, naamlik liefde. Volgens Jervis (2011:149) is die eerste karaktereenskap liefde, wat Paulus met Jesus Christus identifiseer, en dit is ook die kenmerk van diegene wat een is met Jesus Christus. Volgens Ryken (2005:232) is liefde iets wat gelowiges uitleef, omdat God hulle eerste lief gehad het. Elkeen van die opeenvolgende vrugte is inderwaarheid 'n uitvloeisel van die liefde aan die mens gegee as 'n gawe van God (Rom 5:5) en die basis daarvan is gebed (Fil 1:9; Wiersbe, 2007:576). Verder is dit ook nie moontlik vir mense om ware liefde uit te leef behalwe deur die Heilige Gees nie – in teenstelling met die sondige natuur kan dit slegs die vrug van die Gees wees (Phillips, 2004:179).

o ***Verskillende vertalings van die woord 'liefde'***

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
22. But the fruit of the [Holy] Spirit [the work which His presence within accomplishes] is love ...	22. Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde ...	22. Aan die ander kant kan mens ook sien watter mense se lewe deur die Heilige Gees beheer word: Net soos 'n boom wat 'n baie goeie vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Hulle het ander mense lief.

The Message	Die Bybel vir Almal	Good News translation
<p>22. But what happens when we live God's way? He brings gifts into our lives, much the same way that fruit appears in an orchard - things like affection for others...</p>	<p>22. Maar as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan doen hulle goeie dinge: Hulle is lief vir ander mense...</p>	<p>22. But the Spirit produces love, joy, peace, patience, kind-ness, goodness, faith-fulness, 23. Humility, and self-control. There is no law against such things as these.</p>

- **Betekenisvolle vertaling variasies**

DB: Net soos 'n boom wat 'n baie goeie vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Hulle het ander mense lief.

TM: Hy bring gawes in ons lewens, net soos vrugte in 'n boord, dinge soos liefde vir ander...

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Net soos vrugte in 'n boord bring God gawes in ons lewens wat bewys dat ons aan Hom behoort, 'n gawe soos liefde vir ander...

- **Vreugde** (χαρά)

- **Bespreking van die begrip 'vreugde'**

Louw en Nida (1996:301) vertaal vreugde as die hart wat dans want die hart is bly. Volgens Jervis (2011:149) verskil die karaktereienskap van vreugde van dié van geluk. Volgens hom is vreugde nie 'n stand van sake waar alles maar net altyd wonderlik is nie:

Joy is not a state in which most of the circumstances of one's life are satisfactory, but rather is life rooted in the Spirit (Rom 14:17) and in God (Rom 15:13).

Volgens Betz (1979:286) is vreugde nie duidelik 'n kenmerk van God of Jesus nie, maar dit is wel 'n goddelike karaktertrek wat sterk beklemtoon word. Ryken (2005:233) is van mening dat vreugde anders lyk as geluk en daarom is dit nie 'n spontane reaksie op een of ander tydelike gevoel van plesier nie.

o ***Verskillende vertalings van die woord 'vreugde'***

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
22. But the fruit of the [Holy] Spirit [the work which His presence within accomplishes] is love, joy ...	22. Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde, hulle is bly ...	22. Aan die ander kant kan mens ook sien watter mense se lewe deur die Heilige Gees beheer word: Net soos 'n boom wat 'n baie goeie vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Hulle het ander mense lief. Hulle lewe is ook vol vreugde.

The Message	Die Bybel vir Almal	Good News Translation
<p>22. But what happens when we live God's way? He brings gifts into our lives, much the same way that fruit appears in an orchard - things like affection for others, exuberance about life...</p>	<p>22. Maar as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan doen hulle goeie dinge: Hulle is lief vir ander mense, hulle is bly...</p>	<p>22. But the Spirit produces love, joy...</p>

- **Betekenisvolle vertaling**

variasies DB: Hulle lewe is vol vreugde...

TM: Hy bring gawes in ons lewens, net soos vrugte in 'n boord, dinge soos vreugdevolle entoesiasme...

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Hy bring gawes in ons lewens, net soos vrugte in 'n boord, dinge soos vreugdevolle entoesiasme...

- **Vrede** (εἰρήνη)

- **Bespreking van die woord 'vrede'**

Louw en Nida (1996:314) vertaal die woord vrede (εἰρήνη), as 'n toestand waar daar geen angsk voorkom nie, en waar innerlike rus gevind kan word - 'n toestand waar daar geen bekommernis is nie.

Hendriksen (2007:223) noem dat vrede 'n uitvloeisel is van liefde, en dat daar nie vrede

kan wees sonder liefde nie. Hy verduidelik dat vrede 'n belangrike rol speel om die eerste paar gawes met die daaropvolgendes te laat saamsmelt. Jesus Christus was die voorbeeld by uitnemendheid van hierdie vrede in die sin dat

Hy nooit haastig, verontrus of ontsteld geraak het nie (Phillips, 2004:182). God se vrede het Sy hart rustig gemaak, as deel van Sy menslike bestaan. Hy het Homself aan God beskikbaar gestel en God het Sy vrede aan Hom beskikbaar gestel (Phillips, 2004:183). Die vrede wat van God kom, is onbegryplik (Fil 4:7).

○ ***Verskeie vertalings van die woord 'vrede'***

The Amplified Version	Die Boodskap	Lewende Bybel
<p>22. But the fruit of the Holy Spirit, the work which His presence within accomplishes, is love, joy (gladness), peace...</p>	<p>22. Aan die ander kant kan mens ook sien watter mense se lewe deur die Heilige Gees beheer word: Net soos 'n boom wat 'n baie goeie vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Hulle het ander mense lief. Hulle lewe is ook vol vreugde. Hoe anders? Daar is immers nou vrede tussen hulle en God.</p>	<p>22. Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde, blydschap, vrede...</p>

The Message	Bybel vir Almal	Good News Translation
22. He brings gifts into our lives, much the same way that fruit appears in an orchard - things like affection for others,	22. Maar as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan doen hulle goeie dinge: Hulle is lief vir	22. But the Spirit produces love, joy, peace...
exuberance about life, serenity.	ander mense, hulle is bly, hulle maak vrede...	

- **Betekenisvolle vertaling variasies**

DB: Hulle ervaar vreugde want daar is immers nou vrede tussen hulle en God.

TM: Daar is 'n afwesigheid van stres en angs

BA: Hulle maak vrede met ander

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Hulle ervaar groot vreugde want daar is nou vrede tussen hulle en God wat tot gevolg het dat daar geen stres en angs meer is nie en dat hulle ook vrede maak met ander.

- **Geduld (lankmoedigheid; μακροθυμία)**

- **Bespreking van die woord 'geduld'**

Volgens Louw en Nida (1996:306) is 'geduld' (*μακροθυμία*) die vermoë om emosioneel kalm te kan bly sonder om te kla of geïrriteerd te voel in situasies wat uitlokkend is of wat as teëspoed ervaar word.

Jervis (2011:149) beskryf geduld as 'n vorm van verdraagsaamheid en ook 'n eienskap van God wat deur Sy gelowiges gedeel word. Lankmoedigheid is volgens

Hendriksen (2007:224) nie net 'n menslike kenmerk nie, maar ook 'n Goddelike een, wat toegeskryf word aan God en Jesus Christus. Ryken (2005:233) beskryf die aspekte van vrede en lankmoedigheid ten tye van beproewings soos volg:

Patience is long suffering in the face of hardship - the ability to endure – through adversity. A patient person has a slow fuse. He or she is steadfast and persistent, willing to suffer aggravation to even persecution without complaint.

God se karaktereienskappe sluit onder andere in geduld, barmhartigheid en genade (Eks 34:6; 2 Pet 3:9; Fowler, 2006:236). Hierdie eienskap is onmoontlik sonder die teenwoordigheid van die Heilige Gees (Phillips, 2004:186-188).

○ ***Verskeie vertalings van die woord 'geduld'***

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
<p>22. But the fruit of the [Holy] Spirit [the work which His presence within accomplishes] is love, joy (gladness), peace, patience (an even temper, forbearance)...</p>	<p>22. Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde, blydskap, vrede, geduld...</p>	<p>22. Net soos 'n boom wat 'n baie goeie vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Hulle het ander mense lief. Hulle lewe is ook vol vreugde. Hoe anders? Daar is immers nou vrede tussen hulle en God. Hy is glad nie meer kwaad vir hulle nie. Hulle hart en hande is ook oop vir ander mense. Daarom is hulle altyd geduldig...</p>

Good News Translation	Bybel vir Almal	The Message
22. But the Spirit produces love, joy, peace, patience...	22. Maar as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan doen hulle goeie dinge: Hulle is lief vir ander mense, hulle is bly, hulle maak vrede, hulle is geduldig, vriendelik en goed, hulle doen wat hulle belowe, hulle word nie maklik kwaad nie, hulle bly kalm...	22. He brings gifts into our lives, much the same way that fruit appears in an orchard - things like affection for others, exuberance about life, serenity. We develop a willingness to stick with things...

- **Betekenisvolle vertaling variasies**

AT: Die Heilige Gees bewerkstellig verdraagsaamheid en 'n gelykmatige temperament

BA: Hulle word nie maklik kwaad nie, hulle bly kalm

TM: Ons ontwikkel 'n gewilligheid om vas te byt ondanks omstandighede

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Die Gees bewerkstellig verdraagsaamheid en 'n gelykmatige temperament wat impliseer dat hierdie persoon nie maklik kwaad word nie en ook gewillig is om vas te byt ondanks omstandighede.

- **Vriendelikheid** (χρηστότης)

- **Omskrywing van die woord 'vriendelikheid'**

Volgens Louw en Nida (1996:749) beteken die Griekse term, χρηστότης, wat as 'vriendelikheid' vertaal word, om iets voordelig vir iemand te doen as 'n vriendelike

daad. Betz (1979:288) is van mening dat die opvolgende konsepte na vrede, die fokus meer verskuif na menslike aksie.

Die gawe van vriendelikheid kan volgens Betz (1979:288) direk toegeskryf word aan God en word vervolgens verwag van die gelowige. Dit behels goedheid van die hart en goedheid in aksie. Hierdie Christelike vriendelikheid verwys nie na geïsoleerde voorvalle wat op verpligtinge volg nie. Dit is 'n konstante eienskap wat omskryf kan word as liefde wat 'bene kry,' volgens Fowler (2006:237).

- ***Verskeie vertalings van die woord 'vriendelikheid'***

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
<p>22. "But the fruit of the [Holy] Spirit [the work which His presence within accomplishes] is love, joy (gladness), peace, patience (an even temper, forbearance), kindness...</p>	<p>22. Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid...</p>	<p>22. Net soos 'n boom wat 'n baie goeie vrug op-lewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Hulle het ander mense lief. Hulle lewe is ook vol vreugde. Hoe anders? Daar is immers nou vrede tussen hulle en God. Hy is glad nie meer kwaad vir hulle nie. Hulle hart en hande is ook oop vir ander mense. Daarom is hulle altyd geduldig en vriendelik.</p>

Good News Translation	Bybel vir Almal	The Message
22. But the Spirit produces love, joy, peace, patience, kindness...	22. Maar as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan doen hulle goeie dinge: Hulle is lief vir ander mense, hulle is bly, hulle maak vrede, hulle is geduldig, vriendelik...	22. But what happens when we live God's way? He brings gifts into our lives, much the same way that fruit appears in an orchard - things like affection for others, exuberance about life, serenity. We develop a willingness to stick with things, a sense of compassion in the heart...

- **Betekenisvolle vertaling variasies van die woord 'vriendelikheid'**

TM: Daar is by hulle 'n gevoel van medelye en empatie teenoor ander.

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Hulle vriendelikheid impliseer 'n gevoel van medelye en empatie met ander.

- **Goedhartigheid (ἀγαθωσύνη)**

- **Bespreking van die begrip 'goedhartigheid'**

Betz (1979:288) noem dat die konsep van "goedhartigheid" (ἀγαθωσύνη) 'n laat ontwikkeling is in die Griekse taal, en dat dit moontlik van die Griekse Judaïsme afkomstig is. Volgens Ryken (2005:233) is die betekenis van goedhartigheid baie na aan dié van vriendelikheid, en was dit destyds 'n algemene verskynsel onder die heidense volke. Goedhartigheid impliseer volgens Ryken (2005:233) totale morele uitnemendheid. Jervis (2011:149) noem dat volgens Paulus die uitoefening

van hierdie gawe net moontlik kan wees deur die krag van God. Louw en Nida, (1996:569) toon aan dat vrygewigheid by implikasie deel is van goedheid. Hierdie is baie groot komponent van 'n liefdevolle Goddelike karakter en stem baie ooreen met vriendelikheid. Slegs God is werklik goedhartig (Mark 10:18; Luk 18:19).

o ***Verskeie vertalings van die woord 'goedhartigheid'***

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
<p>22. But the fruit of the [Holy] Spirit [the work which His presence within accomplishes] is love, joy (gladness), peace, patience (an even temper, forbearance), kindness, goodness (benevolence)...</p>	<p>22. Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, vrygewigheid...</p>	<p>22. Net soos 'n boom wat 'n baie goeie vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Hulle het ander mense lief. Hulle lewe is ook vol vreugde. Hoe anders? Daar is immers nou vrede tussen hulle en God. Hy is glad nie meer kwaad vir hulle nie. Hulle hart en hande is ook oop vir ander mense.</p>

Good News Translation	Bybel vir Almal	The Message
22. But the Spirit produces love, joy, peace, patience, kindness, goodness...	22. Maar as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan doen hulle goeie dinge: Hulle is lief vir ander mense, hulle is bly, hulle maak vrede, hulle is geduldig, vriendelik en goed...	22. We develop a willingness to stick with things, a sense of compassion in the heart, and a conviction that a basic holiness permeates things and people.

- **Betekenisvolle vertaling variasies van die woord ‘goedhartigheid’**

LB: Hulle is vrygewig.

DB: Hulle hart en hande is oop vir ander mense.

TM: Hulle is oortuig dat hulle op heilige grond beweeg in hul verhouding met ander.

AV: Hulle het ’n ingesteldheid om goed te doen aan andere.

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Hulle het ’n ingesteldheid om goed te doen en vrygewig te wees teenoor ander omdat hulle oortuig is dat hulle op heilige grond beweeg in hul verhouding met hul naaste – daarom is hulle harte en hande ook oop.

- **Getrouheid (πίστις)**

- **Bespreking van die woord ‘getrouheid’**

Louw en Nida (1996:376) toon aan dat ‘πίστις’ (getrouheid) dui op iemand wat volkome vertrou kan word:

The state of being someone in whom complete confidence can be placed -
 'trustworthiness, dependability, faithfulness.

Getrouheid verwys na die houdings van gelowiges wat betroubaarheid en lojaliteit insluit (Phillips, 2004:192). Volgens Ryken (2005:233) is getrouheid geanker in die betroubaarheid wat kom wanneer vertroue geplaas word in die God van die Bybel. Jervis (2011:149) dui getrouheid aan as 'n funksie van God se karakter, en ook een van Sy hoof karaktereienskappe. De Boer (2011:365) beklemtoon die feit dat getrouheid soos dit voorkom in Galasiërs 5:22, duidelik wys op 'n gelowige se getrouheid, nie in die aktiewe vorm van vertroue nie, maar in die passiewe vorm van betroubaarheid, en eerlikheid.

o ***Verskeie vertalings van die woord 'getrouheid'***

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
22. But the fruit of the [Holy] Spirit [the work which His presence within accomplishes] is love, joy (gladness), peace, patience (an even temper, forbearance), kindness, goodness (benevolence), faithfulness...	22. Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, vrygewigheid, betroubaarheid...	22. Daar is immers nou vrede tussen hulle en God. Hy is glad nie meer kwaad vir hulle nie. Hulle hart en hande is ook oop vir ander mense. Daarom is hulle altyd geduldig en vriendelik. Hierdie mense is ook getrou aan God; hulle doen altyd wat Hy sê...

Good News Translation	Bybel vir Almal	The Message
22. But the Spirit produces love, joy, peace, patience, kindness, goodness, faithfulness ...	22. Maar as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan doen hulle goeiedinge: Hulle is lief vir ander mense, hulle is bly, hulle maak vrede, hulle is geduldig, vriendelik en goed, hulle doen wat hulle belowe...	22. We find ourselves involved in loyal commitments...

Betekenisvolle vertaling variasies van die woord 'getrouheid'

DB: Hierdie mense doen altyd wat God sê.

BA: Hierdie mense doen wat hulle belowe.

TM: Ons is betrokke in lojale verbintenisse.

o **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Die Gees stel ons in staat om te doen wat God van ons verwag en daarom kan ons ook teenoor mense ons beloftes nakom en in lojale verbintenisse betrokke raak.

• **Sagmoedigheid** (πραΰτης)

o **Beskrywing van die woord**

Louw en Nida (1996:748) beskryf πραΰτης, as 'n sagmoedige houding en optrede teenoor ander, wat in kontras staan met verharding. Dit is iemand wat gekenmerk word deur vriendelikheid, en *gentleness*. Sagmoedigheid word in verskeie tale vertaal in kontras met hardheid, om dit duidelik te maak dat vriendelike mense nie hard kan oorkom nie (Louw en Nida, 1996: 748).

Ryken (2005:233) is van mening dat saam met getrouheid kom sagmoedigheid:

With faithfulness goes gentleness, an inward grace that is sometimes called meekness and is often described as power under control. The gentle person has a sweet temper of spirit toward God, others and the daily frustrations of life. He or she is not prone to anger, but humble sweet and mild.

Sagmoedigheid hou ook die belofte in van die ewige lewe (Phillips, 2004:196).

o ***Verskeie vertalings van die woord ‘sagmoedigheid’***

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
22. But the fruit of the [Holy] Spirit [the work which His presence within accomplishes] is love, joy (gladness), peace, patience (an even temper, forbearance), kindness, goodness (benevolence), faithfulness, 23. gentleness (meekness, humility)...	23. Hy gee liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, vrygewigheid, betroubaarheid, nederigheid...	23. Hierdie mense is ook getrou aan God; hulle doen altyd wat Hy sê. Hulle dink nie te veel van hulleself nie...

Good News Translation	Bybel vir Almal	The Message
22. But the Spirit produces love, joy, peace, patience, kindness, goodness, faithfulness, 23. humility...	23. Hulle is lief vir ander mense, hulle is bly, hulle maak vrede, hulle is geduldig, vriendelik en goed, hulle doen wat hulle belowe, hulle word nie maklik kwaad nie...	23. We find ourselves involved in loyal commitments, 23. not needing to force our way in life,

- **Betekenisvolle vertaling variasies van die woord**

'sagmoedigheid' **DB:** Hulle het nie 'n hoë dink van hulself nie.

LB: Hulle openbaar 'n nederigheid.

BA: Hulle word nie maklik kwaad nie

TM: Hulle neem ander mense se gevoelens in ag (hulle stoomroller nie ander mense nie).

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Die Gees stel ons in staat om ander se gevoelens in ag te neem, nederig te bly en nie maklik kwaad te raak nie.

- **Selfbeheersing (ἐγκράτεια)**

- **Bespreking van die woord 'selfbeheersing'**

Volgens De Boer (2011:365) het *enkrateia* (selfbeheersing) 'n lang geskiedenis binne die antieke filosofie wat persone soos Plato, Aristoteles en die Stoïsyne insluit. In die tyd van Paulus het hierdie woord alreeds die betekenis gehad van 'selfbeheersing'. Betz (1979:288) noem dat Socrates hierdie term gekoppel het aan

die Griekse etiek, en in Paulus se tyd was hierdie konsep dus al 'n bekende konsep binne die Hellenistiese etiese denke - Joodse en Christelike skrywers het gevolglik uit hierdie bron geput in hul geskrifte. Louw en Nida (1996:750) vertaal ἐγκράτεια as verwysend na iemand wat totale beheer het oor begeertes, aksies en selfbeheer.

Ryken (2005:233) voel dat selfbeheersing verwys na 'n matige temperament, veral in sensuele aspekte soos eet, drink, en seksuele begeertes. Selfbeheersing voorkom volgens Ryken (2005:233) losbandigheid en om totaal vry te leef en eerder deel te hê van die Christelike lewe. Die vrug kan nie uit eie krag gegenerer word nie, is ook nie deel van die menslike temperament nie (Fowler 2006:233) en kan slegs daar wees deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees (Phillips, 2004:175).

○ ***Verskeie vertalings van die woord 'selfbeheersing'***

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
22. But the fruit of the [Holy] Spirit [the work which His presence within accomplishes] is love, joy (gladness), peace, patience (an even temper, forbearance), kindness, goodness (benevolence), faithfulness, 23. gentleness (meekness, humility), self-control (self-restraint, continence)...	22. Hy gee liefde, blyskap, vrede, geduld, vriendelikheid, vrygewigheid, betroubaarheid, nederigheid en self-beheersing.	22. Daarom is hulle altyd geduldig en vriendelik. Hierdie mense is ook getrou aan God; hulle doen altyd wat Hy sê. Hulle dink nie te veel van hulleself nie. Hulle is ook in staat om hulleself goed te beheer. Die sonde vier nie hoogty in hulle lewe nie.

Good News Translation	Bybel vir Almal	The Message
22. But the Spirit produces love, joy, peace, patience, kindness, goodness, faithfulness, 23. humility, and self-control .	22. Hulle is lief vir ander mense, hulle is bly, hulle maak vrede, hulle is geduldig, vriendelik en goed, hulle doen wat hulle belowe, hulle word nie maklik kwaad nie, hulle bly kalm.	22. We find ourselves involved in loyal commitments, 23. not needing to force our way in life, able to marshal and direct our energies wisely.

- **Betekenisvolle vertaling variasies van die woord ‘selfbeheersing’**

DB: Die sonde vier nie hoogty in hulle lewe nie.

TM: Hulle is in staat om hul energie met wysheid te kanaliseer.

BA: Hulle word nie maklik kwaad nie, hulle bly kalm.

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Die Gees stel ons in staat om ons energie met wysheid te kanaliseer – dit stel ons in staat om deurgaans kalm te bly en gevolglik te verhoed dat die sonde hoogty vier in ons lewens.

4.3.2.5 Ouerleiding

Verhoudings kan nie vermy word nie en is deel van die alledaagse lewe. Verhoudings is van groot belang vir jongmense, veral wat betref die ondersteuning vanaf hul ouers (Vgl. 3.2.3.2; 5.6.2; 3.2.5.1; 5.8; 5.8.2.2).

Die algemene belangrikheid van verhoudings

Die liefde word in verhoudings geopenbaar deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees en dit word gebaseer op gebed, waar gebed van groot waarde en belang is vir genesing (Wiersbe, 2007:576; Phillips 2004:179) veral in verhoudings (Richardson, 2005:157). Vriendelikheid as deel van die vrug van die Gees is 'n konstante gereedheid om te help en God se genade aan ander te bewys deur omgee in aksie om te sit (Ryken, 2005:233). God gee dan vreugde en kalmte van die hart as deel van die vrug van die Gees (Hendriksen, 2007:233). As deel van "n toekomspektief kan dit afgelei word dat die vrug van die Gees die individu betroubaar maak in hierdie verband, wat ook van belang is vir jongmense (vgl. Nurmi& Salmelo-Aro, 2002:409) as dit kom by doelwitte (5.7.5.2) wat versterk word deur selfbewuswording (3.2.4.3). Selfbeheersing binne die konteks van verhoudings is deel van die advertensie wat 'n individu voorhou as sy/haar identiteit (Wiersbe, 2007:576). Versoekings kan dan weerstaan word as deel van die vrug van die Gees, want die Gees is in beheer. Die versoekings regeer hom/haar nie en daarom kan patrone van die verlede ook verbreek word (Ryken, 2005:234).

God verwag dat die vrug van die Gees in die mens se karakter na vore sal kom, soos uiteengesit in Gal 5:22-23 (Wiersbe, 2007:576) en die eienskappe moet deel uitmaak van elke Christen se gedrag (Joh 5:8). Dit word dus van ouers verwag om leiding te neem in die sin van voorbeelde wees en die draers van die vrug van die Gees. Om die vrug te dra behels aktiewe betrokkenheid deur die Gees van God (Betz, 1979:286) terwyl ouers ook in die proses begelei moet word hoe om die vrug van die Gees te dra in hulle lewe (Phillips, 2004:179).

Die liefde is 'n vrug van die Gees wat gebaseer is op gebed (Wiersbe, 2007:576). Gebed speel 'n essensiële rol in genesing en dit is gevolglik noodsaaklik vir ouers om vir kinders te bid en hulle ook te leer bid (5.6.2; Richardson, 2005:157).

As ouers oor die rustigheid van God beskik, beskik hulle ook oor die kalmte wat hulle met ander kan deel en gevolglik ook met hul kinders (Hendriksen, 2007:233). Ouers kan as voorbeeld geduld openbaar om voort te gaan ten spyte van moeilike omstandighede (Ryken, 2005:233).

Vriendelikheid gaan om 'n konstante gereedheid om te help. Dit is die uitbreiding van God se genade na ander deur praktiese aksies van omgee (Ryken, 2005:233). Ouers het ook 'n opdrag van dissipelskap, wat impliseer om dissipels te maak binne die konteks van ouerskap. Deur die konsekwente gereedheid om hulle kinders by te staan met die nodige leiding deur die Heilige Gees is hulle terselfdertyd besig om dissipels te maak. Die ouers se goedheid in aksie, is soos liefde wat bene kry (Fowler, 2006:237).

Christus het sy volgelinge aangemoedig om baie vrug te dra (Joh 15:2) want liefde sal meer liefde tot gevolg hê. Die Heilige Gees se teenwoordigheid in die gelowige se lewe bewerkstellig die dra van die vrug van die Gees, en hoe meer liefde toegepas sal word, hoe meer sal dit uitkring na kinders en ook ander buite die gesinsisteem bereik. Christene is verplig tot 'n gesindheid van liefde (Cousar, 1982:139) en as liefde teenwoordig is, vreugde nie vêr daarvan nie (Hendriksen, 2007:223).

Christus het ook oral waar Hy betrokke was goed gedoen (Hand 10:38; Fowler, 2006:237). Hierdie goedhartigheid verwys na die wyse om oorfloedig te gee deur die daad met 'n gesindheid van goedheid wat deur die Heilige Gees bewerkstellig word (Louw & Nida, 1988:570). 'n Gesindheid van goedhartigheid by ouers stel hulle ook in staat om oorfloedig te kan gee deur die Heilige Gees.

Getrouheid impliseer volgens Ryken (2005:233) dat die gelowige betroubaar is ten opsigte van sekere belangrike take. Die Heilige Gees moet teenwoordig wees in die ouers se lewe om hulle in staat te stel om die vrug van getrouheid te kan dra en sodoende hulle belangrike taak as opvoeder te kan uitvoer.

Ryken (2005:234) verduidelik dat 'n persoon met selfbeheersing, die selfdissipline besit om nie deur eie begeertes beheer te word nie, en daarom is dit moontlik om versoekings te weerstaan. Ouers kan menslike versoekings weerstaan om sondige gedrag te openbaar teenoor hulle kinders deur die Heilige Gees se instaatstelling. Dit sou ook insluit gedrag wat op enige vorm afbrekend kan wees ten opsigte van hulle kinders se identiteit in Christus, of hulle verhouding met God.

4.3.2.6 Vergifnis

- ***Die Gees***

Daar is slegs een wyse waarop die Gees van God in 'n individu se lewe teenwoordig kan wees en dit is om een te wees met Jesus Christus (Janse van Rensburg, 2003:756). Jaloesie, twis en verdeeldheid sou daarop kon dui dat die Gees nie teenwoordig is nie (Cousar, 1982:140-144). Geestelike vrugte word voortgebring deur die Gees (Gal 5:25) en gevolglik is gebed en pastorale begeleiding van toepassing op die pastorale beradingsproses met die oog op geestelike groei.

- ***Vergifnis en vrede***

Deel van die vrug van die Gees sou wees om vrede en diep innerlike rustigheid te ervaar sonder enige bekommernis, 'n toestand van innerlike rus (Louw en Nida, 1996:314). Dit kan dus impliseer dat die vrug van die Gees die individu ook sou kon bystaan in die proses van vergifnis. Ryken (2005:233) is van mening dat harmonie ontstaan by menslike verhoudings indien daar vrede is. Christene kan vrede met God deur Jesus Christus ervaar omdat vrede met God gewoonlik vrede met ander tot gevolg het. Jervis (2011:149) noem dat vrede, net soos in die geval van vreugde, nie afkomstig is van eksterne omstandighede in die individu se lewe nie, maar van 'n God van vrede. Al sou dit die ideaal wees, is dit nie altyd moontlik om verhoudings te kweek wat glad verloop nie. Die mens se 'vrede' hang nie daarvan af nie, maar van die vrug van die Gees.

- ***Goedhartigheid en vergifnis***

Goedhartigheid teenoor ander impliseer ook vrygewigheid en opregtheid binne die konteks van verhoudings. Dit laat dus ruimte vir menslike foute asook openlike kommunikasie (Jervis, 2011:149).

- ***Vergifnis en beheer deur die Gees***

Volgens die Bybel in Praktyk (2007:1819) word elke individu deur iets of iemand beheer. Dit wat die mens dan sou toelaat om hom/haar te beheer, bepaal vervolgens die uitkoms van die individu se lewe:

As die wet jou lewe beheers, staan jy reeds veroordeel omdat jy nie in staat is om dit te onderhou nie. As jou sondige natuur jou lewe beheers, word jy deur jou eie boosheid vernietig. As jy jou lewe egter deur die Gees van God laat beheers, blyk dit uit die vrug wat die Gees in jou lewe dra (Bybel in Praktyk, 2007:1819).

Iemand wie se lewe deur die Gees van God beheer word lyk dus anders - so 'n persoon se eie wil word deur die Gees beïnvloed, sodat die individu al hoe meer die wil van God sal wil uitlewe (Bybel in Praktyk, 2007:1819).

Om te vergewe word van 'n Christen verwag en indien die individu nie sou vergewe nie, dan kan dit verband hou met verkeerde motiewe. Christene moet met ander in vrede lewe (Fowler, 2006:236) en vrede word dan ervaar as gevolg van God wat in beheer is (Kol 3:15) en Sy vrede deur Christus aan Sy kinders gee (Ef. 2:4). Hierdie vrede word dan in mense se interpersoonlike verhoudings uitgeleef deur diegene wat vredemakers is (Matt 5:9; Fowler, 2006:236) en wat dus met ander in vrede wil lewe (Heb 12:14) en ook op hierdie wyse deel verkry aan die Koninkryk van God (Rom 14:17; Fowler, 2006:236). Louw en Nida (1988:315) beskryf hierdie vrede as 'n innerlike rustigheid.

- ***Sagmoedigheid en vergifnis***

Sagmoedigheid is 'n belangrike komponent met betrekking tot die gelowige se optrede teenoor sy/haar medemens (Hendriksen, 2007:223). Ryken (2005:233) meld dat omdat gelowiges vrede met God het deur Jesus Christus, dit ook vir hulle moontlik is om vrede te maak met ander. Die vrug van sagmoedigheid en vrede is gewoonlik aanduidings van die aanwesigheid van die Heilige Gees. Dit is ook eienskappe wat 'n belangrike rol speel in verhoudings met ander, optredes en gesindhede teenoor hulle en ook die uitoefening van vergifnis binne die konteks van verhoudings.

- ***Geduld en vergifnis***

Hendriksen (2007:224) verduidelik dat geduld, as een van die eienskappe van die vrug, normaalweg geëien kan word by iemand wat baie geduldig is in sy/haar alledaagse omgang met ander. Hierdie individu kan slegs geduldig wees met ander indien God die bron hiervan is (Ef 4:2; Kol1:10-11; 1 Tess 5:14). Geduld verwys ook na die vermoë om in God se voorsiening te berus en te kan wag op Sy tydsbestuur (Rom 5:13; Jak 1:3; Fowler, 2006:236). Die afleiding kan gemaak word dat met meer geduld in verhoudings, die geleentheid waar vergifnis bewys moet word waarskynlik heelwat minder sal wees aangesien die individu nie baie dikwels die ervaring sal hê dat hy/sy te nagekom word nie.

4.3.2.7 Grense

- ***Grense en innerlike krag***

Sagmoedigheid verwys na innerlike krag wat nie dieselfde as swakheid is nie (Phillips, 2004:194). Christus was sagmoedig en nederig van hart (Matt 11:29; Phillips, 2004:194). Wanneer gepaste grense toegepas word, dui dit eerder op sterk eiewaarde as swakheid. Die eiewaarde en innerlike krag kom dan vanaf God en is nie die resultaat van verwronge grense nie. Die diepste bron van vreugde in so 'n individu se lewe is dan ook nie gekoppel aan eksterne omstandighede nie maar dit kom van die God van vrede (Jervis, 2011:149). Hierdie individu funksioneer ook met gepaste grense om hom/haarself van ander en die buitewêreld te kan onderskei.

Kinders moet in hierdie opsig ook begelei word om hulle vertrouwe in God te plaas (Ryken, 2005:233). 'n Oormatige sensitiwiteit asook 'n geneigdheid om sekere aspekte te persoonlik op te neem is nie goed vir die individu se funksionering binne verhoudings nie en dit kan verband hou met onduidelike grense (Fowler, 2006:236).

Volgens Ryken (2005:233) is vriendelikheid meer as net 'n algemene aksie van konsiderasie. Vriendelikheid is intendeel 'n konstante gereedheid om te help - by geleentheid ook die uitbreiding van God se genade aan diegene wat die gelowige omring, deur praktiese aksies van omgee.

Vriendelikheid behels meer as hoflikheid en beleefd te wees, in die uitreik na ander. Dit is die optrede teenoor ander wat getuig van sensitiewe bedagsaamheid en om ander se gevoelens in ag te neem, dus ander se grense ook te respekteer (Ef 4:32; Fowler, 2006:237).

- ***Grense en vreugde***

Vreugde is nie afhanklik van enige omstandighede nie. Volgens Ryken (2005:233) is vreugde eerder gebaseer op elke gelowige se identiteit in Jesus Christus. Vreugde en vrede gaan hand aan hand en dit hou ook sterk verband met 'n gevoel van heelheid en welstand. Vreugde kan ook slegs ervaar word deur in die volheid van God te wandel (Phillips, 2004:181-182). Vreugde is dus iets binne die individu, wat bewerk word deur die Gees se teenwoordigheid.

4.3.2.8 Die vrug van die Gees en identiteit

Wat betref die vrug van die Gees in Gal 5:22-23 kan gestel word dat dit samevattend gaan om die vrug van karakter (Wiersbe, 2007:575-576). Om die karakter as sodanig te ontwikkel en uit te bou as draer van die vrug behoort volgens Wiersbe (2007:576) veel meer prioriteit te geniet as die vertoning van individuele gawes.

Volgens Louw en Nida (1988:315) is die hoofklem in Gal 5:22-23 op die ervaring van vryheid. Om dit te kan gevaar is die voorwaarde egter dat die individu gevul sal

wees met die Heilige Gees wat werk deur liefde, vrede en vreugde. God is liefde (1 Joh 4:8) en die wet word deur liefde vervul (vgl. Gal 5:16). Volgens Folwer (2006:234) beskik gelowiges dan oor die karakter van God in Christus aangesien die liefde vanaf die Heilige Gees kom (Rom 5:5).

Volgens Matteus 7:16 word die mens geken aan die vrug wat hy/sy dra – dit hou verband met die eienskappe en identiteit van die individu wat sigbaar is. Indien hierdie persoon in Christus gewortel is dan sal dit positiewe vrug wees (Fowler, 2006:234). Die vrede van God gee ook 'n besondere karakter aan die Christen (Betz, 1979:286).

4.3.2.9 Emosionele intelligensie

Christelike selfbeheersing impliseer meer as om net die self te beheer. Kajafas kon byvoorbeeld baie kalm bly ten spyte van sy gemene gedrag (Matt 26:59-68; Phillips, 2004:198). Binne die Christelike konteks gaan dit nie soseer oor die emosies, sintuie en verstand van die mens wat onder beheer is nie, maar die klem is veel meer op die Heilige Gees wat in totale beheer van die emosies van hierdie persoon is (Phillips, 2004:199). God wil hê dat die individu beheerste gedrag tesame met innerlike dissipline moet openbaar met die Heilige Gees wat in beheer is (1 Kor 9:25; Fowler, 2006:239).

4.3.2.10 Belangrike normatiewe perspektiewe rakende verhoudings

- Om 'in Christus' te wees, impliseer dat die vrug van die Gees sigbaar is en liefde staan voorop (Cousar, 1982:139; Jarvis, 2001:149). Die gawes van die Gees moet as 'n geheel beskou word, en hulle funksioneer ook hand aan hand loop. Paulus gebruik die enkelvoud van vrug, omrede die Gawes van die Gees verband hou met een spirituele lewe, wat gewortel is in die een Gees van God (Ryken, 2005:234).
- Die drie gawes, naamlik geduld, vriendelikheid en goedhartigheid, fokus meer op interpersoonlike verhoudings terwyl getrouheid weer meer op die verhouding tussen God en mens fokus (maar nie uitsluitlik nie; Hendriksen, 2007:223).
- Die gawes van die Gees is nie iets wat vir die persoon moeite impliseer of

uitputtend is nie maar dit is geskenke wat deur God gegee is (Ryken, 2005:234). De Boer (2011:362) meld dat Paulus die woord 'vrug' gebruik en nie, die aktiewe woord 'werk' nie, omrede die gawes nie 'werk' impliseer nie maar 'n spontane produk is van die Heilige Gees wat in mense woon.

- Ryken (2005:235) beklemtoon dat die Gees nie wetteloos is nie, maar werk in elke gelowige sodat daar 'n ingesteldheid is wat lei na goedheid. De Boer (2011:363) gee 'n samevattende verduideliking van Galasiërs 5:22-23 en verduidelik die werk van die Gees soos volg:

The virtues listed are not matters of decision, nor are they goals to be achieved. They "happen" and when they do, believers in Christ can say: "Ah, the Spirit of Christ is active in our midst."

- Die gawes beklemtoon die strewe om in Christus te wees en te deel in Sy karaktereienskappe. Liefde, as die eerste van die van vrugte van die Gees (Gal 5:22), dui op die essensie van 'n lewe in Christus. Vrede kom met vreugde en gee 'n gevoel van heelheid en welstand (Ryken, 2005:233). Vreugde kan slegs ervaar word deur in die volheid van God te wandel (Phillips, 2004:181).

4.3.3 Psalm 113 - Seksuele trauma en emosionele verwonding

Met betrekking tot seksuele trauma word daar gefokus op Psalm 113:7-8.

4.3.3.1 Agtergrond van Psalm 113

- ***Die Psalm as loflied***

Volgens Allen (2002:134) staan Psalm 113 bekend as 'n gewone lofprysingslied wat eer bring aan Yahweh in die derde persoon.

- ***Verdeling en strukturele uiteensetting***

Vers 8 is volgens Hossfeld en Zenger (2011:181) geken aan 'n herhaling, terwyl in vers 9 die kontras weer baie opvallend is - die kontras tussen die kinderlose vrou en die vreugde van 'n moeder. Die herhaling en die kontras wil die leser bewus maak

van hoe groot verskil daar is in die lewe van die moeder wat die vreugde ervaar daarvan om 'n kind te kan hê en een wat kinderloos is. In die antieke tale is herhaling en kontraste juis gebruik om besondere fokus te plaas op sekere aspekte.

Volgens Hossfeld en Zenger (2011:181) stel die volgende strukturele uiteensetting van Psalm 113 voor:

- 1a Halleluja
- I. Vermanings en 'n beroep om die naam van YHWH te prys 1b–cPrys van YHWH se dienaars
 - 2 - 3 Universele lofprijsing deur alle tyd en oor alle ruimtes
- II. Rede om God te Prys: God se natuur
 - 4 God se soewereiniteit
 - 5 – 6 God se transendensie en immanensie
- III. Rede om God te Prys: God se dade
 - 7 Om die armes op te tel
 - 8 – 9b Om man en vrou op te tel
 - 9c Halleluja

- **Konteks van Psalm 113**

Volgens Allen (2002:134) is die konteks van Psalm 113 duidelik kulties. Vanuit die inleiding wil dit voorkom asof 'n tempelkoor of solis tot die gemeente spreek. Die Psalm het volgens Allen (2002:134) deel gevorm van die Egiptiese Hallel, wat gesing was by drie hoof feeste, naamlik die fees van die nuwe maan, die toewyding van die tempel en die familie viering van Paasfees. Ten opsigte van laasgenoemde brei Die Bybel in Praktyk (2007:857) uit deur te meld dat hierdie Psalm tydens Pasga, die fees van die eerstelinge en die huttefees gesing was, wat die grootste Joodse fees was. Tydens die Pasga maaltyd is Psalms 113 en 114 voor die ete gesing en na afloop van die ete is Psalms 115 tot 118 gesing. Volgens Bybel in Praktyk (2007:856) kan Psalm 113 beskryf word as die perfekte opbou van die loflied:

- Die aanhef (113:1-4): Almal moet ons hoë Here prys!
- Die wentelpunt (113:5-6): Hy reik hoog, maar skou laag.

- Die hoofdeel (113:7-9): Hy erbarm Hom oor eenvoudiges, oor die uitgeworpenes (113:7-8), en oor die kinderlose (113:9).

- **Ooreenkomste met die lied van Hanna**

Hanna se lied in 1 Samuel 2 vertoon merkwaardige ooreenkomste met Psalm 113 en hiervolgens sou daar 'n moontlikheid kan wees dat hierdie Psalm se ontstaan terug gedateer kan word na die Noordryk van Israel en selfs nog voor die lied van Hanna (Allen, 2002:134).

Volgens Hossfeld en Zenger (2011:183) tree God twee keer op in Psalm 113:7-9 en verander die mens se lewenstoestand totaal:

The (male) materially poor person who endures his existence (cf. Job 2:8) in the lower class (dust) and isolated from society (ash heap) is lifted up socially and restored to society so that he dwells with the “princes of his people” (cf. Pss 47:10; 83:12; 118:9). The childless woman who suffers in competition with her husband’s concubine, who is blessed with children (cf. the story of Hannah in 1 Samuel 1–2), can remain in her husband’s house and rejoice in her life as the mother of her children.

Psalm 113:7-9 staan wel in die volgende drie opsigte in kontras met die lied van Hanna, veral in 1 Sam 2:4-8 (Hossfeld & Zenger, 2011:183):

1. Die groep van mense vir wie God totale verandering bring in hulle lewe, word verminder (*reduced*) tot 'n arm man, en 'n arm vrou
2. Hierdie ‘vermindering’ (*reducement*) beklemtoon die klem wat daar geplaas word op 'n ‘teologie van die armes’ teen die agtergrond van 'n normatiewe beeld van God.
3. Die voorbeelde van God se optrede is eweredig versprei tussen die arm man en die arm vrou

Volgens Hossfeld en Zenger (2011:183) verteenwoordig Psalm 113 'n leerstelling oor God, wat kunstig gevorm word by wyse van 'n lofsang waardeur die klem geplaas word op 'n teologie van die armes.

4.3.3.2 Verskeie vertalings van Psalm 113:7

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
7. [The Lord] raises the poor out of the dust and lifts the needy from the ash heap and the dung hill...	7. Hy tel die armes op uit die stof uit en die behoeftiges van die ashoop af...	7. Tog sien Hy onbelangrike en nederige mensies dadelik raak. Iemand wat deur ander mense vertrap is, help Hy om weer op te staan. Hy tel mense van die ashoop af op...
The Message	Good News Translation	Bybel vir Almal
7. He picks up the poor from out of the dirt, rescues the wretched who've been thrown out with the trash...	7. He raises the poor from the dust; he lifts the needy from their misery...	7. Die Here tel die mens op uit die stof, die mens wat niks het nie. Hy laat die arm mens opstaan van die ashoop.

- **Betekenisvolle vertaling variasies van Ps 113:7**
 - AV:** God verhoog die arme vanuit die stof en verhoog die behoeftige vanuit die ashoop en die mishoop.
 - DB:** Hy sien onbelangrike en nederige mensies dadelik raak. Iemand wat deur ander mense vertrap is, help Hy om weer op te staan.
 - TM:** Hy tel die arme vanuit die modder op en red die miserabele wat saam met die vuilgoed weggegooi is

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

God sien die onbelangrike en arm mensies dadelik raak, hulle wat nederig is en deur mense vertrap is. Hierdie miserabele wat saam met die vuilgoed weggegooi is en in die modder en op die ashope en mishope beland het help Hy om weer op te staan.

- **Belangrike woorde en begrippe**

- **Die geringe - טל**

Swanson (1997:1924) vertaal 'die geringe' as iemand wat arm is, iemand wat min geld het, nederige kondisie, 'n swak fisiese toestand beleef, en iemand met 'n baie lae selfbeeld en wat kwesbaar is vir onderdrukking. Die Psalmis toon oor die algemeen aan dat die kwaliteit van 'n heerser gewoonlik sigbaar is in sy hantering van die armes. Een van die mees aktuele areas van navorsing binne die teologie tans handel oor die armes – 'n 'teologie van die armes' en God se besondere bemoeienis met die armes en die swakkes. In God se oë deel alle mense in gelyke mate aan die beeld van God, maar sommige mense, weens hulle fisiese, psigiese of sosio-ekonomiese situasie word uitgesonder vir besondere beskerming vanaf God. Hulle is oor die algemeen diegene wat deur die samelewing as waardeloos, magteloos en gering beskou word. Hulle is gewoonlik ook die slagoffers van onderdrukking, diskriminasie en uitbuiting. Die rykes en invloedrykes is dikwels in staat om hulle stemme stil te maak en hulle te tipeer as randfigure en obskure karakters (Van Gemeren, vol.1, 1997:230). Volgens Strong (1995:1800) kom die woord טל 48 keer voor in die Ou Testament, en is die verskillende betekenis waarmee dit vertaal word die volgende:

- Arm - 43x
- Behoefdig - 2x
- Geringe - 2x
- Maer - 1x

○ **Help** - קום

Strongs (2009:102) vertaal קום as om te help, op te staan, op te help en te versterk. Volgens Strong (1995:6965) verskyn קום in die Ou Testament 628 keer en word soos volg vertaal:

- Op - 240x
- Opstaan - 211x
- Optel - 47x
- Vestig -27x
- Staan - 27x
- Optree - 25x
- Bevestig - 9x
- Weer - 5x
- Stel - 5x

○ **Behoefdig:** אביון

Strongs (2009:7) vertaal אביון soos volg:

- Needy -35x
- Bedelaar -1x
- Behoefdig -1x
- Swak -1x
- Arm -24x

○ **Ashoop:** אשופת

Strongs (2009:18) is van mening dat אשופת vertaal kan word met 'ashoop'. Volgens Van Gemeren (1997, vol.3.:473,567) kan die betekenis van die woord 'stof' ook bygebring word.

Deur Sy swaard verander God nasies in stof (Jes 41:2). As 'n uitdrukking van oordeel sal die bloed van nasies vergiet word asof dit so min werd is as stof (Sef 1:17). Hierdie term word ook gebruik ter beskrywing van die daad van selfvernedering. Abraham beskryf homself as maar net stof en as, en tog het hy gewaag om met die Here te praat (Gen 18:27). Job beskryf in hfst. 42:6 hoedat hy in sak en as sit. In Klaagliedere 3:29 is die opdrag vir iemand wat die Here soek om "... sy mond in die stof te steek." (Ou Vert.). "... laat hy hom diep verootmoedig" (Nuwe Vert.)

4.3.3.3 Verskeie vertalings van Psalm 113:8

Amplified Version	Lewende Bybel	Die Boodskap
8. ... [T]hat He may seat them with princes, even with the princes of His people.	8. ... [O]m hulle te laat sit by die prinse van sy volk.	8. Dan behandel Hy hulle soos konings.
The Message	Good News Translation	Bybel vir Almal
8. Seats them among the honored guests, a place of honor among the brightest and best.	8. ... [A]nd makes them companions of princes, the princes of his people.	8. ... [E]n Hy laat hom sit by die belangrike mense.

- **Betekenisvolle vertaling variasies**

DB: *Hy behandel hulle soos konings.*

TM: *Hy laat hulle tussen die eregaste sit, eresitplekke tussen die heel belangrikste mense.*

AV: *Hy laat hulle tussen die prinse sit.*

- **Samevattende betekenis vanuit die ses vertalings**

Hy laat hulle tussen die eregaste sit, eresitplekke tussen die heel belangrikste mense, mense soos konings en prinse.

- **Belangrike woorde en begrippe**

- **Vernames: נָדִיב**

Strong (2009: 76) is van mening dat נָדִיב vertaal kan word as vrygewig; grootmoedig; as naamwoord: edele, prins. Volgens Strong (1995:5081) verskyn נָדִיב Testament 28 keer en word soos volg vertaal:

- Prins - 15x
- Edeles - 4x
- Gewillig - 3x
- Vry - 2x
- Vrygewig - 2x
- Vrygewige (dinge) - 2x

Die koninklike titel, nāgîd, was slegs nou en dan gebruik vir byvoorbeeld 'n buitelandse monarch (Van Gemeren, 1997:20). Hierdie posisie van hoë rang kan tydelik of permanent wees. Die mees algemene verwysing van nāgîd is burgerlike beampte wat deur 'n koning aangestel is oor 'n streek of 'n stad. Dit dui by geleentheid ook op die beamptes wat aangestel is oor groot dele van Egipte (Gen 41:34) asook die plaaslike beamptes wat aangestel oor die 127 provinsiale distrikte van die Persiese Ryk (Ester 2:13). Soms word dit ook gebruik as aanduiding van die bevelvoerder van die weermag, naamlik die minister van verdediging (Jer 37:13) of

die kultiese hoof wat in beheer was van die tempel (2 Kron 31:13; vgl. Van Gemeren, vol. 3, 1997:668).

Die verskillende betekenis skakerings van die hoogwaardigheidstitel, *nāgīd*, gee in geheel dus 'n treffende beskrywing, (in kontras met die beskrywing van die ashoop: תֵּשֻׁבַּת (mishoop/stof/modder/grond)) waaruit God sy geliefdes sal verhef wat deur Hom aangeraak en genees en gerestoureer is.

4.3.3.4 Molestering, verkragting en bloedskunde

Boice (2005:926) is van mening dat Psalm 113:7-9 opgesom kan word met die stelling dat God die mens kom red wanneer hy/sy op hul laagste is. God ken elkeen, Hy weet van elke haar op elke mens se kop (Matt 10:30; Luk 12:7). Volgens Boice (2005:926) kom dit in hierdie drie verse duidelik na vore dat God intens omgee vir sy volk, en dat Hy nie net presies weet waardeur hulle gaan nie, maar ook die vermoë het om hulle op te tel en uiteindelik langs prinse te laat sit.

Mense wat deur seksuele trauma is, se eiewaarde en selfbeeld is gewoonlik 'n knou toegedien. Die boodskap van Ps 113:7-9 is inderdaad ook van toepassing op persone binne hierdie kategorie omdat juis hulle op 'n besondere laagtepunt is na hul trauma. Hulle selfvertroue is gewoonlik verpletter en hulle worstel met tienduisend vrae oor God wat vir hulle voel na God se afwesigheid asook 'n gebrek aan toekomstige lewensin (Vgl. 3.2.6; 5.9). Aan hulle kan die belofte van Ps 113:7-9 gekommunikeer word, naamlik dat God intens bewus is van elke individu se persoonlik worsteling as gevolg van die trauma en elkeen van hulle kan verseker wees dat God persoonlik vir hulle omgee en vir hulle wil optel.

- **God wat help**

Volgens Allen (2002: 136; vgl. ook Wiersbe, 2007:999) is hierdie Psalm eintlik 'n lofsang wat voortgespruit het vanuit 'n meditasie met betrekking tot die verhaal van Hanna in 1 Samuel 2 wat vir die hele volk 'n inspirasie en aanmoediging was om God te prys. God word gesien as die Hemelse Koning wat kyk met simpatie na die

mens wat pyn en verwerping ervaar, en Hy verander hierdie mens se totale lewe. God word vervolgens in hierdie Psalm beskryf as die God wat dié help wat nie hulself kan help nie (Allen, 2002:136).

Hossfeld en Zenger (2011:184) beklemtoon soortgelyke momente met betrekking tot Psalm 113. Die fokus word aangedui as op God, wat die volk kom help, die wat swak, en arm is. Hy kom draai hulle lewens om en verander dit totaal. Die Psalm verkondig hoe God die arm en swak mens kom optel en verhef soos wat vantevore plaasgevind het in Hanna se lewe (1 Samuel 2:4-8; vgl. Wiersbe, 2007:999). Diegene wat volgens v.7 op die ashoop was, is die armes, uitgeworpenes en hulle op wie neergekyk word in die samelewing. Die mense sonder heenkome het gewoonlik destyds saamgetrek by die ashope, aangesien die warm son deur die dag veroorsaak het dat die ashoop saans steeds sy hitte behou het. Die ashoop was egter ook die een plek wat alle ander mense sover moontlik probeer vermy het – tog het God die uitgeworpenes altyd verwelkom (Vgl. Job 2:8; Wiersbe, 2007:999).

Dis duidelik dat dit vir God nie saak maak wat die oorsaak van die individu se pyn en hartseer is nie en ook glad nie wie die individu is nie. God kan enige persoon se lewe verander en hom/haar optel vanuit die mees ellendige en hopelose situasie waarbinne hulle hulself mag bevind.

- **God se genade**

Allen (2002: 136) is van mening dat die Nuwe Testament God se genade op dieselfde manier beskryf as Psalm 113:

God “chose what is weak, ...low and despised in the world” (1 Cor 1:27– 29, NRSV), and it is “the poor, the crippled, the blind, and the lame” who get invited to the heavenly banquet (Luke 14:15–24, NRSV).

God in Sy genade, sien die mens, gee om en help die mens. Maak nie saak hoe donker of moeilik die omstandighede nie, God kan die onmoontlike doen, deur Sy genade (Wiersbe, 2007:999).

- **God se liefde**

God se liefde vir die mens, maak dat Hy na die mens se vlak neerdaal, in vergifnis, sommige se voete te was, en uiteindelik Sy Seun Jesus Christus aan die kruis te laat sterf vir almal (Wierbse, 2007:999; Fil. 2:1-11; Joh 8:6; Joh 8; Joh 13:1-11).

Daar kan nie 'n groter liefde wees nie (Joh 15:13) want Hy het soos die mens geword en die uitdaging is deurgaans vir die mens om Sy voorbeeld na te streef (Wiersbe, 2007:999; 1 Kor 1:26-29; Ef. 2:1-10). Net Jesus Christus, kan die gelowiges ook uitreik na diegene wat moedeloos op ashope beland het ten einde by hulle betrokke te raak sodat hulle opgehef kan word en uiteindelik op 'trone' van genesing en heling sal kan sit (vgl. Ef 2:1-10; Wiersbe, 2007:999).

4.3.3.5 Normatiewe perspektiewe vanuit Psalm 113:7-8

- God red die mens as hy/sy op hul laagste is. Hy weet waardeur hulle gaan en verhef hulle uiteindelik tot posisies van oorwinning en vrede (langs prinse). Hy gee om vir sy kinders (Boice, 2005:926)
- God help die mens, ook die wat nie hulself kan help nie en Hy word daarvoor geprys (Allen, 2002:136; Hossfeld & Zenger, 2011:184).
- Die wat op die ashoop is, kom tel Hy op en verwelkom hulle (Wiersbe, 2007:999).
- Maak nie saak wat die oorsaak is van die individu se ellende nie, deur genade gee Hy om en help Hy so 'n persoon (Wiersbe, 2007:999).
- Net Jesus Christus is in staat om die individu wat moedeloos geraak het en handdoek ingegooi het as gevolg van lewensomstandighede, en gevolglik op die 'ashoop' beland het, te kan ophig en uiteindelik weer op 'n 'troon' te plaas (Wiersbe, 2007:999).

4.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is veral gefokus op drie Skrifgedeeltes geïdentifiseer ten einde Osmer (2008:28) se normatiewe vraag: "*Wat behoort hier te gebeur?*" te probeer beantwoord. Die verdere oogmerk met hierdie hoofstuk was vernuwing van die praksis, geloofsvernuwing en verdieping van spiritualiteit. Die drie Skrifgedeeltes

wat aan die orde gestel was, is die volgende: Galasiërs 5:22-23, Psalm 113:7-8 en Johannes 1:12.

4.4.1 Die individu se identiteit

Met betrekking tot Joh 1:12 is daar veral gefokus op die individu se identiteit. Die wat in Hom glo, verwys na die wat in volle vertroue en afhanklikheid van Hom is (Louw & Nida, 1996:376) en Hom openlik erken (Beasley-Murray, 2002:13). Hierdie gelowige ontvang gevolglik die reg tot kindskap van God (Louw & Nida, 1996:109) deur aanneming (Beasley-Murray, 2002:13). Die mens se waarde is werklik daarin om God se kind te wees deur volkome vertroue (Beasley-Murray, 2002:13). Dissipelskap is 'n openlike erkenning van geloof in Jesus Christus (Boice, 2005:73) en selfbewuswording bevorder ook dissipelskap.

Dis 'n baie belangrike ontwikkelingstaak vir die jongmens om sy identiteit te begin vestig (3.2.4) en pastorale begeleiding hierin is van groot belang (5.7) om die oue te ontmasker en die nuwe vorm te erken (Richardson, 2005:98-105). Met behulp van die gebruik van die tydlyn en die individu se profiel as deel van die *Facebook* tegnieke in hierdie studie voorgestel, kan daar betekenisvolle dele van die individu se verlede saamgevoeg word en sodoende bepaal word wat die individu se stand is rakende sy/haar identiteit (3.2.3). Waardevolle simbole, soos prente of uitbeeldinge, keuse van films of slagspreuke (vgl. 3.2.6; Rasmussen, 2012:71) kan gebruik word om die vernuwende persepsie rakende die individu uit te beeld na aanleiding van die bewuswording van moontlike vernuwende invloede en ook begeleiding aan die hand van Skriftelike waarhede rakende sy/haar identiteit (3.2.5). Integrasie word in effek hierdeur versterk.

4.4.2 Verhoudings en die vrug van die Gees

'n Volgende belangrike asook sensitiewe aspek rakende jongmense is verhoudings en die bou daarvan (vgl. 5.8; 3.2.5). Verhoudings is deel van elke individu se lewe en die vrug van die Gees dra by tot die positiewe vestiging van sodanige verhoudings. Die eienskappe waarna verwys word in Gal 5:22-23 is eienskappe wat voorspruit uit een vrug, naamlik die vrug van die Gees, en hierdie eienskappe kom dan na vore binne sulke verhoudings.

Sou daar egter probleme wees binne verhoudings dan sou daar met behulp van *Facebook* aktiwiteite, soos voorgestel in hierdie studie, eksternalisering op 'n nie-bedreigende wyse toegepas kan word (3.2.3). Die probleme wat na vore kom na aanleiding van eksternalisering en die effekte op die individu se lewe as gevolg van die probleme kan dan hanteer word (Zimmerman & Beaudoin, 2002:33). Dit gebeur soms dat die individu nie eers bewus was van 'n spesifieke probleem nie maar met behulp van die aanwending van sekere simbole en aktiwiteite, kan sekere problematiese verhoudings dan uitwys word (Rasmussen, 2012:71; Malchiodi, 2011:123).

4.4.3 Liefde, vrede, geduld en lankmoedigheid

Jesus was die voorbeeld van liefde en vrede (Phillips, 2004:182). Liefde is om te kan gee met meegevoel (Louw & Nida, 1996:202). Vrede impliseer innerlike rus (Louw & Nida, 1996:314), terwyl beide uitvloeisels is van liefde (Hendriksen, 2007:223). Geduld behels lankmoedigheid ten spyte van moeilike situasies (Louw & Nida, 1996:306).

4.4.4 Vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid

Vriendelikheid, wat 'n uitvloeisel van liefde is, is liefde wat 'bene' kry (Fowler, 2006:237) terwyl goedhartigheid ook van God kom (Jervis, 2011:149). Getrouheid verwys na betroubaarheid en lojaliteit (Phillips, 2004:192). Hierdie is almal tekens van die Gees van God se teenwoordigheid, en kan ook beskou word as 'n wyse van dissipelskap wat gehandhaaf word deur verhoudings en gedrag binne verhoudings.

4.4.5 Sagmoedigheid, nederigheid en selfbeheersing

'n Houding van sagmoedigheid en nederigheid in verhoudings met ander mense word verwag van die Christen (Ryken, 2005:233). Selfbeheersing impliseer om nie deur begeertes of versoekings wat verhoudings verder kan kompliseer, beheer te word nie. Die verhouding moet egter deur die Gees en die vrug van die Gees gedra word en dit sal dan die verhouding verder uitbou en vestig (Louw & Nida, 1996:750).

4.4.6 Aanvaarding

Alhoewel 'n aspek soos aanvaarding veral vir die jongmens van groot belang is (Louw *et al.*, 1998:460; 3.2.3.2), vind die individu ten diepste sy/haar waarde en identiteit by God (Psalm 113:12; Joh 1:12). Die Skriftuurlike waarhede soos verwoord in die drie Bybelse passasies wat in hierdie hoofstuk behandel is sou ook 'n groot positiewe invloed kon uitoefen op die beradene se verhoudings. Dit sou byvoorbeeld kon gebeur dat 'n individu se motivering om in 'n spesifieke verhouding te wees, verband hou met die behoefte aan waardigheid of 'n soeke na identiteit. Soms verander die behoefte aan aanvaarding ook die dinamika binne 'n spesifieke verhouding aangesien die motivering om in die verhouding te wees ongesond is en suiwer gebaseer sou kon wees op die behoefte aan aanvaarding en waarde by mense te verkry. Hierdie aspek sou geïdentifiseer kon word met behulp van selfbewuswording aan die hand van *Facebook* tegnieke. Die geleentheid sou dan aan die beradene gebied kon word om aan hierdie probleem te werk.

4.4.7 Emosionele en sosiale intelligente gedrag

God verwag dat die vrug van die Gees deur middel van die gelowige individu se karakter gereflekteer sal word (Gal 5:22-23; Wiersbe, 2007:576). Dit vereis onder andere emosionele en sosiale intelligente gedrag wat kan voortspruit uit selfbewuswording en die nodige begeleiding deur die berader, met Jesus Christus as voorbeeld (vgl. 3.2.4.3; 5.3.2). Dit kan ook goeie kommunikasie impliseer (CEBC, 2015) en verhoudings positief beïnvloed, veral tussen ouers en kinders.

4.4.8 Die rol van ouers

Ouers moet voorbeelde wees van draers van die vrug van die Gees as gevolg van die Heilige Gees se teenwoordigheid. Ouers moet gevolglik deurgaans bereid en gereed wees om te help (Ryken, 2005:233). Liefde, vreugde en goedhartigheid bou verhoudings terwyl versoekings om gedrag te openbaar wat 'n swak voorbeeld kan wees, kan weerstaan word deur die in staat stelling van die Heilige Gees (Ryken, 2005:234).

4.4.9 Vergifnis

Vergifnis speel 'n belangrike rol in die heling van verhoudings (vgl. 3.2.5.2; 5.8.2.3) en vind plaas deur die Gees se teenwoordigheid. As deel van hierdie proses gee Hy innerlike vrede (Louw & Nida, 1996:314).

4.4.10 Grense

Die daarstelling van grense is 'n belangrike aspek in die alledaagse funksionering, veral binne verhoudings (vgl. 3.2.5.3; 5.8.2.4), en is ook 'n teken van gesonde eiewaarde (Vgl. 4.5.2.3). 'n Individu kan slegs gevestigde grense handhaaf met behulp van die Heilige Gees. Die vrug van die Gees gee aan die gelowige hierdie karakter en dit lei gewoonlik ook tot beheersde, sosiale intelligente gedrag (Betz, 1979:286; Phillips, 2004:199). In hierdie proses voorsien die Heilige Gees dus die innerlike dissipline (Fowler, 2006:239).

4.4.11 God tel mense op vanaf ashope

Ps 113:7-9 is 'n gedeelte wat aan enige moedelse persoon binne enige hagleike situasie hoop kan gee. Die nederige en die wat in 'n slegte posisie verkeer, word opgetel vanuit die stof, die ashoop (Boice, 2005:926). God kom red die mens as hy/sy op hul laagste is. Hy weet waardeur elke individu gaan, maak nie saak wat die omstandighede is nie en Hy kan hulle optel en hulle omstandighede sodanig transformeer dat hulle 'inderdaad langs prinse sit' (Boice, 2005:926). Deur God se genade en liefde, gee Hy aan moedelse mense hierdie hoop (Wiersbe, 2007:999) - ook hulle wat aan enige vorm van trauma of emosionele verwonding blootgestel mag gewees het.

4.4.12 Trauma beïnvloed die individu se identiteit en eiewaarde

Trauma beïnvloed die individu se identiteit (vgl. 3.2.4) en eiewaarde (vgl. 3.2.7). So 'n persoon worstel gewoonlik met talle vrae, die 'hoekom-vrae' en die 'waarom-vrae' en vrae rakende hulle verhouding met God en of Hy werklik omgee (Frost, 2003:197; 3.2.7.3). In die pastorale gesprek met die beradene op hierdie punt kan dit sinvol wees om onder andere te fokus op sy/haar unieke waarde vir God (vgl. 5.7;

Bylae B en C). Rondom hierdie aspek van hul uniekheid of hul ervaring van geestelike vernuwning, sou visuele uitbeeldings voorgestel kon word op die individuele profiel as deel van die *Facebook* tegnieke (Malchiodi, 2011:125).

HOOFSTUK 5

BELANGRIKE SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE VANUIT PASTORAAL-TEOLOGIESE LITERATUUR

5.1 INLEIDING

Osmer (2008:11) verwys na 'n oorkoepelende hermeneutiese benadering in die prakties-teologiese ondersoek. Sonder 'n weldeurdagte prakties-teologiese benadering waarin die goddelike betrokkenheid by die sigbare werklikheid van menslike handelings uiteengesit word, sou die unieke invalshoek wat vir 'n prakties-teologiese siening op die werklikheid wat ondersoek word nodig is, nie meer in fokus wees nie (De Klerk & De Wet, 2013:9). Dit is gevolglik van belang om 'n besluit oor die verhouding tussen teorie en praxis in 'n prakties-teologiese ondersoek op 'n metateoretiese vlak te maak. Volgens De Klerk en De Wet (2013:7) is die teorie-praxisverhouding die hart van die prakties-teologiese wetenskapsteoretiese beginsels. Die praktiese teoloog is veronderstel om tydens die ondersoek op hande, in interpretatiewe interaksie, met die kompleksiteit van die interpretasie van die Skrif rakende die betrokke praxis besig te wees. Die betrokke praxis funksioneer vervolgens weer binne die raamwerk van 'n individu se interpretasie van die werklikheid (De Klerk & De Wet, 2013:58). Teoretiese en empiriese invloede werk gevolglik saam sodat nuwe konsepte uit die samewerking tussen die twee geformuleer kan word om in die praktykteorie te gebruik, sodat die praxis in 'n spesifieke rigting bestuur kan word (Heyns & Pieterse, 1998:86). De Klerk en De Wet (2013:58), verwoord dit soos volg:

In die komplekse, wisselwerkende verhouding waarbinne die praktiese teoloog ondersoek moet doen, moet die empiriese beskrywing van die praxis weer verder in wisselwerking met ons teologiese tradisie geïnterpreteer word, met die Skrif as kriterium, 'n teosentriese verstaan van God waarin Christus veranker is, en die verstaan van die mens as 'n begenadigde sondaar.

Hoewel beraders as 'agente' funksioneer waardeur die Gees werk, is dit belangrik om empiries modelle vir Christelike berading te toets (Clinton, Hart & Ohlschager, 2005:1816).

5.2 OOGMERKE VAN HIERDIE HOOFSTUK

Soos reeds vermeld is die breër doelwit van hierdie studie die ontwerp van 'n bruikbare model vir pastorale beraders wat veral op 'n pastoraal-terapeutiese benadering, met betrekking tot aktiwiteite en tegnieke wat in 'n kommunikasiemedium van 'n sosiale netwerk soos *Facebook* gebruik kan word, gefokus is. *Facebook* is aan die gemiddelde individu, en veral jongmense, bekend. Hierdie pastorale model sal op 'n eklektiese benaderinggebaseer wees, wat 'n narratiewe en 'n kognitiewe benadering insluit, waardeur daar in besonder op aspekte wat vir die geestelike en emosionele ontwikkeling van jongmense van belang is, ten einde goed funksionerende volwassenes te kweek, gefokus word. In hoofstuk 3 is daar reeds op 'n aantal belangrike aspekte vanuit die aangrensende wetenskappe, aan die hand van 'n aantal kategorieë, gewys. Wat hierdie hoofstuk betref, gaan daar basies aan die hand van dieselfde kategorieë meer op moontlike bydraes tot die oorkoepelende tema vanuit pastoraal-teologiese bronne gefokus word. Die verskillende kategorieë wat vervolgens aan die orde sal kom, is die volgende:

- 'n Pastorale benadering
- Narratiewe terapie
- Kognitiewe gedragsterapie
- Jongmense
- Identiteit
- Verhoudings
- Seksuele trauma
- Emosionele verwonding en trauma

5.3 'N PASTORALE BENADERING

5.3.1 Wat is 'n pastorale benadering?

Volgens De Jongh van Arkel (2000:160-161) bestaan 'n pastorale benadering uit vier aspekte wat die volgende insluit: onderlinge sorg wat die basiese versorging onder lidmate is; pastorale sorg wat op die uitbou van die gemeentefokus; pastorale beraad wat 'n intensiewer sorg behels en die beraders wat die taak uitvoer moet oor die nodige vaardighede beskik; pastorale terapie wat oor die heling van ernstige en chroniese probleme handel en spesialiskennis word ook in hierdie geval vereis.

Truter en Kotzé (2005:976) beskou pastorale sorg aan kliënte as 'n deelname in hulle genesingsproses:

Pastoral care as a spiritual and religious act can play an important role in giving sense and meaning to people's lives, and can also play a preventive role.

Dit is van belang om die spirituele, kognitiewe, emosionele, sosiale en gedragskomponente te ondersoek (McMinn, 1996:270). 'n Duidelike identiteit van gesond word, heling en ondersteuning asook versoening en bewaring kom in 'n pastoraal terapeutiese verhouding voor (Clinebell, 1984:26-31; Louw, 1997:31).

Ballard en Pritchard (2006:41) omskryf die taak van die praktiese teoloog as 'n poging om die geloofsgemeenskap te help die Woord verstaan en toerus met antwoorde rakende wie God is, waar God gevind kan word en wat God in die hier en nou verwag.

The academic theologian may well provide resources for answering these questions. But is the practical theologian within the community of faith who has to help the community day by day and week by week discover the answers in relation to the praxis and witness of the Church in the world and so help it find the direction which enables it to be faithful to its task.

Volgens Willows en Swinton (2000:29) is die volgende die taak van die praktiese teoloog:

The special task of Practical Theology is to start with the concrete, historical, immediate reality critically evaluating and enabling the practical life of the church in all its many forms, drawing on the findings of fundamental, historical and systematic theology.

Swinton en Mowat (2006:6) lê die volgende klem met betrekking tot die definiëring van praktiese teologie:

Practical theology is critical, theological reflection on the practices of the Church as they interact with the practices of the world, with a view to ensuring and enabling faithful participation in God's redemptive practices in, to and for the world.

Volgens Reader (2008:4) is daar geen nut daarin om pastoraat en praktiese teologie te skei nie.

5.3.2 Jesus Christus as voorbeeld vir beraders binne 'n pastorale benadering

Jesus Christus is 'n voorbeeld vir beraders en het ondersoek ingestel oor wat mense dryf en wat hulle motivering in die lewe is (Clinton *et al.*, 2005:1461). Thurneyssen (1962:11-12; vgl. ook Ganzevoort & Visser, 2007:2) beklemtoon ook Jesus se voorbeeld wanneer hy verwys na die belangrikheid daarvan om die Woord van God aan ander te kommunikeer as deel van pastorale sorg, wanneer begrip vir die betekenis van Skrifgedeeltes tuisgebring word deur dit binne die konteks van die Skrif te pas. Jesus Christus wil die individu tot die waarheid van die Skrif lei (vgl. ook Joh 8:31-32).

When God counsels his hurting people, he gently leads them out of their denial. As a teacher who was deeply concerned about helping people (Draper, 1996:156).

5.3.2.1 Jesus Christus as berader

Jesus Christus kon ander se potensiaal en hoop raaksien en het deur 'n proses gegaan om hulle te ondersteun en saam met hulle deur dit (Wright, 2011:17) met deernis te werk (Wright, 2011:18, vgl. ook Mark 6:34) en met onvoorwaardelike aanvaarding (Wright, 2011:18). Hy het gekyk hoe Hy hulle swaarkry kan verminder en hulle kan help om hulle behoeftes te kon bereik. Verder het Hy tussen alle soorte mense beweeg en het Hy ook daaraan gewerk om hul selfbeeld te verbeter (Wright, 2011:19). Jesus het mense bemoedig en vrede in hulle gedagtes gegee (Wright, 2011:21; vgl. ook Joh 14:26). Daar is gevolglik groot waarde daarin vir die berader om Christus se voorbeeld te volg wanneer daar met mense met emosionele pyn gewerk word (Clinton *et al.*, 2005:800).

5.3.2.2 Die Heilige Gees

Beraders moet met die Heilige Gees gevul wees en gelei word en sodoende die vrug van die Heilige Gees as voorbeeld kan dra (Gal 5:22-23). Die berader sal deur die Heilige Gees die take as berader kan verrig (Clinton *et al.*, 2005:1537; vgl. 2Tim 3:16- 17). Die Heilige Gees breek die Skrif oop en maak dit vir die gelowige verstaanbaar (De Klerk & Van Rensburg 2005:11). God bewerkstellig wysheid in die individu se hart (Ps 111:10) asook moed en krag (1 Joh 4:8; 2 Kor 1:3-4 en Ps 147:3).

5.3.3 'n Pastorale benadering en psigiese welstand

Navorsing het aangedui dat daar 'n direkte verband enersyds tussen die vlak van persone se spiritualiteit en psigologiese welstand en andersyds die daaglikse konteks waarbinne hulle lewe is (Temane & Wissing, 2006:582). In hierdie selfde verband het Dorahy *et al.* (1998:37) asook Chamberlain en Zika (1992:411) 'n beduidende verhouding tussen die drie terreine van die religieuse, lewenstevredenheid en psigologiese welstand gevind (Vgl. ook Patel, Ramgoon & Zubeda, 2009:2).

5.3.4 'n Pastorale benadering rondom emosionele verwonding

Pastorale sorg is van groot belang met betrekking tot diegene wat emosioneel verwond geraak het en met onverwerkte traumatiese herinneringe worstel (Seamands, 2004:10). Frank (1995:11) verwys na die effek van verwonding soos volg:

When painful memories have not been faced, healed and integrated into life, they often break through defences and interfere with normal life.

Met betrekking tot die effek van tyd ten opsigte van pynlike herinnering beskryf Seamands (1995:34) dit soos volg:

But time by itself does not and cannot heal those memories which are so painful that the person's mind cannot tolerate them. The evidence shows that such experiences are as alive and as painful ten or twenty years later as they were ten or twenty minutes after they were pushed out of consciousness.

5.3.5 'n Pastorale benadering is vir geestelike en psigiese groei van belang

5.3.5.1 *Geestelike en psigiese groei is wederkerig*

Volgens Koenig, George en Titus (2004:554; vgl. ook Koenig, Pearce, Nelson & Daher, 2015:835) is geestelike groei vir psigologiese welstand belangrik as gevolg van die oortuiging dat 'n hoër krag genesing sal bewerkstellig (Reynolds, Mrug & Guionet, 2013:559). Geestelike groei volg op verdieping van geloof (Pettit, 2008:45).

5.3.5.2 *Berading en groei tot volwassenheid*

Vanuit die pastorale literatuur blyk dit dat 'n groeiproses wat op al meer geestelike volwassenheid uitloop in die meerderheid van gevalle die uitvloeisel van pastorale berading is. Binne hierdie konteks blyk aspekte soos die volgende van belang te wees:

- *Heling*: Heling binne die konteks van berading verwys na genesing, verandering en groei na volwassenheid en dit gee vervolgens die lewenskuns om deur krisisse (Osmer, 2008:9) tot Christelike volwassenheid te kan leer en groei (Clinton *et al.*, 2005:1750). Louw (2005:9) verwys ook na heling as groei en verandering tot volwassenheid. Volgens hom gaan dit oor hoe daar op krisisse reageer word en hoe die lewe benut word. Die mens word versoek om van sy/haar sonde bewus te raak, verkeerde optredes teenoor mekaar te bely, en vervolgens vir mekaar te bid (Jak 5:16) as deel van die helingsproses.
- "The principle is clear enough. Anyone who wishes to find a clean heart and the peace that goes with it, and anyone who wishes to be healed, must confess what remains hidden. Without confession there is no healing" (Draper, 1996:165).
- *Onvoorwaardelike aanvaarding*: Die aanvaarding van Jesus Christus se voorbeeld lei tot spirituele groei en ook om alle dele van die self te erken (Bradshaw, 2005:253) wat vervolgens tot genesing bydra (Coetzer & Snell, 2012:10).
- *Selfbewuswording*: Die individu moet gelei word om homself/haarself te ontwikkel sodat hy/sy kan groei, ervarings kan uitbrei en die bediening van God sodoende deur hom/haar doeltreffend sal wees (Warren, 2004:223).
- *Gedagtes*: Diens aan God begin in die mens se gedagtes (Warren, 2004:233).
- *Leiding deur die Heilige Gees tot groei*: Leiding en beheer van die Heilige Gees, sonde, vergifnis en dissipelskap is van belang (Hand 20:28; 1Kor 11:28; Rom 6:11- 13; Luk 11:13; 1Tes 5:18). Geesvervulling is 'n daaglikse proses en die vrug van die Gees speel 'n groot rol vir 'n Christelike leefwyse (Ef 5:18-21; Gal 5:22-23). Collins (2008:6) verwys na geestelike groei deur pastorale berading as 'n sensitiewe vorm van leiding en onderrig, wat behels om God en Sy karakter te leer ken. Volgens Seamands (2004:21) is die Heilige Gees die Goddelike Raadgewer in die proses van genesing.
- *Geestelike volwassenheid*: Dit behels om soos Christus in aanbidding, karakter en diens te wees (Collins, 2008:660):

- Aanbidding is verbintenis van die self tot God met lofprijsing en gehoorsaamheid, en dit behels ook verandering en om die vrug van die Gees te openbaar.
 - Karakter is om soos Christus te wees. Die mens is van die werking van die Heilige Gees afhanklik, wat uiteindelik die mens se karakter kan verander (Adams, 1979:18; MacArthur & Mack, 1994:116).
 - Diens aan ander beteken om nie selfgerig te wees nie. Die Here sal die mens op sy tyd verhef soos hy/sy dit mag benodig (Matt 20:26-27, Jak 3:13-14; 1Pet 5:6).
- *Geestelike groei*: Volgens Collins (2008:661) het gelowiges voortdurend behoefte aan hulp met Christelike groei. Die Gees help die berader om die beradene te help groei (Anderson *et al.*, 2000:112; Collins, 2008:66; Clinton *et al.*, 2005:1750). Spirituele groei is om soos Christus te wil wees (Clinton *et al.*, 2005:516) en mense kom vir berading om te groei (Clinton *et al.*, 2005:520). Daar is geen kortpaaie na volwassenheid nie volgens Warren (2004:191) en met tyd sal die vrug van Gees begin toeneem. Mense moet gelei word om van ou patrone bewus te word (Rom 13:12) ten einde dit te ontgroei (Anderson, 2002:22-23; Warren, 2004:182). Met behulp van die Skrif, gebed en sakramente groei geloofsvolwassenheid en spiritualiteit (Louw, 1997:31). Backus (1998:13) beklemtoon dit met die volgende opmerking:

I am convinced that strengthening your spirit with the bold, encouraging, life-giving truths that are revealed in the Bible – God’s Word – will help you move toward physical wholeness and overall well-being.

Sloat (1990:207) beskryf hierdie groeiproses soos volg:

We will have grown to the place where we are free to be the type of people God wants us to be – connected, our own persons, accepting of ourselves, and able to assume authority over our lives.

- *Versoekings*: Versoekings bied 'n geleentheid vir groei (Warren, 2004:177).

5.3.6 Pastorale benadering met jongmense

God werk op verskillende maniere en met verskillende mense. Venter (1988:32) beklemtoon daarom ook dat die pastorale gesprek individualisties gerig moet word en die beradene moet in sy/haar geheel betrek word (Pelt & Hancock, 2005:58; Clinton *et al.*, 2005: 489). Onderdrukte herinneringe veroorsaak intense seer en woede by jongmense en beïnvloed hulle direk in hulle sienings, gevoelens en verhoudings (Seamands, 2004:10).

5.3.7 Die gesprek as sentrale moment van 'n pastorale benadering

Die Woord en Gees werk saam (Rom 12:8) en die herderlike gesprek is volgens Venter (1988:32; vgl. ook Clinton *et al.*, 2005:541) 'n genadegawe en word as 'n 'beradingstriade' beskryf (Clinton *et al.*, 2005:497). Die Gees lei die berader tot die waarheid (Joh 16:8,13), troos beradenes (Hand 9:31), vernuwe hulle (Tit 3:5) en begelei die proses om dissipels vir Christus te maak. Tydens berading is daar geleentheid vir die beradene, met behulp van die Heilige Gees wat die proses begelei, om sonde te bely. Dit is belangrik dat die benadering wat gebruik word bruikbaar is met bruikbare tegnieke en metodes wat volgens die behoefte van die betrokke beradene deur die begeleiding van die Heilige Gees aangepas kan word (Clinton *et al.*, 2005:807). Verdere aspekte wat belangrik by die pastorale gesprek is, is die volgende:

- *Die versoening*: Dit behels die koms, sterwe, opstanding en Hemelvaart van Jesus Christus (Venter, 1988:32) en verwys na die genade van God.
- *Unieke karakter*: God is, deur middel van die Woord en die skepping, die derde persoon in die pastorale dialoog. Die berader het ook 'n hermeneutiese funksie deur die Skrif aan die beradene te kan verklaar (Louw, 1999:226) en die Skriftuurlike gebruik in die beradingsproses te inkorporeer (Clinton *et al.*, 2005: 568; Gerkin, 1997:26).
- *Klem van die gesprek*: Die klem van berading moet op Christus val en op die liggaam van Christus gerig wees (Joh 3:14-15; 12:32). Die hoop van Christus

moet in die proses aan die beradene oorgedra word (Clinton *et al.*, 2005: 843).

5.3.8 Take en doelwitte van pastorale berading

Die volgende aantal take en doelwitte van pastorale berading word in die literatuur as van belang beskou:

- *Die herstel van verhoudings*: Christelike berading is grootliks daarop gefokus om die verhoudings tussen God (Arterburn, 2005:xiv) en ook tussen mense te herstel (Arterburn, 2005:8; Clinton *et al.*, 2005:1319) – met ander woorde om die grootste gebod na te kom en te genees (vgl. ook Rom 12:5; Arterburn, 2005:9; Clinton *et al.*, 2005:1354). Volgens Clinton *et al.* (2005:1357, vgl. ook Jantz, 2006:176) is dit die rede waarom daar na 'n Bybels-gefundeerde berading gekyk word wat die beradene se spirituele, kognitiewe, sosiale, gedrag- en emosionele toestand in verhouding tot die drie dimensies (verhouding met God, self en ander) insluit. Volgens Clinton *et al.* (2005:858) word berading as die proses beskou waarin beradenes gehelp word om meer van verhoudings, die spirituele, emosionele kwessies en gedrag bewus te word, hoe om dit beter te bestuur en ook om vergifnis te ontvang (Arterburn, 2005:10; Clinton *et al.*, 2005:855).
- *Die Skrif is die middel om geloofsvolwassenheid te ontwikkel* (Louw, 1997:405). Die doel van die Woord volgens Venter (2005:221), is om vanaf 'n (negatiewe) toestand wat was, tot 'n (positiewe) toestand in die hede en toekoms te transformeer.
- *Verandering tot volwassewording*: Verandering is die groot doel van berading (Adams, 1979:IX) en verandering en genesing vind slegs deur God en die Heilige Gees plaas (Wright, 2003:17). 'n Christenberader weet dat blywende verandering van God kom (Louw, 2005:9; Collins, 2008:267). Die individu kan byvoorbeeld gemotiveer word om hulself ten volle met die inhoud van Jeremia 29:11 te identifiseer: "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"
- *Word meer soos Christus*: Berading se drie doelwitte is volgens Clinton *et al.* (2005:516) om spirituele groei te bevorder, meer soos Christus te raak en om soos

'n huwelik in verbinding met Jesus te tree en saam die Gees 'n gesamentlike doelwit te bereik. Pastorale berading is dus die begeleiding van 'n proses waar tydens die Heilige Gees en die mens met die doelwit betrokke is om soos Christus te word (Clinton *et al.*, 2005:523). Volgens Collins (2008:32) word die beradene in die rigting van die ewige lewe gelei wat vervolgens op Christus fokus. Volgens Warren (2004:163) behels geestelike groei die proses waardeur leuens met die waarheid vervang word. Toewyding daaraan vereis openbaring en die Gees van God gebruik die Woord van God om die mens soos die Seun van God te maak. Om soos Jesus te word moet die mens sy lewe met die Woord vervul. Daarmee word die individu vir goeie werk toegerus (2Tim 3:17).

5.3.9 Die funksie van die berader binne 'n pastorale benadering

- *Jesus se laaste opdrag*: God het Jesus gestuur en Hy stuur die berader en elke individu om met Sy werk voort te gaan (Joh 20:21) om Christenskap te verkondig soos Jesus dit gedoen het (Kraft, 2005:125). Om 'n dissipel te wees, is om meer soos Christus te wees en die doel van berading is om te leer om meer soos Christus te wees (Clinton *et al.*, 2005:1877). Jesus het sy etiese kode vir gedrag en sy opdrag teenoor sy Vader nagekom en so ook moet die berader (Clinton *et al.*, 2005:2119).
- *Die berader*: Volgens Clinton *et al.* (2005:893; Parrott & Parrott, 2002:571) moet die berader 'n voorbeeld van emosionele intelligensie wees, getrou aan die beginsels van Christenskap bly en ook empaties wees (Clinton *et al.*, 2005:899) en so ook moet die berader hom/haar deur die Heilige Gees laat lei. Die berader is die agent waardeur Christus werk volgens Clinton *et al.* (2005:523) en berading gaan nie daaroor om te adviseer nie maar eerder om die beradene te bemagtig (Matsakis, 1996:241; Clinton *et al.*, 2005:1049). Bemagtiging gaan grootliks oor die aanleer van vaardighede en selfbewuswording.
- *Hulp aan die beradene*: Beraders help beradenes hul verhoudings met God, hulself en ander herstel (Clinton *et al.*, 2005:1267). Beradenes word ook gehelp om 'n Goddelike plan te volg om heel te word (Clinton *et al.*, 2005:1287). Volgens Seamands (1993:273) is dit die berader se verantwoordelikheid om die

verwonde beradene tot versoening met God deur Christus te lei. Genesing van herinneringe vereis ook volgens Seamands (1993:284) vertroue en 'n noue band tussen die berader en beradene en dit is die Gees van God wat hierdie basis lê. Oates (1982:22) sluit hierby aan wanneer hy noem dat die berader se taak is om mense te leer soek vir die betekenis in hulle verlede, die roeping van hulle lewe, en die kwaliteit van hoop wat bekommernisse hanteerbaar maak. Die verhouding met God en die aspek van vergifnis deur Jesus Christus is gevolglik van groot belang in die proses van Christelike begeleiding.

- *Die berader se benadering en model:* Jesus Christus se benadering was universeel en nie kultuurgebonde of aan tyd gebonde nie (Clinton *et al.*, 2005:2129). Met behulp van vrae, fasiliteer die berader die proses van genesing deur saam die beradene as medeskrywer' deur die proses van berading te beweeg. Die model waarmee gewerk word moet buigbaar vir die gebruik van teologiese waarhede wees (Collins, 2008:2).

5.4 NARRATIEWE TERAPIE

5.4.1 'n Narratiewe benadering

Volgens Clinton *et al.* (2005:1803) is 'n narratiewe berading baie gepas vir pastorale benadering aangesien die mens van kleintyd van storievertelling gebruik maak om iets te leer en die Bybel ook grootliks in hierdie formaat gegee is.

5.4.2 Die verhale wat vertel word

Volgens Delport (2011:1; vgl. ook Ganzevoort & Visser, 2007:1) is die mens se verhaal deel van God se narratief en dat dit nie verstaan kan word sonder om die globale prentjie te ondersoek waarin die mens saam met God beweeg nie. Soos wat die mens sy/haar lewe uitleef, konstrueer hy/sy self sy/haar eie werklikheid en so word 'n realiteit sosiaal gekonstrueer.

5.4.3 Narratiewe as 'n geloofstaak en die Skrif

Volgens Müller(2000:102) is dit 'n geloofsaak om 'n beter toekoms te kan verbeel.

Die herinterpretasie en die konstruksie van nuwe verhale aan die hand waarvan 'n toekoms verbeeld word, skep ruimte om in die lig van die storie van God, met mense te herinterpreteer en rekonstrueer (Müller, 2000:71).

Die beelde wat gevorm word moet met Skriftuurlike voorskrifte van 'n Christelike storie ooreenstem (Gerkin 1991:59). Die verbeelde beelde, waardes en ideale vorm die individu se lewe (Louw & Müller, 2002:347). Die beradene kan deur verbeelding en om dit hardop te vertel dele van sy/haar lewe as 'n nuwe konfigurasie bymekaarvoeg en die Skrif gee 'n aanduiding vir 'n alternatiewe manuskrip (Brueggemann, 1995:320). Die teks gee dus leiding met betrekking tot die rekonstruksie/hervertelling van die individu se lewensstorie (Louw & Müller, 2002:347). Die Skrif nooi die mens ook uit tot gebruik van die verbeelding aangesien die Skrif grootliks in metafore kommunikeer (Louw & Müller, 2002:347). *“Spiritual explanations shape narratives of recovery”* (Mabena & Moodly, 2012:301).

5.4.4 Narratiewe en verandering

Verandering manifesteer weens verbeelding volgens Brueggemann (1997:2) en vind deur die bekendstelling van die teks in die Skrif plaas wat oor nuwe beelde en moontlikhede beskik. Dit leer mense om die werklikheid anders op te neem en dit is van belang om deur verliese te werk en 'n nuwe wêreld te konstrueer (Brueggemann, 1997:113). Louw en Müller (2002:352) kom op grond van Brueggemann se beredenering tot die gevolgtrekking dat verbeelding teologies gefundeer kan word en gevolglik tot verandering kan lei. Louw en Müller (2002:352) maak vervolgens die verdere gevolgtrekking dat verandering slegs deur God plaasvind.

5.5 KOGNITIEWE GEDRAGSTERAPIE

5.5.1 'n Kognitiewe benadering

Die agtergrond en ontwikkeling van die kognitiewe benadering is reeds in diepte in hoofstuk 3 bespreek (vgl. 3.2.2.4). In hierdie hoofstuk word daar vanuit 'n pastorale vertrekpunt enkele gedagtes bygevoeg.

Om te kyk na hoe 'n individu dink, voel en optree, is essensieel vir goeie pastorale berading volgens Clinton *et al.* (2005:1685), aangesien dit 'n pertinente doelwit van berading is. Daar moet gevolglik verandering kan plaasvind indien hierdie denke, gevoel en optrede verkeerd blyk te wees. Om bewus van genoemde aspekte te wees, help die individu om sy/haar realiteit te kan vorm, in die hede te kan funksioneer en moeilike ervarings beter te kan hanteer (Richo, 2010:1265).

5.5.2 Kognitiewe gedragsterapie en groei na volwassenheid

’n Veranderde hart: Gedagtes en 'n hart wat verander, is nodig. Die gedagtes vloei vanuit 'n getransformeerde hart in die groeiproses onderweg na Christelike volwassenheid met behulp van die Heilige Gees (Clinton *et al.*, 2005:1167).

Gedagtes en selfbewuswording: Dit is belangrik om van ervarings en gebeure van vroeër in die persoon se lewe bewus te wees sodat hy/sy ontvanklik sou kon word ten opsigte van optimale beskikbaarheid in God se diens (Warren, 2004:216).

Vir die individu om sy/haar gawes te ontdek behels om die boodskappe van emosionele verwonding te ondersoek aangesien dit die individu ten opsigte van die besef dat hy/sy spesiaal en talentvol vir God is, beperk. Deur hierdie gawes vanaf God te ontdek, kan die leuens wat die individu begin glo het, verander word (Jantz, 2006:178).

Gedagtepatrone en self-praat (“self talk”): Gedagtepatrone wat God-gesentreerd is, gee volgens Backus (1996:11) 'n positiewe innerlike klimaat. Trollinger (2007:223) beklemtoon ook die belang van die denke en om positiewe denkpatrone te handhaaf aangesien dit volgens die outeur die uitbou van 'n stewige geloofslawe bevorder. In hierdie verband is die Skrifgedeelte in Filippense 4:8 besonder van toepassing:

Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle, julle gedagtes rig.

5.5.3 Die taak van die berader in kognitiewe gedragsterapie

Die kern van hierdie benadering behels die assessering, identifisering en 'n voorstelling van alternatiewe gedagtes, eerder as foutiewe denke, wat op die waarhede van die Skrif en om op die regte manier te dink gebaseer is (Draper, 1996:168). Daar word vervolgens op Christus as die sentrale kern, ten opsigte van geestelike volwassenheid in die beradingsproses, gefokus (Clinton *et al.*, 2005:1159) waar die Heilige Gees in die proses erken word en die waarde van 'n Christelike perspektief na vore tree (Clinton *et al.*, 2005:1167). Collins (2008:91) verwys na Filippense 4 en beklemtoon dat die berader die beradene, met kognitiewe taksering om perspektief te behou, help. Dit is gewoonlik vir beradenes moeilik om problematiese gedagtes te erken aangesien dit meestal emosionele pyn impliseer (Jantz & McMurray, 2013:204). Dit is gevolglik belangrik dat die berader die beradene sou help om hul verwagtings, gesindheid, waardes en opvattinge te evalueer ten einde hierdie proses te vergemaklik. Die berader ondersteun die beradene daarin deur te identifiseer watter van die geïdentifiseerde problematiese gedagtes onbybels, onrealisties en skadelik is (Collins, 2008:120).

Volgens Draper (1996:182) kan die persoon hoop gegee word vir herstel:

... [T]hat a survivor can be healed from the traumas of the past, can move on to a productive life, and can come out a stronger person in spite of it all. Healing is available from the God who understands.

Kern (2007:129) verwys op die volgende wyse na die proses van gedagtes wat verander word in die betrokkenheid by 'n beradene wat 'n slagoffer van molestering was:

We started working a lot on renewing the mind and helping her not to rely on her feelings as much as on what she knew to be true, especially about spiritual things.

5.6 JONGMENSE/ADOLESENTE

5.6.1 Jongmense en emosionele verwonding

Die adolessent gaan ook deur baie gebeurtenisse en veranderings (fisiese verandering, aanpas en hantering van sosiale druk en ook die neem van besluite oor geloof, waardes, identiteit, loopbane, verhoudings en lewensstyl) en dit behels verskeie emosionele ervarings (Collins, 2008:183; Louw, 1999:439).

5.6.2 Jongmense en verhoudings

Richardson (2005:157) verwys daarna om die verhoudings van die jongmens met behulp van gebed weer te herstel deur op vorige trauma se gevolge te fokus asook leiding ten opsigte van vergifnis van andere asook vergifnis van die self te gee. Selekmán (2002:23) beveel aan dat verhoudings tussen die jongmens en geestelike leiers gevestig sal word en dat die regte familielede ook in die proses betrek sal word. *“Spiritual involvement has been identified as being one important characteristic found in strong families.”*

Rodgers en Rodgers (2009:132) verwys na liefde as ’n basiese behoefte van die jongmens om gesond en heel te voel. Pieterse (2013:359) verwys na die mens se verkeerde pogings tot sielsbevrediging, soos perfeksionisme en verslawing, maar sielsbevrediging kan slegs in verhouding met God ervaar word.

5.6.3 Jongmense en die geestelike dimensie

Volgens Fowler (1995:117) se beskrywing van die verskillende fases van geloof, bereik die adolessent die punt van begrip ten opsigte van geloof en geloofskeuses teen ongeveer die ouderdom van 12 jaar. Gedurende hierdie tyd word daar baie op groepe en individue staatgemaak en die adolessent is daarvan bewus dat die mens self verantwoordelik vir sy/haar geloofskeuse is, maar die besluit word steeds deur eksterne faktore soos die portuur beïnvloed.

5.6.4 Fokuspunte tydens werk met jongmense

Wanneer die berader met 'n adolessent werk, is die belangrikste aspek om 'n goeie vertrouensverhouding met die beradene te vestig. Adolessente kom nie gewoonlik uit hul eie vir berading nie. Dit is gevolglik belangrik om die gesprek met nie-bedreigende vrae te begin en om ook 'n atmosfeer van liefde en aanvaarding, volgens Jesus se voorbeeld, te skep (Rowatt, 1994:370; Yamuna, 2013:20). Dit is ook belangrik om 'n boodskap van Christus se hoop deur te gee (Jantz & McMurray, 2013:159; Coetzer & Snell, 2012:9). Dit is verder belangrik dat daar buigsaamheid in die aanwending van die betrokke model, waarmee gewerk word, sal wees veral as die berader met kognitiewe gedragsterapie werk. Dit sal meewerk om selfbegrip, kommunikasie, gedragsverandering, geestelike volwassenheid asook selfbewuswording en vaardighede te versterk (Rowatt, 2001:43).

Jongmense spandeer deesdae soveel tyd en energie aan digitale tegnologie en 'n besige program wat daarmee gepaardgaan dat daar 'n besondere poging aangewend moet word om tussen alles deur ook nog tyd in te ruim ten einde die Woord te bestudeer:

As we seek to better identify and correct the teens and parents' distorted view of Christianity and faith in Jesus, we're seeing a new generation of teens emerge. The battle is raging to destroy this generation, but we are winning them back one-by-one (Trollinger, 2007:223).

Twee belangrike geloofselemente volgens Trollinger (2007:223) is vervolgens ook om, te midde van die aansprake van die digitale era op die adolessent se tyd en aandag, nogtans hulle gedagtes te verander en hulle te lei om na God te kan luister.

5.7 IDENTITEIT

Parrott en Parrott(2002:561) maak die volgende belangrike opmerking rakende die worsteling rondom identiteit by die adolessent:

Somewhere between childhood and maturity their bodies kick into overdrive. With this acceleration of physical and emotional growth, they become strangers to themselves. Under attack by an arsenal of fiery hormones, the bewildered young person begins to ask, "Who am I?"

In die begeleiding van die adolessent deur hierdie worsteling rondom identiteit kan Richardson (2005:98-105) se raad in hierdie verband in gedagte gehou word. Die outeur beskryf hoedat daar in hierdie proses in gebed op God en om Sy stem te hoor, gefokus kan word. Dit lei gewoonlik tot 'n ontmaskering van die mens se eie negatiewe aspekte en terselfdertyd tot 'n ontdekking van sy/haar nuwe identiteit in Jesus Christus.

5.7.1 Die vyf belangrikste vrae in die lewe

Warren (2004:275-278) beskryf die volgende vyf vrae as die belangrikste vrae in enige persoon se lewe. Indien daar duidelike antwoorde op elk van hierdie vrae is, het die betrokke persoon ook duidelikheid ten opsigte van sy/ haar identiteit:

- Wie of wat gaan die kern van die persoon se lewe wees? (Die middelpunt).
- Wat en hoe gaan die karakter van die persoon se lewe wees? (Dissipelskap).
- Wat gaan die persoon se lewe se uiteindelijke bydrae wees? (Dit is die diensbaarheidsvraag).
- Wat gaan die persoon se kommunikasie in sy/haar lewe wees? (Verhoudings met ander).
- Hoe gaan die persoon se handhawing van verhoudings wees?

5.7.2 Voordele van 'n gevormde identiteit

Adolessente het nodig om hulle grense en identiteit in 'n veilige omgewing te vorm. Berading fokus daarop om die identiteit te vorm en lewensvaardighede aan te leer met die doel om goed funksionerende volwassenes te kweek, met die berader wat as instrument vir God se werk optree (Collins, 2008:213). Dit is baie

belangrik vir die beradene om hom/haarself te leer ken/verstaan, sodat die individu kan seker wees van sy/haar talente en gawes, sodat dit beskikbaar gestel kan word om God te dien (Warren, 2004:215).

5.7.3 Wat bepaal identiteit?

- *Ouerskap*: Positiewe en negatiewe boodskappe wat 'n individu ontvang het, beïnvloed die identiteit en selfwaarde (Jantz & McMurray, 2013:137).
- *Doelwitte*: Volgens Collins (2008:283) word 'n identiteit gevorm soos wat die individu sekerheid oor God se doelwitte vir hom/haar ervaar. Om jousef te bewys en 'nodig' te voel is deel van die soeke na identiteit.
- *Lewenswaardes*: Dit is van belang volgens Louw (2005:66) aangesien dit standvastigheid aan die individu se bestaan as mens gee en dit ook gedagtes en gedrag bepaal.

“Die meeste mense sukkel met drie basiese kwessies in die lewe. Die eerste identiteit: ‘Wie is ek?’ Die tweede is belangrikheid: ‘Maak ek saak?’ en die derde is impak: ‘Watter plek het ek in die lewe?’” (Warren, 2004:274).

- *Te kan hoor*: Om God te kan hoor is belangrik as deel van die identiteit van die jongmens (Trollinger, 2007: 223, vgl. ook Spr 3:5; Ef 4:22-24; Fil 4: 4-7; 2 Tim 1:7, Rom 8:5-6)
- *Skriftelike waarhede rakende identiteit*: Mat 5:13,14; Joh 15:1,5; Joh 15:16; Hand 1:13; 1 Kor 3:16; 2 Kor 5:18-19; 2 Kor 6:1; Ef 2:6; Ef 2:10; Fil 4:13.

Die leuens wat die individu van hom/haarself begin glo het, moet geopenbaar word en met Woordgetroue inligting vervang word:

Recognizing and then changing faulty beliefs is similar to the process of the renewing of the mind, which in turn transforms our lives and behavior (Draper, 1996:168).

Richardson (2005:153) beskryf hierdie proses soos volg:

So we bring to our mind's eye the experiences, images and memories that generated false words about who we are, and we invite Jesus into them. He can exert his lordship over our memories and inner images to sanctify and heal us.

Met verloop van die genesingsproses, begin die jongmens die waarheid van homself/haarself in Christus beseef en hul eie maak. Hulle word deur die berader aangemoedig om meer na die stem van die Heilige Gees in hul binneste te luister en hulle moet ook luister wat die Here omtrent hulle potensiaal in die Woord verklaar.

Teenagers love it when I tell them that God has a phone number: Jer 33:3. He says, 'Call to Me, and I will answer you, and show you great and mighty things, which you do not know (Trollinger, 2007:223).

Die berader kan 'n paar Skrifgedeeltes identifiseer wat besonder van toepassing op 'n spesifieke tiener is. Die jongmens word vervolgens aanbeveel om hierdie Skrifgedeeltes teen sy/haar kas te plak en dit herhaaldelik raak te sien met die doel om nuwe gedagtes oor die geestelike dimensie te vorm en hul eie te maak (Trollinger, 2007: 223; vgl. in hierdie verband Spr 3:5; Ef 4:22-24; Fil 4:4-7; 2 Tim 1:7, Rom 8:5-6 en Jak 1:6-8).

5.7.4 Komponente van identiteit

5.7.4.1 Eiewaarde

Daar is 'n baie nou verband tussen skuldgevoelens en eiewaarde en 'n belangrike komponent van pastorale berading is om aan skuldgevoelens te werk. *"God wil hê jy moet die vorm wat hy jou gegee het geniet"* (Warren, 2004:222).

Een van Trollinger (2007:179) se eertydse beradenes het haar ervaring rondom eiewaarde en geestelike groei tydens berading soos volg gestel:

The inner healing prayers I received and went through, are what lead me to my healing. I also learned the most important lesson of my life, which is understanding who I am in Christ. I am a precious jewel, God's most valuable possession. Today I work as a counsellor too and lead others on this same journey of healing.

Richardson (2005:153) beskryf die proses om die selfbeeld deur die Heilige Gees te heel soos volg:

So we bring to our mind's eye the experiences, images and memories that generated false words about who we are, and we invite Jesus into them. He can exert his lordship over our memories and inner images to sanctify and heal us.

5.7.4.2 Selfbewuswording sluit emosionele intelligensie, doelwitte en toekoms- perspektief asook hanteringsvaardighede in

- ***Selbewuswording***

Om selfbewuswording te verhoog maak die las wat 'n beradene dra, ligter, meer hanteerbaar en voorkom ook dat vorige patrone sou herhaal (Richo, 2010:297; 1996:1096). Alles wat in die mens se lewe gebeur, het 'n geestelike betekenis aangesien alles voorheen bepaal is (Ps 139:16) en elke probleem is 'n geleentheid om karakter te bou (Warren, 2004:171) en te groei. Om waarlik bewus te wees van die self, asook emosionele belewenisse is 'n groot deel van geestelike groei en dit is dan ook van groot belang om bewus te wees van dit wat besig is om te gebeur om die lewe te kan geniet (Nouwen, 1985:2-4).

- ***Emosionele intelligensie***

Selfbewuswording is die basis van emosionele intelligensie en bevorder self-beheer, asook om onderskeid tussen persepsies, gedagtes, gevoelens en begeertes te kan tref (Bradshaw, 1996:1098). Om emosioneel intelligent op te tree is 'n manier om die self te respekteer (Bradshaw, 1996:4932) en emosies wat buite

beheer is, in toom te hou (Ps 73). Selfbeheersing word deur geestelike groei, onderrig (Spr 5:1), die regte ingesteldheid deur kognitiewe distorsies aan te spreek, konflikhantering en die bou van 'n gesonde selfkonsep geleer (Collins 2008:139). Beheer deur die Heilige Gees is die kern hiervan (Collins, 2008:133). Onbeheerde emosies is dikwels die rede vir spanning (Collins, 2008:257) en selfbeheer is gevolglik belangrik (Clinton *et al.*, 2005:3646). Emosies kan 'n goeie aanduiding wees vir waar die probleemareas weens emosionele verwonding is. *“Emotions are the key to healing our broken hearts and wounded souls”* (Burney, 2012). Die Gees van God vul die mens met selfbeheersing (2 Tim 1:7).

- **Doelwitstelling en toekomspektief**

'n Doelgerigte lewe deur die Heilige Gees gelei, is volgens Warren (2004:274; vgl. ook Jantz & McMurray, 2013:61) die enigste manier om werklik te lewe. Dit impliseer volgens Koenig en McConnell (2001:23) 'n bewustheid van groter lewensbetekenis wat die belang van elke dag asook betekenis en sin beklemtoon (vgl. ook Vachon, Fillion & Achille, 2009:53). Spirituele doelwitte blyk verder om mense besondere betekenis in hul lewens te gee (Emmons, 2005:742). Dit is van groot belang dat 'n individu leer om te volhard (Jak1:3-4) en weet dat God 'n doel met elke krisis het en dat Hy omstandighede gebruik om karakter te bou en die individu gaandeweg aan die beeld van Christus gelykvormig te maak (Warren, 2004:170). Deur lyding leer die individu dinge wat hulle nie op ander wyses sou kon leer nie (Warren, 2004:170).

Volgens Louw (2005:69) hou volwassenheid onder andere verband met die vraag na funksie, arbeid en beroep. Roeping is die besef van 'n lewenstaak binne die konteks van bestaansmoontlikhede. Menswaardigheid hang van die roepings-besef af en watter bydrae die individu kan maak om ander se lewenskwaliteit te verhoog. Die mens is vervolgens gemotiveerd indien hy/sy hul lewensdoel ken en dit genereer ook passie en energie. Die mens word ook op die ewigheid voorberei as hy/sy hul lewensdoel ken (Warren, 2004:22).

Volgens Nouwen (1985:4) hang ware blydskap af van produktiwiteit eerder as om suksesvol te wees. Hierdie produktiwiteit behels om bewus te wees van ander se seer, hulle te kan aanraak en dan saam daar deur te groei.

Volgens Coetzer (2013:225) is 'n persoon wat nie doelwitte het nie, geneig om waardeloos te voel en kan dit tot spanning lei. Daarom is dit belangrik om realistiese en bereikbare doelwitte te formuleer (Spr 13:12). Dit help ook om traumatiese ervarings te hanteer en om te bepaal wat die individu se talente is en vervolgens doelwitte te stel aangesien dit eiewaarde verhoog (Jantz, 2009:285).

'n Gevoel van vryheid en toekomsgerigheid is dikwels een van die uitkomstes indien daar op empatie en vergifnis by die beradene gefokus word (Schnabl, 2010:835).

- ***Hanteringsvaardighede***

Balans is baie belangrik vir geestelik groei. Jesus Christus het balans in Sy lewe gehandhaaf en Hy het God se leiding met betrekking tot aspekte op die geestelike, fisiese, sosiale en intellektuele terreine gevra (Collins 2008:113).

Balans is baie belangrik om verhoudings te kan handhaaf (Rowatt, 2001:6) asook 'n baie belangrike maatstaf om tydens die herstelproses na trauma te handhaaf (Coetzer, 2013:212). Balans is daarom baie voordelig en werk aspekte soos depressie en angs teë en bied geleentheid tot die generering van meer energie en beter slaappatrone.

Die beradene moet onderrig word dat hy/sy wel oor vermoëns kan beskik wat deur God geskenk word, maar wat van hom/haar, as gevolg van verwonding, beroof moes gewees het (Jantz, 2006:176). Hierdie persoon moet gevolglik gelei word om enige skadelike en foutiewe oortuigings in hierdie verband in God se teenwoordigheid te wysig en te korrigeer (Rom 12:2). Volgens Seamands (1993:249) moet die beradene nie net vir hom/haarself sekere vaardighede na

traumatiese gebeure in die verlede probeer opeis nie – die individu moet egter daarvoor in gebed met God praat.

- **Die aanleer van ander vaardighede**

Die aanleer van vaardighede sedert die kinderjare wat die liefde van Christus en Sy invloed in 'n huis kan weerspieël, is belangrik (vgl. 1Kor13; Ef5; Kol3). Volgens Louw (2005:56) is daar basiese lewensvaardighede wat vir die ontwikkeling van verantwoordelikheid aangeleer moet word. In hierdie verband wys die outeur op aspekte soos identiteit, liggaamlikheid, sosialisering, roeping en singewing. Vaardighede is ook van groot belang om op krisis te kan reageer (Louw, 2005:9).

Volgens Eagan (2014:22) is 'n belangrike vaardigheid wat aangeleer moet word, om probleme te bestuur en geleenthede daarin te skep. In hierdie verband stel hy sekere vrae voor om die proses te bestuur op 'n effektiewe wyse:

- Wat is die probleme en bekommernisse of onderontwikkelende geleenthede waaraan gewerk moet word?
- Hoe sal 'n beter toekoms en lewe vir die individu lyk? Hierdie verwys na die voorkeur van die individu se lewensprentjie en hoe hy/sy gehelp kan word om daardie prentjie te verwesenlik.
- Watter stappe moet uiteengesit word om hierdie plan op die regte koers te kry vir 'n beter toekoms? Dit verwys na die aksies wat uitgevoer gaan word om die beter voorgestelde toekoms te bewerkstellig.
- Hoe gaan dit alles kan plaasvind? Dit verwys na die geheelbeeld waar al die voorafgaande stappe geïntegreer word.

Volgens Blanton (2011:133) leer gebed mense om sekere vaardighede te bereik. Hulle kan byvoorbeeld hul innerlike dialoog identifiseer en kan ook hul eie narratief identifiseer as 'n produk van eie ontwerp en dit kweek op sigself weer 'n groter mate van gesonde selfbewuswording. 'n Ander vaardigheid wat deur gebed geleer kan word, is om hul narratief van hul sin van self te skei.

- ***Gebed en God se wil en die Heilige Gees***

Volgens Collins (2008:652) is gebed belangrik om God se wil te verkry en die Skrif daarvolgens te gehoorsaam. Volgens Warren (2004:92) moet die individu God prys met dit waaroor hy/sy beskik en geleer word om dankbaarheid te betoon (1Tes 5:18). Die Heilige Gees help die individu om nuwe betekenis aan sy/haar lewe te gee en die berader kan die proses begelei (Seamands, 1993:268-271).

- ***Gebed en verhoudings***

Om verhoudings te bou impliseer eintlik 'n offer van aanbidding volgens Warren (2004:93). Die beradene moet vir onderskeidingsvermoë bid om daarvan bewus te wees as hy/sy vir God kwaad is en dit vervolgens te bely. Die Heilige Gees sal die beradene in die volle waarheid lei (Seamands, 2003:70; vgl. Joh 16:13).

- ***Gebed en trauma***

Volgens Warren (2004:171) is die diepste intieme aanbiddingservarings waarskynlik op die individu se donkerste dae. Tydens gebed kan dit gebeur dat baie van die verborge traumatiese herinneringe weer na die oppervlak gebring word. Die beradene word deur dit alles egter tot 'n punt van uiteindelijke heling gelei omdat God besorgd oor die onverwerkte verlede is (Seamands, 1995:147). Die pynvolle herinneringe word deur die individu herbeleef maar in God se teenwoordigheid. God was reg van die begin af deel van die individu se lewe en ken daarom al die detail (Seamands, 1993:249; vgl. Ps 139:6,14).

- ***'n Gebedsessie***

Dit is belangrik vir die berader om die gebedsessie met die beradene baie goed te beplan (Seamands, 1995:139). Jesus Christus word gevra om die diep verwond te heel. Tydens hierdie proses gaan dit daaroor om so openlik as moontlik met die Heilige Gees te kan kommunikeer. Woordkeuses is gevolglik nie baie belangrik nie (Seamands, 1995:140).

They should make sure they will tell God what they are feeling as they relive the experience they are describing – that is, what the child, teenager, or young adult was feeling at that time (Seamands, 1995:141).

Dit is van waarde vir die beradene om negatiewe belewenisse asook die emosionele beleving daarvan te lys om sodoende dit in gebed te kan hanteer. Tydens die gebedsessie moet daar vervolgens oor elke spesifieke belewenis in detail gebid word asook vir die dele van wat die individu nie kan onthou nie, ter wille van openbaring van die gebeurtenis. Die oortreder se naam moet genoem word en die oortreding beskryf word aangesien dit gewoonlik vergewing en genesing van die gebeure wat verwonding veroorsaak het bevorder (Kraft, 1994:98; Payne, 1994:83). Daar moet ook baie spesifiek op die detail van herinneringe en op negatiewe emosies soos vrees, angs, woede, skuld en skaamte tydens die gebedsessie gefokus word (Seamands, 1993:294). Verder moet daar ook om vergifnis vir enige negatiewe gedrag, wat die beradene moontlik na die emosionele verwonding openbaar het, gevra word (Richardson, 2005:152). Die individu moet fokus daarop dat God hom/haar skoon was, soos om te stort (Ginrich, 2013:201).

5.8 VERHOUDINGS

Sommige persone groei op in disfunksionele gesinne waar daar ongesonde verhoudings is, en hulle beskik gevolglik nie oor die nodige verhoudingsvaardighede nie. Verhoudings vereis toewyding, eerlikheid, vertroulikheid en gereelde kontak (Warren, 2004:128).

5.8.1 Herstel van verhoudings

Volgens Arterburn (2005:14) is een van die grootste redes vir problematiese verhoudings, skaamte. Dit weerhou die individu daarvan om liefde te ontvang en verhoudings reg te vorm.

If you are living in isolation because of shame, I want you to know that God wants you out of hiding and into the arms of a healing community.

Persone kry baie in verhoudings seer en dit is soms moeilik om dit te handhaaf, maar verhoudings is nodig vir die mens. Aterburn (2005:14) sit dit soos volg uiteen:

The requirements of connection are very tough for many of us. Not impossible, just tough. They require us to grieve the loss of some dreams, accept the reality of what is, and move toward others in spite of our pain and disappointment.

God se liefde kan egter alle gebroke verhoudings herstel:

Surrendering to God and allowing God to take over is never easy, but it allows God's infinite healing power to provide the path to healing (Arterburn, 2005:17):

5.8.2 Die belangrikheid van jongmense se verhoudings

- ***Verhoudings en die menslike bestaan***

Die wortel van die menslike bestaan gaan oor verhoudings met ander en God. As die mens nie verhoudings vorm, nie raak die hart geïsoleerd en gefragmenteerd (Rice, 2009:28).

- ***Die Bybel en verhoudings***

Helsel (2012:485) is van mening dat die gelykenis in die Bybel oor die vrugbare grond (Mark 3:4-8) na die gunstige omgewing waarin 'n individu kan groei verwys. Die outeur is van mening dat pastorale sorg daarop gefokus moet wees om sterk verhoudings tussen persone, wat die beradenes in die realisering van hul lewensdoelwitte kan ondersteun, te vestig. Christelike waardes kan familieverhoudings bevorder wat ondersteuning en diepte in verhoudings betref en dit kan ook positiewe geestelike vaardighede, soos om te kan vergewe, ontwikkel (Hart & Carlo, 2005:224). Om 'n jongmens aan 'n persoonlike verhouding met God bekend te stel, is binne die Christelike perspektief van geloofsvolwassenheid

een van die belangrikste take van die verbondsgesin (Louw, 2005:70). 'n Goeie verhouding met God en ander is die oplossing vir eensaamheid. God het volgens Collins (2008:95) gewet dat die individu ander mense nodig het om doeltreffend te funksioneer. Die grootste deel van die bergpredikasie handel juis ook oor interpersoonlike verhoudings (Matt 5-7).

Meier en Wise (2003:134) beveel aan dat die volgende vrae aan beradenes gestel word ten einde die individu meer van sy/haar belewenis van God en die verhouding met God bewus te maak:

- Het jy 'n persoonlike verhouding met God? Hoe het dit ontstaan en hoe het jy dit beleef?
- Hoe sou jy jou belewenis van God beskryf?
- Wat dink jy dink God van jou?
- Is daar 'n ooreenkoms van hoe jy God en ook iemand anders in jou familie sou beskryf?
- Verwar jy moontlik jou ervaring van God met jou eie projeksies van jou ma of pa?
- Was daar 'n tyd waar jy gevoel het God of jou ouers het jou nie beskerm nie?

• ***Verhoudings en identiteit***

Volgens Louw (2005:10) bepaal die familiestruktuur identiteit op 'n deurslaggewende wyse (vgl. ook Wright, 2011:387) en die mens is 'n 'siel' binne die netwerk van menseverhoudings. Die kwaliteit van identiteit en volwassenheid is deel van die individu se besluite oor vriendskap. Vriendskappe gee vaste betekenis daaraan (Louw, 2005:9). Die perspektiewe wat die individu van andere het, bepaal ook hoe hy/sy ander gaan hanteer:

Binne 'n Christelike verstaan, is die siel die kwaliteit van die geheel van verhoudingsnetwerke (ratwerke) waarbinne die mens hom/haarself so posisioneer dat uitdrukking gegee word aan 'n bestemmingsbewussyn (roeping) en 'n bepaalde verstaan van God (Godsbeeld). Siel het te doen met gesindheid en gevolglik 'n bepaalde

ruimte of atmosfeer wat daardeur geskep word. Hierdie ruimte kan nabyheid (intimiteit) kommunikeer; afstand (verwydering en verwerping) of neutraliteit (onverskilligheid) (Louw, 2005:17).

- ***Ontwikkeling en keuse van verhoudings***

Dit is belangrik om oor keuses rakende verhoudings te bid. Eienskappe wat verhoudings bevorder is aspekte soos aanpasbaarheid, empatie, die vermoë om probleme te kan deurwerk, emosionele stabiliteit en liefde (Crabb, 1997:78; Collins, 2008:274). Jesus was die voorbeeld van hoe om verhoudings te vorm:

Jesus showed us the necessity of connection. He spent a lot of time doing nothing but fasting and praying and connecting with God. Jesus was also connected to those around Him. He had a supportive community around Him and called on them often (Arterburn, 2005:19).

- ***Die invloed van ander faktore op verhoudings***

Wanneer daar nie vergifnis vir vorige gebeurtenisse in die individu se lewe was nie, kan dit ernstige gevolge vir huidige verhoudings inhou (Seamands, 2004:33). Skuld- gebaseerde gevoelens kan gevolglik verhoudings kontamineer (Bradshaw, 2005:2367).

5.8.2.1 Kommunikasie

Die berader moet die beradene tot kommunikasie in die waarheid lei (Ef4:25) aangesien eerlike kommunikasie die beter opsie is (Cloud & Townsend, 2008:2176). Gesonde interaksie en kommunikasie is nodig vir die individu om te kan groei, emosionele probleme te oorkom en negatiewe patrone te verbreek. Die individu moet ook geleer word om met vriendelikheid, respek en inagneming te kommunikeer (Jantz, 2009:277) en altyd na vergifnis te streef, wat vergifnis vir die self insluit (Matt 18:22). Om regverdig en billik in verhoudings te leef, is 'n belangrike etiese kwaliteit volgens Louw (2005:67). Jesus se lewe kan byvoorbeeld gebruik

word om belangrike kommunikasietegnieke uit te lig aangesien daar na Hom as die 'Woord' verwys word (Joh 1:1). Jesus Christus se lewe kan samevattend as liefde, nederigheid en restourasie beskryf word (Carter & Coleman, 2009:13-65).

5.8.2.2 Ouerleiding

Trollinger (2007:193) maak die volgende belangrike stelling met betrekking tot ouerleiding:

God made parents to be the guard rails on the twisting road of life. You (parents) need to be strong enough for kids to crash into over and over again. You must stáý strong so that your teens will learn to stay on track. Guard rails get dinged up. But if they work well, they preserve the young lives that run up against them.

Die invloed van die regte leiding deur ouer persone en vriende is van groot belang vir adolessente asook om oop kommunikasiekanale te behou. Ouers speel 'n baie groot rol in hulle kinders se groei en ontwikkeling tot volwassenes (Clinton & Clark, 2010:175).

Die oorhoofse doelwit van 'n ondersteuningsnetwerk, van 'ouerskap' as 'n opvoedings- of begeleidingsnetwerk, is die volgende: die ontwikkeling van volwassenheid en die skep van 'n tuiste met die oog op intimiteit en geborgenheidsbesiede lewe neem vorm van volwassenheid aan (Louw, 2005:65).

- ***Ouers se Christelike plig***

Ouers moet hulle kinders van kleintyd van hul uniekheid in Christus bewus maak en dat elke kind 'n spesifieke voorkoms, persoonlikheid, gawes en talente het waarmee daar 'n spesifieke doel in God se Koninkryk is. Hierdie doel moet nagestreef word ten einde oorwinning oor negatiewe emosies te kan behaal (Griesel, 2012:162). Collins (2008:195) stel voor dat ouers met adolessente buigzaamheid toepas, en

goeie kommunikasie en besprekings met 'n adolessente in die huis bewerkstellig. Die ouers se geloof moet op Christelike deugde gebaseer wees en nie soseer op reëls nie – dit sluit aanvaarding en vergifnis in. In hierdie proses moet ouers gehelp word om geestelik te groei asook Bybelse waardes en 'n Christelike lewensstyl te handhaaf.

- ***Kinders se Christelike plig***

Ouers moet eerbiedig en gehoorsaam (Spr 27:15; Spr 19:13) word, maar nie wanneer dit teen God se wil staan nie (Hand 5:29). Ouers moet hul kinders liefhê, onderrig en regverdig dissiplineer (2 Kor12:14, Kol 3:21). Hulle moet hul kinders in die tug en vermaning van die Here opvoed (Ef 6:4; vgl. Collins, 2008:163).

- ***Christen ouerskap***

Dit is nie ouers se reg om ten volle besit oor kinders te neem nie en hulle moet kinders teen misbruik beskerm (Bradshaw, 1996:2401). Ouers wat nie Christelik georiënteerd is nie, kan hul outoriteit oor hulle kinders verkeerd gebruik en dikwels skadelike kulturele gewoontes op hul kinders afdwing. Sommige Christelike ouers kan selfs godsdienstige foutiewelik gebruik om skuldgevoelens by hul kinders te veroorsaak en hulle op so manier inperk (vgl. Carder *et al.*, 2011:87). Die gevolg van so 'n proses is heel dikwels 'religieuse skaamte' en dit is geneig om die betrokke individu in die langtermyn emosioneel te vernietig (Carder *et al.*, 2011:29).

- ***Ouers en modulering***

Ouers wat as voorbeeld vir hulle kinders optree en die gevolge van onaanvaarbare gedrag aan hul kinders duidelik uitwys, bereik in die algemeen goeie resultate (Bradshaw, 1996:3120). Kinders sien reeds tydens peuterjare die illustrasie van God in hulle huis deur die ouers. Indien die ouers liefde openbaar sal die kinders ook makliker voel dat hulle vir God aanvaarbaar is (Beers, 1986:105; vgl. ook Self, 1986:112).

- **Huislike atmosfeer**

Helsel (2012:485) verwys na die belang van diep gewortelde herinneringe en emosionele interaksies tussen individue en hul primêre versorgers en hoe dit 'n individu se realiteit betekenisvol struktureer. Die outeur vergelyk die ruimte van groei met die 'good soil' van 'n plant, soos die gelykenis van die saaiër in Matteus 13. Persone moet na vorige patrone met behulp van foto's, ou gewoontes en herinneringe kyk om te bepaal 'waar' hul vandaan kom (Brueggemann, 1997:5).

- **Die aanleer van vaardighede binne die gesinskonteks**

Die mees betekenisvolle onderrig vind gewoonlik tuis plaas en die doelwit van opvoeding is volgens Louw (2005:89) die volgende:

Dit is om die kind binne (a) 'n warm atmosfeer van liefde en intimiteit te laat ontwikkel (b) tot 'n volwasse persoon wat op 'n selfstandige wyse keuses kan maak, asook (c) 'n spirituele persoon wat binne die teenwoordigheid van God in geloof die belofte, "ek sal vir jou 'n God wees, positief toe te sien.

- **Ouerleiding deur die berader**

Dit is nooit te laat nie om as ouer toegerus te word ten einde beter te kan begelei en meer in ooreenstemming met God se riglyne te kan optree (Carder *et al.*, 2011:26).

- **Ouerleiding vir eiewaarde en funksionering**

Ouers speel 'n baie belangrike rol in die jongmense se identiteitsvorming en ook hoe hulle as volwassenes gaan funksioneer (Clinton & Clark, 2010:200).

5.8.2.3 Vergifnis

Denton (2011:10) gee die volgende sinvolle definisie ten opsigte van die konsep van vergifnis:

Vergifnis is 'n teologiese term wat gebruik kan word om 'n psigologiese proses te verduidelik. Dit is 'n komplekse fenomeen wat sosiale, spirituele, kognitiewe en emosionele dimensies van menslike ervaring betrek en 'n uitdaging vir integrasie voorsien.

Vergifnis vind slegs deur God se genade en die Heilige Gees plaas (Joh 3:16; Rom 8:32; vgl. ook Malcolm & Ramsey, 2010:29). Dit is 'n uitbeelding van God se mag en nie van swakheid of onttrekking nie (Atansov, 2011:95) en al kan dit as onmoontlik beskou word deur die individu, is dit deur God wel moontlik (Tucker, 2016:101). Die mens word deur Jesus Christus aangemoedig om te vergewe aangesien God eerste vergewe (vgl. Ef 4:32 & Kol 3:13). Vergifnis kan nie verdien word nie, maar is baie noodsaaklik om plaas te vind (Tucker, 2016:101). God se genade aan die mens is die motivering om genade aan ander te betoon en selfvertroue moet stelselmatig weer opgebou word (Warren, 2004:126). Die individu kan ook vergewe sonder om homself/haarself in die proses te verloor (Richo, 2008:93).

Vergifnis is 'n keuse (Tucker, 2016:101; vgl. ook Arterburn, 2005:xiv) en volgens die Skrif moet die Christen ander vergewe (Matt 6:12,14; 16:21-22; Mark 11:25). Vergifnis staan ook sentraal tot die Evangelie (Pingleton, 1989:27). Die proses om herinneringe van verwonding te genees moet deur vryspraak en vergewing van sondes plaasvind volgens Richardson (2005:154). Christene moet hulle vyande vergewe en ook lief wees vir hulle (Matt 6:12,14; 16:21-22; Mark 11:25; vgl. ook Tucker, 2016:101). Die individu moet dan ook bid vir die persoon wie teenoor hulle oortree het (Tucker, 2016:107). Volgens Seamands (2003:132) is vergifnis die deur tot genesing, anders sal die emosioneel verwonde in die verlede vasgevang bly. Die outeur verwys daarna dat die persoon deur vergifnis moet gaan om nuut te kan begin (Vgl. ook Tucker, 2016:101).

Seamands (2003:132-143) verwys ook na 'n aantal stappe tot vergifnis, waarvan onder andere die volgende drie baie toepaslik met betrekking tot die model binne hierdie studie is:

- Vergifnis behels om die feite in die oë te kyk en eerlik met homself/haarself oor die pyn wat aan hom/haar gedoen is te wees asook om emosioneel bewus daarvan te wees.
- Die emosies wat tydens die insident ervaar is, moet weer ervaar en beleef word.
- Vergifnis impliseer om die haat en bitterheid wat, as gevolg van die emosionele verwonding ervaar word, te laat vaar en verhoudings word in die proses vernuwe (vgl. ook Tucker, 2016:101).

Dit is soms moeilik vir mense om, weens die vraag na geregtigheid, te vergewe – hierdie aspek moet egter aan God oorgelaat word aangesien Hy dit sal hanteer (Mbabazi, 2013:207; Tucker, 2016:42).

- **God vergewe die mens**

Een van die redes vir talle persone se emosionele probleme hou volgens Seamands (2003:14) met die kwessie rondom vergifnis verband. Wanneer die mens nie God se genade ten volle kan aanvaar nie, sal dit ook nie moontlik wees om onvoorwaardelike liefde aan ander te gee nie. Wanneer die Heilige Gees in beheer is sal vergifnis op 'n dieper vlak ervaar word, asook self-vergifnis. God se deernis met die mens is hier ter sprake (Tucker, 2016:150).

In die Nuwe Testament kom 'n nuwe dimensie van vergifnis na vore wanneer Jesus Christus kom en God deur Hom vir die mens verlossing van sonde bewerk (Lotter, 1987:24; vgl. ook Tucker, 2016:78). Dit alles vind deur God se groot liefde plaas (De Bruyn, 1997:7; vgl. ook Tucker, 2016:78).

Ware vergifnis kies om nie die oortreding te onthou nie (Van der Watt, 1998:15). Daar is dus nou geen veroordeling meer vir dié wat in Christus Jesus is nie (Rom 8:1). God het die vrou wat owerspel gepleeg het vergewe sonder om haar sonde goed te keur (Joh 8:11). Die slagoffer moet besef dat vergifnis nie die goedkeuring van die onregverdige daad teen hom/haar is nie (Kendall, 2002:12) en dat die mens ook soos God, die persoon se gedrag nie goedkeur nie, maar dit vergewe.

- ***Mense moet mekaar vergewe***

Vergifnis is 'n opdrag wat deur God gegee is (Num 14:19-21). Volgens Seamands (2004:31) sal die individu eers werklik ervaar dat God hom/haar vergewe het indien hy/sy ander kan vergewe. Indien ander nie vergewe kan word nie lei dit tot die afbreking van interpersoonlike verhoudings (Seamands, 2004:32).

Vir die individu om sy eie en ander se sonde te bely kan vergifnis en heling bevorder volgens Draper(1996:156):

Confession is not exclusively for our own sin; it can certainly include the effect of someone else's sin as it affects us in detrimental ways. We see this often in the Psalms, where the writer is weighed down by the sins of others in the way that they treated him. He still felt the need to talk to God about it before he found relief within himself.

- ***Die mens mag die self vergewe***

Volgens die Skrif kan die mens met sekerheid weet dat daar vergifnis vir sonde is (vgl. Ps 103:12; Kol 1:13-14, Heb 10:17). Dit is baie belangrik dat die individu besef dat hy/sy vergifnis ontvang en in die lig hiervan kan hierdie persoon vervolgens ook hom/haarself vergewe en gee God aan hom/haar die vryheid om verder die lewe te mag geniet (Seamands, 2004:31). Die individu moet vervolgens begelei word om die self te kan vergewe en dit kan tot 'n herstelde belewenis van God lei asook genesing van verhoudings met ander (Coetzer & Snell, 2012:10).

Direktiewe begeleiding in die proses van vergifnis van die self is nodig as dit by die gebedsessie kom (Seamands, 1995:158) en om die self te kan vergewe is ook 'n vereiste ten opsigte van emosionele en geestelike heling, asook vir eiewaarde en 'n goeie selfbeeld (Jantz, 2009:110).

Volgens Retief (1994:156) kan gelowiges ander vergewe wanneer hulle self vergifnis ontvang het. Vergifnis kan 'n hindernis vir die individu wees indien hy of sy voel dat daar onaanvaarbare aktiwiteite is waaraan hulle in die verlede deelgeneem het

(Kraft, 1994:190). Daar sou gevolglik 'n vrees kon wees om die verlede in die gesig te staar. Die individu wat emosionele wonde in die verlede opgedoen het, ondervind heel dikwels 'n probleem wanneer dit by selfvergifnis kom (Coetzer, 2007:40; vgl. ook Tucker, 2016:127). Rondom hierdie kwessie is dit gevolglik belangrik dat die individu verantwoordelikheid vir sy/haar dade sal neem. Indien die individu hul sonde bely het, moet God se belofte van vergifnis en genade aanvaar word en moet hy/sy hulle hulself vergewe (vgl. 1 Joh 1:9 asook Lotter, 1987:53). Die Heilige Gees lei die individu tot die besef van vergifnis (Tucker, 2016:127). Die individu ontnem homself/haarself van die vryheid wat God se vergifnis vir die mens bring wanneer daar slegs op mislukkings en die herhalende gedagtes van foute in die verlede gefokus word (Tucker, 2016:101; Jones & Ledwith, 2005:115).

Volgens Stoop (2003:117; vgl. ook Miller, 2003:149) begin selfvergifnis waar die persoon hardop kan sê wat gedoen is en dit dus erken. Vergifnis is 'n proses volgens Miller (2003:149). Die individu gaan vervolgens deur 'n rouproses waar tydens die gevoelens van kwaad en hartseer na homself/haarself gerig word, soos die hartseer wat hy/sy aan ander gedoen het. Na die rouproses vind vergifnis plaas. Na die rouproses vind vergifnis plaas en daarna is dit gewoonlik moontlik om versoening by ander te vind (vgl. ook Miller, 2003:210).

- ***Wat maak vergifnis moeilik***

Wanneer 'n oortreder van misbruik vergewe moet word, is dit gewoonlik baie moeilik en die beradene moet begelei word ten einde te besef dat vergifnis tot sy/haar eie voordeel is (Bradshaw, 1996:265). Draper verwoord hierdie probleem soos volg:

Forgiveness is not a simple act that causes all the fear, mistrust, and hurt to suddenly disappear. Many Christians mistakenly assume that forgiving someone who has hurt them means no longer feeling pain, anger, or a desire for revenge. Forgiveness does not mean that painful memories of the past are wiped away; nor does it mean that a desire for justice is ignored. Nor does the survivor cease feeling a deep sense of anger and hurt for what has happened (Draper, 1996:199).

Volgens Draper (1996:199; vgl. ook Miller, 2003:) kan ware vergifnis nie eens oorweeg word tensy diegene wat verontreg en verwond is uit die donkerte van ontkenning na vore tree en begin om erkenning aan die gewig van die verkeerde dade wat teenoor hulle gepleeg is te gee nie. Daar het 'n groot vertrouensbreuk plaasgevind en intense skade is aan 'n onskuldige persoon (dikwels 'n kind) berokken – 'n betekenisvolle verhouding is dikwels in skerwe en die verskillende stukkies van hierdie legkaart gaan nie maklik weer bymekaar gevoeg kan word nie aangesien geskende vertrouwe gewoonlik tyd neem om te heel (Vgl. ook Tucker, 2016:104). Herhaling van die oortreding deur die oortreder word soms gevrees na aanleiding van die vergifnis, veral na misbruik plaasgevind het (Tucker, 2016:147).

Die persoon moet die diepere skade besef ten einde werklik te kan vergewe, anders is dit kunsmatig en diep wonde sal verder gedra word (Richardson, 2005:150). Dit is gevolglik nodig om die pyn wat berokken is te konfronteer voor vergifnis kan plaasvind (Seamands, 2003:119-127). Die verwonde moet die waarheid van die pyn in die gesig staar en deur die ontkenning breek. Verder moet die pyn ook eers self erken word voor dit teenoor God erken kan word. Wanneer die mens opreg bid om sy/haar sondes te vergewe, erken die mens sy/haar skuld (Tucker, 2016:51). Sommige verwondes ontken die pyn omdat dit net te seer is om dit in die gesig te staar en na die bewuste te bring (Kendall, 2002:15). Om die ervaring en die emosionele belewenis daarvan te onderdruk is nie dieselfde as vergifnis nie (MacMinn, 1996:206, vgl. ook Day, 2004:12).

Een van die moeilikste aspekte van vergifnis volgens Richardson (2005:157-160) is om dit wat gebeur het uiteindelik voluit in die gesig te staar en die oortreder asook die skade wat gedoen is, te identifiseer en by name te noem. Die hart wat na genesing streef moet vervolgens daarop gefokus wees om tydens sulke situasies God se stem te kan hoor (Richardson, 2005:157-160; vgl. ook Joh 14:19-23).

Slagoffers van verkragting en molestering onderdruk gewoonlik die ervaring in die onbewuste volgens Kendall (2002:16; vgl. ook Tucker, 2016:147). Vergifnis van traumatiese ervarings kan nie plaasvind solank as wat die gebeure nie na die

bewuste gebring word nie – daar moet dus geen ontkenning meer wees nie. Volgens Kendall (2002:19-35) behels vergifnis uiteindelik om ten volle op hoogte en bewus te wees van van dit wat die oortreder aan die slagoffer gedoen het en ondanks dit alles steeds bereid te wees om die persoon te vergewe. Dit impliseer dan ook om nie meer boek van die kwaad te hou nie en nie die oortreder meer te wil straf nie (vgl. ook 1 Kor 13:5).

- **Motiverings om te vergewe**

'n Belangrike motivering vir vergifnis hou met die feit verband dat die individu deur hierdie proses weer beheer oor sy/haar lewe verkry (Draper, 1996:199).

The process of healing needs to come to the point where the survivor can now let go of those feelings and move on with life. The survivor's perspective needs to change from the point, *"You ruined my life forever,"* to, *"Yes, you caused me a lot of damage, but I can now by the grace of God move on with my life. I can now forgive you for causing me a great deal of harm, but you no longer have any power or control over me. I am free!"* Forgiveness, then, is letting go of hatred and bitterness so that the passion of the gospel and the boldness of love can fill our hearts.

Al word daar baie met gebeure vanuit die verlede gewerk wanneer daar na vergifnis gekyk word, werk dit eintlik net soveel met die toekoms, aangesien dit 'n geleentheid op vryheid en 'n toekoms gee. Daar is geleentheid vir die vernuwing van die verhouding met God en ander menslike verhoudings (Schnabl, 2010:834).

- **Soorte vergifnis**

Volgens Worthington (2003:45; vgl. ook Tucker, 2016:101) kan vergifnis op verskillende maniere begin deur besluite wat geneem word asook gedagtes en ook aksies wat uitgevoer word. Dit geskied deur God se aanraking of 'n influistering van die Heilige Gees. "But regardless of how forgiveness begun, healing forgiveness will not occur until people's emotions change."

Volgens Draper (1996:199) laat sommige families die oortreding vaar sonder om dit bekend te maak, om sodoende die familie teen skaamte te beskerm asook te voorkom dat die oortreder tronk toe gaan.

However, forgiveness does not mean cutting short the consequences of the abuser's shameful behaviour. "*Easy forgiveness*" may only free the abuser to abuse others. It is a basic law of life that all actions have consequences – good or bad (Draper, 1996:199).

Vergifnis kan op grond van die onvoorwaardelike karakter van liefde, wat nie uitsonderings maak nie, plaasvind al word dit as onvergeefbare gebeure beskou (Tucker, 2016:26; Atansov, 2011:97- 98).

- ***Hoekom is vergifnis belangrik?***

Om vergifnis te kan aanvaar en te kan gee, speel 'n baie groot rol met betrekking tot talle persone se emosionele vlakke (Seamands, 2004:33). Vir die beradene om te kan vergewe, impliseer dat hy/sy weer beheer van hul lewens terug ontvang en dat hulle tegelykertyd die voortdurende aksie van blamering termineer (Jantz, 2009:263).

Die mens is na God se beeld geskape en moet dit so uitdra. Hy is 'n regverdige God en deur nederigheid verkry die individu vrede en bewustheid van God en dit stel hom/haar in staat om te kan vergewe. Die mens kan gevolglik liefdevol wees, genade betoon, vergewe en geregtigheid deur nederigheid nastreef (Worthington, 2009:35). Die fokus is op God eerder as die pynlike gebeure van die verlede (Atansov, 2011:98). Dit is 'n keuse van die individu om nie wraak te neem nie en hoop vir die toekoms te verkry. Dit impilseer dan ook om die rol van slagoffer te laat vaar (Tucker, 2016:104; Denton, 2011:3-4).

- **Vergifnis en gebed**

Kern (2007:178) stel voor dat die individu voor die gebedsessie reeds 'n lys van name maak wie vergewe moet word en tydens die gebed hierdie spesifieke sin bid:

“Here, ek verkies om ... te vergewe...” Die betrokke persoon se naam word dan genoem en dit wat hy/sy aan die beradene gedoen het word verwoord ten einde die sin te voltooi. Dit word vervolgens met elke naam op die lys gedoen (vgl. ook Tucker, 2016:62).

Wanneer daar byvoorbeeld saam met 'n jongmens rondom die kwessie van vergifnis met betrekking tot sy/haar ouers gebid word, kan die volgende aspekte tydens so gebedsessie toegepas word (Richardson, 2005:157):

- Fokus die hart op God en wees ingestel om Sy stem te hoor. Jesus Christus word vervolgens deel van die oorspronklike traumatiese ervaring en vrae kan aan Hom in die gebed gerig word om sy mag te betoon wat groter as die trauma is. Hierdie gebed kan daartoe lei dat ouers ook binne perspektief gesien word.
- Die individu moet hom/haarself vir God se teenwoordigheid oopstel. Jesus Christus kan ook gevra word om die herinneringe van die verlede in die onderbewuste te genees.
- Die verlore tyd kan nie teruggekry word nie, maar die individu kan van die seer en emosionele vrygemaak word.

Forgiveness from the heart happens only as we feel the pain,
assign moral responsibility and let go of the debt with dignity.

- Die individu moet vervolgens ook sy/haar sondige reaksies op die gebeure tydens hierdie gebed sessie bely. Die persoon kon byvoorbeeld leuens oor homself/haarself geïntegreer het wat depressie veroorsaak het.
- God kan verder gevra word om vryheid te gee van alles wat die persoon tot nou toe nog gebonde kon hou. God word ook gevra om die selfvullende profesieë wat die individu moontlik oor hulself uitgespreek het te kanselleer.

- Vervolgens word daar ook gebed dat God die Vaderlike seën waarvan die individu beroof is, weer terug sal besorg.
- Die genesing deur die Heilige Gees skep die geleentheid vir die individu om nuwe keuses te kan maak nadat hulle ook alle leuens verwerp het en God se waarheid omtrent hulself aanvaar het.

- ***Vergifnis is die hart van heling***

Volgens Seamands (1995:150) bepaal vergifnis in 'n sekere sin of genesing sal plaasvind en Coetzer en Snell (2012:10) beaam dit. Die outeur meld ook dat vergifnis die hoof verhoudingsprobleem met die self, ander en God in die Bybel is. Die mens verkry slegs God se genade deur God se liefde. Volgens Seamands (1995:150) het God ons psigologies so gemaak dat ons nie Sy vergifnis sou kon ontvang indien ons nie self ook vergewe nie. Dit blyk in verhoudings ingebou te wees. Wanneer dit by vergifnis kom, is dit baie belangrik om gevoelens ter sprake, soos verwyt en haat, te erken en te verwerk (Seamands, 1995:151). Aspekte van belang met betrekking tot vergifnis is volgens Seamands (1995:154) die volgende:

- Daar moet na spesifieke pynlike gebeure evalueer en ondersoek ingestel word.
- Om dit te verklaar beteken nie dat dit wel vergewe is nie, dit moet na Hom oorgedra word.
- Dit is van belang vir die individu om volle verantwoordelikheid vir wie hy/sy is en wat hy/sy doente aanvaar en nie ander te blameer nie.
- Daar is nie geleentheid vir onderhandeling nie, met ander woorde, indien die individu die oortreder sou vergewe sou dit nie outomaties impliseer die oortreder sal die gedrag stop nie en sou dit ook nie beteken dat die Here die individu daarteen sal beskerm dat dit nie weer gebeur nie. Moet dus nie vergifnis aanbied in ruil vir iets anders nie.
- Vergifnis as deel van geestelike groei is by geleentheid 'n krisis en heel dikwels ook 'n proses.
- Die individu moet baie eerlik met God ten opsigte van gevoelens en emosies wat ervaar word wees en dit alles aan Hom oorgee.

- ***Vergifnis en berading***

Vergifnis binne die gesinsisteem moet versterk en aangemoedig word aangesien dit verhoudings verbeter en weer aan individue beheer oor hul lewens teruggee. Vergifnis is dus 'n seëning vir beide partye (Jantz, 2009:264).

Dit is baie moeilik vir iemand wat misbruik is om die oortreder te vergewe, maar dit moet plaasvind aangesien dit ook voordelig vir die individu se gesondheid is. Draper (1996:199) beskryf hierdie aspek soos volg:

Do you mean to say I have to forgive the person who abused me and caused all this pain? I don't want to hear it! That would be asking too much!" Such are the feelings of a lot of survivors who have been abused and molested. Their anguish is too great, their pain is too deep to even think the thought. There is no question that ongoing anger and resentment, if never dealt with, produce bitterness, depression, and even physical illness. Bitterness eats from within and poisons the soul. There is no joy to be found in hanging on to an unforgiving spirit. It leads to nowhere.

- ***Stappe van die vergifnisproses***

Volgens Jantz en McMurray (2013:253) moet die individu besef dat hy/sy nie die oortreder sou kon straf deur onvergewensgesindheid teenoor hom/haar te openbaar nie. Hierteenoor impliseer vergifnis en liefde eintlik genade asook 'n keuse in verhoudings en die individu moet verstaan wat vergifnis vir homself/haarself beteken.

God sal vervolgens betrokke in die vergifnisproses wees aangesien Hy die Bron van liefde, heling en sterkte is en Hy sal die individu in staat stel om bo ander se sonde uit te styg. Die individu se primêre verhoudings, (eerstens met God en dan medemens), moet dus in orde wees en aan gewerk word (Jantz, 2009:254).

Jantz en McMurray (2013:188-189) stel vervolgens nege stappe voor in die proses van genesing. Die proses van vergifnis behels grootliks om die gebeure binne perspektief te plaas. Die stappe help die individu om nuwe tegnieke te ontwikkel en sodoende anders as in die verlede te reageer op die hartseer wat veroorsaak is.

1. Erken die oortreding vir wat dit werklik is. Bepaal of dit intensioneel was of nie, of 'n misverstand. Die individu se instinkte rakende die gebeure gee 'n goeie aanduiding van presies hoe dit ervaar en beleef word. Dit is waardevol om te skryf oor die gevoelens rakende die gebeure.
2. Weerstaan die neiging om te wil verdedig. Wanneer die individu bepaal het wat gekonfronteer moet word in verhouding tot die ander persoon kan die individu sy/haar opinie gee.
3. Die behoefte om reg te wees, moet prys gegee word. Heidie behoefte kan die gevolg wees van insidente en selfs vorige misbruik in die verlede wat nie hanteer is nie en besig is om die huidige situasie negatief te beïnvloed.
4. Erken en vra om vergifnis vir enige iets wat kon kan bydra tot die situasie. Maak seker dat dit 'n geldige oortreding is, en ook om die voorval oor te sien geldig is en nie weens valse skuldgevoelens vanuit die verlede nie.
5. Probeer om met selfbeheersing te reageer en nie in oorreaksie te wees nie. Hiermee saam moet ook geleer word om proaktief te wees. Dit sal gereelde nadenke en evaluasie impliseer et betrekking tot moeilike insidente.
6. Sodanige benadering lei gewoonlik tot meer perspektief. Deur met selfbeheersing te reageer eerder as met oorreaksies behou die individu beheer oor sy/haar gedrag.
7. Neem 'n houding in van brûe bou eerder as aanval of terugtrek. 'n Houding gefokus op verhoudings bou eerder as 'n aanvallende een is beter. Oefen om 'n gesindheid van liefde en aanvaarding te handhaaf. Hierdie houding beteken nie noodwendig dat die individu saam met die ander persoon stem nie, maar eerder dat die individu gekies het om op 'n sekere wyse te reageer.

8. Die individu moet besef dat hy/sy heel dikwels die teiken van iemand se woede is en nie noodwendig die oorsaak nie. Die individu moet slegs verantwoordelikheid neem vir sy/haar aandeel in die saak. Vermy gevolglik om in die slagvat van die skuld te trap om skuld van ander te aanvaar.
9. Stel persoonlike grense en verkry weer beheer oor persoonlike vermoëns. Elke individu het die reg om sy/haar grense te definieer en ook te verwag dat dit gerespekteer sal word. Gepaste selfgelding en selfhandhawing is hier van toepassing.
10. Wees bewus daarvan dat geluk steeds moontlik is ten spyte van vorige hartseer. Die individu is self in beheer van sy/haar denke, gedagtes en emosies en kan hulself steeds herinner aan hul werklike lewensdoelwitte.

5.8.2.4 Grense

Volgens Trollinger (2007:39) is grense vir 'n jongmens van groot belang op grond van die volgende aspekte:

- Dit help die jongmens om selfbeheer toe te pas.
- Grense help om ongesonde denke wat die individu oor homself/haarself of ander het, op te klaar.
- Grense bevorder liefde en beskerming aangesien hulle weet wat mag gebeur en wat nie mag gebeur nie.
- Grense trek 'n lyn tussen die individu en die volgende persoon sodat onderskeid getref kan word.
- God het die mag om grense te verstel omdat Hy alle gesonde grense daarstel.
- Die Bybel maak melding van opstandige gesindhede en gedrag. Jongmense moet gevolglik geleer word wat die Skrif oor respek rakende volwasse en onderwysers leer.
- Grense bevorder goeie selfbeeld en identiteit.

Cloud en Townsend (2008:1086) maak die volgende opmerking rakende grense:

People raised in dysfunctional families, or families where God's ways of boundaries are not practiced, have experiences similar to

that of the alien. They find themselves transported into adult life where spiritual principles that have never been explained to them govern their relationships and well-being.

God gee in Sy Woord riglyne vir grense wat tot die individu se voordeel is: *“God’s world is set up with laws and principles. Spiritual realities are as real as gravity, and if you do not know them, you will discover their effects”* (Cloud & Townsend; 2008:1090). Die individu moet ondersoek instel waarom hy/sy ’n probleem met grense ervaar en moontlike vrese in hierdie verband moet geïdentifiseer word. *“Let God work on the fears, resolve them, and create some healthy boundaries to guard the freedom you were called to”* (Cloud & Townsend, 2008:1222).

5.9 SEKSUELE TRAUMA

5.9.1 Definisie en omskrywing

Seksuele misbruik is wanneer ’n individu verbaal, fisies of visueel, sonder gepaste toestemming, seksueel ontbloot word. ’n Kind is nie daartoe in staat om toestemming te gee nie aangesien hulle nog nie volwasse genoeg is om te begryp nie (Langberg, 2003:80).

5.9.2 Gevolge van seksuele trauma/mishandeling

5.9.2.1 Invloed op gedrag

Enige minimalisering van wat God se oogmerk vir die mens is, is nie reg nie en moet herstel word (Langberg, 2003:62) en wanneer die mens se menswees aangetas is, vind ’n traumatiese ervaring plaas. Post-traumatiese stresversteuring kan die gevolg hiervan wees (Langberg, 2003:62). Oorlewendes van misbruik voel van ander verwyder en vind dit moeilik om verhoudings en veral ook ’n verhouding met God te handhaaf (Langberg, 2003:66).

Growing out of damaged self-esteem, survivors of sexual abuse have a lot of confusion in their minds as to who they are and where they fit into this world. They want very much to be a part of the mainstream of life but are never sure just where they belong (Draper, 1996:68).

5.9.2.2 Invloed op spirituele gebied

Seksuele misbruik het 'n groot effek op die individu se beeld van God, veral ook wanneer die oortreder dit tot sy voordeel gebruik het dat 'n kind sy/haar ouer moet gehoorsaam en dit juis die ouer is wat die oortreder is (Langberg, 2003:91).

Survivors of sexual abuse have some serious problems with their view of God. Even when they know intellectually what God is like, their inner feelings tell them something different. Their feelings are very confused (Draper, 1996:81).

Volgens Draper (1996:182) is hy onseker van die antwoord waarom God lyding toelaat, maar stel wel die volgende:

... [T]hat a survivor can be healed from the traumas of the past, can move on to a productive life, and can come out a stronger person in spite of it all. Healing is available from the God who understands.

Vergelyk in hierdie verband ook die volgende uitspraak van Draper (1996:179):

Only when God removes all evil from the world will all this stop permanently. That time is yet to come. God never promised to deliver us from all evil in this present world. He did promise to be with us when it happens, to help us through it.

Seksuele misbruik belemmer egter tot 'n baie groot mate die individu se normale groei asook spirituele groei, terwyl dit ook vertrouwe aftakel. Daar is wel diegene wat verstaan wat liefde is aangesien hulle daarmee groot geword het en daarom kan hulle emosioneel naby aan ander wees, anders as sommige wat misbruik is (vgl. ook Visser, 2012:162). Draper (1996:39) beskryf laasvermelde groep soos volg:

Their lives have been devoid of genuine love and caring throughout their growing-up years. When they do finally seem to find someone who cares, that person manipulates and misuses them. Their experience teaches that caring and abuse are always linked together. Therefore, because our view of God is influenced by our earthly experience, the ability of abused persons to relate to a God of love is greatly hampered. In fact, if a child is abused by his or her father, the whole concept of father, whether earthly or heavenly, becomes very twisted and even terrifying (Draper, 1996:81).

Naby verhoudings het vir die individu geraak soos iets wat gevaar inhou:

How do survivors of abuse accept the concept that God will deliver them from all their troubles, when God apparently allowed all of the horrendous abuse to happen! How can survivors believe that the love of God is near, when the biological father or stepfather's nearness meant impending abuse? For survivors, closeness has become dangerous (Draper, 1996:81).

Om werklik op 'n geestelike vlak te glo, is die volgende nodig:

Survivors of sexual abuse need to experience the spirit of acceptance, forgiveness, and caring in others before they are able to really believe it on a spiritual level (Draper, 1996:81).

5.9.2.3 Ander algemene simptome van slagoffers

Algemene simptome van misbruik later in die slagoffers se lewens is gevoelens van skuld, skaamte en verhoudingsprobleme veral binne die huwelik (Tuggle & Tuggle, 2004:15; vgl. ook Visser 2012:162). Die slagoffers vind dit ook moeilik om mense te vertrou en dit is gevolglik van groot waarde indien die beradene se verhouding met God herstel kan word (Tuggle & Tuggle, 2004:16).

Landman (2007:251) het 'n studie gedoen waar die simptome geïdentifiseer is by beradenes wie aan die studie deelgeneem het. Hierdie deelnemers was slagoffers van verhoudings waarin daar seksuele misbruik plaasgevind het. Die simptome was soos volg: hopeloosheid, hulpeloosheid, gevoel van vasgevang wees, 'n gevoel dat hul nie by magte is om hul emosies te openbaar nie. Daar was ook beduidende simptome van depressie, angstigheid en spanning. In hierdie studie was daar 'n beduidende positiewe respons op die herkonstruering van die slagoffers se stories gewees deur gebruik te maak van 'n narratiewe benadering, veral ten opsigte van hulle geloof (Landman, 2007:300).

5.9.3 Verkragting, molestering en bloedskande

5.9.3.1 Samevattende omskrywing

Volgens Tuggle & Tuggle (2004:27) is seksuele misbruik enige seksuele aktiwiteit – verbaal, visueel, of fisies– waarin 'n slagoffer sonder gepaste toestemming afhangend van ouderdom, omstandighede en vlak van verstaanbetrek word. Dit is emosioneel of fisies skadelik en ontbloom 'n persoon met die doel om 'n ander persoon se seksuele of emosionele behoeftes te bevredig. Die volgende word as voorbeelde daarvan beskou: blootstelling aan pornografie, ekshibisionisme, visuele blootstelling tydens seksuele aktiwiteite, ontoepaslike aanraking, orale seks of enige penetrasie (Tuggle & Tuggle, 2004:28):

- Verkragting en molestering: Verkragting behels om 'n individu te dwing om aan seksuele aktiwiteite deel te neem. Dit maak op die individu se spirituele, fisiese en psigologiese grense inbreek en PTSV (post-traumatiese stres versteuring) kan volg (Rogers& Koenig, 2002:3).
- Bloedskande: Bloedskande behels seksuele aktiwiteite tussen familieledes. Baie van hierdie slagoffers toon later in hulle lewens depressie, 'n lae selfbeeld en selfwaarde (Rogers& Koenig, 2002:4).

5.9.3.2 Traumaberading aan slagoffers

Die heling na 'n traumatiese ervaring kan tot 'n nuwe toekomsvisie lei, maar die individu moet besef dat die verwerking van emosionele verwonding 'n helingsproses

is en nie slegs 'n eenmalige gebeurtenis is nie (Jantz, 2006:178). In hierdie proses kan Die Heilige Gees by geleentheid byvoorbeeld van drome en terugflitse gebruik maak om herinneringe na vore te bring. Die drome is dikwels simbolies van trauma wat ervaar is (Seamands, 2003:119-127). In sulke gevalle is dit belangrik dat daar tydens die beradingsproses na die dieper wortels gedelf sal word en dat alle gevoelens van bitterheid as gevolg van verwonding ook hanteer sal word (Ballard & Pritchard, 2006:24).

Baie slagoffers van misbruik, het die vraag waar God tydens die gebeure was. Dit is baie belangrik volgens Allender (2008:14; vgl. ook Ginrich, 2013:174) om die individu te help om die probleem in die gesig te staar en vervolgens ook hoop te gee aangesien die slagoffer se verhouding met God gewoonlik ernstig aangetas is as gevolg van die misbruik. 'n Sinvolle verhouding met Jesus Christus kan met die nodige ondersteuning herstel word (Coetzer & Snell, 2013:10).

Die identiteit word beïnvloed deur misbruik as gevolg van die hoë vlakke van skuldgevoel en skaamte by die slagoffer (Ginrich, 2013:19). Misbruik affekteer volgens Langberg (2003:59) drie verskillende aspekte met betrekking tot die individu, naamlik die stem, die persoon se verbindings/verhoudings en die kwessie rondom mag/beheer. Die kern van berading, met betrekking tot die oorlewende, is gevolglik op die restourasie in Christus, met betrekking tot die skade rondom hierdie drie terreine, gefokus. Indien dit nie gebeur nie bly die persoon in stilte, verwyder van ander en magteloos (die individu se menswees bly aangetas). 'n Belangrike taak sou ook wees om die beeld van God, soos deur die beradene gesien en ervaar, te herstel Die mens is gemaak en bedoel om sigbaar te wees en gemaak om 'n stem te kan hê (Langberg, 2003:50).

Wat die herstelproses met betrekking tot bovermelde drie areasbetref, beskryf Langberg (2003:90) dit soos volg:

- **Stem:** Met die individu se stem word bedoel die wyse waarop die individu homself/haarself na buite in die wêreld artikuleer (Langberg, 2003:76). Om die

'stem' van iemand wat jare stil was weer wakker te maak is 'n baie belangrike komponent in die terapeutiese verhouding, en dit skep 'n groot gevoel van mag by die beradene, aangesien dit die slagoffer magteloos laat indien hy/sy nie oor 'n stem sou beskik nie. Slagoffers van misbruik voel magteloos en kom gereeld in situasies waar hulle broos is vir ander om mag oor hulle te kan kry. Die berader moet om hierdie rede ook die verhouding baie sensitief hanteer.

Die slagoffers van misbruik is geneig om hulself as die ondergeskikte te stel en voel hulle het nie 'n keuse oor wat met hulle gebeur nie. Die beradene in hierdie geval sou dan ook heel waarskynlik die berader as die een vertrou wat die kern van die terapeutiese verhouding asook die grense bepaal. Daarom is dit van groot belang vir die beradene om God se karakter uit te beeld en gesonde grense te demonstreer sodat die beradene sy/haar eie stem asook hul God-gewee mag terug sou kry (Langberg, 2003:55). Die mens was nie bedoel om in stilte te leef nie (Ps39:2) en is deur God vir 'n spesifieke doel geskape (Ginrich, 2013:23).

- **Verhoudings:** Om binne verhoudings te funksioneer impliseer om lief te hê en ook dat iemand vir die individu lief sal wees (Langberg, 2003:77). Die mens is nie bedoel om in isolasie te leef nie (Gen 2:18). Voortdurende seksuele misbruik veroorsaak dat die kind alleen en verlate voel deur diegene wat die meeste vir hom/haar moes omgee (Langberg, 2003:77). Wanneer die verhouding met God nie sentraal is nie, is die resultaat die dood. Jesus Christus het egter self mens geword om verhoudings te herstel en ook sodat die mens sou kon lewe (Joh10:10).
- Die individu se verhouding met God het heel dikwels skade gely na aanleiding van seksuele misbruik en die slagoffer het gewoonlik baie vrae waartydens die rede daarvoor bevraagteken word (Ginrich, 2013:124). God se liefde vir die beradene moet besef word ten einde die vertroude en die verhouding met God weer te kan herstel (Draper, 1996:179).

Most survivors of abuse have real difficulty accepting God's love. First, they believe they are too unlovable. Second, they have problems relating to a God they cannot see when love by those they can see has been very distorted. Third, they have problems believing God really cares. "After all, "many reason, "If God really loved me, why would he have allowed all of this to happen in the first place? How could a God of love let me suffer such horrendous pain as a little child?

- **Mag/beheer:** Om oor mag/beheer te beskik is om die gewenste uitkomst te bewerkstellig. Oorlewendes van seksuele misbruik het geleer dat dit wat hulle voel en versoek nie saak maak nie en hulle moet hul eie behoeftes onderdruk (Langberg, 2003:78). God se verhoudings is opreg en die mens sou sy/haar mag/beheer kon herwin wanneer die verhouding met God herstel sou kon word (Langberg, 2003:56).

5.9.3.3 Ander doelwitte van berading na seksuele trauma

Om met oorlewendes van seksuele misbruik te werk, beteken om met die individu se destruktiewe beeld te werk wat eintlik die beeld van die oortreder is. Die berader moet gevolglik die ware beeld van Christus moduleer om sodoende 'n korrektiewe ervaring te bewerkstellig (Langberg, 2003:58). Die beradene moet ook aangemoedig word om dit wat hulle vantevore gedink het nie gesê mag gewees het nie, nou wel geverbaliseer mag word. Tydens berading word daar dus daarop gefokus om 'n stem terug te kry, om verhoudings te herstel, isolasie te verminder en om mag en beheer te herstel (Langberg, 2003:79). Vir die slagoffer om homself/haarself as vaardig te ervaar sou behels om in verhouding met ander te wees. Aangesien die skade binne 'n konteks van verhoudings begin is, sou dit vereis dat die skade ook binne die konteks van verhoudings herstel word. Die terapeutiese verhouding is dus van groot waarde en om oor 'n goeie ondersteuningsnetwerk te beskik is ook van groot waarde vir herstel (Langberg, 2003:79). Berading gaan grootliks daarvoor om van die vorige gebroke ervaringe en 'n gefokusde 'weer leer/ nuut leer' vanuit verwronge huidige houdings heel te word (Seamands, 1995:164).

Volgens Seamands (1995:166) is dit nodig om beradenes te help om begrip ten opsigte van hul verwardheid, met betrekking tot die seksuele traumas, te verkry. Die proses is vervolgens grootliks op die herstel van dit wat verlore is gefokus. Die egte waarheid moet besef word, nie die gebroke 'waarheid' as die gevolg van die misbruik nie en daarom moet die berader dit as voorbeeld deurlopend uitbeeld en uitleef (Langberg, 2003:106). Die volgende drie aspekte is volgens Langberg (2003:122) van besonder belang tydens die beradingsproses:

- Dit gaan om veiligheid (binne die beradingsruimte en weg van die oortreder).
- Dit gaan om simptomeverligting (gevolge van die trauma).
- Daar word aan herinneringe gewerk (indien die beradene nie oor die inligting beskik nie moet moeite gedoen word om dit byvoorbeeld by familieledede te bekom.)

Tuggle en Tuggle (2004:16) verwys na hierdie tipe beradingsproses as soortgelyk aan dié van slagoffers van oorloggeweld – 'n proses van '*decompression*' waar die individu gehelp word om sekere aanpassings in hul gedagteraamwerk te maak as gevolg van die effekte van isolasie, degradering en om onder iemand anders se mag te staan.

Die berader bring die liefde en waarheid van Christus na die beradingsproses en moet met die Gees gevul wees (Langberg, 2003:105). Wanneer daar met 'n oorlewendende van seksuele trauma gewerk word moet die berader goed ingelig wees ten opsigte van die ontwikkelingsfases by kinders en adolessente ten einde die volle impak van die trauma te kan begryp (Langberg, 2003:45).

5.9.4 Emosionele verwonding en ander trauma

5.9.4.1 Definisie en omskrywing

Volgens Clinton en Clark (2010:281) verwys trauma na 'n fisiese of emosionele wond en Langberg (2003:51) beskryf trauma as "*the injury done to personhood.*" Vir Wright (2011:224) is emosionele verwonding iets wat welstand, sekuriteit, voorspelbaarheid en veiligheid in die lewe wegneem.

5.9.4.2 Die reaksie op trauma en emosionele verwonding

Veranderinge in die Kortisol en Serotonien vlakke in die brein is gewoonlik die gevolg van trauma (Sweeney, 2007:1). Daar kan vervolgens 'n reaksie op 'n gewone gebeurtenis wees wat as 'n 'sneller' vir onverwerkte trauma dien, sonder dat die oorspronklike oorsaak noodwendig weer herhaal het (Tucker, 2016:104; Sweeney, 2007:1). Dit gebeur gewoonlik omdat die proses waar die inligting reg geïnterpreteer en reg geassesseer moes word, belemmer is deur die trauma en gevolglik nooit plaasgevind het nie (Sweeney, 2007:2).

William Wilson (2003) beskryf die volgende rakende ervarings van die kinderjare:

We live in the present through the past in anticipation of the future. These memories and their cathected emotions affect every aspect of our lives. They determine such personality attributes as our self-concept, self-esteem, values, relationships, goals, aspirations, our coping mechanisms to deal with crisis and stress, diligence, educational aspirations, vocational choice and our view of God. In truth, we are what we have been.

5.9.4.3 Trauma/emosionele verwonding en rou

Beradenes moet nie van emosionele pyn probeer wegvlug nie (Seamands, 2003:113).

The deeper we enter into our pain and loss, the more profoundly God speaks truth and healing into those places of pain and loss, the more fully we let go of the debt owed us and so we are healed. (Richardson, 2005:150).

Ander tipiese gevolge van onverwerkte trauma sou die volgende kon wees (Matsakis, 1996:13-39; vgl. ook Gingrich, 2013:16, 60, 191):

- Verslawende gedrag en ongesonde verhoudings as ontvlugting van trauma.
- Dissosiasie na trauma beïnvloed wie die persoon tans is, asook verhoudings (Gingrich, 2013:22).

- Angs en depressie volg gereeld op simptome van Post-traumatiese stres. Hierdie gemoedsimptome voel vir die individu met tye heeltemal buite beheer (Gingrich, 2013:141) en die geheueverlies verhoog die angs van die individu.
- Sosiale isolasie, wat ook 'n gevolg van trauma kan wees, speel soms 'n groot rol ten opsigte van sommige psigosomatiese siektes.

5.9.4.4 Die genesingsproses

Om na emosionele verwonding te herstel, is 'n proses aangesien die verwonding heel dikwels vir 'n geruime tyd negatiewe gedagtes en gevoelens teenoor die self veroorsaak het. Die individu moet gevolglik van die feit bewus gemaak word dat 'n nuwe tydperk vir hom/haar in die proses van heling sal aanbreek wat nuwe gedagtes oor die self asook 'n nuwe verhouding met God insluit. Binne hierdie nuwe fase sal die individu se vermoëns en vaardighede tot hulle volle reg kom (Jantz, 2006:178). God belof in Jesaja 66:2 dat Hy die emosioneel verwonde persoon sal bystaan.

Kotze (2006:177) som die uiteindelijke mikpunt en doelwit met pastorale werk treffend soos volg op:

Die uiteindelijke doel van pastorale berading is die genesing van die mens in sy/haar totaliteit, heelwording van herinneringe en verandering deur die vrymakende krag van Jesus Christus. Hierdie verandering sluit in die vernuwing van denke asook die verandering van geloofsvertrekpunte, sodat 'n persoon uiteindelik kan uitsien na die toekoms.

Van verdere belang vir 'n effektiewe bediening voeg Sandford en Sandford (1985:77) die volgende by: *“Humility, sensitivity, and caution are always prerequisites for effective ministry.”*

Wright (2011:224) beklemtoon die aspek van 'n atmosfeer van aanvaarding en veiligheid as van kardinale belang vir die jongmens aangesien emosionele

verwonding hierdie gevoel vanaf die individu beroof. Dit is gevolglik vir die beradene in die algemeen moeilik om ander na emosionele verwonding te vertrou. Trollinger (2007:58) stel voor dat die beradene gevra word of hy/sy bereid is om toe te laat dat Jesus hierdie mure sal afbreek. Volgens Coetzer (2013:126-134) kan die gebruik van Nagmaal by geleentheid ook as 'n 'oorbrugging' van die pyn dien en om die genesingsproses te stimuleer.

5.9.4.5 Emosionele wonde en genesing

Net soos 'n fisiese wond skoongemaak en versorg moet word voordat genesing kan begin, stel Frank (1995:6) dat emosionele wonde ook aanvanklik deur 'n 'beskermende verband' versorg en beskerm moet word. Hierdie 'beskermdde verband' kan ander Christene wees wat as ondersteuning kan dien – tydens hierdie fase kan die genesing begin. In hierdie proses moet die beradene tree vir tree tot vryheid en heling begelei word en dit word onder andere ook deur 'n intieme verhouding met God bereik (Gingrich, 2013:201; Kraft, 2005:204).

Genesing is van groot belang – indien daar nie 'n oplossing sou wees nie kan dit heel waarskynlik gevoelens tot gevolg hê dat God vêr is: *“When painful memories have not been faced, healed and integrated into life, they often break through defences and interfere with normal life”* (Frank, 1995:11).

Om uiteindelik sin vanuit die trauma te vind, help die individu om die trauma te verwerk en dit op 'n betekenisvolle wyse te oorleef. 'n Innerlike keuse wat vir die getraumatiseerde persoon van belang is, is volgens Coetzer (2013:184) die volgende:

Met die hulp van die Here wil ek binne ses maande of binne 'n jaar van nou af op 'n hoër geestelike en emosionele vlak in my lewe wees as waar ek was voordat die trauma my getref het.

Draper (1996:157) verwys ook na die gevoelens van woede wat deur die Psalmis ervaar is (Psalm 73:2-6, 8-12; 73:13-14,16-19,21-22, 27-28) en die voordele daarvan om die emosies wat hy beleef neer te skryf:

The psalmist writes of his anger at the injustice and mistreatment that has been his. He expresses that anger, even beyond seemingly appropriate limits, and yet he is not judged. He gets it all out, and as he does, his perspective changes. He sees the plan of God for the destruction of the wicked, and his faith is renewed.

5.9.4.6 Gebed

Sommige herinneringe is so pynvol dat dit uit die bewuste gehou word en dit het diep in die onderbewuste gaan skuil – hierdie tipe herinneringe het gewoonlik geestelike genesing deur middel van gebed nodig (Smith 1999:116; Seamands, 1995:8). Herinneringe aan intense traumatiese ervarings beïnvloed die individu se gedagtes, gevoelens en verhoudings en wat die Pastoraat betref is daar volgens Seamands (1995:8) 'n belangrike rol te vervul deur 'n aksie soos gebed (Vgl. Ook Smith, 1999:116). Hy het vervolgens 'n gebedsmodel geformuleer om vir die getraumatiseerde en emosioneel verwonde persoon te bid. Hiervolgens word die Heilige Gees gevra om saam met die berader en die beradene na die oorspronklike trauma terug te gaan en die herinneringe en die emosies daaraan gekoppel te genees. Herinneringe maak dat die mens anders funksioneer aangesien dit 'n emosionele, fisiese en psigiese reaksie wek (Seamands, 2004:14; vgl. ook Kotze, 2006:181). Die berader en beradene gaan saam onder gebed in proses van ontlooting van die traumatiese belewenis of emosionele verwonding onder leiding van die Heilige Gees (van Zant, 2010:90; Gingrich, 2013:202).

Volgens Backus (1996:101) is daar geen alternatief vir gebed nie en dit is die belangrikste deel van die beradingsproses. Navorsing het bewys dat gebed 'n baie groot rol speel in die hulpverleningsproses en definitief terapeutiese waarde het aangesien dit genesing kan voortbring asook lewenskwaliteit verhoog (Smith, 1999:116). Gebed is die eerste uitweg vir die individu en dit is 'n aanduiding dat die individu bereid is om aktief by hulle eie emosionele verwonding en die gevolge daarvan betrokke te raak indien hulle God by die pyn wat hulle ervaar betrek deur dit aan Hom te vertel (Louw, 2006:80; Cherry, 1999:73). Volgens Anderson *et al.*

(2000:116-117) kan niemand verantwoordelikheid vir iemand anders se lewe van gebed aanvaar nie. Om hierdie rede is dit van groot waarde om die emosioneel verwonde van die noodsaaklikheid van gebed bewus te maak en van die feit dat alle gelowiges op hierdie wyse gelyke toegang tot God het (Du Plessis & De Klerk, 2012:8; 1 Tim 2:5). Gebed speel dus 'n deurslaggewende rol (Du Plessis & De Klerk, 2012:1).

Dit is belangrik om die emosioneel verwonde persoon daaraan te herinner dat hy/sy die pad deur die pynvolle herinneringe van trauma saam met Jesus Christus gaan stap en dat Jesus Christus in beheer van tyd is (Coetzer, 2007:102). Jesus Christus is dus in die hede en verlede saam met die verwonde (Kraft, 1994:110; vgl. ook Seamands, 1995:140). Die beradene moet met Jesus oor die trauma gesels asof hy/sy tydens die gesprek dieselfde ouderdom is waartydens die trauma plaasgevind het (Richardson, 2005:158). Jesus Christus kan bewustelike en onbewustelike wonde genees (Richardson, 2005:158). Onder die begeleiding van die Heilige Gees kan trauma wat voorheen vergete was weer herroep word om sodoende genees te word (Kraft, 1994:83; Smith, 1999:116). Tydens hierdie genesingsproses word die herinneringe aan die traumatiese gebeure van die verlede nie noodwendig in die geheue uitgewis nie, maar die oorweldigende emosionele impak wat oor jare heen telkens deur 'snellers' (triggers) veroorsaak is, word uitgekanselleer (Richardson, 2005:151).

5.9.4.7 Traumaberading en die Skrif

Coetzer (2013:185) beklemtoon die volgende Skrifgedeeltes as van besondere belang in die pastorale begeleiding van beradenes wat met onverwerkte trauma en krisis worstel: Jak 1:2-4; Rom 5:3-4; Heb 12:2; 2 Kor 1:3-4; 1 Pet 1:6-7.

5.10 FACEBOOK

Soos in hierdie hoofstuk reeds genoem is, ervaar die emosioneel verwonde en veral die seksueel getraumatiseerde individu baie ontstellende emosionele belewenisse, gedagtes, emosies en vrae wat hulle geestelike groei, identiteitsvorming in Christus en verhoudings met ander en God grootliks beïnvloed. *Facebook*-tegnieke kan in

hierdie verband gebruik word om die gesprekke rakende hierdie aspekte in 'n positiewe rigting te stimuleer. Een van hierdie tegnieke, wat ook 'n hoofbron van inligting in die beradingsproses sou wees, is die tydlyn (vgl. 5.1).

Die verdere terapeutiese waarde daarin lê in die eksternalisering na aanleiding van die vraestelling deur die berader. Daar is sekere *Facebook*-tegnieke in hierdie model voorgestel wat eksternalisering en vraestelling rakende geestelike kwessies, soos die verhouding met God en die individu se identiteit in Christus, stimuleer (Joh 1:12), hoe om as Christen teenoor ander op te tree en wat die vrug van die Gees behels (Gal 5:22- 23). Wanneer hierdie eksternalisering en vertelling plaasvind, is die berader fyn ingestel vir die geleentheid om die nodige intervensie toe te pas. Die berader sou Skriftuurlike waarhede kon voorstel indien die geleentheid dit voordo, soos byvoorbeeld dat God soms mense uit die ashoop kan haal en langs prinse plaas (Ps 113:7-8).

Aangesien die model baie op die aspekte identiteit, verhoudings en emosionele verwonding ingestel is, is die *Facebook*-tegnieke uiters gepas om gesprekvoering rakende geestelike kwessies, wat met hierdie aspekte verband hou, te wek. In hierdie geval gaan die berader tipies aandag skenk aan die beradene se verhouding met God en sy/haar belewenis van God. Dit is verder ook van groot belang om ondersoek in te stel met betrekking tot die beradene se siening rondom sy/haar identiteit in Christus. Seksuele trauma en emosionele verwonding het in verskeie gevalle geestelike implikasies vir die adolessent – 'n uitvloeisel is byvoorbeeld die vraag: "Waar was God tydens die trauma"? 'n Verdere uitvloeisel is ook die kwessie dat God in sulke tye gewoonlik ver gevoel het asook die gevoel dat Hy nie omgee het nie. 'n Verdere implikasie is dat die slagoffers na die trauma ook nie meer kon bid nie en hulle beleef dikwels die gebeure as straf vanaf God omdat hulle moontlik iets verkeerd gedoen het of êrens God se reëls oortree het.

Hierdie gesprekvoering word gevolglik deur die voorgestelde *Facebook*-tegnieke gestimuleer waarna die beradene tot Skriftelike waarhede met betrekking tot hul

identiteit, hul verhouding met ander asook hul verhouding met God gelei kan word. Aangesien hierdie sensitiewe idees vir 'n emosioneel verwonde individu kan wees, sal daar van gebed gebruik gemaak word waardeur God in die traumatiese gebeure, waar verwonding plaasgevind het, ingenooi word. Op hierdie wyse word daar deur middel van gebed in diepte op die problematiese aspekte, gekoppel aan die verhouding met God of die verhouding met ander of die identiteit as Christen, gefokus.

Die voorgestelde *Facebook*-tegnieke leen hulself ook daartoe om geleentheid vir vergifnis, deur die gebruik van gebed, te stimuleer. Dit sou byvoorbeeld kon gebeur dat die beradene kwaad vir God, homself/haarself, die oortreder of die oorledene is. Hierdie woede/bitterheid kan 'n negatiewe effek op die individu se funksionering tot gevolg hê. Dit kan deur beperkte funksionering of deur die negatiewe openbaring van simptome in verhoudings of onsekerheid ten opsigte van wie hy/sy is manifesteer. Die uiteindelijke gevolg is dat hierdie persoon nie die lewe lei wat God van hom/haar verwag nie en dat God se doel met hierdie persoon vervaag. Wanneer die dieper probleme asook die effek daarvan op die individu se geestelike funksionering deurgepraat is, kan 'n korrektiewe proses begin plaasvind deur herraming en ook die regstelling van persepsies. Daar word ook simboliese aktiwiteite gedoen om die trauma uit te beeld of af te sluit, soos om byvoorbeeld van tekeninge gebruik te maak of om die geskrewe inligting te brand of op te skeur.

Verskeie komponente van *Facebook* kan verder gebruik word om aspekte omtrent die beradene te verhelder, soos byvoorbeeld die invloed van vriendskappe op die individu se geestelike funksionering. Dit is ook op intieme verhoudings in die betrokke individu se lewe, soos verhoudings met die ouers, van toepassing. Meer inligting kan hieroor met behulp van die *Facebook*-tegnieke soos die gebruik van foto's, slagspreuke en wie vriende met die individu op die ingevulde profielblad is of was, ingewin word.

5.10.1 Die tydlyn

Die proses daarvan om daaglikse gebeure neer te skryf laat Draper (1996:157) aan die Psalmboek dink waar die skrywer dikwels sy diepste gedagtes en gevoelens neergepen het en dit uiteindelik deel van 'n helingsproses geword het (vgl. in hierdie verband Ps 73:2-6, 8-12; 73:13-14,16-19,21-22, 27-28).

The psalm writer describes what so many of us feel about injustices of the world and wickedness around us. This may be especially pertinent to the survivor of sexual abuse who has been severely violated (Draper, 1996: 157).

Volgens Draper (1996:175) help dit die individu om meer perspektief te kry wanneer daar oor gebeure geskryf word en na foto's gekyk word. Soms is die woede wat weens die onregverdigheid van die gebeure ervaar word so intens dat dit buite verhouding raak. Daarom kan die proses van die Skriftelike vaslegging daarvan die individu help om breër perspektief te verkry.

Tydens die eerste konsultasie word 'n verhouding met die beradene gebou en die nodige bekendstelling gedoen. Die gesprek kan spontaan verloop en die berader kan algemene vrae vra sodat die beradene die proses leer ken en op sy/haar gemak kan voel. Tydens hierdie sessie kan die berader die elektroniese of skriftelike invulblad van *Facebook* aan die kliënt verduidelik en selfs hier en daar inligting begin invul. Hierdie invulblad word vervolgens aan die beradene elektronies of skriftelik gegee om deurlopend tuis of waar nodig tydens die sessies in te vul. Die inligting wat ingevul moet word kan, aan die hand van verskillende ouderdomsfases waarvolgens die beradene die tydlyn kan invul, deur die berader afgebaken word. Hierdie metode dien ook as 'n hulp waarvolgens die terapeutiese doelwitte in kleiner dele opgebreek kan word. Terwyl die vorm tuis ingevul word, skep dit ook aan die beradene geleentheid om meer in diepte oor al die tersaaklike aspekte na te dink.

Die tydlyn sou ook as 'n doel tot eksternalisering dien wat vervolgens die geleentheid vir gesprekke skep waartydens die individu meer van potensiële genesing met behulp van die Heilige Gees en gebed bewus gemaak kan word.

Deur middel van die tydlyn wat as die narratiewe struktuur gebruik word, sal daar geleentheid vir die beradene gebied word om gebeure, wat traumatiese gebeure wat emosionele verwonding tot gevolg gehad het asook geestelike gevolge insluit, te eksternaliseer. Om die tydlyn as narratiewe struktuur te gebruik en prakties uit te voer, soos om die invulblad te voltooi, het reeds terapeutiese waarde en sal die berader en beradene 'n idee van die individu se invloede van geestelike groei gee asook dit wat geestelike groei kon belemmer te peil.

Ander inligting rakende die beradene se huidige siening van sy/haar identiteit in Christus en idees omtrent sy/haar geestelike funksionering kan verkry word deur ondersoek in te stel waarom die beradene sekere films, boeke of reekse kies. Enige ander inligting op die tydlyn kan inligting van die beradene weergee deur ondersoekende vrae te vra. Bogenoemde skep die geleentheid vir die berader om sekere vrae vir die beradene rakende sy/haar verhoudings te vra en sodoende ook leiding met behulp van die Skrif se benadering tot verhoudings te gee (Vgl. Gal 5:22-23; hoofstuk 4).

Deur middel van die tydlyn en die bespreking wat daarop volg kan sekere trauma en emosionele verwonding ook uitgewys word, wat die berader dan met behulp van pastorale ingrepe, soos Psalm 113:7-8, sou kon aanspreek (Vgl. hoofstuk 4).

5.11 GEVOLGTREKKING

Wanneer daar op bogenoemde gelet word, is dit duidelik dat 'n pastorale benadering in berading baie toepaslik vir groei en psigiese welstand is. Jesus was die groot voorbeeld vir die berader asook die beradene. Pastorale sorg is ook belangrik met betrekking tot diegene wat emosioneel verwond geraak het. Wanneer onverwerkte wonde nie aangespreek word nie, werk dit negatief op die individu se funksionering in. Aangesien hierdie studie daarop gemik is om 'n bruikbare model voor te stel wat uiteindelik welstand en groei sal bevorder, is 'n pastorale benadering noodsaaklik. Geestelike groei is belangrik vir psigologiese welstand as gevolg van die oortuiging dat 'n hoër krag genesing sal bewerkstellig. Die narratiewe en kognitiewe benadering is ook van groot

waarde by pastorale werk en ook 'n gemaklike manier om met adolessente te werk. Die aktiwiteite en tegnieke wat in die kommunikasiemedium van 'n sosiale netwerk soos *Facebook* gebruik word, kan ook in die proses van berading met adolessente gebruik word aangesien meeste jongmense daarmee vertrouwd is. Nadat daar 'n krisis, soos trauma ervaar is, help dit om die adolessent te ondersteun om die volgende aspekte te ondersoek: self-agting, verhoudings en toekomsverwagting (Rowatt, 2001:11).

Die berader begelei met behulp van die Heilige Gees die individu om deur emosionele verwonding te groei, asook om 'n identiteit in Christus te vorm en verhoudings met ander en God te herstel. 'n Bekendmaking van die individu se eie negatiewe aspekte word na vore gebring asook die ontdekking van sy/haar nuwe identiteit in Jesus Christus.

'n Christelike voorbeeld word deur die berader gemoduleer en liefdevolle aanvaarding tesame met die nodige konfrontering word met die oog op heling toegepas. Deur die groeiproses wat deel van die berading is, bereik die individu uiteindelik Christelike volwassenheid.

Dit is belangrik vir die adolessent om van gebeure vroeër in sy/haar lewe bewus te wees ten einde ontvanklik te kan raak ten opsigte van optimale beskikbaarheid in God se diens. Verder het geblyk dat 'n goeie verhouding met God en ander ook van groot waarde vir die individu se psigiese gesondheid is en daarom is 'n aspek soos vergifnis ook krities belangrik. In hierdie hoofstuk is daar op al bovermelde pastorale aspekte as deel van die oorkoepelende proses om deur emosionele verwonding en trauma by jongmense, met behulp van *Facebook*-tegnieke te werk, gefokus.

DIE PRAGMATIESE TAAK

HOOFSTUK 6

DIE FORMULERING VAN 'N STRATEGIES-TEORETIESE MODEL

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar vanaf die teorie na die praktyk oorgegaan in die daarstelling van 'n pastorale model wat van *Facebook*-tegnieke gebruik maak met die oog op die begeleiding van emosioneel verwonde jongmense. Binne die pastoraat is God die algehele Geneser en die berader is die instrument waardeur God werk om die emosioneel verwonde individu tot genesing en groei te lei (vgl. 5.3.2; 5.3.4; Rowatt, 2001:43).

Tot dusver is daar in hierdie studie aangetoon dat deur van sekere *Facebook*-tegnieke gebruik te maak (vgl. 5.10; 3.4.3), daar 'n geleentheid geskep word om Skriftuurlike waarhede aan beradenes oor te dra terwyl die nodige pastorale begeleiding ook gegee kan word (2.14; vgl. ook 5.8.2.3; 4.4.2.7). Die besondere krag en rol van gebed om deur traumatiese ervarings en emosionele verwonding te werk (6.4.3; 6.6.3.3; 6.6.5.2; 6.6.6; Littauer, 1996:134-143) en wat tot die vrymakende krag van Jesus Christus kan lei (Kotze, 2006:177), is ook duidelik uitgewys.


Tydens die empiriese ondersoek is daar gepoog om vas te stel of die *Facebook*-tegnieke op 'n praktiese en funksionele wyse binne 'n pastorale benadering gebruik sou kon word. Vanuit die resultate van die gevallestudies het dit duidelik geblyk dat daar positiewe resultate van bewuswording en groei asook beter funksionering was (vgl. hoofstuk 2). Hierdie resultate gee dus 'n sterk aanduiding van bruikbaarheid aangesien die berader die riglyne van *Facebook* tegnieke vir vraestelling en eksternalisering kon gebruik en die beradenes tuis daarmee kon voortgaan asook die proses maklik kon volg aangesien die meerderheid jongmense

tans met *Facebook* bekend is (3.4.3). Verder het dit geblyk 'n positiewe komponent te wees aangesien dit die geleentheid aan beradenes geskep het tot die uitbeelding van die integrasie van nuwe inligting, of ander gestel is dit 'n aanduiding van groei wat op die betrokke individu se tydlyn of profiel kon plaasvind (2.14; vgl. ook 6.6.4.7; 5.3.5).

6.2 PRAKTYKTEORIE AS BEGRIP

Volgens Pieterse (1993:52) word 'n praktykteorie vir elke mededeelsame handeling ontwerp. Die resultate van die empiriese ondersoek word vervolgens in die praktyk deur middel van interaksie met die bestaande praktykteologiese teorieë geïntegreer. Deur hierdie proses is daar kritiese interaksie tussen die praktyk en die huidige praktiese teologiese teorieë sodat reeds bestaande idees verder uitgebou sou kon word. In die proses werk teoretiese en empiriese gegewens op mekaar in totdat nuwe konsepte vir 'n praktykteorie daaruit geformuleer kan word om die praxis te rig en te stuur (Heyns & Pieterse, 1990:86; Van der Ven, 1993:38).

Bovermelde beskrywing sluit grootliks by Osmer (2008:4) se *pragmatiese taak* aan, wat in die volgende diagram in die ovaalvormige sirkel heel links onderstreep is:



6.3 DOELSTELLING

Die primêre doelstelling van hierdie hoofstuk is om strategies-teoretiese riglyne vir die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde jongmense te formuleer. Om hierdie doel te kan bereik, sal dit vervolgens nodig wees om volgens Osmer (2008:4) die resultate van die volgende onderskeie hoofstukke te integreer:

- Die empiriese ondersoek (hfst. 2; Osmer se beskrywende empiriese taak: *Wat is aan die gebeur?*)
- Perspektiewe vanuit die aanverwante wetenskappe (hfst. 3; Osmer se interpreterende taak: *Waarom het dit gebeur?*)
- Skriftuurlike perspektiewe (hfst. 4) aan die hand van 'n aantal toepaslike Skrifgedeeltes (Osmer se normatiewe taak: *Wat behoort te gebeur?*)
- Skriftuurlike perspektiewe (hfst. 5) vanuit pastoraal-teologiese literatuur (Osmer se normatiewe taak: *Wat behoort te gebeur?*)

Wanneer hierdie integrasie dus plaasgevind het, loop dit uit op, wat Osmer noem, die pragmatiese taak: *Hoe sou daar gereageer kon word?*

In hierdie hoofstuk kom laasvermelde aspek dus in besonder aan die orde wanneer daar gepoog word om 'n werkbare en bruikbare praktykteorie, met betrekking tot die tema van hierdie studie, te ontwerp. In die kritiese interaksie tussen die teorie en praktyk moet die teorie, volgens Heyns en Pieterse (1990:86), buigbaar vir verstellingswees. Die praktykteorie moet ook getrou aan die praktyk wees.

Volgens Osmer (2008:183; vgl. ook De Klerk & De Wet, 2013:10) is daar twee vlakke van verstaan in praktiese-teologiese denke. Enersyds is daar die vlak van pastorale praxis waar die vier sleutelvrae gevra word wat met die vier navorsingstake verband hou (soos hierbo verduidelik). Om hierdie vrae te beantwoord veronderstel 'n deeglike greep op die probleemsituasie. Andersyds is daar die vlak van verstaan wat met die invalshoek vanwaar die situasie benader word, verband hou.

6.3.1 Besondere fokus op Osmer se pragmatiese taak

Osmer se pragmatiese taak, wat die vierde taak is, is daarop gemik om 'n strategie te formuleer om verandering te bewerkstellig deur sekere stappe, soos voorgestel, uit te voer. Die kernvraag wat hier aan die orde is, sou ook soos volg geformuleer kan word: *Hoe kan ons op 'n effektiewe en geloofwaardige wyse op die bestaande situasie reageer?*

How might we respond in ways that are faithful and effective? The pragmatic task focuses on strategies and actions that are undertaken to shape events toward desired goals (Osmer, 2008:10).

Die pragmatiese taak handel verder ook oor die identifisering van aksie-strategieë ter wysiging van die bestaande situasie en om dit tot 'n wenslike situasie te vernuwe.

Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the 'talk back' emerging when they are enacted (Osmer, 2008: 4).

Toegepas op hierdie studie, kan die kern van die pragmatiese taak gevorm word tot die formulering van konkrete riglyne waarvolgens Skrifgefundeerde begeleiding aan emosioneel verwonde jongmense gegee kan word met betrekking tot onder andere hul identiteit, verhoudings, emosionele verwonding en seksuele trauma. Die doel hiermee is om die proses te stimuleer waar volgens hulle uiteindelik in goed funksionerende volwassenes sal ontwikkel deur middel van die nodige psigiese en geestelike groei wat deur middel van die begeleidingsproses sal plaasvind.

Strategieë tot groei ten einde laasvermelde proses te aktiveer, kan soos volg geformuleer word:

- Die berader tree in gesprek met die emosioneel verwonde jongmens met die

doel om identiteit te verhelder, verhoudings te bevorder en emosionele verwonding asook trauma deur te werk.

- Die jongmens met 'n vertroebelde identiteit, word sodanig begelei dat hy/sy hul eie unieke waarde en betekenis, ten spyte van moontlike moeilike omstandighede, kan besef en/of herbevestig.
- Die jongmens met problematiese verhoudings word rondom aspekte soos onder andere konflikhantering en kommunikasie, ten spyte van moeilike of pynlike omstandighede, begelei. Ouerleiding is veral ook van belang
- Begeleiding met betrekking tot die bevordering van selfbewuswording van die jongmens, wat weer algemene funksionering kan bevorder.
- Begeleiding met betrekking tot die herstel van foutiewe kognisies en eksternalisering asook herraming van vorige emosionele verwonding.

6.4 BELANGRIKE VERTREKPUNTE

6.4.1 Die berader se basiese oortuigings

Eerstens is dit belangrik om die volgende aan die beradene te verduidelik:

- Die berader se etiese kode en basiese vertrekpunte asook die hantering van vertroulikheid.
- Die feit dat die berader geestelike hulp, onder leiding van die Heilige Gees (5.3.2) en vanuit die Woord van God (5.3.7) verleen en dat 'n aspek soos gebed ook 'n pertinente rol vervul (5.9.4.6).
- Dat God die een is wat finaal mense genees en vanaf 'die ashoop kan optel' (4.5.1; Psalm 113:7-8) asook die mens daartoe in staat stel om die vrug van die Gees deur die Heilige Gees te dra en sodoende verhoudings herbou.

Die Gees stel ons in staat om te doen wat God van ons verwag en daarom kan ons ook teenoor mense ons beloftes nakom en in lojale verbintenisse betrokke raak (vgl. samevattende betekenis uit verskillende vertalings van Gal 5:22-23 in hfst. 4).

God is die Een by wie die mens ware identiteit en betekenis kan vind en gevolglik eiewaarde kan herstel.

Aan diegene wat Hom met oop arms ontvang en verwelkom het en alles waarvoor Hy staan in geloof aanvaar het, het Hy die voorreg gegee om as Sy kinders aangeneem te word (vgl. samevattende betekenis uit verskillende vertalings van Joh 1:12 in hfst. 4).

Met hierdie riglyne in gedagte kan die gerigtheid van die begeleidingsproses dus geensins vanaf 'n pastorale dimensie ontkoppel word nie.

6.4.2 Die pastorale beradingsverhouding

In die lig van die basiese vertrekpunte soos in die vorige paragraaf uitgespel, is daar dus drie partye in die beradingsverhouding, naamlik die berader, die beradene en die Drie-enige God (3.3.7). Dit is gevolglik van belang dat die beradene ook sy/haar afhanklikheid van God sal beseef en dat die berader in 'n sekere sin bloot as fasiliteerder/instrument in diens van God, met behulp van die leiding van die Heilige Gees, optree (5.3.2; Kraft, 1994:82). Juis om hierdie rede is dit van kritiese belang dat ook die berader in 'n goeie verhouding met God sal staan.

6.4.3 Die Heilige Gees

Jesus Christus het nie die mens alleen gelaat nadat Hy na die hemel opgevaar het nie, maar Hy het die Heilige Gees, die Trooster, gestuur (Joh 14:16-18). Die Heilige Gees is ook daar vir die individu wat emosionele verwonding en traumatiese ervarings beleef (Kraft, 1994:277; Langberg, 1999:209). Verder ondersteun en bemoedig die Heilige Gees die getraumatiseerde individu en lei hom/haar tot groei (5.3.9; Seamands, 1993:268-271; Draper, 1996:182).

Die Heilige Gees lei ook die beradene in die proses tot insigte van Skriftelike waarhede rakende sy/haar identiteit en eiewaarde, asook die hantering van ander in verhoudings.

Net soos vrugte in 'n boord bring God gawes in ons lewens wat bewys dat ons aan Hom behoort, 'n gawe soos liefde vir ander... (vgl. samevattende betekenis uit verskillende vertalings van Gal 5:22-23 in hfst. 4).

Die innerlike genesing van die emosioneel verwonde individu vind ook deur die werk van die Heilige Gees plaas (Rom 8:27; Kraft, 1994:48) wat ook die genesing weens vergifnis insluit (5.8.2.3). God laat die mens se omstandighede wel ten goede uitwerk (Rom 8:28) en hierdie sekerheid bevorder die proses van geestelike groei en vergifnis. Om gesond te word en die verlede se pyn te verwerk impliseer dat God deur gebed en die werking van die Gees die mens se lewe tot heelheid en bruikbaarheid transformeer (Seamands, 2004:127).

The work of the Holy Spirit is a spiritual work. It is not initially a visible work. It is the work of the unseen Spirit in the unseen places of our hearts. We find it so hard to walk by faith and believe that he is working. He works from the inside out (Langberg, 1999:212).

6.4.4 Die berader

In die berader se poging om die beradene psigies en geestelik te help groei, veral ten opsigte van vorige onverwerkte traumatiese gebeure en emosionele verwonding, word daar ook van ander aangrensende dissiplines as deel van die hulpverleningsproses gebruik gemaak (vgl. hfst. 3). Indien die berader oor die nodige kennis ten opsigte van menslike ontwikkeling en gedrag (gebaseer op sommige van die ander versorgingsdissiplines) beskik, sal hy/sy 'n individu kan help om hulself beter te leer ken en sodoende die groeiproses rakende identiteit en verhoudings stimuleer. Op hierdie wyse lei die berader dus die beradene ook tot selfbewuswording asook verheldering van aspekte rakende die individu se identiteit tydens die groeiproses. In die groeiproses lei die berader ook die individu tot heling van emosionele verwonding of trauma.

6.4.5 Die beradene

Soos reeds vroeër aangedui (2.14) is die beradene in hierdie studie jongmense wie se psigiese en geestelike groei weens trauma of emosionele verwonding in hul lewens beperk is. Hierdie trauma en verwonding het die potensiaal om die betrokke individu se identiteit en verhoudings in die huidige (3.2.7.3; Levers-Lopez, 2012:1) en toekomstige funksionering van hierdie jongmens negatief te affekteer. Om die betrokke jongmense in hierdie studie te help groei en ook om hulle in die verwerking van hul emosionele verwonding en trauma te begelei, word daar vervolgens van *Facebook*-tegnieke gebruik gemaak omdat hierdie wyse van werk nie bedreigend is nie en jongmense in die algemeen vertrouwd met die gebruik van *Facebook* is (2.14; 3.4.2; 5.10.1). Soos ook reeds aangedui (3.2; 3.2.2), maak hierdie studie verder van komponente van narratiewe terapie asook kognitiewe gedragsterapie gebruik. Die narratiewe komponente is veral die proses van eksternalisering en herraming wat ook die herstrukturering van gedagtes insluit en in die proses groei en funksionering bevorder. Vraestelling vanaf die tydlyn van hul *Facebook*-profile as die narratiewe struktuur, het vanuit die empiriese navorsings (2.14) geblyk bewuswording en groei by die beradene te bewerkstellig.

Volgens Emmons (2005:732), Hackney & Sanders (2003: 229) bevorder geestelike groei funksionering.

6.4.5.1 Die beradene se identiteit en verhoudings

Die volgende tabel bied 'n kompakte samevattende weergawe van die komponente in hierdie studie van belang vir die jongmens, met betrekking tot identiteit en verhoudings:

Identiteitsformasie

Dit is een van die belangrikste ontwikkelingsfases volgens Erikson (2014:261). Tydens hierdie ontwikkelingsfase van die jongmens is identiteitsvorming veral belangrik (3.2.4).

Verhoudings

Binne die konteks van verhoudings is veral aanvaarding vir jongmense van belang en het dit gevolglik 'n besondere invloed op hul identiteit (3.2.4.2). Om 'n identiteit te vestig en te groei, bevorder psigiese welstand asook funksionering (3.2.4.3). Navorsing het bevestig dat verhoudings wat intiem en naby is, 'n kritiese invloed op die individu se funksionering, positief of negatief, kan hê (3.2.5; Martin & Herselbrock, 2001:38). Volgens Crabb (2005:8) is verhoudings van groot belang vir menslike funksionering en onbewustelike prosesse beïnvloed die mens se keuses asook keuses van verhoudings (Crabb, 1997:35)

Eiewaarde

Eiewaarde behels vir die individu om sy/haar status en selfwaarde te erken (Jantz & McMurray, 2013:296). Die ontdekking van eiewaarde, handhawing van verhoudings en hantering van seer is van belang om die beradene weer te help heel word na trauma of verwonding (Frost, 2003:204).

Ouerleiding

Wanneer daar met emosioneel verwonde jongmense gewerk word, kan ouerleiding, as deel van die jongmens se verhoudingslewe en as deel van 'n ondersteuningsraamwerk, 'n deurslaggewende rol vervul (Cohen *et al.*, 2006:48; 3.2.5.1). Ouers se voorbeeld ten opsigte van gesonde en gebalanseerde funksionering en gedrag is in hierdie opsig essensieel (Milkie *et al.*, 2010:1329).

<p style="text-align: center;">Die beradene se identiteit, eksternalisering en selfbewuswording</p>	<p style="text-align: center;">Vergifnis</p>
<p>In die proses van eksternalisering deur vraestelling word selfbewuswording versterk, wat ook in effek die identiteit versterk (3.2.4.3). Selfbewuswording behels ook die proses om betekenis in sekere ervarings te vind (Mackewn, 1997:113). Wanneer selfbewuswording verbeter, voorsien dit in effek ook geleentheid vir die versterking van emosionele intelligensie, skepping van doelwitte en toekomspektiewe asook hanteringsvaardighede na aanleiding van gesprekvoering (Coleman <i>et al.</i>, 2002:55; Frankl, 1984:98; Pienaar, 2009:139).</p>	<p>Aangesien vergifnis meestal gaan om die vryspraak van iemand anders wat die beradene onregverdig benadeel het, speel dit 'n groot rol in jongmense se verhoudings, veral wanneer hulle trauma en emosionele verwonding ervaar het (Worthington, 2003:20; 3.2.5.2). Vergifnis bevorder die individuele funksionering ten opsigte van die fisiese, emosionele en geestelike dimensies (McCullough, 2000:53; Enright & Fitzgibbons, 2000:325).</p>

<p>Die beradene se identiteit en trauma</p> <p>Onverwerkte trauma kan die individu se identiteitsvorming negatief beïnvloed indien dit nie verwerk of geïntegreer word nie (Da Silva & Fritz, 2012:171; 3.2.4.1). Wanneer 'n individu se eiewaarde aangetas is, kan dit 'n negatiewe effek op die identiteit hê en dit kan ook nog ander simptome teweegbring wat die individu se algemene funksionering kan belemmer(3.2.4.1).</p>	<p>Grense</p> <p>Grense binne die konteks van verhoudings (3.2.5.3), veral ten opsigte van selfhandhawing (Miley, 1999:134), is baie belangrik wat dan ook emosionele en sosiale intelligensie impliseer.</p> <p>Waar daar sprake van byvoorbeeld seksuele trauma is, vind dit uiteraard binne verhoudings plaas en affekteer dit dus gewoonlik voortaan die individu se funksionering binne verhoudings – die daarstel en behou van toekomstige grense word vir so 'n individu ernstig gekompliseer (3.2.6; Langberg, 2003:90).</p>
<p>Heling van traumatiese herinneringe</p> <p>Traumatiese ervarings veroorsaak pyn en verwonding wat tot sekere emosionele belewenisse, soos angs, woede en skuldgevoelens lei en dit kan destruktiewe gevolge vir die getraumatiseerde individu inhou. 'n Belangrike faset van die genesingsproses is die herbelewing van die oorspronklike emosies wat ervaar is. Soos in hfst. 3 en hfst. 5 aangedui moet daar in meeste gevalle eers heling van traumatiese herinneringe en emosionele verwonding wees voordat groei kan plaasvind. Indien die traumatiese ervaringe nie hanteer word nie, kan huidige gedrag, veral verhoudings, daardeur negatief beïnvloed word. Hierdie negatiewe ervaringe en trauma affekteer ook die individu se gedagtes, eiewaarde en grense (5.3.5).</p>	

6.5 BELANGRIKE KOMPONENTE VAN DIE BERADINGSPROSES

Aan die hand van die breë riglyne van 'n narratiewe en kognitiewe benadering (3.2.1; 3.2.2) as deel van 'n pastorale benadering (5.3.1), is die volgende aspekte ter sprake.

6.5.1 Die bou van rapport en stel van etiese kwessies

Die individu wat by die berader vir begeleiding inskakel, is 'n jongmens wie se geestelike of psigiese groei asook sy/haar funksionering deur emosionele verwonding of 'n traumatiese belewenis belemmer is. Die klem val dus op geestelike en psigiese groei wat uiteindelik beter funksionering sal impliseer (5.3.5). Die berader volg die voorbeeld van Jesus Christus binne die konteks van verhoudings, naamlik ondersteuning met onvoorwaardelike aanvaarding en regverdige teregwysing (5.3.2). Verder bou die berader stelselmatig 'n helpende verhouding met die beradene (vgl. Kraft, 1994:176).

6.5.2 Doelwitstelling

Die oorhoofse doelwit van die berading is om die individu se algemene funksionering deur middel van psigiese en geestelike groei te verbeter. Dit sal uiteraard die individu se identiteit al duideliker definieer terwyl daar gepoog word om die persoon se eiewaarde ook op 'n gesonde basis gevestig te kry (3.2.4.3; 5.7). Om hierdie doel te bereik word 'n groot mate van selfbewuswording vereis. Hiermee saam gaan ook die individu se funksionering binne die konteks van verhoudings (3.2.5; 5.8), wat oerleiding (3.2.5.1;5.8.2.2), vergifnis (5.8.2.3) en die daarstelling van grense (3.2.5.3; 5.8.2.4) insluit. 'n Verdere beradingsdoelwit is die integrasie van traumatiese ervarings en emosionele verwonding (Littauer, 1996:107-120).

6.5.2.1 Aanduiding van groei

Daar kan simboliese aktiwiteite as deel van die beradene se tydlyn of profiel gedoen word om die groei aan te dui of die motivering te bied om met die nuwe manier van funksioneer, na aanleiding van die groei, voort te gaan (vgl. 2.14). Die simboliese aktiwiteite behels om 'n aanduiding van groei en integrasie of

motivering deur middel van prente, sketse of keuse van filmsnitte, ens., te gee wat op die individu se *Facebook*-profiel uitgebeeld word.

6.5.2.2 Eksternalisering en Skryftherapie

Die beradene kan met betrekking tot sekere aspekte aangemoedig word om, indien so verkies, sy/haar gedagtes eerder op skrif te stel. Op hierdie wyse kan waardevolle inligting soms na vore kom wat vir die persoon moeilik is om verbaal te kommunikeer, soos om eerder op die tydlyn te *post*. Gebede kan ook neergeskryf word waardeur verduidelik word wat die effek van 'n spesifieke traumatiese ervaring was (McAddams, 2001:101). Daar is terapeutiese waarde daarin om selfs net iets uit te beeld (3.2.3) aangesien eksternalisering deur middel van sketse, beskrywing van keuses rakende films, TV-reekse, *posts* of enige toevoeging op die profiel van die individu plaasvind (3.2.1; 3.2.3).

6.5.3 Gesprekvoering en vraestelling

Onder punt 6.4.1 is daar reeds na die basiese vertrekpunte asook die berader se etiese kode wat tydens die eerste sessie met die beradene hanteer word, verwys.

Vraestelling moet op 'n gemaklike manier met empatiese belangstelling vanaf die berader plaasvind. In die proses van gesprekvoering en vraestelling met behulp van die narratiewe struktuur vind eksternalisering plaas wat die genesingsproses bevorder. Met behulp van die individu se voorgestelde *Facebook*-tydlyn en profielblad, wat as die narratiewe struktuur dien, word daar gevolglik geleentheid vir begeleiding tot psigiese en geestelike groei van die individu gebied (5.10.1; 5.3.5). In hierdie proses word gevoelens en gedagtes na die oppervlakte gebring wat moontlik tot hiertoe, as gevolg van kognitiewe distorsies, verborge was. Dit sou ook aan die berader die geleentheid bied om aan die beradene die gevolge van emosionele verwonding en trauma wat in sy/haar lewe plaasgevind het aan te toon. Hierdie gesprekvoering en die gebruik van *Facebook*-tegnieke (5.10) bied dus geleentheid vir die beradene om die verlede te ondersoek en duidelikheid te

verkry oor wat sy/haar identiteitvorming beïnvloed het en waarom daar moontlik problematiese verhoudings in sy/haar lewe is.

Die beradene moet tot die besef van sy/haar waarde by God en hoe God verwag dat die mens binne verhoudings moet funksioneer gelei word, asook dat God die mens van die gevolge van verwonding kan genees (5.5.3). Dit gaan dus ten diepste om die bediening van die versoening (5.3.7; 5.3.9). Jesus Christus wat as Redder en Heler gekom het moet die sentrale moment van die pastorale gesprek wees asook dat Hy vir diegene wat swak en uitgeworpene is (Mat 9:12), ook vir diegene wat hulself as't ware op die 'ashoop' bevind (Psalm 113:7-8), gekom het.

Die individu moet veilig en gemaklik voel, ook in terme van die vertroulikheid van die proses (5.3.2). Verder skep die berader ook 'n atmosfeer van aanvaarding deur Jesus Christus se voorbeeld van liefde en opregtheid te demonstreer sowel as deur die gepaste empatiese verbale en nie-verbale kommunikasie (Crenshaw, 2008:3).

6.5.4 Implementering van Bybelse opdragte

Tydens die vraestelling aan die beradene en vertelling van die gebeure, is daar ook geleentheid om ook sekere vrae rakende die individu se geestelike funksionering te vra. Dit sal veral vrae oor die individu se belewenis van God en die huidige verhouding met God insluit (Jantz & McMurray, 2013:59; 2.14). Tydens hierdie vrae en beantwoording van die vrae deur die beradene, is daar ook geleentheid om Bybelse kennis aan die individu oor te dra.

6.5.5 Interpretasie van die inligting

Die berader kan notas maak en is ingestel om baie fyn na die beradene se reaksies op die vraestelling te luister. Daar is gewoonlik ook heelwat waarneembare inligting as deel van die individu se *Facebook*-tydlyn wat hy/sy opgestel het beskikbaar. Die berader sal gevolglik poog om lyne tussen sommige vorige gebeurtenisse in die individu se lewe en die huidige funksionering te trek.

Notas wat gemaak word dien ook as voorbereiding vir komende sessies en om vroeg reeds aan die beradene potensiële areas van groei uit te wys. Dit kan verder ook van hulp wees ten opsigte van die kontinuïteit van die beradingsproses. Tegelykertyd word daar ook 'n aanduiding aan die beradene gegee van die wyse waarop die Skrif tydens die beradingsproses hanteer sal word.

6.5.6 Hoop

Die gevallestudies in hfst. 2 (2.14) het bevestig dat die beradenes wat met onverwerkte emosionele pyn en trauma, of die nagevolge daarvan, geworstel het in die algemeen problematiese verhoudings geopenbaar het. Verder het dit ook geblyk dat hierdie aspek 'n negatiewe effek op hulle identiteitsvorming gehad het. Om realistiese Bybelse hoop (Rom 8:28) en waarhede gepasseer op die Skrif te vestig, is gevolglik van kardinale belang in die beradingsproses wanneer dit oor identiteit en verhoudings gaan. Jesus Christus is die mens se hoop (Kol 1:25-27) en daarom moet die beradene tot vertrouwe in Jesus Christus asook innerlike vrede wat deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees voortspruit, begelei word (4.4.2.5).

Hulle ervaar groot vreugde want daar is nou vrede tussen hulle en God wat tot gevolg het dat daar geen stres en angs meer is nie en dat hulle ook vrede maak met ander (vgl. samevattende betekenis uit verskillende vertalings van Gal 5:22-23 in hfst. 4).

Dit moet egter aan die beradene verduidelik word dat 'n vertrouwe in Jesus Christus nie noodwendig onmiddellike bevryding en genesing van jare se emosionele verwonding impliseer nie, maar dat God wel daarmee met 'n proses begin om hierdie individu vanuit die ashoop op te tel ten einde hom/haar uiteindelik 'langs prinse te plaas'.

Hy laat hulle tussen die eregaste sit, eresitplekke tussen die heel belangrikste mense, mense soos konings en prinse (vgl. samevattende betekenis vanuit verskillende vertalings van Psalm 113:7-8 uit hfst. 4; vgl. ook 5.5.2).

6.5.6 Transformering

Volgens Richardson (2005:227-229) gaan berading ook oor ware transformering, wat genesing en heelheid impliseer, asook ware kontak met Jesus Christus. Jesus se sentrale missie volgens Richardson (2005:47-48) is genesing. Hierdie genesing kan vervolgens begin wanneer mense hulle oë op Jesus gerig hou eerder as op hulle eie verwonding en angstigheid. Daar moet dus op God se teenwoordigheid gefokus word. Die heling van verhoudings is 'n belangrike fokuspunt in berading (3.2.5). Dit behels dus ook die transformering van verhoudings en die funksionering van die beradene binne verhoudings deur middel van onder andere ouerleiding.

Die Gees stel ons in staat om ons energie met wysheid te kanaliseer – dit stel ons in staat om deurgaans kalm te bly en gevolglik te verhoed dat die sonde hoogty vier in ons lewens (vgl. samevattende betekenis uit verskillende vertalings van Gal 5:22-23 in hfst. 4).

6.5.7 Die Heilige Gees en die Woord van God

Die Heilige Gees en die Woord is twee krities belangrike komponente van die beradingsproses en daarom moet die berader besonder fyn op die leiding van die Heilige Geesingestel wees. Die Heilige Gees se leiding vind deur die Woord van God en die kruisiging plaas en die opstanding van Jesus Christus is die deurslaggewende faktor met betrekking tot die genesing van emosionele wonde (Kraft, 1994:110).

Die individu word in die genesingsproses tot Skriftelike waarhede gelei. Dit is gevolglik van groot belang dat die berader oor insigte van die Skrif asook 'n vaste geloof in God beskik sodat daar met groter sekerheid begeleiding deur die Heilige Gees sal kan plaasvind (Wright, 2011:249-250).

Wat die beradene betref sal die gevolg heel waarskynlik beter emosionele en geestelike funksionering asook bevryding van onderdrukte emosionele belewenisse en ook 'n verhelderde toekomspektief impliseer (5.7.2; vgl. ook Beasley-Murray, 2002:13).

6.5.7.1 Die Heilige Gees en ondersteuning

Die Heilige Gees is 'n groot bron van ondersteuning vir die jongmens en die vrug van die Gees spruit vervolgens ook vanuit die Heilige Gees se teenwoordigheid voort (Betz, 1979:286). Die Heilige Gees is 'n getroue en betroubare bron van hoop en onderskraging vir die jongmens (5.3.7). God is reeds van voor bevrugting by die mens se lewe betrokke (Kraft, 2005:19-22).

No matter how we feel, the truth is that God does not abandon us, not even for a moment (Jantz & McMurray, 2013:126).

6.5.7.2 Die Heilige Gees en Skriftuurlike waarhede

Vals waarhede wat tot destruktiewe gedagtes en emosies lei, moet met behulp van die Heilige Gees geïdentifiseer en bely word (Richardson, 2005:98-105; 5.7.3). Slegs ewige waarhede het 'n invloed op die identiteit van die mens in sy/haar verhouding tot God (5.7.3). Onder die leiding van die Heilige Gees floreer die mens se verhoudings omdat dit deur die vrug van die Gees se teenwoordigheid gedra word (4.4).

6.5.9 Instruksies tydens die beradingsproses

Die berader moet die Woord korrek verstaan en sodanig ook aan die beradene verduidelik (5.3.7). Die Skriftuurlike beginsels moet op verandering en transformasie gefokus wees wat slegs deur Jesus Christus bewerkstellig kan word. Skriftuurlike waarhede moet verder ook sodanig toegepas word dat daar toepaslike riglyne vir die beradene se geestelike en emosionele behoeftes kan voortspruit. As breë merkers vir die narratiewe struktuur van die gesprek sal die *Facebook*-tydlyn of profielblad van die beradene dien – dit sal ook in terme van riglyne ten opsigte van vraestelling help.

Wanneer daar op emosionele en geestelike vlak met jongmense en hulle kognitiewe distorsies gewerk word, is plooibaarheid van kritiese belang (3.2.2.3). Die beradene se emosionele toestand moet gevolglik in ag geneem word wanneer daar bepaal word of 'n beradene op 'n sekere moment die instruksie sal kan hanteer. Die manier waarop die

instruksies aan die beradene oorgedra word, word op die volgende wyses gedoen (soos toegepas met die hantering van die empiriese gevalle in hfst. 2):

6.5.9.1 Verduideliking

- Die uitbeelding van die *Facebook*-tydlyn en dat dit ook deurlopende tuiswerk sou behels word verduidelik, maar daar kan ook aktiwiteite tydens die sessies bygevoeg word.
- Die Skriftuurlike waarhede omtrent die individu se identiteit, wat eiewaarde insluit, veral met betrekking tot Johannes 1:12 (waar dit duidelik is wat die mens se waarde by God is), word aan hom/haar verduidelik. Hier sal ook van die inhoud van **Bylae A** en **B** gebruik gemaak word. Skriftuurlike waarhede rakende verhoudings en die hantering van ander, soos in hfst. 4 (Gal 5:22-23) uiteengesit, word verduidelik.
- Simptomatologie rakende trauma en die emosionele verwonding word uitgewys en verduidelik aangesien dit tot die bevordering van selfbewuswording en psigiese groei kan bydra (3.2.4.3). Die beradene word ook van God se siening van die getraumatiseerde, die verwonde en die uitgeworpene bewus gemaak, aangesien dit gewoonlik aan die individu hoop gee omdat God hom/haar van belang ag en hulle uiteindelik langs pinse 'n posisie wil gee (heel en vry in Hom; Ps 113:7-8). Die beradene moet dus ware begrip ten opsigte van hul volle identiteit in Jesus Christus verkry voordat hulle ten volle ware vryheid sal ervaar (Kraft, 1994:18; Langberg, 1999:210).
- Die beradene word ook vroeg reeds tydens die beradingsproses van die belangrikheid van vergifnis ten opsigte van verhoudings bewus gemaak (3.2.5.2). Die resultate van die empiriese navorsing het dit duidelik uitgewys dat geestelike groei as gevolg van die proses van vergifnis plaasgevind het (vgl. hfst. 2.14). Die proses van vergifnis word vervolgens aan die beradene verduidelik, asook die voordele wat dit vir hom/haar sou inhou en ook die nadele indien die alternatief, naamlik volharding in bitterheid en onvergewensgesindheid, gekies sou word (5.8.2.3). Die beradene word egter nie gedwing om hierdie stap te neem nie. Die keuse word aan hom/haar oorgelaat

om tydens toekomstige sessies aan die beraders 'n aanduiding te gee wanneer hy/sy gereed is om hierdie stap te neem (Worthington, 2003:42-43).

6.6 VOORGESTELDE PASTORALE MODEL

6.6.1 SESSIE 1: Inleiding, bekendstelling en eksternalisering

Tydens die eerste besoek word die etiese kode van die berader aan die beradene verduidelik. Die basiese vertrekpunte en benadering van die berader word ook aan die beradene verklaar. Die model rakende die *Facebook*-tegnieke wat gebruik gaan word, word aan die beradene beskryf asook hoe om die opdragte tuis te voltooi. Die beradene ontvang 'n boek nadat daar aan hom/haar verduidelik is hoe om die opdragte in die boek te voltooi. 'n Voorbeeld van 'n gedeelte van 'n voltooide profiel (**Bylaag C**) word ook gegee. Die berader kan van **Bylaag D** gebruik maak om hom/haar te herinner watter vrae rakende die beradene se *Facebook*-profiel gevra kan word.

6.6.1.1 Eksternalisering en inwin van inligting

In die proses van gesprekvoering en vraestelling met behulp van die *Facebook*-profiel as die narratiewe struktuur, begin die genesingsproses eintlik reeds deur eksternalisering. Tydens hierdie sessie word daar veral ook op die begin van die inwin van inligting vanaf die individu rakende sy/haar historiese funksionering en moontlike trauma wat kon plaasvind gefokus – dit is dus basies 'n traumageskiedenis, gekoppel aan enige insidente van emosionele verwonding, wat aan die orde kom. Die berader sal tydens die volgende sessies die *Facebook*-tydlyn/profiel wat die individu tuis opgestel het (5.10.1), begin gebruik vir die nodige vraestelling. Die beradene word tydens hierdie eerste besoek op sy/haar gemak gestel en gevra om enige gebeure vandat hy/sy kan onthou tot ongeveer ouderdom 10 jaar te vertel. Die berader kan vrae oor byvoorbeeld watter boeke, films of TV-reekse op 'n jonger ouderdom die individu in belang gestel het of waarde vir hom/haar gehad het vra.

Die berader sal nie noodwendig altyd van al die detail op die beradene se tydlyn/profiel gebruik maak nie, maar hy/sy kan voorstelle maak of sekere toepaslike toevoegings tot die beradene se tydlyn voorstel. Toevoegings sou byvoorbeeld kon impliseer om die emosionele verwonding wat tydens 'n betrokke dag in die gesprek tydens 'n beradingsessie na vore gekom het, te gaan uitbeeld of tydens die sessie uit te beeld – die beradene self sou moontlik nie daaraan gedink het nie (en sal self egter met die gedagte gemaklik moet wees). Die beradene kan dus tydens die sessie reeds 'n aktiwiteit voltooi, byvoorbeeld om 'n gedagte/slagspreuk/skets op een van die bladsye uit te beeld wat aan hom/haar gegee is.

Dit is belangrik om die beradene te verseker dat die tydlyn nie noodwendig verkeerd gedoen kan word nie en dat hy/sy nie angstig daaroor hoef te voel nie – hy/sy kan bloot spontaan met die aksie begin.

6.6.1.2 Kognitiewe distorsies

Die berader kan notas tydens die beradene se vertelling en die reaksies op die vraestelling maak om sodoende die aspekte aan te stip wat later tydens die opvolgende sessies, wanneer dit moontlik meer gepas sou wees, hanteer moet word. Daar kan byvoorbeeld tydens die gesprekvoering kognitiewe distorsies geïdentifiseer word wat later, wanneer die geleentheid gepas is, hanteer kan word. Die berader kan dit vervolgens na vore bring deur byvoorbeeld te sê: “Jy sê/voel/dink...”. Sou dit reeds tydens die eerste sessie uitgewys word, moet dit baie taktvol hanteer word. Gedagtes as gevolg van verwonding (distorsies) moet geïdentifiseer en gekorrigeer word vir groei om plaas te vind (Rodgers & Rodgers, 2009:87). Die berader kan oorweeg om volgens die voorbeeld hierbo vermeld slegs te reflekteer aangesien dit op daardie oomblik selfbewuswording versterk wat ook groei bevorder.

6.6.1.3 Trauma en verwonding

Tydens die gesprekvoering kan daar ook vorige trauma, verliese of emosionele verwonding geïdentifiseer word. Indien die beradene dadelik daarvoor wil praat kan dit

so hanteer word. Indien dit die beradene se behoefte is om die trauma of verwonding in diepte te bespreek moet hy/sy daarin gelei en ondersteun word. Indien dit ook in daardie spesifieke oomblik gepas is, is daar terapeutiese waarde daarin om die effek van die trauma, veral rakende identiteit en verhoudings, te ondersoek (Louw, 2005:15)

6.6.1.4 Identiteit en verhoudings

Die gebruik van die *Facebook*-tegnieke gee geleentheid vir die berader en beradene om ondersoek in te stel rakende sy/haar identiteitsvorming en funksionering binne verhoudings. Dit behels om die individu se ervarings en keuses van voorkeure op sekere ouderdomme te evalueer soos wat die beradene die vertelling doen (films, boeke, TV-reekse, vriende met wie hulle gereeld kontak maak, watter tipe *posts* op die tydlyn sou wees, slagspreuke, wie hy/sy sou wou *poke*⁴, ens.

6.6.1.5 Die *Facebook*-profiel/tydlyn

Die berader kan kreatief wees deur die antwoorde op die vrae wat daartoe lei dat verdere vrae gestimuleer en gemotiveer word. Dit wat gevra, beantwoord en bespreek is, kan vervolgens op die tydlyn ingevul word soos die individu verkies om dit te doen en na die volgende sessie saamgebring word. 'n Beradene se *Facebook*-profiel/tydlyn gee op hierdie wyse aan die berader die geleentheid om 'n redelike omvattende perspektief van hierdie beradene te verkry aangesien 'n verskeidenheid van belangrike inligting soos die individu se opinies, gedagtes en voorkeure deur middel van hierdie medium gedeel kan word (Rice, 2009:77).

Dit kan gebeur dat die beradene 'n simbool of inskrywing kies wat hy/sy dink die berader sal goedkeur of beïndruk. Dit kan ook gebeur dat die beradene se keuse met 'n poging om te probeer snaaks wees of enige ander moontlike rede verband kan hou in 'n poging om eintlik te probeer verhoed om ware kontak met die self te maak. Op hierdie wyse word ware emosionele belewenisse dus ontken en omseil.

⁴ Volgens Tech insider (2015) impliseer dit: "*A simple but polite way to say hello to an old acquaintance.*"

Hierdie gedrag deur die beradene moet juis ondersoek word aangesien dit op vrese vir verwerping, behoefte aan aanvaarding of perfeksionisme kan dui. Die beradene sou byvoorbeeld besig kon wees om sy/haar verhouding met een van hul ouers op die berader te projekteer. Dit sal ondersoek moet word aangesien dit baie inligting rakende die identiteit en funksionering van die beradene in die algemeen binne verhoudings sou kon gee

6.6.2 SESSIE 2: Eksternalisering en bewuswording

6.6.2.1 Gebruik van die *Facebook*-profiel/tydlyn

Om die adolessent te laat skryf of take te voltooi is goeie maniere waarop verborge gevoelens openbaar gemaak kan word en bewusmaking gekweek kan word (Wright, 2011:406; Fredrickson, 1992:19). Die beradene is tydens die vorige sessie gevra om die tydlyn/profiel tuis te voltooi soos aan hom/haar verduidelik is. Indien die beradene gespanne sou voorkom, gesels aanvanklik gemaklik met hom/haar. Die berader kan vervolgens ook opsommend na die inligting verwys wat tydens die vorige sessie gedeel is.

Hierdie sessie gaan grootliks oor eksternalisering en selfbewuswording aan die kant van die beradene onder die leiding van die berader met behulp van die vraestelling op grond van die *Facebook*-profiel/tydlyn wat as die narratiewe struktuur dien. Die keuse van die beradene se films, TV-reekse, boeke, prente, foto's of enige ander toevoeging wat hy/sy tot hul *Facebook*-tydlyn/profiel gemaak het, word ondersoek en sodoende word enige inligting wat dit moontlik met betrekking tot hierdie individu kan gee, uitgewys.

Die berader kan die tydlyn wat ingevul is by hom/haar hou of as die beradene dit verkies kan hy/sy self die tydlyn by hom/haar hou. Die ideaal sou wees as die berader en beradene beide dit sal kan sien. Indien die tydlyn/profiel elektronies gestuur is, moet die berader onthou om hom/haarself voor te berei en notas te maak en moontlik ook die profiel op papier uit te druk om vanaf vrae te vra.

Die beradene sou verder gevra kan word of daar enigiets is waaroor daar gepraat is tydens die vorige sessie waaraan die individu besonder baie gedink het. Die beradene kan ook gevra word om 'n aktiwiteit te kies wat volgens hom/haar die vorige gesprek die beste sal uitbeeld – 'n aktiwiteit soos om 'n film te kies of 'n gedig te skryf of 'n skets te maak. Die berader kan verder opvolgende vrae rakende 'n *post*⁵ vra. Enige vorm van 'n narratief voorsien 'n lens vir die individu om na sy/haar identiteit te kyk, dit te verstaan en te begryp hoe dit gevorm is (Knoetze & Stroud, 2012:358). Aktiwiteite soos hierdie is ook op selfbewuswording gemik.

6.6.2.2 Ander belangrike aspekte om na op te let

Dit is belangrik dat die berader ook deurlopend tydens die beradingsproses notas van sekere aspekte sal maak waaraan heel dikwels nie onmiddellik aandag geskenk kan word nie maar wel tydens 'n latere sessie wanneer verskillende faktore tot 'n meer gunstige geleentheid bydrae. Voorbeelde in hierdie verband is die volgende (vgl. in hierdie verband ook die lys in **Bylaag E**):

- Kognitiewe distorsies
- Invloede en persepsies op grond van identiteit en verhoudings
- Funksionering binne verhoudings
- Sosiale en emosionele intelligensie
- Geleentheid vir vaardighede wat aangeleer kan word
- Die behoefte aan ouerleiding
- Vergifnis wat moontlik in die toekoms moet plaasvind weens negatiewe verborge gevoelens teenoor iemand.

6.6.2.3 Die identifisering van moontlike denkfoute

Tydens die gesprekvoering tussen die berader en beradene sal die berader enige geleentheid kan gebruik wat sigself voordoen en wat met onwaarhede, as gevolg van emosionele verwonding in die verlede, verband kan hou om aan die

⁵ Dit behels 'n gedagte, opinie of prentjie van die individu of keuse van enige toevoeging, simbool of inskrywing tot die tydlyn.

beradene die denkfout uit te wys (byvoorbeeld om God of niemand anders te vertrou nie). Verdere vraestelling sou hieruit kon voortvloei met betrekking tot die beradene se *Facebook*-tydlyn/profiel wat as die narratiewe struktuur dien. Dit kan aan die berader die geleentheid bied om seker te maak wat die oorsprong van hierdie persepsies is en tot watter mate dit die individu se identiteit en verhoudings, in die verlede asook die hede, belemmer het.

6.6.2.4 Stimulering tot deurlopende groei

Die vrae wat tydens sessies gevra word na aanleiding van beradenes se tydlyn op hul *Facebook*-profiel, het dit ten doel om deurlopend tot selfbewuswording, wat psigiese en geestelike groei stimuleer, te lei indien die nodige begeleiding plaasvind (3.2.4.3). Afhangende van die betrokke beradende se verhaal, sal sekere aktiwiteite, indien nodig voorgestel word om destruktiewe gedagtes te identifiseer en later in die beradingsproses, of soos nodig, te korrigeer. Later tydens sessies sewe (7) en agt (8) sal verdere aktiwiteite geïmplementeer word om integrasie van nuwe Skriftuurlike waarhede, wat moontlike foutiewe denke vervang het, te bewerkstellig.

6.6.3 SESSIE 3-6: Trauma en emosionele verwonding

6.6.3.1 Trauma en verwonding beperk normale groei

Draper (1996:188) verwoord iets van die kragtige langtermyn impak van onverwerkte trauma. Die noodsaaklikheid van die vroegtydige hantering en begeleiding van sodanige trauma en verwonding word ook deur 'n uitspraak soos die volgende beklemtoon:

The severe betrayal of trust that takes place during childhood sexual abuse leaves the child survivor confused about relationships long into adulthood.

Die verdere simptome wat heel dikwels ook by so individu voorkom en wat grootliks op hierdie studie van toepassing is, is volgens Frank (1995:11) die volgende:

- Probleme met die vestiging van verhoudings. Dikwels hou dit met vertroue wat geskend is verband. Die verhouding met God word gewoonlik ook geaffekteer.
- Herhaalde viktimisering. Onbewustelik word hulle keuse en ervaring van verhoudings beïnvloed en soms gebeur dit dat hierdie individue ook hulle verhoudings onbewustelik saboteer.
- Enersyds totale onkenning/blokkering van emosies of andersyds ekstreme beheer daaroor. Op hierdie wyse beskerm hul hulself teen uitbuiting en emosionele pyn van die verlede (vgl. ook Fredrickson, 1992:14).
- Swak selfbeeld en eiewaarde. Verwerping kan hier byvoorbeeld 'n groot rol binne die gesin van oorsprong gespeel het.

Normale groei word dus onder andere deur seksuele misbruik beperk (vgl. Draper, 1996:39) en dit moet aan die beradene verduidelik word.

6.6.3.2 Vertelling en herlewing van die trauma

Die beradene kon vroeër, tydens een van die vorige sessies, 'n aanduiding van moontlike trauma of emosionele verwonding gegee het wat hulle in hulle lewe ervaar het. Herlewing van die oorspronklike gebeure asook die begin van die terapeutiese proses vind plaas wanneer dit weer in soveel moontlik detail bespreek word.

Die *Facebook*-tydlyn/profiel wat die beradene gedoen het, sal 'n aanduiding van vrae gee wat gevra kan word. Tydens die proses van vraestelling word daar ook sekere sake/vraagstukke geïdentifiseer wat rakende die gevolge van die trauma bespreek kan word. Deur net die vrae te begin beantwoord en 'n vertelling volgens die tydlyn/profiel te doen, vind eksternalisering plaas wat op sigself ook reeds terapeuties is. Die beradene moet vervolgens geleentheid gegun word om in soveel moontlik detail die traumatiese gebeure asook die emosies wat ervaar is tydens die oorspronklike traumatiese gebeurtenis te verbaliseer.

Verder moet die berader reflekteer en die emosionele belewenis van die individu deurgaans dophou. Die berader kan die beradene van sy/haar reaksies tydens vertelling en ook die moontlike gevolge van die trauma of emosionele belewenis, deur vraestelling, bewus maak.

Tydens die vertelling kan daar simboliese uitbeeldings op die tydlyn/profiel aangebring word of enige basiese aktiwiteit voorgestel word om erkenning aan dit wat bespreek is, te gee. Deur middel van hierdie uitbeeldings of aktiwiteite op die tydlyn word die effekte en gevolge van die trauma op die identiteit, verhoudings en die algemene funksionering van die individu dus aangedui. In hierdie proses kan enersyds die geweldige impak van die trauma vir die beradene duidelik sigbaar word, maar andersyds kan hy/sy gewoonlik ook deur die duidelik waarneembare tekens van groei en genesing bemoedig word.

Tydens die proses waartydens daar op die gevolge van die trauma en/of emosionele verwonding gefokus word, moet die beradene spesifiek wees en daar moet algehele bewuswording plaasvind. Die beradene word vervolgens in die proses begelei om die gebeure te herleef met tegelyke intense bewuswording van die Heilige Gees se teenwoordigheid. Die oogmerk is dat die individu uiteindelik van die emosionele verwonding, wat weens die trauma en/of pynlike gebeure veroorsaak is, afstand sal doen. Namate die individu meer van sy/haar verwonding bewus raak, moet die gevoelens geïdentifiseer word wat met die voorvalle van trauma en/of emosionele verwonding geassosieer word (Kraft, 1994:83; Richardson, 2005:158; 5.9.4.6).

Die samevattende betekenis vanuit die verskillende vertalings van Psalm 113:7 soos na vore gekom in hfst. 4, kan ook as besondere bemoediging en geloofsversterking aan die beradene voorgehou word:

God sien die onbelangrike en arm mensies dadelik raak, hulle wat nederig is en deur mense vertrap is. Hierdie misrabeles wat saam met die vuilgoed weggegooi is en in die modder en op die ashope en mishope beland het, help Hy om weer op te staan (Ps 113:7).

6.6.3.3 Effek van die trauma of verwonding

Die erkenning dat die verwonding plaasgevind het, is lewensbelangrik terwyl bewuswording van die effek en gevolge van die trauma en/of verwonding, ter wille van integrasie en psigiese en geestelike groei, ook van belang is (Worthington, 2003:24) – dit geld ook wat die gebedsproses betref (Littauer, 1996:107-120). Daar is meestal 'n effek op die individu se identiteit (wat eiewaarde insluit; Kraft, 1994:69) asook verhoudings (Kraft, 1994:69) wat hanteer moet word aangesien die vergifnis van 'n oortreder in beide gevalle groei bevorder (vgl. Kraft, 1994:159).

6.6.3.4 Uitbeelding van die traumatiese belewenis

Traumatiese gebeure word eerder in beelde as in woorde in die geheue van die individu gestoor. Die gevolg is dat in die terapeutiese proses logiese, rasionele en intellektuele kommunikasie in die algemeen minder effektief met getraumatiseerde persone is as tegnieke soos gebed, musiek, speltherapie, kuns, ens. (Freeman & Mathison, 2009:128) In hierdie opsig is die voorstelling van emosionele belewenisse met behulp van die *Facebook*-tegnieke ook van besondere belang aangesien dit meer visueel van aard is.

6.6.3.5 Deurlopende ondersteuning

Die beradene moet gerusgestel word dat genesing wel kan plaasvind wanneer die mens sy/haar hart op God se krag en teenwoordigheid, ongeag die impak van die gebeure, gerig hou (Richardson, 2005:12-18). Verder moet die berader deurlopende hoop gee waar die beradene moontlik moed kan verloor dat God enigsins sou kon help of genees (Collins 2008:32; vgl. ook Ps 113:7-8).

6.6.4 SESSIE 7-8: Herstel van distorsies

6.6.4.1 Deurlopende eksternalisering

Die vrae wat tydens die vorige sessies, na aanleiding van die *Facebook*-profiel, gevra is, het waarskynlik tot eksternalisering, selfbewuswording en groei (geestelik en psigies) gelei.

6.6.4.2 Geïdentifiseerde destruktiewe gedagtepatrone

In die begeleiding van die getraumatiseerde en emosioneel verwonde jongmens is die oogmerk deurgaans dat destruktiewe gedagtepatrone met Skriftuurlike waarhede vervang sal word wat gedragspatrone sal verander, groei bewerkstellig en funksionering bevorder (5.5.3).

Tydens enige van die sessies kan die kognitiewe distorsies wat na vore mag kom, uitgewys, bespreek en verder ondersoek word indien nodig – dit sou telkens ook met Skriftuurlike waarhede vervang kan word (vgl. ook Clinton *et al.*, 2005:1781). Die proses van vervanging van hierdie distorsies sal beslis meer effektief wees nadat alle onverwerkte trauma en emosionele verwonding en die gevolge daarvan eers tydens sessies 3-6 in diepte deurgewerk is.

Dit word ook aanbeveel dat die berader deurgaans notas van aspekte maak wat blyk verdere aandag en ondersoek tydens latere sessies benodig.

6.6.4.3 Die individu se waarde by God

As deel van die pastorale model gaan dit vir die berader belangrik wees om deurgaans op die uitkyk te wees vir die mate, al dan nie, waarin die beradene sy/haar identiteit in Christus kon vind. Hierdie aspek is belangrik aangesien emosionele verwonding en trauma in die algemeen 'n vernietigende effek op persone se selfbeeld en eiewaarde asook op hul verhoudings en gedrag het. Waar sodanige leuens met betrekking tot hul identiteit geïdentifiseer word, sal dit ook tydens die gebedsessie hanteer moet word (Sessie 10). Die beradene sal hom/haar daarvan moet distansieer en hulself ten volle met 'n toepaslike waarheid uit

die Woord, wat hierdie spesifieke onwaarhede met betrekking tot hul identiteit kan vervang, moet identifiseer. Hier kan die inhoud van **Bylae A** en **B** weer handig toegepas word (Littauer, 1996:176; 113; 121; vgl. ook McDonald, 1995:208).

Rondom hierdie kwessie moet beradenes ook tot die besef van hul unieke waarde by God (Joh 1:12) begelei word. Hulle moet ook insig ten opsigte van die rol hiervan binne verhoudings verkry, aangesien trauma en emosionele verwonding hierdie areas grootliks beïnvloed.

Denke rakende die individu se waarde word in besonder ook negatief beïnvloed wanneer hy/sy seksuele trauma ervaar het. In hierdie opsig moet die foutiewe denke herstel word deur aan die individue hul besondere waarde as mens in God se oë te verduidelik. Dit kan byvoorbeeld weer aan die hand van die inhoud van **Bylae A** en **B** geskied, asook by wyse van 'n kort samevatting van die boodskap van Ps 113:7-8. Wanneer God genees kan Hy hierdie persoon uiteindelik tot 'n posisie verhoef bo dit wat hy/sy hulself tans mag voorstel verhef (langs prinse te laat sit, 4.5).

As gevolg van bovermelde oorsake is die gevolg dikwels dat die Godsbeeld van die emosioneel verwonde persoon negatief aangetas is. Richo (2008:207) beskryf hierdie proses in die mens se onderbewuste, treffend op die volgende wyse:

God is 'Our Father,' we are likely to transfer onto our image of Him the traits of our own father or of the father we wish we had had. When powerful father figures come along, we might see their hand as a divine hand, and do obeisance accordingly.

Hul persepsies omtrent God se ware karakter moet vervolgens ook deur middel van Skriftuurlike waarhede gekorrigeer word.

6.6.4.4 Die Heilige Gees begelei die verandering

Die beradene moet begelei word om die Heilige gees in die proses van gedagteverandering te vertrou wat weer tot verandering van emosionele belewenis kan lei (5.5.3).

6.6.4.5 Die individu se verhoudings

Die foutiewe denke rakende die individu se verhoudings word ook met Skriftuurlike waarhede omtrent die beradene se unieke waarde by God vervang en ook die verwagting van hoe die individu binne verhoudings behoort te funksioneer (4.3; 4.4).

6.6.4.6 Distorsies van die emosioneel verwonde jongmense

In hfst. 4 van hierdie studie is eksegetiese met betrekking tot die volgende Skrifgedeeltes gedoen:

- Psalm 113:7-8
- Johannes 1:12
- Galasiërs 5:22-23

In die tabel wat volg (tabel 6.3) word aan die linkerkant 'n lys van tipiese negatiewe en soms siniese opmerkings en uitsprake van emosioneel verwonde en getraumatiseerde jongmense aangetoon (gebaseer op die gevallestudies in hfst. 2). Aan die regterkant van die tabel word die resultate van die eksegetiese van die drie gekose passasies in 'n kompakte wyse weergegee. **Bylaag F** word aan beradenes gegee om tuis te voltooi. Op hierdie vorm kan die beradene hul eie foutiewe gedagtes wat geïdentifiseer is, neerskryf – dit kan gedagtes wees rakende hulself, hul verhoudings en dit wat die moontlike uitvloeisel op hulle eie verwonding of trauma is. Hierdie gedagtes van die beradene word in die kolom aan die linkerkant geskryf. In die kolom aan die regterkant is die Skriftuurlike waarhede rakende hierdie komponente waarna die beradene telkens kan terugverwys (vgl. ook hfst. 4). Die individu sou ook gedeeltes hiervan kon uitknip en op sy/haar tydlyn plak.

In die gesprek met beradenes sal hierdie tabel sinvol gebruik kan word omdat heelparty van die negatiewe opmerkings aan die linkerkant tipies van emosioneel verwonde en getraumatiseerde persone is, terwyl die uitsprake aan die regterkant uiters aktueel en juis op sulke persone se noodkrete en versugtinge van toepassing is.

<ul style="list-style-type: none"> - Almal verwerp my, hoekom sou God my aanvaar? - Dit wat gebeur het, is te erg om te vergeet, ek sal altyd stukkend wees. - Liefde maak seer. - Ek is skuldig en gemerk, niks sal my kan skoon maak nie. - God sal nie verstaan nie. - Ek is hier om almal gelukkig te hou. - Ek is net nog iemand. - Ek is alleenlik hier vir ander se genot en as ek dit nie is nie, wie is ek dan? - Wat ek dink en voel, maak nie saak nie 	<p>Psalm 113:7-8</p>	<p>Hierdie twee verse in Ps 113 gee die versekering dat God vir Sy kinders omgee, maak nie saak wat hulle omstandighede is nie. Deur Sy genade en liefde, kan Hy die individu vanaf die ashoop af ophelp (4.5).</p>
<ul style="list-style-type: none"> - Ek kan nie my oordeel vertrou nie. - Hoekom is ek hier? - Om 'n kind van iemand te wees hou gevaar in. 	<p>Joh 1:12</p>	<p>Hierdie vers in Joh 1:12 gee die belofte aan almal wie Hom ontvang en in Hom glo, dat hulle Sy kinders deur aanneming word. Die geloof behels vervolgens om volkome op Hom te vertrou. Hy gee die reg vir die wat Hom ontvang om Sy kinders te wees (4.3).</p>

<ul style="list-style-type: none"> - Verhoudings gaan oor beheer. - Mense kan nie vertrou word nie. - Mense gaan my misbruik. - Ek sal nooit kan vergewe nie, so daar sal nooit weer liefde in hierdie verhouding kan wees nie. - Almal naby aan my het so opgetree, en dit is al wat ek ken. - Met aggressie kan ek my verhoudings beheer en ander op 'n afstand hou. - Ek moet myself ten alle tye beskerm 	<p>Gal 5:22-23</p>	<p>Die mens kan in verhoudings die vrug van die Gees dra weens die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Die mens vind innerlike vrede deur die Heilige Gees se teenwoordigheid en ook deur een te wees met Christus (4.3).</p>
---	-------------------------------	---

6.6.4.7 Herraming en groei

Na aanleiding van die kognisies wat herstel word asook herraming (Zimmerman & Beaudoin, 2002:32) van traumatiese gebeure en selfbewuswording wat plaasvind, vind psigiese en geestelike groei gewoonlik plaas en dit lei weer tot 'n verbetering ten opsigte van die individu se vlak van algemene funksionering (5.3.5).

6.6.5 SESSIE 9: Begeleiding rondom vergifnis

Daar word soms 'n probleem, soos kognitiewe distorsies of moontlike trauma, rakende die beradene deur middel van foto's, *posts* of uitbeeldings op die tydlyn tydens gesprekvoering en vraestelling uitgewys. Met behulp van die tydlyn en die vraestelling gedurende die vorige sessies, word punte van moontlike vergifnis wat moet plaasvind, geïdentifiseer. Die beradene kan aandui of hy/sy gereed voel om hierdie stap te neem. Die volgende aspekte kanas riglyne met betrekking tot berading rondom die aspek van vergifnis uitgestippel word (vgl. West, 2001:421; Coetzer & Snell, 2012:10):

- Die proses van vergifnis word aan die individu verduidelik. Maak die beradene onder andere van die gesondheidsvoordele wat dit inhou bewus. Verder moet

die beradene besef dat onvergewensgesindheid dikwels tot beperkte emosionele en geestelike groei asook problematiese verhoudings kan lei wat hulle algemene funksionering kan belemmer (vgl. Worthington, 2003:24).

- Gebruik vergifnis uiters sensitief sodat dit voordelig vir die individu is.
- Dit is in die algemeen 'n proses wat tyd neem.
- Die tydsberekening van die bespreking van hierdie tema tydens berading is baie belangrik.
- Aspekte soos weersin, woede, seer en vrees moet eers deeglik hanteer wees voordat vergifnis kan plaasvind.
- Vergifnis beteken nie dat daar noodwendig weer vrede tussen die betrokke partye is nie, maar dit kan wel daartoe lei.
- Empatie is soms van groot waarde met betrekking tot die uiteindelijke realisering van vergifnis.

6.6.5.1 Vergifnis neem tyd

Aangesien die individu in die proses van berading gereeld deur verliese moet werk, vereis dit die vermoë om te kan vergewe aangesien dit met betrekking tot talle verliese, 'n groot deel van die helingsproses impliseer (Richo, 2008:106). Om aan die ander kant die individu te probeer forseer om te vergewe of om dit te vroeg te ver wag, kan weer geweldig teenproduktief wees. Die berader moet gevolglik 'n fyn onderskeidingsvermoë met betrekking tot die regte tyd vir hierdie proses hê om 'n aanvang te neem. Daar kan dus heelwat tyd in berading verloop voordat die beradene vir hierdie stap gereed sal wees (West, 2001:421).

6.6.5.2 Vergifnis en die Heilige Gees

Die proses van vergifnis vind onder leiding van die Heilige Gees en in diepe gebedsafhanklikheid van God plaas (vgl. Kraft, 1994:82). Slegs ware vergifnis sal die individu se psigiese en geestelike groei weer stimuleer (Draper, 1996:199) en hom/haar van negatiewe opgehoopte emosies vrymaak.

Die Gees stel ons in staat om ander se gevoelens in ag te neem, nederig te bly en nie maklik kwaad te raak nie. (Gal 5:23; vgl. samevattende betekenis uit verskillende vertalings van Gal 5:23 in hfst. 4).

6.6.5.3 Vergifnis vind stap-vir-stap plaas

Vergifnis is gewoonlik iets wat stap-vir-stap hanteer moet word (Jantz & McMurray, 2013:253). Die beradene moet enige bitterheid of haat wat sy/hy teenoor die oortreder ervaar erken. Erkenning en verbalisering is nodig voordat die individu afstand van die gevoelens sal kan doen.

They all need to be owned before they can be disowned. Until pain is embraced it can't be given away (Seamands, 1995:135).

Wanneer vergifnis plaasvind, kan moontlike kognitiewe distorsies wat manifesteer en aan vorige bewuste en onbewuste onvergewensgesindhede gekoppel is, bespreek word en deur middel van herraming en deur foutiewe distorsies te identifiseer reggestel word (Beck & Alford, 2009:207).

6.6.5.4 Self-vergifnis

Dit kan ook gebeur dat die beradene met 'n onvergewensgesindheid teenoor hom/haarself, veral ten opsigte van seksuele trauma, worstel (Kraft, 1994:151-152; Kauppila, 2006:19; Worthington, 2013:4). Volgens Coyle en Enright (1997:1042) bevestig navorsing dat persone wat in die algemeen bereid is om ander en ook hulself te vergewe, 'n goeie eiewaarde asook 'n gesonde immuunstelsel het. Daarteenoor blyk dit dat diegene wat dit moeilik vind om te vergewe, in besonder ook hulself, dikwels met aspekte soos depressie en angs worstel.

Worthington (2003:226) maak in hierdie verband die volgende stelling:

My acts and motives were not consistent with my self-image. Forgiving myself for tarnishing my self-image is difficult. How can I do that? Self- acceptance.

Almal is gelyk by God en kan vergifnis ontvang, insluitend die self.

Yet as Christians, we know that all people are created in the image of God, and all are redeemable. Jesus died for all people (Worthington, 2003:86).

Dit is goed om die individu tot die besef te begelei dat God hom/haar reeds vergewe het en hulle onvoorwaardelik liefhet (Callan Harland, 2012:28). Die individu se funksionering en algemene gesondheid kan grootliks negatief geaffekteer word wanneer daar geen self-liefde of self-vergifnis is nie. Callan Harland (2012:28) beskryf hierdie probleem soos volg:

The point is, if you didn't find ways of forgiving yourself, your ego will demand punishment for what you have done and feel guilty about. That will increase your risk of poor physical and mental health.

Dit is gevolglik belangrik om die beradene in die aanvaarding van God se vergifnis vir hom/haar te begelei – vervolgens sal hierdie persoon ook daartoe in staat wees om ander te vergewe (Mat 6:12). Die beradene moet ook aanvaar dat God se vergifnis volledig is (Ps 103:12). Vergifnis is verder van besondere belang ten einde enige vorm van verlies te oorbrug – in hierdie proses vind selfaanvaarding en verhoogte eiewaarde gewoonlik ook plaas aangesien dit integrasie bevorder (Richo, 2008:136).

6.6.5.5 Herstel van gebroke verhoudings

Die herstel van gebroke verhoudings en uiteindelijke versoening is die ideale uitkoms maar dit is nie altyd die moontlike uitkoms nie. Indien versoening nie haalbaar sou wees nie, sal die verhouding noodwendigerwys ten opsigte van

sekere verwagtinge herdefinieer moet word – dit sal uiteraard die kanse op teleurstelling verminder. Om die verhouding te herdefinieer behels om ander verwagtinge as voorheen vir die verhouding te stel (Kauppila, 2006:1; Wright, 2006:44).

Hulle het 'n ingesteldheid om goed te doen en vrygewig te wees teenoor ander omdat hulle oortuig is dat hulle op heilige grond beweeg in hul verhouding met hul naaste – daarom is hulle harte en hande ook oop (vgl. samevattende betekenis uit verskillende vertalings van Gal 5:23 in hfst. 4).

Wanneer daar emosionele verwonding of trauma plaasgevind het, moet die gebroke verhoudings, met ander en met God, herstel word. Draper (1996:199) beskryf hierdie gebrokenheid van verlies aan vertrouwe ten opsigte van 'n kind wat emosioneel verwond is – dit sou egter op persone van enige ouderdom toegepas kan word:

A major trust has been broken, and severe damage has been inflicted on an innocent child. A vital relationship has been shattered. The pieces will not be put together that easily. Shattered trust takes time to heal.

6.6.5.6 Hantering van skuldgevoelens

Volgens Worthington (2003:91) is jongmense in 'n groter mate as volwassenes geneig om met destruktiewe emosies weens onopgeloste skuldgevoelens te reageer. Daar is soms dele van die self wat die individu as gevolg van skaamte en skuldgevoelens miskyk of onderdruk. Dit veroorsaak dat hierdie persoon meer opstandig in verhoudings, met beperkinge leef en hulself van ander weerhou. Wanneer die mens nie hom/haarself is nie, gaan die oorspronklike weergawe van die self ook nooit na vore kom nie. Skaamte wat nie opgelos word nie beperk gevolglik ook spirituele groei (Bradshaw, 2005:4522). Worthington (2003:15) verwoord iets van hierdie problematiek soos volg:

God was kind to forgive. But would I confess? Sensing our own guilt can shame us. When we are ashamed, our natural reaction is to hide our sins.

Die beradene moet afstand van onnodige skuldgevoelens en selfverwyte doen om sodoende heelheid te bereik. Daarom moet hierdie persoon ook in die proses van selfbewuswording begelei word, om sodoende te sien waar hulle moontlik kon oortree het en waarvoor om vergifnis te vra (5.8.2.3; vgl. ook Kauppila, 2006:19). Die individu kan vervolgens ook die sekerheid hê dat hy/sy volkome vergewe is (1 Joh 1:9) en afstand van die verlede doen (Fil 3:13-14).

Wanneer die individu se sonde en skuld bely en afgelê is, kan hy/sy soveel beter in verhoudings funksioneer. Dit hou met die feit verband dat daar nie meer skaamte gevoelens in die onderbewuste is nie en die betrokke persoon het ook 'n duidelike besef van sy/ haar identiteit ten spyte van die gebeure van die verlede (4.3).

Wanneer die self weer heeltemal aanvaar word, kan die self weer vooruitgaan. Twombly (1998:147) verwoord hierdie hele kwessie treffend soos volg:

What happened to you in the past is not as important as what you do about what has happened to you. Do you allow the hurtful events to destroy you, or do you allow an Almighty God to help you make sense out of things? Do you allow the walls you have built out of necessity destroy your ability to love the Lord and the people closest to you? Do you believe that God is reaching out to you today to reveal to you a higher plan for your life, a plan you did not realize existed? Can you grasp the idea that just because you suffered greatly at some point in your life, your life is not over?

Worthington (2003:149) beveel aan dat die individu 'n simboliese aktiwiteit doen enersyds om hom/haar aan die vergifnis te herinner en andersyds om nie weer

onvergewensgesind teenoor die oortreder en die self te wees nie. In hierdie verband sal daar byvoorbeeld 'voor' en 'na' oefeninge op die profiel gedoen kan word wat die effekte ten opsigte van verhoudings en identiteit aandui.

Teen hierdie agtergrond kan daar op die *Facebook*-profiel/tydlyn van die beradene wat met aspekte soos bovermelde worstel en finaal afsluiting verkry het, 'n aktiwiteit gedoen word wat simboliese betekenis sou kon hê. Daar kan byvoorbeeld iets op sy/haar tydlyn geskryf word of 'n koevertjie (soos 'n *Message post* op *Facebook*) kan gebruik word om iets voor te stel wat afgesluit en afgehandel is (2.14). Die individu kan ook 'n *post* skryf om dit op die tydlyn te wys/bevestig. Voor dit kan daar ook 'n visualiserings- oefening gedoen word waar die emosionele belewenis as deel van eksternalisering uitgebeeld word.

6.6.6 SESSIE 10: Gebedssessie

Gebed is 'n uiters waardevolle faset van die genesingsproses en die berader kan die beradene in hierdie opsig sinvol begelei, uiteraard in totale afhanklikheid van die Heilige Gees wat by geleentheid inligting van lank gelede na vore kan bring en self ook die genesing van emosionele verwonding kan bewerkstellig (Kraft, 1994:96; 5.9.4.6). Gebed vervul in die algemeen ook 'n groot kalmerende rol met betrekking tot beradenes se angstigtheid tydens beradingsessies, wat weer die beantwoording van vrae vergemaklik.

6.6.6.1 Gebed en trauma

In hfst. 2 (2.14) van hierdie studie is op die potensiaal van gebed met betrekking tot trauma en emosionele verwonding uitgebrei. Daar is ook verwys na die spesifieke punt in die terapeutiese proses waar gebed gewoonlik die beste inpas en ook die belangrikheid van die inleidende gebed waar op die leiding en insig van die Heilige Gees, wat die sessie as geheel betref, gefokus word (Richardson, 2005:229; 5.7.5.2; 5.9.4.6). Insidente van trauma en emosionele verwonding kon tydens die kinderjare plaas-gevind het en daarom kan van die inligting verborge wees of te oorweldigend om te onthou of te verwoord. Hierdie insidente kan 'n groot

en negatiewe rol in die individu se identiteit en huidige verhoudings speel. In gebed kan Jesus Christus gevolglik gevra word om die negatiewe impak van hierdie gebeure te genees en dit wat moontlik nog verskuil mag lê, ook na die oppervlakte te bring sodat daar volle genesing kan plaasvind (Littauer, 1996:134-143; 5.7.5.2).

Die belangrikheid van die identifisering van alle moontlike onwaarhede wat aan trauma en/of emosionele verwonding van die verlede gekoppel is, is ook reeds beklemtoon (5.9; 5.9.2; Langberg 2003:77).

6.6.6.2 Herbelewing van die trauma met behulp van gebed

Verwerking van die trauma en emosionele verwonding realiseer nie slegs deur woorde en die vertelling van die gebeure nie, maar ook deur die herbelewing van die oorspronklike beelde van trauma en verwonding, tesame met gebed om heling (Richardson, 2005:151). Nadat inligting met betrekking tot enige onverwerkte trauma en emosionele verwonding bekend gemaak is en die detail en alle betrokke emosies en herinneringe daarvan duidelik is, word daar stap vir stap deur hierdie ervaring met behulp van gebed gewerk. Dit impliseer dat daar deur die bewoording van die gebed op die spesifieke tyd, ruimte en omstandighede en ook op alle betrokkenes wat aan die spesifieke gebeure gekoppel is, gefokus word (Richardson, 2005:151; Kraft, 1994:193- 195). Wat hierdie benadering volgens Seamands (1995:125; vgl. ook 5.9.4.6) so kragtig maak, is die feit dat die individu die trauma kan herleef, maar hierdie keer in Jesus Christus se teenwoordigheid (vgl. ook Richardson, 2005:157-160). Die Heilige Gees word gevra om met die verwonde en getraumatiseerde in tyd terug te beweeg ten einde enersyds weer al die detail en al die emosies te kan herleef, maar andersyds die heling en bevrydende aanraking van Jesus Christus ook te kan beleef. Jesus Christus se teenwoordigheid tydens die insident lei gewoonlik daartoe dat 'n geestelike en emosionele genesingsproses plaasvind. Die genesingsproses vind ook plaas met betrekking tot die verhouding tussen die beradene en die individue wat oorspronklik by die traumatiese insident betrokke was (Richardson, 2005:157-160).

6.6.6.3 Die uitkansellering van die effek van die trauma met behulp van gebed

Littauer (1996:108) wys op heelparty individue met wie hy berading gedoen het wat tydens die gebedsessie in hul geestesoog Jesus Christus se teenwoordigheid ervaar het wanneer daar met betrekking tot 'n sekere situasie van trauma en pyn, byvoorbeeld gedurende hul kinderjare, gebed is. Die resultate van sulke ervarings het gewissel, maar vir 'n groot aantal van hierdie persone het dit onder andere tot gevolg gehad dat die vroeëre negatiewe gevolge, emosies en herinneringe rakende die oorspronklike insident, geheel en al op die agtergrond geskuif het.

Tydens so gebedsessie is dit belangrik dat daar kort-kort gesprekvoering tussen die beradene en die berader sal plaasvind. Dit stel die berader in staat om te kan evalueer of daar moontlik nog sekere aspekte is waar die beradene emosioneel en/of geestelik vassteek en of daar moontlik verdere leiding gegee moet word.

Soms kan dit byvoorbeeld met 'n gebed om vergifnis wat gebed moet word verband hou of 'n belydenis wat gedoen moet word – daarna kan die proses weer vloei (Kraft, 1994:152).

6.6.6.4 Gebed en vergifnis

Dit kan gebeur dat 'n spesifieke beradene 'n behoefte toon vir 'n gebed waarin vergifnis met betrekking tot 'n spesifieke oortreder of oortreders uitgespreek word (Seamands, 1995:141; 2004:14). Aanleidend tot so gebed is dit sinvol om tydens die vooraf gesprek eers volledig deur die verloop van gebeure, wat aanleiding tot die insident van verontregting gegee het, te werk. Met al die detail bekend, wat alle herinneringe en emosies tydens die oorspronklike gebeure insluit, kan daar vervolgens tot gebed oorgegaan word.

Alle negatiewe emosies en gedagtes wat aan hierdie gebeure gekoppel is, moet deur die beradene voor Jesus Christus bely word. Die oortreder moet ook aan God se sorg toevertrou word. Soms is selfvergifnis ook nodig en in hierdie opsig sal die berader heel waarskynlik die beradene moet begelei. Skuld moet ook bely word indien

daar op watter wyse ook al tydens die proses van verontregting deur die beradene self gesondig is. Sondebelydenis is 'n belangrike voorwaarde tot genesing van emosionele verwonding en uiteindelik vryheid in Christus (Collins, 2008:98). Dit is ook noodsaaklik vir die herstel van verhoudings van die verlede asook vir die toekoms (Kraft, 1994:17-18; 147-148).

Draper (1996:188) verwoord iets van die kragtige langtermyn impak van onverwerkte trauma soos volg:

The severe betrayal of trust that takes place during childhood sexual abuse leaves the child survivor confused about relationships long into adulthood.

Sou daar egter die nodige begeleiding tot vergifnis en heling plaasgevind het, sal die individu steeds die feite van die gebeure onthou, maar dit behoort nie meer sy/haar funksionering binne verhoudings te affekteer nie. Die beradene ervaar vervolgens 'n herbevestiging van God se liefde en beplanning vir sy/haar lewe asook ware groei (Draper, 1996:44,66,194). Trollinger (2007:39) beskryf vergifnis heel gepas as 'n geestelike smeermiddel vir emosionele wonde.

6.6.7 Worthington se 'REACH'-model

Die 'REACH'-model is 'n vergifnismodel wat deur Worthington (2003:73-74) ontwerp is. Elke letter in 'REACH' dui 'n fase van die genesingsproses aan.

Die verskillende fases is die volgende:

Recall – Die seer en pyn word herroep

Empathy – Empatie

Altruism – Die gawe van onbaatsugtigheid

Commit publicly – Openlike verbinding

Hold on to forgiveness – Hou vas aan die vergifnis

Die uiteensetting van hierdie fases is soos volg:

Volgens Worthington (2003:41) is daar twee tipes ervarings van individuele vergifnis. Die een tipe is wanneer die individu 'n rasonale keuse maak om te vergewe, terwyl die tweede tipe gaan om 'n emosionele belewenis rondom vergifnis (Worthington 2006:33). Keuse-makende vergifnis verwys na 'n intellektuele keuse wat impliseer dat die persoon sy/haar gedrag verander, en dit hou meestal verband met die individu se etiese verwysingsraamwerk. Emosionele vergifnis daarenteen is baie dieper en meer intens aangesien positiewe emosies (empatie, simpatie, liefde) die negatiewe en onvergewensgesinde emosies vervang. Volgens Worthington (2003:41) is dit gevolglik belangrik om aan die beradene hierdie twee soorte vergifnis te verduidelik.

*Die seer en pyn word herroep (**Recall**)*

Nadat 'n individu pyn ervaar het, probeer hy/sy hulself later teen moontlike verdere pyn deur ontkenning beskerm. Die beradene moet in die proses ondersteun word om die herinneringe objektief te herroep. Die gebeurtenis moet in soveel moontlik detail herroep word en die emosioneel verwonde individu moet die negatiewe ervaring beskryf. Die aanvanklike emosionele belewenis en die individu se hantering daarvan moet ondersoek word. Die individu moet vervolgens begelei word om die moontlike gaping tussen die huidige uitkoms en die gewenste uitkoms ten opsigte van die hantering van die oortreding teenoor hom/haar raak te sien. Worthington (2003:37) verwys hierna as die '*injustice gap*'.

<p><i>Empatie (Empathy)</i></p>	<p>In die proses van vergifnis moet negatiewe emosies wat deur die slagoffer teenoor die oortreder ervaar word vervolgens vervang word. Indien die slagoffer hierin kan slaag behoort daar gaandeweg 'n afplatting van gevoelens van onvergewensgesindheid plaas te vind. Met verloop van tyd sal daar ook meer positiewe gevoelens teenoor die oortreder geopenbaar kan word. Met empatie word daar bedoel dat die slagoffer ook begrip vir die verhaal en omstandighede van die oortreder verkry het. Die slagoffer kan ook tot simpatie en liefde ("<i>agape</i>") in die langtermyn teenoor die oortreder gelei word (Matt 5:44; Luk 6:27-28). Die berader moet hierdie liefde se kenmerke aan die beradene verduidelik.</p>
<p><i>Die gawe van onbaatsugtigheid (Altruism)</i></p>	<p>Die individu gaan oor tot die daad van vergifnis aangesien hy/sy self in skuld voor God staan.</p>

<p><i>Openlike verbinding (Commit publicly)</i></p>	<p>Die daad van vergifnis ten opsigte van die oortreder moet ook aan ander mense bekend gemaak word – dit sal steeds as 'n herinnering vir die beradene dien. Simboliese aktiwiteite wat aan die daad van vergifnis gekoppel is, kan ook uitgevoer word (Worthington 2003:137-138) soos byvoorbeeld om 'n kruis te teken.</p>
<p><i>Hou vas aan die vergifnis (Hold on to forgiveness)</i></p>	<p>Die beradene moet probeer om positiewe gedagtes met betrekking tot die oortreder te dink aangesien die beradene met tye selfs kan twyfel of die vergifnis wel plaasgevind het. Die slagoffer moet dus daaraan vashou dat vergifnis werklik plaasgevind het. Worthington (2003:149) stel voor dat die beradene nie op negatiewe emosies fokus nie en hulself deurlopend daaraan herinner dat vergifnis wel gegee is. Aantekeninge en/of simboliese uitbeeldings kan die beradene ook daar-aan herinner dat vergifnis inderdaad gegee is.</p>

6.6.7 SESSIE 11: HERSIENING EN BEVORDERING VAN TOEKOMSTIGE FUNKSIONERING

Daar word deurlopend tydens die beradingsproses op kognitiewe distorsies gelet. Die berader maak in hierdie verband deurlopend notas van distorsies wat waargeneem word of gedragsspatrone wat die individu se identiteit en funksionering binne verhoudings belemmer. In hierdie sessie word daar spesifiek aandag aan hierdie aspekte geskenk. Tesame hiermee word daar ook op 'n samevattende wyse na die addisionele gevolge van die trauma van die verlede en ook die proses van vergifnis, aan die hand van die volgende punte, gelet (sou van hierdie aspekte reeds tydens sommige van die vorige sessie hanteer gewees het, kan dit net opsommenderwys weer kortliks beklemtoon word sodat die beradene dit ter wille van voorkoming van dieselfde distorsies in gedagte kan hou):

6.6.7.2 Emosionele intelligensie

Die regulering van emosies speel 'n uiters belangrike rol in die proses van vergifnis by adolessente (Christensen, Padilla-Walker, Busby, Hardy & Day, 2011:904). Vanuit die bespreking van sessie 9 het die belangrike rol wat vergifnis in die beradingsproses vervul ook na vore gekom. Om gedagtes en gevoelens te kan onderskei is 'n teken van emosionele intelligensie (Bradshaw, 1996:1226) en die beradene moet hiermee gehelp word. Hulp en begeleiding is gewoonlik ook nodig met betrekking tot die gevolge van gedrag binne die konteks van verhoudings waar die adolessent nie daarin geslaag het om 'n duidelike onderskeid tussen gedagtes en gevoelens te tref nie. Beradene moet verder ook weet dat al sou die oorsaak van problematiese funksionering na die ouers terug herlei kan word (Jants & McMurray, 2009:137; Collins, 2008:171; Wright, 2001:387) dit steeds sy/haar eie keuse is hoe om tans op te tree en watter besluite om te neem. Selfhandhawing is gevolglik 'n belangrike vaardigheid om aan te leer en deur berading kan die adolessent voorberei word ten opsigte van sekere versoekings wat hulle op hul toekomstige pad mag teëkom (Collins, 2008:197).

6.6.7.3 Die aanleer van vaardighede

Die aanleer van vaardighede en bestuur van probleme speel 'n uiters belangrike rol in berading (vgl. Collins, 2008:374; Clinton *et al.*, 2005:595). 'n Gesonde sin van identiteit, 'n algemene ondersteuningsraamwerk en ook die oortuiging dat 'n hoër hand in beheer is, verhoog in die algemeen hanteringsvaardighede (Compton & Hoffman, 2012:230).

Vaardighede word dikwels ook na aanleiding van erge trauma (soos byvoorbeeld seksuele trauma) wat 'n individu ervaar het, aangeleer. Hierdie vaardighede is nie noodwendig altyd in die langtermyn goed vir die individu nie (Langberg, 2003:66). Die berader kan sekere vaardighede uitwys wat die individu tot dusver as 'n wyse van '*coping*' gebruik het. Saam met die beradene kan ondersoek ingestel word of hierdie hanteringsvaardigheid tans wel steeds van toepassing en bruikbaar is. Daar kan in sekere situasies tot die gevolgtrekking gekom word dat nuwe vaardighede aangeleer moet word wat moontlik meer toepaslik kan wees.

6.6.7.4 Toekomsdoelwitte

God verdien die beste van die mens en daarom is dit van groot belang om die self te ontdek (Warren, 2004:219). Om die self te ontdek behels om die gawes en talente asook die individu se persoonlikheid en ervarings van die verlede te evalueer (Warren, 2004:222) soos in hierdie model deur selfbewuswording voorgestel word. Binne hierdie selfde konteks lê Clinton *et al.* (2005:961) besondere klem op doelwitstelling. Daar kan byvoorbeeld heelwat inligting rakende hierdie aspek verkry word deur die beradene se toevoegings tot sy/haar *Facebook* profiel in terme van keuse van boeke, films, foto's, slagspreuke, *posts*, ens.

6.6.7.5 Kommunikasie en self-handhawing (*assertiveness*)

Die korrekte manier van kommunikasie sluit volgens Jantz en McMurray (2013:277) aspekte soos die volgende in en die beradene moet daarmee gehelp word:

- Benader ander met openheid, warmte, egtheid en eerlikheid.
- Wees op probleemoplossing gefokus.
- Wees van die emosionele beleving bewus maar moenie dat dit die manier van oordrag beïnvloed nie sodat die boodskap korrek oorgedra kan word.
- Wees daarvan bewus dat almal inligting verskillend prosesseeer.
- Onthou dat binne verhoudings elkeen geregtig op sy/haar eie opinie is en dat dit gerespekteer moet word.
- Maak seker dat die motivering om betrokke in kommunikasie te raak daarop gemik is om die verhouding te bou en ander met aanvaarding te benader.

6.6.8 SESSIE 12: Ouerleiding

Voor 'n ouerleiding sessie kan plaasvind moet die berader die beradene aangaande die oogmerke daarmee inlig asook 'n ooreenkoms ten opsigte van die tipe inligting wat gedeel sal word verkry. Die ernstigheid van die behoefte en nood bepaal wanneer ouerleiding sal plaasvind – dit sal waarskynlik aan die einde van die beradingsproses as geheel plaasvind, sodat inligting en voorstelle in die breë, met die oog op die toekoms, gegee kan word.

Dit sou egter ook voor die sessie van vergifnis gedoen kan word sodat meer inligting rakende hierdie belangrike aspek verkry kan word. Dit sou byvoorbeeld een van die ouers wees wat vergewe moet word en vervolgens is dit belangrik vir die berader om beter te verstaan waarom dit tot dusver so effek op die beradene gehad het. Die ouers sou ook meer agtergrondinligting ten opsigte van die aanloop tot betrokke gebeure en ook betreffende die afloop daarvan kon gee. Die berader kan ook op hierdie wyse meer te wete kom van die oortreder se gedrag. Sodanige kennis kan tot praktiese voorstelle, met betrekking tot meer sinvolle kommunikasie in die toekoms of ander aanverwante kwessies, bydra.

Teen hierdie agtergrond beskryf Bradshaw (2000:xiii) die invloed van die omgewing waar 'n individu groot geword het soos volg:

Composed of our earliest feelings, beliefs and memories, our core material formed in response to the stresses of our childhood environment. This core material is non-logical and primitive; it was the only way a magical, vulnerable, needy and boundary-less child knew how to survive.

Die gesin is die plek waar iemand geborgenheid soek om sodoende identiteit en uiteindelik gesonde volwassenheid te kan ontwikkel. Binne hierdie intimiteitsruimte kan basiese vaardighede geleer word om volwassenheid as lewenskuns aan te leer (Louw, 2005:65).

... [D]warsdeur die ontwikkelingsfases van die kind se lewe, is bepaalde rolmodelle nodig om die ontwikkelende kind van norme en waardes bewus te maak, asook om die kind te begelei tot die internalisering daarvan, sodat verantwoordelike lewenskeuses gemaak kan word (Louw, 2005:65).

Positiewe en negatiewe boodskappe wat die individu as kind ontvang het asook boodskappe wat hy/sy as volwassene ontvang het, kan gevolglik 'n invloed op eiewaarde (Jantz & McMurray, 2013:137) en vermoë tot emosionele beheer hê (Collins, 2008:171; Wright, 2011:387; Morris, Silk, Steinberg, Myers & Robinson, 2007:361).

In die lig van bostaande is dit gevolglik belangrik vir die berader om vas te stel wie die ondersteuningsbronne tot die beradene se beskikking is – in hierdie opsig kan ouers 'n deurslaggewende rol ten opsigte van jongmense se groei vervul (Richardson, 2005:124).

Ouerleiding het gevolglik geblyk 'n belangrike deel van hierdie studie te wees (3.2.5.1; 4.4.2.6). Dit is ook van kritiese belang vir die berader om ouers op die belangrikheid van hul voorbeeld as ouers te wys asook hul korrekte hantering van die jongmens met die oog op voortdurende emosionele en geestelike groei,

gebaseer op Skriftelike beginsels (4.4). Dit is ook vir 'n jongmens belangrik om oor 'n veilige ondersteuningsraamwerk te beskik waarbinne die beradene kan funksioneer.

Jesus Christus se laaste opdrag het met dissipelskap verband gehou. Beraders en ouers kan hulself gevolglik nie van hierdie groot opdrag distansieer nie en dit bring groot verantwoordelikhede mee (4.4.2.6; Matt 28:19).

Seginger en Shoyer (2012:310) beklemtoon dat ouers 'n belangrike rol in 'n kind se toekomsdoelwitte speel en daarom sal dit ook 'n belangrike komponent tydens die oerleidingsessie met die ouers wees.

6.6.9 SESSIE 13: Afsluiting

Tydens die vorige individuele sessie (Sessie 11) word die beradene vir die terminering van die beradingsproses voorberei. Gedurende hierdie sessie kan daar samevattend na die *Facebook*-profiel gekyk word wat tydens die beradingsproses gedoen is en ook deur die profiel/tydlyn, wat tot op hede saamgestel is, terug geblaaï word. Die berader kan aan die beradene uitwys waar groei plaasgevind het en ook dat dit harde werk gekos het. Die beradene moet vervolgens ook erkenning aan hom/haarself vir die harde werk gee wat dit gekos het.

Die beradene moet verder op die nuwe verantwoordelikhede wat na die beradingsproses wag gewys word. As deel van die afsluitingsproses kan die volgende, soortgelyk aan die riglyne voor ontslag uit 'n psigiatrisse eenheid, in ag geneem word (Schultz & Videbeck, 2009:49):

- Verwys na die faktore in sy/haar lewe wat tot die behoefte of nood aan behandeling, in terme van lewensomstandighede, verhoudings en onvoldoende hanterings- vaardighede, bygedra het.
- Vra die beradene om sy/haar ware gevoelens rakende die staking van die berading te openbaar.

- Bespreek hoe die beradene bydraende faktore tot die oorspronklike probleem nou sien – wat en hoe sal dit voortaan anders wees. In hierdie verband kan die beradene byvoorbeeld iets simbolies op die profiel/tydlyn doen soos byvoorbeeld die aanbring van 'n simbool, slagspreuk, nuwe doelwitte uitspel of enige positiewe aspek uitbeeld.
- Wees ondersteunend wanneer die beradene begin praat oor hoe die funksionering na die berading sal wees en wanneer daar nie meer opvolgessies sal wees nie.
- Bemoedig die beradene om te besef dat wanneer hy/sy verder onafhanklik van jou as berader gaan funksioneer, dit 'n stap van groei impliseer en dat die beëindiging van die berading in hierdie opsig ook positief is. Die beradene moet dit gevolglik nie as verwerping ervaar nie.
- Verder moet daar ook oor geantisipeerde probleme, soos byvoorbeeld die hantering van situasies en verhoudings sonder die rugsteun van gereelde opvolgessies met 'n berader, gesels word.
- Fokus die beradene se aandag ook op die moontlikheid van negatiewe invloede van buite in die toekoms en hoe om dit te hanteer.
- Bespreek saam met die beradene die ervaring van verlies weens die afsluiting van die beradingsproses en dat die terminering daarvan juis ook die begin van 'n nuwe groeiseisoen impliseer.
- Die beradene sou die terugkeer van ou simptome kon vrees en die berader kan in hierdie verband die aandag op die krag van gebed en die permanente teenwoordigheid en belofte van ondersteuning deur die Heilige Gees vestig.
- Die uiteindelijke doelwit is optimale onafhanklikheid van die beradene. In die proses moet die berader professionaliteit behou en ook op 'n nugtere wyse moontlike eie gevoelens van verlies en ongemak, as gevolg van terminering van die verhouding, evalueer.

Genesing en groei het plaasgevind wanneer die emosionele reaksie en effekte op sekere vorige 'snellers' nie meer so hewig en intensief is dat dit die individu se funksionering ernstig belemmer nie.

Die berader kan die Skriftuurlike waarhede rakende die identiteit en verhoudings van die mens, asook sy/haar waarde by God deurlopend beklemtoon. Ter afsluiting van die beradingsproses kan die individu ook weer iets simbolies op sy/haar tydlyn uitbeeld wat hom/haar kan motiveer en telkens aan die groei wat plaasgevind het, kan herinner. Kaduson en Schaefer (2004:100) stel voor dat enige vorm van vergelyking byvoorbeeld getref kan word ten einde die groeiproses wat plaasgevind het te beklemtoon, soos om 'n uitbeelding van 'voor' en 'na' te maak. Hierdie oefening bevorder ook integrasie. Aangesien die beradene tot dusver deurlopend interaktief saam met die berader gewerk het met behulp van die *Facebook*-aktiwiteite wat op die beradene se tydlyn of profiel uitgevoer is, sal hy/sy daarmee kan voortgaan ten spyte van die beradingsproses wat as sodanig formeel getermineer en afgehandel is. Hierdie aktiwiteite en deurlopende inskrywings op die tydlyn bevorder toekomstige eksternalisering wat opsigself verdere terapeutiese waarde het. Op hierdie wyse sal die beradene ook sy/haar eie funksionering in die toekoms kan monitor (vgl. **Bylaag G** rakende vrae wat die beradene self hiervoor kan gebruik).

Indien daar in die toekoms 'n behoefte ontstaan om wel nog op 'n sporadiese basis interaksie te hê, kan die berader steeds op 'n maandelikse of kwartaallikse basis elektronies in kontak met die beradene bly. Dit is moontlik aangesien die *Facebook*- tydlyn/profielblad per e-pos gestuur kan word en aanbevelings ten opsigte van aktiwiteite deur die berader ook *via* hierdie weg voorgestel kan word. Verdere sessies kan vervolgens ook gereël word indien nuwe inligting rakende nuwe trauma of emosionele verwonding na vore kom. Verder moet die beradene ook van God se beloftes van nabyheid en die Heilige Gees as vertrooster wat deurgaans daar sal wees verseker word.

Die belofte van herstel is helend (Draper, 1996:149) en dit word ook volgens Twombly (1998:108) as 'n belofte wat hoop bied beskryf:

Some may feel the need to be carried for a while. At times the load of life and all its responsibilities feels overwhelming. This is the time you need to be encouraged and reminded of how powerful God is.

Ter afsluiting van hierdie finale sessie word daar in gebed vir Goddelike bystand gevra wat die toekomstige suksesvolle handhawing en toepassing van al die voorgestelde nuwe lewens- en denkpattre betref. Daar word ook saam met die beradene vir die nuwe fase met nuwe verantwoordelikhede gebid asook vir die vermoë van die aanleer van nuwe vaardighede (5.7.5.2). Op hierdie punt gaan dit ten opsigte van sommige beradenes soms ook nodig wees om hulle in die proses van aanvaarding van verantwoordelikheid, met betrekking tot verskillende aspekte wat tydens die beradingsproses aan die orde gekom het, te begelei. Dieselfde geld ook wat die hanteringsvaardighede betref om die betrokke doelwitte te kan bereik (5.2.4.3).

6.7 STRATEGIES-TEORETIESE GEVOLGTREKKINGS

- Die uiteindelijke doel van pastorale berading is vir die individu om psigies en geestelik te groei ten einde as mens beter te funksioneer.
- Die vertrekpunt van pastorale berading is God wat die mens se gedagtes kan vernuwe en sy/haar lewe kan verander en die Heilige Gees wat die mens in die volle waarheid kan lei.
- Die berader volg die voorbeeld van Jesus Christus as berader, deur onvoorwaardelike aanvaarding en liefde.
- Deur die hele beradingsproses is die berader en beradene totaal van God en leiding van die Heilige Gees afhanklik.
- In hierdie studie was pastorale berading in 'n groot mate op Skriftuurlike waarhede ten opsigte van die identiteit van die gelowige in Christus Jesus, die rol van die vrug van die Gees in die lewe van die gelowige en ook die unieke waarde van die gelowige mens in God se oë – met ander woorde die feit dat God bereidwillig is om hierdie mens deur genade vanuit enige haglike situasie met liefde te help – gefokus.

- Die mens moet sy/haar identiteit by God vind en ook hul waarde besef.
- Die getraumatiseerde beradene moet gelei word om foutiewe gedagtes met waarhede volgens die Skrif te vervang.
- Gebed staan sentraal in die beradingsproses. Dit is belangrik dat die individu sal leer hoe om te bid. Die berader begelei die gebed veral ook met betrekking tot trauma en emosionele verwonding, en ook deur middel van gebed kan vergifnis teweeg gebring word,
- Slegs ware vergifnis kan die individu genees en emosionele en geestelike vryheid tot gevolg hê. In hierdie proses word die Heilige Gees gevra om enige verborge emosies of herinneringe te openbaar en gesond te maak.
- Simboliese en *Facebook*-aktiwiteite word op die tydlyn/profiel van die beradene toegepas, wat as die narratiewe struktuur vir vraagstelling dien, aangesien dit ook eksternalisering bevorder. Die *Facebook*-aktiwiteite beskik oor besondere terapeutiese waarde.

6.7.1 Aanbevelings

- Ontwikkel en behou 'n ondersteunende en onvoorwaardelike aanvaarding teenoor die beradene.
- Toon begrip en bevorder selfbewuswording tydens vraestelling.
- Let op kognitiewe foute by die beradene en korrigeer so ver moontlik met Bybelse waarhede.
- Lei die beradene tot vergifnis (indien van toepassing) met behulp van gebed.
- Wees plooibaar in die aanbevelings met betrekking tot die voltooiing van die *Facebook*-tydlyn/profiel en *Facebook*-tegnieke en laat die individu toe om kreatief in die uitbeelding van sy/haar profiel te wees.

6.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar vanaf die teorie na die praktyk oorgegaan in die daarstelling van 'n pastorale model. Drie partye is teenwoordig in die beradingsproses, naamlik God, die berader en beradene. In hierdie proses van berading werk die

berader onder leiding van die Heilige Gees en vind die groei by die beradene ook as gevolg van die werking van die Gees plaas. Psigiese en geestelike groei word deur selfbewuswording, bevestiging ('*confirmation*') van die individu se waarde by God, die korrekte hantering van verhoudings asook die verwerking van alle onverwerkte trauma en emosionele verwonding bereik.

Bruikbare komponente van die narratiewe en kognitiewe benaderings asook *Facebook*- tegnieke is met 'n pastorale benadering geïntegreer ten einde 'n terapeutiese model saam te stel waar binne gebed ook 'n pertinente rol vervul. Met behulp van hierdie model is aspekte soos die herstel van kognitiewe distorsies en die eksternalisering van vorige gebeure effektief hanteer. Vanuit die narratiewe benadering kon daar byvoorbeeld sinvol van aspekte soos eksternalisering en herraming gebruik gemaak word. Die beradene se saamgestelde *Facebook*-tydlyn/profielblad is as die narratiewe struktuur gebruik waarvandaan die vraestelling plaasgevind het.

Die effektiwiteit van hierdie benadering is bevorder as gevolg van die feit dat meeste jongmense deesdae met die wyse waarop 'n sosiale medium soos *Facebook* funksioneer, hoe 'n *Facebook*-profiel lyk en watter inligting daarop is, bekend is. Tydens gesprekvoering en vraestelling is daar geleentheid aan respondente gebied om denkfoute te identifiseer en met behulp van Bybelse waarhede onder leiding van die Heilige Gees te korrigeer. Tydens die beradingsproses is hierdie beginsels vanuit die Skrif ook as belangrike rigtinggewende merkers gebruik met betrekking tot die drie groot areas waarop gefokus was, naamlik identiteit, verhoudings en die gevolge van trauma en verwonding.

Tydens hierdie hele proses het dit geblyk dat groei kon plaasvind en dat funksionering in werklikheid verbeter het. Die adolessent is meer van hom/haarself bewus gemaak met behulp van die *Facebook*-tydlyn/profiel as bron asook pertinente vrae wat op gefokusde wyse daarvoor gevra was ten einde die gesprek te kon lei soos nodig. Die profiel/tydlyn beskik ook oor uitbeeldings, slagspreuke, voorkeur

van films/boeke/TV- reekse, ens. Dit het geblyk dat hierdie inligting op 'n effektiewe wyse terapeuties in hierdie model gebruik kan word (vgl. ook Draper, 1996:152). In die proses van selfbewuswording as deel van vraestelling, kon aspekte soos emosionele intelligensie, toekomspektiewe en hanteringsvaardighede verder ook versterk word.

Verder het dit geblyk dat doelstellings en strategieë wat groei binne hierdie model gestimuleer het, in die algemeen ook tot verheldering van die identiteit, bevordering van verhoudings en verwerking van emosionele verwonding en trauma bygedra het. 'n Verdere belangrike bydraende komponent tot die groei- en helingsproses is die herbelewing van die oorspronklike ervaring (aan die hand van die nodige begeleiding). Hierdie ervaring aktiveer heel dikwels die aanvang van die helingsproses, wat vervolgens groei, in terme van die individu se identiteit en funksionering binne verhoudings, tot gevolg het.

Binne die onderhawige model was gebed 'n verdere krities belangrike komponent ten opsigte van die terapeutiese interaksie met die emosioneel verwonde en getraumatiseerde adolessent. Soms het dit tot die ontbloting van verborge inligting bygedra, om vergifnis te bewerkstellig asook om beradenes te ondersteun.

Saam met gebed was die gebruik van die Woord asook beginsels vanuit die Woord onontbeerlik in die proses om die beradene tot Bybelse insigte te bring. God genees die mens en kan hom/haar wat moedeloos geraak het vanaf 'die ashoop optel' (Psalm 113:7-8) en hierdie persoon in staat stel om die vrug van die Gees te dra (Gal 5:22-23). Verhoudings word ook op hierdie wyse gebou en versterk. Vergifnis speel deurgaans 'n pertinente rol in die normalisering van vertroebelde verhoudings en is daarom ook 'n belangrike komponent binne hierdie voorgestelde beradingsmodel.

Die jongmens met 'n verwonde en beskadigde identiteit moet gewoonlik ook begelei word ten einde hul unieke waarde in God se oë te kan besef (Joh 1:12).

Dit is ook belangrik dat hierdie jongmens se problematiese verhoudings herstel sal word (Gal 5:22-23) aangesien dit gewoonlik een van die algemene uitvloeisels van 'n verwonde identiteit is. Dit het geblyk dat die funksionering binne verhoudings bevorder kan word met behulp van die *Facebook*-tegnieke terwyl die persoon se eiewaarde tegelykertyd verhoog kan word. Wanneer die individu tot die besef van hul unieke waarde by God gelei word, kan hulle ook tot die besef kom dat God hulle kan herstel en genees, ongeag hoe haglik die omstandighede is (Ps 113:7-8).

Ouerleiding het geblyk 'n deurslaggewende rol in die beradingsproses te vervul en is beslis 'n belangrike komponent wanneer daar met jongmense gewerk word. Die individu word hierdeur tot hoop in Christus begelei en ervaar tegelykertyd die boodskap dat God hulle ten alle tye sal onderskraag (Psalm 113:7-8).

We have hope today because God sent His Son, Jesus, to be our Saviour. We have hope today because everything is under the feet of Jesus. We have hope today because Jesus came that we might have life and have it to the fullest. We have hope today because the Holy Spirit was sent to counsel us, guide us, comfort us, and teach us (Twombly, 1998:148)

Samevattend kan die volgende gesê word: Daar vind geestelike en emosionele groei by emosioneel verwonde en getraumatiseerde adolessente plaas deur van die voorgestelde pastorale model, wat onder andere van *Facebook*-tegnieke onder die leiding van die Heilige Gees gebruik maak, te gebruik.

Skematies uiteengesit lyk die voorgestelde pastorale model soos volg:

- Sessie 1: Inleiding, bekendstelling en eksternalisering.
- Sessie 2: Eksternalisering en bewuswording.
- Sessie 3-6: Trauma en emosionele verwonding.
- Sessie 7-8: Herstel van distorsies.
- Sessie 9: Begeleiding rondom vergifnis.

- Sessie 10: Gebedsessie.
- Sessie 11: Hersiening en bevordering van toekomstige funksionering.
- Sessie 12: Ouerleiding.
- Sessie 13: Afsluiting.

SLOT

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die kern van elke voorafgaande hoofstuk weergegee terwyl voorstelle vir verdere navorsing rondom aanverwante temas en areas ook ten slotte aan die hand gedoen word.

7.2 DIE BESKRYWENDE EMPIRIESE TAAK

7.2.1 Hoofstuk 2: Die evaluering van die bydrae vanuit 'n empiriese ondersoek

In hierdie hoofstuk is teologiese teorieë met ervaringe aan die hand van 'n empiriese ondersoek geïntegreer (Heyns & Pieterse, 1990:76) met die oogmerk om strategies- teoretiese riglyne te formuleer. Daar is van 'n kwalitatiewe ondersoek gebruik gemaak (2.6) en die keuse vir data-insameling was om onderhoude (2.4; vgl. ook Merriam & Tisdell, 2016:105) aan die hand van 'n semi-gestruktureerde benadering te voer (2.9).

Daar is aandag aan Osmer se vraag: *“Wat gebeur in hierdie betrokke situasie?”* geskenk en die basiese vertrekpunt was om eksternalisering met behulp van respondente se *Facebook*-tydlyn as narratiewe struktuur vir vraestelling te laat plaasvind. Die tydlyn is ook vir begeleiding met betrekking tot geestelike en psigiese groei deur middel van herraming en kognitiewe taksering gebruik. Tydens die gesprekvoering is daar aandag aan vorige voorvalle van emosionele verwonding en seksuele trauma geskenk wat deur die respondent bekend gemaak is (vgl. 3.2.6; 5.9.3; 3.2.4; 1.2.5; 5.3.1).

Vergifnis het 'n groot rol in die beradingsproses gespeel, terwyl gebed veral ook in die verwerking van emosionele verwonding en/of trauma wat die respondente voorheen ervaar het, gebruik is (vgl. 5.8.2.3; Seamands, 2003:132-143).

Na aanleiding van sekere aspekte wat tydens berading hanteer is, het die respondente aktiwiteite uitgevoer wat 'n simboliese uitbeelding van die voorval was en wat geïntegreer is en dus 'n aanduiding van groei was wat plaasgevind het.

Dit blyk dat die navorsing se bevindinge afhanklik van die metodologie was wat gevolg is. Die respondente is suksesvol tot psigiese en geestelike groei, met behulp van die tydlyn as die narratiewe struktuur en eksternalisering, gelei. Die pastorale benadering het 'n betekenisvolle verskil gemaak aangesien negatiewe denkpatrone met Skriftelike waarhede vervang is. Die gebedssessies het grootliks heling en genesing tot gevolg gehad.

Die kwalitatiewe data soos vanuit die gevallestudies na vore gekom, het samevattend aangedui dat die gebruik van *Facebook*-tegnieke binne 'n pastorale beradingsproses die volgende resultate tot gevolg het:

- 'n Versterking van selfbewuswording by die respondente.
- 'n Verheldering van die identiteit van die respondente wat in die proses ook eiewaarde met behulp van Skriftuurlike waarhede verhoog het.
- Bevordering van die respondente se funksionering binne die konteks van verhoudings asook ten opsigte van toekomstige hantering van verhoudings. Hierdie aspek is ook ten opsigte van grense en oerleiding verbeter.
- Die psigiese en geestelike groeiproses het grootliks plaasgevind deur vergifnis met behulp van gebed te bewerkstellig.
- Emosionele verwonding en trauma is uitwys en tot die punt van verligting en integrasie deurgewerk.
 - Verligting van seksuele trauma is deur middel van vergifnis en gebed, onder leiding van die Heilige Gees, bewerkstellig.

- Psigiese en geestelike groei het by die respondente plaasgevind.
- Respondente se algemene funksionering is verbeter.

7.3 DIE INTERPRETERENDE TAAK

7.3.1 Hoofstuk 3: Perspektiewe vanuit die aanverwante wetenskappe

In hierdie hoofstuk is 'n studie gedoen rakende perspektiewe vanuit die aanverwante wetenskappe en wat oor Osmer se tweede taak gaan wat op die vraag, “*Waarom het dit gebeur?*” gefokus is. Adolensensie het geblyk 'n betekenisvolle tyd van ontwikkeling te wees en die digitale faktor blyk 'n kardinale faktor in hierdie verband, veral sosiale netwerke, te wees.

Betekenisvolle perspektiewe met betrekking tot die tema van hierdie studie is vanuit die aanverwante wetenskappe ingewin en kan soos volg saamgevat word:

7.3.1.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit 'n narratiewe benadering (3.2)

- Die dekonstruering van die probleem in die proses van vertelling van opeenvolgende gebeure vind plaas. Lewenstemas word geïdentifiseer en die beradene voel bemagtig. Daar is ook geleentheid om die effek van die probleem te assesser en dele van die verlede kan sinvol saamgevoeg word.

Uit ons ervaring uit die verlede en die hede projekteer ons beelde van hoe ons bestaan in die toekoms sal wees. Deur verbeelding oriënteer ons, teken ons 'n padkaart vir die toekoms, verbeel ons, ons 'n nuwe werklikheid, kyk ons dieper, sien ons meer. Nuwe verbindings, patrone en relevansie word tussen sake geplaas wanneer 'n toekoms verbeel word. Deur hierdie nuwe verbindings en patrone word ervaring, die werklikheid, as't ware in 'n ander raam geplaas. So word nuwe realiteite na vore geroep, nuwe interpretasie-moontlikhede geskep (Louw & Müller, 2002:341).

- Die gebruik van die tydlyn en simbole daarop as deel van die narratief word

gebruik om ook die effek van trauma te identifiseer. Die uitbeelding van 'n probleem gee 'n gevoel van welstand en is tot voordeel van die wat trauma en/of emosionele verwonding ervaar het (vgl. ook Malchiodi, 2011:125).

- Deur vertelling is daar geleentheid om die individu tot insigte te lei wat in effek selfbewuswording kweek en groei bewerkstellig (White & Epston, 1990:49).
- Die probleem word deur eksternalisering geobjektiveer (vgl. ook Morgan, 2000:33; White & Epston, 1990:16; vgl. 3.2.4). Deur van aspekte van narratiewe terapie gebruik te maak, is daar geleentheid vir eksternalisering, herraming (3.2.1; 3.2.3) en objektivering (2002:35) tot 'n nuwe manier van dink (Zimmerman & Beaudoin, 2002:31). Die tydlyn gee geleentheid vir betekenisvolle samevoeging van dele van die verlede en kan dus as 'n narratiewe struktuur gebruik word. Die berader se vraestelling bevorder die eksternalisering. Eksternalisering vind ook plaas deur daarvoor te skryf en uitbeeldings te maak. Dit bevorder gevolglik bewuswording by die individu.
- 'n Narratief voorsien 'n lens vir die individu om na sy/haar identiteit te kyk, dit te verstaan en te weet hoe dit gevorm is (Knoetze & Stroud, 2012:358). Soms kan persone in herhaalde trauma met soortgelyke verhoudings beland, of aan hul kinders doen wat aan hulle gedoen is as gevolg van skaamte en trauma wat in vorige verhoudings ervaar is (2.14: gevallestudie van Hendrik; Bradshaw, 2005: 2394; Louw, 2005:79). Hierdie trauma moet deurgewerk word en die slagoffer van die trauma moet met Bybelse waarhede ondersteun word (vgl. hfst. 2; 4.3; 5.9.3.2).

7.3.1.2 Bruikbare praktiese aspekte vanuit 'n kognitiewe gedrags-terapeutiese benadering (3.2.2)

- Kognitiewe gedragsterapie is effektief om met emosioneel verwonde jongmense te gebruik en kan bruikbaar aangewend word ten einde ouer-kind verhoudings te bevorder (CEBC, 2015). Hierdie aspek is van groot belang wanneer daar met jongmense en hulle verhoudings gewerk word. Om gedagtes en gevoelens te kan onderskei is 'n teken van emosionele intelligensie (Bradshaw, 1996:1226) en word deur kognitiewe gedragsterapie bevorder.

- Tydens hierdie benadering word kognitiewe distorsies reggestel en disfunksionele oortuigings gekorrigeer. Die tydlyn/profiel van die beradene kan toepaslik gebruik word om, nadat foutiewe denke geopenbaar is, Skriftuurlike waarhede, soos in hoofstuk 4, aan die beradene uit te wys. Die gebruik van kognitiewe gedragsterapie bied dus die geleentheid vir die herstel van foutiewe denke (vgl. 3.2.2.3; Clinton *et al.*, 2005:1781; Draper, 1996:199). Positiewe en negatiewe boodskappe wat die individu as kind en later ook as volwassene ontvang het, kan 'n invloed op eiewaarde en verdere funksionering hê (Jantz & McMurray, 2013:137). Dit het gevolglik belangrik geblyk om gedagtes te identifiseer sodat patrone van die verlede nie herhaal nie. Verhoudings word in die proses verbeter (3.2.2.3).

7.3.1.3 Ander bruikbare praktiese aspekte wanneer daar met jongmense gewerk word (3.2.3; 3.2.4; 3.2.5)

- Identiteit, wat eiewaarde insluit, is 'n prominente aspek by jongmense (3.2.4.3) en die gedagtes van die individu rondom sy/haar identiteit moet op Bybelse waarhede gegrond wees (Vgl. Ook 4.5.1; 4.5.2; 4.5.3).
 - Selfbewuswording in hierdie opsig help die individu ook met emosionele intelligensie, doelwitte en toekomspektief asook hanteringsvaardighede (3.2.4.3; Seginger & Shoyer, 2012:310). Jongmense is op soek na 'n aanduiding van die regte wyse van bestaan, waardes en doelwitte (Clinton *et al.*, 2005:267; Selekman; 2010:172).
- Verhoudings speel 'n uiters belangrike rol in die lewe van jongmense (3.2.5).
 - Die bevordering van ouerleiding en beter implementering van grense het 'n positiewe invloed op die jongmens se funksionering (3.2.5.1; 3.2.5.3; Black, 2002:4,17; Morris *et al.*, 2007:361). Die jongmens moet die grense tussen hom/haarself en ander kan identifiseer (Kraft, 1994:159). Emmons (2005:732) verwys na laasgemelde as innerlike sterkte. Dit is gevolglik nodig vir goed funksionerende verhoudings.
- Vergifnis teenoor iemand wat die jongmens skade kon berokken het of die oorsaak van emosionele verwonding kon wees, is van groot belang

aangesien dit verhoudings bou en ook karakterbou asook die handhawing van goed funksionerende toekomstige verhoudings bevorder (3.2.5.2). Dit is soms nodig om verborge negatiewe gevoelens teenoor 'n ander persoon deur sekere aktiwiteite te ontmasker, aangesien 'n individu hiervan onbewus kan wees. Die gebruik van *Facebook*-tegnieke kan hier van hulp wees (hfst. 2; 5.10.11).

- Die effek van emosionele verwonding en ook seksuele trauma kan intens wees. Bradshaw (2013:xiii) beskryf die impak op die '*inner child*' (binnekind) van die slagoffer soos volg (veral indien die skade gedurende die kinderjare plaasgevind het):

Composed of our earliest feelings, beliefs and memories, our core material formed in response to the stresses of our childhood environment. This core material is non-logical and primitive; it was the only way a magical, vulnerable, needy and boundary-less child knew how to survive.

- Verwonding het 'n groot invloed op die jongmens se identiteit, eiewaarde asook verhoudings, maar dit kan wel effektief beraad word (3.2.6; 3.2.7; vgl. ook Langberg, 2003:65).

7.3.1.4 Bruikbare praktiese aspekte in die gebruik van *Facebook* (3.2.2.4)

- In hierdie studie is die *Facebook*-tydlyn wat die adolessent opstel, as deel van die beradingsproses vir die narratiewe struktuur gebruik. Die *Facebook*-profielblad wat die individu opstel verskaf vervolgens ook riglyne vir vraestelling aan die berader. Deur slegs hierdie aktiwiteit tuis of tydens die beradingsessie te voltooi, het reeds 'n groot mate van terapeutiese waarde aangesien dit eksternalisering impliseer (3.2.4; vgl. ook Draper, 1996:42).
- Die keuse van films, boeke, slagspreuke ens., as deel van die *Facebook*-profiel, kan baie inligting rakende die individu se identiteit verskaf (6.2.6; Cooper *et al.*, 2010:568; vgl. ook Draper, 1996:152). Selfbewuswording word versterk deur

ondersoekende gesprekvoering tussen die berader en beradene rakende die individu se voorkeur van films, boeke, vriende, ens., as deel van die tydlyn/profiel wat opgestel is. Volgens Cooper *et al.* (2010:564) verskaf die gebruik van inligting komende van films, boeke, rolmodelle, slagspreuke, tydskrifte en televisieprogramme betekenisvolle inligting rakende die beradene. Visuele voorstellings kan waardevol aangewend word om vorige gebeure of groei uit te beeld (Malchiodi, 2011:123) veral ten opsigte van trauma wat die individu kon ervaar het. Dit kan selfs ook verborge gebeure in die individu se lewe openbaar (vgl. 3.2.6). Groei vind deur helingsvaardighede plaas en word deur selfbewuswording versterk (Erikson, 2014:261) wat deur die proses van vraestelling deur die berader en die *Facebook*-aktiwiteite plaasvind (3.2.4).

- Tydens die proses van vraestelling en eksternalisering met behulp van die tydlyn en profielblad as die narratiewe struktuur, kan daar ook geleentheid wees waartydens die jongmens met 'n aspek soos vergifnis gekonfronteer word. Om 'n visuele uitbeelding van die pyn wat veroorsaak is te maak of om 'n brief te skryf kan in hierdie verband terapeutiese waarde inhou en die proses van vergifnis afrond, veral wanneer daar iets simbolies met die brief gedoen word (vgl. Bradshaw, 2005:2860) soos byvoorbeeld om dit in die see te gooi (2.14).
- Adollesente kom dikwels nie uit hul eie vir berading nie en dit is daarom belangrik om die gesprek met nie-bedreigende vrae te begin (Wright, 2011:404; Collins 2008:195). Om hierdie rede is die *Facebook*-tegnieke wat aangewend word uiters bruikbaar, dit is bekend en aspekte daarvan kan ook visueel uitgebeeld word.
- Die individu se profiel wat hy/sy opstel, is 'n groot bron van inligting ten opsigte van wie die beradene werklik self is en hoekom hy/sy funksioneer soos hulle tans funksioneer, dink soos hulle tans dink en moontlik ook voel soos hulle tans voel (vgl. Cooper *et al.*, 2010:564).
- Die benadering wat in hierdie studie gevolg is en ook voorgestel word kan grootliks ook as 'n selfhelp-proses gebruik word aangesien die meeste jongmense (en deesdae ook talle volwassenes) bewus is van hoe sosiale media, in hierdie geval *Facebook*, werk, en gevolglik sal hulle die opdragte maklik en vinnig kan

uitvoer (verwys na hoofstuk 2 se gevallestudie, Hendrik, die volwassene wat die opdrag grootliks tuis voltooi het).

7.4 DIE NORMATIEWE TAAK

7.4.1 Hoofstuk 4: Belangrike Skriftuurlike perspektiewe aan die hand van 'n aantal tersaaklike Skrifgedeeltes

Soos in hoofstuk 4 uiteengesit, word die toepaslike Skrifgedeeltes rakende identiteit, verhoudings en seksuele trauma en emosionele verwonding bespreek. Die vierde taak van Osmer word in hoofstuk 4 ondersoek. Die vraag daar ter sprake is:

“Wat moet/behoort hier te gebeur?” Aspekte wat hier veral beklemtoon word, is die vernuwings van die praxis, geloofsvernuwings en verdieping van spiritualiteit aan die hand van drie Skrifgedeeltes wat aan die orde gestel word:

- Galasiërs 5:22-23 wat op die jongmens se verhoudings fokus.
- Psalm 113:7-8 rakende emosionele verwonding of seksuele trauma.
- Johannes 1:12 wat op die jongmens se waarde by God dui.

7.4.1.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die Skrif

Deur middel van die herstel van foutiewe denke rakende identiteit en ook binne die konteks van verhoudings, word geestelike groei bevorder (4.5.1; 4.5.2; 4.5.3).

Identiteit wat eiewaarde en selfbewuswording insluit (Joh 1:12)

- Teenoor die jongmens se onsekerheid van wie hy/sy is, staan sy/haar identiteit vas in Jesus Christus deur in Hom te glo en op Hom te vertrou (Joh 1:12; 4.5.1).
- Die mens het groot waarde by God (Joh 1:12; 4.5.1; Ps. 113:7-8; Louw en Nida, 1996:376) as Sy kind wie in Hom glo.

Verhoudings word deur ouerleiding, vergifnis en grense bevorder (Gal 5:22-23)

- Christus is die groot voorbeeld van handhawing van verhoudings (5.3.2; Gal 5:22- 23).
- Die mens kan die vrug van die Gees binne verhoudings as die resultaat van die teenwoordigheid van die Heilige Gees dra (Gal 5:22-23; 4.5.2; Ryken, 2005:223). Gevolglik behels dit ook die dra van die vrug binne die konteks van 'n ouer wees van die jongmens (4.5.2.1), vergifnis (4.5.2.2), die toepassing van grense (4.5.2.3) en emosionele intelligensie (4.5.2.6). Die individu groei geestelik in die Heilige Gees se teenwoordigheid (4.5.2).

Ouerleiding (4.5.2.1)

- God verwag dat die vrug van die Gees in die mens se karakter na vore sal kom (vgl. Wiersbe, 2007:576) en die eienskappe moet deel van elke Christen se gedrag uitmaak (Joh 5:8).
- Ouers het ook 'n opdrag van dissipelskap. Hulle moet voorbeelde vir hul kinders as draers van die vrug van die Gees wees (4.5.2.1).
- Christus het sy volgelinge aangemoedig om baie vrug te dra (Joh 15:2) want liefde sal meer liefde tot gevolg hê – dit impliseer ook binne die konteks van ouerskap en enige ander verhouding.
- Christene is verplig tot 'n gesindheid van liefde (Cousar, 1982:139) en as liefde teenwoordig is, volgens Hendriksen (2007:223), is vreugde digby.
- Vrede is volgens Hendriksen (2007:223) die kalmte van die hart, wat deur God aan die gelowiges gegee is, sodat ander in hierdie rustigheid kan deel.
- Goedhartigheid is die wyse om oorfloedig met 'n gesindheid van goedheid, deur die Heilige Gees, te gee (Louw & Nida, 1988:570).
- Getrouheid verwys volgens Ryken (2005:233) daarna dat die gelowige betroubaar vir sekere belangrike take is.
- Ryken (2005:234) verduidelik dat 'n persoon met selfbeheersing, versoekings kan weerstaan aangesien hy/sy deur die Gees beheer word.

Vergifnis (4.5.2.2)

- Christene kan vrede met God deur Jesus Christus ervaar omdat vrede met God geleentheid vir vrede met ander bied (Ryken, 2005:233).
- Goedhartigheid teenoor ander behels vrygewigheid en opregtheid binne die konteks van verhoudings (Jervis, 2011:149). Daar is ruimte vir menslike foute asook openlike kommunikasie.
- Die mens moet met ander in vrede lewe (Fowler, 2006:236) en vrede word as gevolg van God wat in beheer is, ervaar (Kol 3:15). Christus gee die vrede (Ef. 2:4) en daar is nie iets of iemand anders in beheer nie.
- Die mens kan slegs met ander mense (1 Tess 5:14) en met mekaar as Christene geduldig wees (Ef 4:2) indien die krag van God die geduld voorsien (Kol 1:10-11). Geduld verwys ook daarna om in God se voorsiening te berus en op God se tydsbestuur te wag (Rom 5:13; Jak 1:3).

Grense

- Sagmoedigheid verwys na innerlike krag (Phillips, 2004:194). Wanneer gepaste grense toegepas word, is dit eerder 'n teken van die besef van eiewaarde (innerlike krag) as swakheid. Oormatige sensitiwiteit en om sekere aspekte van die buitewêreld persoonlik op te neem kan byvoorbeeld die gevolg van verswakte grense wees (Fowler, 2006:236)
- Dit is die optrede teenoor ander wat van sensitiewe optrede getuig en om ook ander se gevoelens in ag te neem, dus ook ander se grense te respekteer (Ef 4:32; Fowler, 2006:237).
- Vreugde kan slegs ervaar word deur in die volheid van God te wandel (Phillips, 2004:181-182). Vreugde is dus iets binne die individu, wat deur die Gees se teenwoordigheid, onafhanklik van die eksterne omgewing, bewerk word.
- Vreugde hang nie van omstandighede af nie, maar kom in elke gelowige se identiteit in Jesus Christus na vore (Ryken, 2005:233).
- Binne die Christelike konteks gaan dit nie oor die emosies, sintuie en verstand van die mens wat onder beheer is nie, maar dit is die mens wat deur die Heilige Gees onder beheer gebring word (Phillips, 2004:199). Hier is grense, in terme van emosionele beheer wat emosionele intelligensie impliseer, van toepassing.

Seksuele trauma en emosionele verwonding (Psalm 113:7-8)

- God gee vir die mens om (4.5.3.2; Boice, 2005:926). Daar kan nie 'n groter liefde wees nie (Joh 15:13).
- God weet presies waardeur die mens gaan en is van elke deel van die trauma en/of emosionele verwonding bewus (4.5.3.2; Boice, 2005:926).
- Hy sal die mens vanuit die ashoop kan oplik (4.5.3.2; Boice, 2005:926).
- God sal die mens langs prinse kan laat sit, wat dus groot waarde aandui (4.5.3.2; Boice, 2005:926).
- God is 'n God wat diegene help wat nie hulself kan help nie (Allen, 2002: 136).
- God verwelkom uitgeworpenes (vgl. Job 2:8; Wiersbe, 2007:999).
- God kan die onmoontlike deur Sy genade, ongeag die omstandighede, doen (Wiersbe, 2007:999).
- Jesus Christus kan die sondaarmens vanuit die ashoop oplik en hom/haar op 'n troon plaas (Ef 2:1-10; Wiersbe, 2007:999).
- Geen trauma of emosionele verwonding is te groot vir God om te genees nie (Ps 113:7-8; 4.5.3).

The Scripture tells us that God is all-powerful, all-sufficient, and all-knowing. He is sovereign over all (Langberg, 1999:144).

7.4.2 Hoofstuk 5: Belangrike Skriftuurlike perspektiewe vanuit pastoraal-teologies literatuur

Hoofstuk 5 vorm steeds deel van die normatiewe taak en hier val die klem op Skriftuurlike perspektiewe asook riglyne vanuit pastoraal-teologiese literatuur. Die klem in hierdie hoofstuk is vervolgens op 'n pastorale literatuurstudie rondom die tema van hierdie studie en die resultate kan soos volg saamgevat word:

7.4.2.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit 'n pastorale benadering (5.3.2)

• Jongmense

